Die Historiese Agtergronde van ons Kerklike Reg

Deel 2

AD Pont

DIE HISTORIESE AGTERGRONDE VAN ONS KERKLIKE REG

DEEL 2

Prof dr AD Pont

KITAL: PRETORIA
1991

© 1991 Kital
Uitgegee deur Kital, Posbus 7193, PRETORIA, 0001

ISBN 0 7986 2844 8

Gedruk deur Gutenberg Pers, Pretoria
Eerste Uitgawe, Eerste Druk 1991

© Kopiereg voorbehou, Kital

Opgedra aan die nagedagtenis van
Johannes Wilhelm Pont, 8.10.1898 - 22.12.1977
Jeanne Louise Agathe Pont geb Drost, 8.4.1899 - 5.12.1977
My ouers

INHOUDSOPGAWE

WOORD VOORAF xii

AFDELING 1: DIE ALGEMEEN REGLEMENT VAN 1816

Hoofstuk 1

'n Kort oorsig oor die geskiedenis in Nederland van 1618 na 1816

1. INLEIDEND 1

2. NA DORDRECHT 1618-1619 1

3. DIE SITUASIE IN NEDERLAND 5

4. DIE BATAAFSE REPUBLIEK 6

5. DIE FRANSE TYDPERK 8

5.1 Die reorganisasie van die kerk 10

6. DIE NUWE PSALMBERYMING 13

7. DIE INVOER VAN DIE EVANGELISCHE GEZANGEN 14

8. DIE NUWE BEDELING ONDER KONING WILLEM I 16

9. KERKLIKE BESWARE TEEN DIE ALGEMEEN REGLEMENT 21

10. AANTEKENINGE 25

Hoofstuk 2

Die Algemeen Reglement van 1816 en die daarmee saamgaande verdere Reglemente

1. INLEIDENDE OPMERKINGS 28

2. DIE ALGEMEEN REGLEMENT (teks) 29

3. DIE SINODALE KOMMISSIE 42

3.1 Instructie voor de Algemeene Synodale Commissie (teks) 43

4. DIE REGLEMENT OP HET EXAMEN EN DE TOELATING TOT HET LEERAARAMBT IN DE HERVORMDE KERK 45

5. DIE REGLEMENT OP VAKATURES, DIE BEROEP, LOSMAKING EN BEVESTIGING VAN PREDIKANTE 54

6. DIE REGLEMENT TEN OPSIGTE VAN HULPPREDIKERS 56

7. DIE REGLEMENT OP DE KERKVISITATIE 56

8. DIE REGLEMENT OP HET GODSDIENSTIG ONDERWIJS 56

9. DIE ALGEMEEN REGLEMENT OP DE ZAMENSTELLING EN WERKZAAMHEDEN DER KERKENRADEN 58

10. DIE REGLEMENT VIR DIE DIAKONIEë 63

11. DIE REGLEMENT OP DE UITOEFENING VAN KERKELIJK OPZICHT EN TUCHT 63

12. DIE ANDER REGLEMENTEN 78

13. AANTEKENINGE 78

Hoofstuk 3

'n Bespreking van die Algemeen Reglement

1. INLEIDING 79

2. DIE VERSKUIWING IN DIE OPVATTINGS OOR DIE STRUKTUUR VAN DIE GEMEENSKAP EN DIE KERK SE PLEK DAARIN 82

2.1 Opmerkings oor die teokratiese gemeenskap 82
2.2 Opmerkings oor die demokratiese gemeenskap 83

3. DIE KERKBEGRIP VAN DIE ALGEMEEN REGLEMENT 85

4. DIE BESTURE IN EN VAN DIE KERK 89

4.1 Die sinode 91
4.2 Die provinsiale sinode 92
4.3 Die klassikale besture 93
4.4 Die ringsvergadering 94
4.5 Die kerklike bestuur in die gemeente 94

5. DIE AMP VOLGENS DIE ALGEMEEN REGLEMENT 96

5.1 Die proponentsondertekeningsformule 97
5.2 Die handhawing van die leer van die kerk 100
5.3 Die amp van predikant in die gemeente 102
5.4 Die amp van ouderling en diaken 103

6. DIE OPSIG EN TUG 104

7. SLOTOPMERKINGS 106

8. AANTEKENINGE 108

Hoofstuk 4

Het die Duitse kollegialisme die opvatting van die Algemeen Reglement bepaal

1. INLEIDING 110

2. WAT IS KOLLEGIALISME 112

2.1 Die belangrikste kenmerke van die kollegialisme 114

3. IS KUYPER SE OPMERKINGS OOR DIE KOLLEGIALISME VAN DIE ALGEMEEN REGLEMENT HOUDBAAR 119

4. JD JANSSEN EN DIE ALGEMEEN REGLEMENT 120

5. SLOTOPMERKINGS 126

6. AANTEKENINGE 128

AFDELING 2: DIE KERK EN DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING AAN DIE KAAP 1652-1843

Hoofstuk 1

Die verhouding van die Kerk in Nederland en die kerk in Suid-Afrika

1. INLEIDING 132

2. DIE VERENIGDE OOS-INDIESE KOMPANJIE EN DIE KERK 132

3. DIE SITUASIE AAN DIE KAAP 135

4. DIE BETROKKENHEID VAN DIE OWERHEID BY DIE KERK IN NEDERLAND 136

5. DIE KERKORDELIKE STRUKTUUR WAT AAN DIE KAAP GEGELD HET 140

6. AANTEKENINGE 143

Hoofstuk 2

'n Oorsig van die ontwikkeling tot 1795

1. DIE SIEKETROOSTER EN SY DIENSWERK 145

2. SIEKETROOSTERS AAN DIE KAAP 148

3. DIE EERSTE PREDIKANTE 149

4. UITBREIDING EN ORDENING VAN DIE EERSTE GEMEENTES 151

a. Die Predikante 152
b. Die Ouderlinge en Diakens 152
c. Die Kerkraadsvergadering 153

5. DIE POGING OM 'N MEERDERE VERGADERING TE KRY 154

6. AANTEKENINGE 160

Hoofstuk 3

Die einde van die VOIC-bewind en die eerste Engelse besetting van die Kaap

1. HISTORIESE OPMERKINGS 164

2. DIE ENGELSE BESETTING VAN DIE KAAP 1795-1802 166

3. AANTEKENINGE 168

Hoofstuk 4

Die Bataafse bewind 1803-1806 en JA de Mist se kerklike ordonnansie van 1804

1. DIE KAAP WEER IN NEDERLANDSE HANDE 170

2. BIOGRAFIESE EKSKURS: JA DE MIST 171

3. JA DE MIST EN DIE KERK 175

4. DIE TEKS VAN DIE "PROVISIONEELE KERKEN-ORDRE" 178

5. 'N KORT ONTLEDING VAN DIE "PROVISIONEELE KERKEN-ORDRE" 190

a. Die Beginsels van die Kerken-Ordre 192
b. Die Staat en die Predikante 194
c. Die Staat en die lede van die Kerkraad 195
d. Die Staat en 'n Meerdere Vergadering 196

6. DIE ONTVANGS VAN DIE KERKEN-ORDRE 199

7. DIE EINDE VAN DIE BATAAFSE BEWIND 201

8. AANTEKENINGE 201

Hoofstuk 5

Die Kaap 'n Engelse kolonie en die betreklike selfstandigheid van die Kerk in 1824

1. INLEIDENDE OPMERKINGS 204

2. DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING TOT 1824 205

a. Die figuur van die Kommissaris-Politiek 206
b. Die Staat, die predikante en die ampte 208

3. DIE INVOER VAN DIE "EVANGELISCHE GEZANGEN" 212

4. DIE TOTSTANDKOMING VAN 'N SINODALE VERGADERING 214

5. DIE TEKS VAN DIE ALGEMENE REGLEMENT VAN 1824 216

6. OPMERKINGS OOR DIE INHOUD VAN DIE ALGEMEEN REGLEMENT 237

a. Die Formele Indeling 237
b. Die Agtergronde van hierdie Reglement en die Maatstaf vir beoordeling 239
c. Beoordeling van die Algemeen Reglement van 1824 242

i. Die verhouding tot die owerheid 242
ii. Die grense van die kerk 243
iii. Die struktuur van die kerk 244
iv. Samevattend 247

7. AANTEKENINGE 248

Hoofstuk 6

'N KORT EKSKURS OOR DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING IN DIE KAAPSE KERK VAN 1824 TOT 1842

1. INLEIDEND 251

2. DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE KERKWET VAN 1842 251

3. DIE STRUKTUUR VAN ORDONNANSIE 7 VAN 1843 254

4. DIE TEKS VAN DIE ORDONNANSIE SELF SONDER DIE SCHEDULE 256

5. 'N BEKNOPTE OORSIG OOR DIE BELANGRIKSTE ASPEKTE VAN ORDONNANSIE NO 7, 1843 259

a. Die kerk en die Staat 259
b. Die inrigting van die Kerk 262

i. Oor die Naam van die Kerk 262
ii Oor die Vergaderings 263
iii. Oor die ampte 266
iv. Die Opsig en Tug 267
v. Samevattende Opmerkings 267

6. AANTEKENINGE 269

AFDELING 3: DIE VOORTREKKERKERK 1836-1852

Hoofstuk 1

INLEIDING 271

Hoofstuk 2

Die Voortrekkers en die Kaapse Kerk

1. EKSKURS: HET DIE VOORTREKKERS BRITSE ONDERDANE GEBLY? 273

Hoofstuk 3

Die Voortrekkers skep 'n eie Kerklike organisasie

1. DIE BESLUITE BY BLESBERG 1836 282

2. DIE TWEEDE BESTUURSREëLING VAN 1837 BY DIE VETRIVIER 283

3. KERKLIKE REëLINGS 283

4. KERK EN OWERHEID 286

Hoofstuk 4

Die Voortrekkers se pogings om nog predikante te kry

1. INLEIDING 290

2. BIOGRAFIESE EKSKURS: ERASMUS SMIT 292

Hoofstuk 5

Die Kerk in Natal

1. INLEIDING 295

2. DIE RAAD VAN REPRESENTANTEN 295

3. DIE SOEKTOG NA 'N PREDIKANT 296

4. DS DANIEL LINDLEY 298

5. KONTAK MET NEDERLAND 300

Hoofstuk 6

Natal word deur Engeland geannekseer

1. INLEIDING 301

Hoofstuk 7

Die Voortrekkerkerk in die Transoranje

1. INLEIDING 304

2. 'N EERSTE KERKLIKE BESOEK UIT DIE KOLONIE 304

3. DIE BESOEK VAN MURRAY, ALBERTYN EN PIENAAR 305

4. DIE BESOEK VAN FAURE EN ROBERTSON 307

5. DIE SITUASIE NA DIE ANNEKSASIE VAN DIE TRANSGARIEP 309

Hoofstuk 8

Die Voortrekkerkerk in die Oorvaalse

1. INLEIDING 311

2. EKSKURS: DIE VESTIGING VAN DIE VOORTREKKER-GEMEENSKAP NOORD VAN DIE VAALRIVIER 311

2.1 AH Potgieter en sy leiding in die Oorvaalse 311
2.2 Ontwikkeling in die Weste 317
2.3 Die verenigde Oorvaalse gemeenskap 320

3. KERKLIKE ONTWIKKELING IN DIE OORVAALSE TOT 1852 323

3.1 Gemeentevorming 324
3.2 Besoekende predikante 327
3.3 Die inlywing van die Transvaalse gemeentes by die Kaapse kerk 333

4. OPMERKINGS OOR DIE INLYWING 339

4.1 Inlywing 339
4.2 Die seggenskap van die Engelse goewerneur in die Kaapse Kerk 340
4.3 Die Kaapse Sinode 'n waarborg? 342
4.4 Die verkryging van 'n predikant? 343
4.5 Die bevoegdheid van die Kerkraadsvergadering 344
4.6 Was die inlywing 'n voldonge feit? 345

AANTEKENINGE 347

WOORD VOORAF

Met die publikasie in 1981 van die eerste deel van hierdie werk, was daar die hoop dat die tweede deel betreklik gou sou kon verskyn het. Dit was egter nie moontlik nie omdat allerlei ander verpligtings ook bygedra het om die tyd wat aan hierdie werk afgestaan kon word, te verminder.

In hierdie deel word dieselfde patroon gevolg as in die eerste deel in die sin dat die verskillende kerkordes of kerkwette wat ter sake is, in hulle historiese raamwerk geplaas en behandel word. Waar in die vorige deel die Kerkorde van Genéve voorop geplaas is, omdat die kerkordenende werk van Calvyn so 'n bepalende rol gespeel het, word in hierdie deel begin met die *Algemeen Reglement* van 1816, met sy bykomende reglemente, wat deur die koning aan die Nederlandse Hervormde Kerk opgelê is. Daarmee word vir die eerste keer die hele kerk in Nederland in een orde wat vir almal geld, ingeorden. Dit was moontlik vanweë die staatkundige veranderings en die *Algemeen Reglement* verteenwoordig die owerheid se verstaan van die kerk. Geen wonder dat dit soveel spanning, onrus en stryd in die Nederlandse Kerk tot gevolg gehad het wat ook in Suid-Afrika 'n invloed gehad het. Die opvallende is egter dat selfs waar dit hier nagevolg is, dit 'n selektiewe navolging was. Die gevolg was dat hier nooit werklik 'n stryd oor die orde van die kerk gevoer is nie. Die kerlike botsings, spanning en stryd is deur ander beweegredes gestimuleer.

Na die bespreking van die *Algemeen Reglement* word dan aandag gegee aan die historiese agtergronde van ons kerklike reg in Suid-Afrika. Die beginpunt lê in 1652 en die eerste periode word in 1804 afgesluit. Dit is 'n merkwaardige periode in dié sin dat die gemeentes, wat gesien word as deel van die kerk in Nederland, aan die ander kant met 'n vaste hand gelei word deur die VOIC tot in 1798. Dié periode vestig die owerheid se *ius patronatus* so sterk dat die kerk vir baie dekades afhanklik van die owerheid gehou word.

Die Bataafse tussenspel word kerklik baie belangrik vanweë Kommissaris-generaal JA de Mist se kerklike ordonnansie van 1804 wat ook, soos die *Algemeen Reglement* van 1816, die owerheid se siening en verstaan van die kerk weergee met die verbygaan van die kerlike ekklesiologie. As die *Algemeen Reglement* van die Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika in 1824 deur die eerste Algemene Kerkvergadering geformuleer word, dan is dit opvallend dat die reformatoriese voorwaarde vir die opstel van 'n kerlike orde, naamlik dat daar 'n bepaalde verhouding tussen Skrif, belydenis en die kerlike orde is, nie meer verstaan word nie.

Daarmee word 'n nuwe kerkordenende tradisie in Suid-Afrika ingedra.

Ten slotte word aandag gegee aan die kerkordende werk in die Voortrekkerkerk in die periode 1834-1852. In die gedeelte word heelwat aandag gegee aan die Voortrekkers se vormgewing van hulle maatskappy of gemeenskap. Dit word gedoen omdat die kerk verstaan word as 'n onderdeel van die maatskappy maar nou weer vanuit 'n teokratiese motief. Die periode word afgesluit met die jaar 1852 wanneer die Sandrivier-konvensie gesluit word waarin Engeland die onafhanklikheid van die Oorvaalse erken. Die konvensie kan dan gesien word as die afsluiting van die Groot Trek. Kerkregtelik gesproke is dit nie juis 'n afsluitingsdatum nie, want dit is in die jaar waarin die vraag of die Oorvaalse se gemeentes deel van die Kaapse kerklike struktuur is, hanteer word. Die besluit daaroor word in 1853 geneem. Dan is die omstandighede waarin die besluit geneem word, tog anders as in 1851-1852.

Met hierdie oorsig word andermaal die kerkregtelike verlede van die kerk in sy historiese omstandighede geplaas. Dit is juis sodat die beroep op die verlede rekening sal hou met die omstandighede en nie sondermeer aanvaar word dat 'n orde-reëling aanvaarbaar of onaanvaarbaar is omdat dit oud is nie. Die houbaarheid van 'n orde-reël in en van die kerk word nie net aan daardie toets onderwerp nie, maar veel eerder of dit 'n weerspieëling is van gehoorsaamheid aan die Heer van die kerk. Agter elke kerkorde staan immers 'n bepaalde opvatting oor die kerk en die Heer van die kerk.

Dan is dit vir my 'n voorreg om hierdie werk op te dra aan die nagedagtenis van my ouers. Hoewel hulle, kort na mekaar in Desember 1977 oorlede is, bly die herinnering aan alles wat hulle vir my beteken en gegee het, een van die blywende ligpunte in my eie verlede. My ouers het vir ons huisgesin 'n ware tuiste geskep, hulle was regskape ouers wat aandag aan ons opvoeding gegee het en moeite gedoen het om ons denke en doen te vorm en te lei. Daarby was hulle in voor- en teenspoed vir ons 'n voorbeeld van gelowige koersvastheid. Deur hierdie werk aan hulle nagedagtenis op te dra, wil ek hulle nie alleen eer nie maar iets probeer uitdruk van die gevoel van erkentelikheid en dankbaarheid wat hulle nagedagtenis steeds by my oproep.

Ten slotte 'n woord van dank aan almal wat die uitgee van hierdie werk moontlik gemaak het. Hier wil ek graag die name noem van mev Hannie Pretoruis wat die aanvanklike tikwerk behartig het, mej Roelien Botha wat met groot geduld en toewyding gehelp het om die teks te finaliseer en ook prof Lourens Steenkamp van Kital wat die uitgee van hierdie werk moontlik gemaak het.

Indien hierdie publikasie 'n bydrae kan lewer om die kerkregtelike verlede van ons kerk duideliker en sigbaarder te maak en in dié sin die orde in en van die kerk kan dien, sal dit vir my 'n groot beloning wees.

AD Pont,
Departement Kerkgeskiedenis,
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

April 1991

Dankbetuiging aan donateurs

Ons wil graag van dié geleentheid gebruik maak om enkele lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van harte te bedank vir skenkings wat Kital ontvang het met die oog op die publikasie van hierdie boek. Die persone het verkies om anoniem te bly.

Hierdie skenkings het inderdaad die prys van die publikasie aanmerklik beïnvloed. Ons is dankbaar dat ons deur die ruimhartige betrokkenheid van lidmate by ons publikasies so 'n nuttige werk tot beskikkings van studente, ampsdraers, gemeentes en lidmate kan stel.

Prof LJS Steenkamp
HOOFDIREKTEUR KITAL

Afdeling 1

Die Algemeen Reglement van 1816

Hoofstuk 1

'n Kort oorsig oor die geskiedenis in Nederland van 1618 tot 1816

1. INLEIDEND

Die Nederlandse kerkgeskiedenis en die kerkregtelike ontwikkelings aldaar het onvermydelik 'n weerklank in Suid-Afrika en in die Afrikaanse kerke gehad. Dit het gebeur enersyds omdat die kerk in Suid-Afrika vanaf 1652 tot ongeveer in 1806, wanneer die Kaap finaal 'n Engelse kolonie word, 'n organiese deel van die kerk in Nederland was. Maar selfs na 1806 was daar altyd 'n sterk Nederlandse invloed in die Suid-Afrikaanse kerklike wêreld omdat baie predikante of uit Nederland hierheen gekom het, of aan Nederlandse universiteite studeer het. Veral in ons kerk was die Nederlandse invloed sterk en is dit interessant om vas te stel dat vanaf 1853, met die koms van ds Dirk van der Hoff na die ou Zuid-Afrikaansche Republiek, tot en met die uittrede van ds LE Brandt in 1937 byna al die voorsitters van die Algemene Kerkvergadering, Nederlandse predikante was. Die enigste uitsondering was ds CW du Toit wat van 1904 tot 1917 voorsitter was.

Die Nederlandse kerkregtelike ontwikkeling het nie ná Dordrecht tot stilstand gekom nie. 'n Hele omwenteling in die Nederlandse teologie èn kerkopvatting aan die einde van die 18e en die begin van die 19e eeu, het meegebring dat in 1816 die Nederlandse kerk 'n nuwe kerklike orde opgelê is. Dit was die *Algemeen Reglement* van 1816 met sy opvolgende reeks reglemente. Dié veranderde kerkordelike reëlings het ook in ons kerk 'n sekere navolging gehad en ons kerklike orde van 1857 tot 1950 is hierdeur beïnvloed.

Ter wille van die logiese gang word nou éérs aandag gegee aan dié ontwikkeling voordat begin word om na die kerkregtelike agtergronde van ons kerk vanaf 1652 te kyk.

2. NA DORDRECHT 1618-1619

Die laaste nasionale sinode wat in Nederland gehou is onder die calvinistiese presbiteriaal-sinodale bedeling was die sinode van Dordrecht van 1618-1619. By die sinode is daar ook weer 'n kerkorde opgestel waarmee die sinode aan die kerk die moontlikheid wou gee om as 'n selfstandige godsdienstige en geloofsgemeenskap in die wêreld te staan. Die grondgedagte van hierdie kerkorde was dat Jesus Christus self die enige Hoof van die kerk is. Die hele kerkorde is 'n poging om dié gedagte te verwesenlik en te sorg dat die verskillende ampte en vergaderings van die ampte

nie ontwikkel in statiese gesagsinstansies wat die uitsig op Jesus Christus en sy Woord sal belemmer of onmoontlik maak nie. So wou die kerk as selfstandige liggaam in die wêreld staan.

Dit was egter in die praktyk van die kerklike lewe in Nederland duidelik dat die kerk nié 'n onafhanklike liggaam was nie. Die sinode van Dordrecht wys dit reeds. Die sinode is saamgeroep deur die Staten-Generaal, die Staten het die sinode geopen en gefinansier, deur middel van die kommissarisse-politiek voortdurend daar invloed uitgeoefen en dit was die Staten wat die besluite van Dordrecht se sinode uitgevoer het. Selfs die nuwe Bybelvertaling wat na die besluit van die sinode onderneem is, staan bekend as die *Staten-vertaling*. Selfs die presbiteriaal-sinodale kerk het bestaan vanweë die welwillendheid van die owerhede. Dit is opvallend dat in die jare nà Dordrecht die kerk ook nie daarin kon slaag om uit daardie owerheidsgreep los te kom nie.

Dié situasie is, wat die kerk betref, vererger deur die feit dat die provinsiale owerhede, in die federale struktuur van die land, soveel mag gehad het. In feitlik alle gevalle het die provinsiale owerhede medeseggenskap geëis in die reëling van die kerklike lewe. Daarom het die meeste provinsiale Staten ook nie toegelaat dat die Dordtse kerkorde in hulle resort ingevoer is nie. As bevoorregte kerk van die land, was die kerk vasgemaak aan die provinsiale, stedelike en ander owerhede hoofsaaklik deur die feit dat dié burgerlike owerhede verantwoordelik was vir die traktemente van die predikante en ander kerklike uitgawes. Dit het gebeur omdat die burgerlike owerhede die eienaars geword het van die vroeëre Roomse kerklike besittings en eiendomme. Dit het beteken dat die hervormde kerk van meet af geen eie kerklike inkomste gehad het nie. Daarom het die owerhede enersyds die traktemente van die predikante betaal en andersyds die kerkgeboue en pastorieë in stand gehou en dit ter beskikking van die kerk gestel. So was die predikante en die kerk vasgemaak aan die owerhede, en het dit aan die owerhede 'n reg op inspraak in kerklike sake gegee. Deur middel van die kommissarisse-politiek, wat van die Kerkraadsvergadering tot Sinodale vergadering sitting gehad het, het die owerheid besluit waaroor die kerklike vergaderings besluite kon neem. Die stedelike owerhede het in meeste gevalle bepaal wie as predikant beroep kon word en in baie gevalle het hulle predikante geweer of afgesit wat nie na hulle smaak was nie. Op die provinsiale sinodes het die Kommissarisse-politiek in feite die leiding gehad en so het die Staten hulle bemoei met leerkwessies, die Staten het biddae uitgeskryf en bepaal wanneer kerklike feesdae gevier moes word, die Staten het opdrag gegee wanneer en waaroor gepreek sou word en soms selfs hoe lank 'n preek mag wees. Feitlik in die hele kerklike lewe is die hand èn die invloed van die owerheid gevoel.

Die merkwaardige is dat die kerk, algaande, dit maar so aanvaar het. Selfs die weiering van die Staten-Generaal om die byeenkoms van 'n opvolgende nasionale sinode, na Dordrecht 1619, toe te laat het nie besondere weerstande gewek nie al het dit beteken dat talle kerklike sake onbeslis moes bly lê.

Geleidelik het die reformatoriese ywer in die kerk ook minder geword. Die meeste kerklike vergaderings het die situasie soos dit gegroei en bestaan het aanvaar. Alles was goed versorg en die kerk self het ryk en verryk geraak en het 'n na binne gekeerde kerk geword waar die handhawing van die bestaande en die genot van wat verwerf is, die hoogste prioriteit gehad het. Hooijer omskryf die situasie as volg[1]:

> 'De gewestelijke kerken waren kleine Republieken, die te zamen het groote Kerkgemeenebest uitmaakten, zooals dit ook in het burgerlijke plaats had. En hoeveel strijd er steeds tusschen de Republieken van den Staat en van de Kerk bleef bestaan en het voordeel op sommige plaatsen en in sommige tijden meer naar deze of gene zijde overhelde, is toch geene geheel door de andere overwonnen of overheerscht, maar hebben beide partijen steeds hunne wederkeerige regten pogen te handhaven.'

Die noue samegaan tussen owerheid en kerk het daartoe gelei dat die kerk inderdaad as bevoorregte kerk in 'n unieke posisie in die Nederlandse samelewing gestaan het. Die situasie is gekonsolideer in 1651 toe die Nasionale vergadering van die Sewe, verenigde Nederlandse provinsies die totstandkoming van die gereformeerde kerkstaat afgekondig het. Daar is besluit[2]:

> '1. De Staten van de respective Provintien hebben verklaerdt ... dat sy elcks in den haren vast houden ende mainteneren de ware *Christelycke Gereformeerde Religie*, ghelyck als de selve alomme in de publycke Kercken deser Landen jegenwoordigh wordt gepredickt en geleert; Mitsgaders in denjaren negenthien by de Synode Nationael, gehouden tot Dordrecht is bevestight.
> 2. Dat de selve Religie, soo by elcke Provintie in den haren, als van wege de Generaliteit in de Quartieren onder derselver ghebied resorterende, *met de Macht van 't Land* sal gehanthaeft worden, sonder te gedogen, dat oyt by yemandt daar inne eenige veranderinge werde gedaen.'

Dit het beteken dat die'gereformeerde religie' die openlik erkende godsdiens van die Nederlande sou wees. So kom in Nederland 'n kerkstaat tot stand met 'n organiese protestantse kultuur. Maar hierdie beleid moes deur die verskillende pro-

vinsiale Staten deurgevoer word en dit het nie werklik oral so gestalte gekry nie. Daarby was dit ook so dat met die bereiking van hierdie hoogtepunt daar ook weer stilstand gekom het.

Die ortodoksie wat by Dordt die oorwinning behaal het, het geleidelik al meer veruitwendig en al meer 'n ortodoksisme geword. Die evangelie van God se groot genade in Jesus Christus het 'n vanselfsprekende saak geword en die kerklike belydenis het 'n wet geword waarvoor almal moes buig, die sentrum van 'n skolastieke dogmatiese stelsel waar die filosofie van Aristoteles en die logika byna belangriker was as die Bybel. Die Bybel is vervlak tot 'n arsenaal van bewysplase wat die goeie reg en die waarheid van die dogmatiese sisteem moes bewys. Die *sola fide* van die hervorming van die 16e eeu, is verskraal tot die verstandelike aanvaarding van die vasgestelde sisteem. Die prediking van die kerk het in dié proses ook agteruitgegaan en was nie meer die *viva vox evangelii* nie maar veel eerder dogmatiese uiteensettings wat die geleerdheid van die predikant ten toon moes stel. Nie die evangelie van Jesus Christus nie, maar die suiwere leer het nou die botoon gevoer.

Toe die geloof en die leer so wetties geword het, het die lewe begin verwêreldlik want die geloof het 'n uiterlike saak geword. Hierteen het daar reaksie gekom. Daar kan drie vorms van reaksie onderskei word. Dié van Johannes Coccejus, 1603-1669 wat getrag het om teenoor die gereformeerde leerstelsel weer die Bybel self in die sentrum van die teologie te stel. Dan was daar die reaksie van die Nadere Reformasie wat 'n nuwe nadruk wou gee aan die begrippe wedergeboorte en heiligmaking. Dan was daar die rasionalistiese, filosofiese reaksie wat vanuit die beginpunt van die menslike rede, die gereformeerde leersisteem wou hersien. Hierin het die Fransman René Descartes wat van 1629-1649 in Nederland gewoon het, 'n leidende rol gespeel.

Met Descartes begin 'n proses wat eintlik al in die 16e eeuse Renaissance en humanisme die eerste keer na vore gekom het en dit was die losmaking van die mens van die gesag van die Skrif en die kerk. Geleidelik het die redelike denke van die mens die norm en die toetsteen van die waarheid geword. Die openbaring van God, die waarheid wat van buite af kom en teenoor die mens staan, is op die agtergrond geskuif. Die mens met sy redelike denke sou, so is aanvaar, alle geheime ontsluit en alle probleme oplos. So word die agtiende eeu die eeu wat verlig is deur die mens se redelike denke, dit is die eeu waar gesoek is na die natuurlike, dit wil sê: redelike godsdiens, die natuurlike sedelikheid, opvoedkunde, staatsleer en wat nog meer.

Hierdie gedagtes, verder uitgewerk, is veral in Engeland deur mense soos John Locke 1632-1704, John Toland 1670-1722 en Matthew Tindall 1655-1733 verbrei. Daarvandaan is dit na Frankryk oorgedra en gepopulariseer deur 'n filosoof

soos Voltaire 1694-1778. Ook as gevolg van die werk en invloed van Voltaire het in 1789 die Franse rewolusie uitgebreek en is die hele gemeenskap èn die staat herstruktureer om aan te pas by die denke en opvattings van die filosowe. Die Franse rewolusie en wat daarop gevolg het, het die aangesig van Europa en die denke van die mens radikaal en permanent verander. Nie meer God en sy Woord nie maar die mens met sy opvattings het in die sentrum gestaan en die toneel oorheers.

Die kerk èn die predikante is sondermeer na die rand van die samelewing verskuif.

3. DIE SITUASIE IN NEDERLAND

Teen die einde van die 18e eeu was die toestand in die kerk en in die burgerlike maatskappy gespanne. In Nederland self was daar al meer stemme wat hulle afkeur uitgespreek het oor die inrigting en die bewind van die Republiek waar die bevoorregte regentefamilies byna alles in hande gehad het. Daarby het die aansien van die regerende Oranjefamilie ook sterk gedaal en vanaf 1781 was daar 'n steeds groter verwydering tussen die party van die Patriotte aan die een kant en die meer behoudende Oranjegesindes aan die ander kant[3]. Uiteindelik het die gebeure in Frankryk ook die gang van sake in Nederland bepaal. In Januarie 1795 het 'n Franse leër Nederland ingeval en was die laaste stadhouer, prins Willem V verplig om na Engeland te vlug. Die Patriotparty word dan die dominante party. Uiteindelik het die Bataafse Republiek (in 1798) uit hierdie situasie ontstaan. Daarmee het die opvattings wat die Franse rewolusie moontlik gemaak het en wat daarna bestendig is, ook in Nederland sterk op die voorgrond getree. Een van die eerste veranderinge was dat die gedesentraliseerde struktuur, waarvolgens Nederland bestaan het, verdwyn en 'n eenheidstaat met 'n gesentraliseerde owerheid na vore kom. Die verskillende Provinsiale owerhede moes in dié proses baie van hulle onafhanklike gesagsposisies afstaan en dit na die sentrale owerheid oordra. In die nuwe bedeling is baie dinge verander, ook omdat die nuwe Franse opvattings oor die inrigting van die staatshuishouding in 'n demokratiese orde, nou deurgevoer word.

Dit bring op kerklike vlak onder andere mee dat die bestaande hervormde landskerk sy bevoorregte posisie kwytgeraak het. Reeds in Maart 1795 het die nuwe owerheid duidelik laat blyk dat die kerk nie meer deur die owerheid as bevoorreg beskou word nie en dat die kerk nou op dieselfde vlak sou moes staan as al die ander kerklik-godsdienstige groepe en kerke in die land. In Augustus 1796 het die Nasionale Vergadering bepaal dat 'n bevoorregte of heersende kerk nié meer in Nederland geduld sal word nie[4]. So iets sou die regte van die vrye landsburgers en

die gelykheid van almal belemmer. So het die kerk baie van sy voorregte, wat hy uit die vroeëre saamgaan met die owerhede geniet het, verloor.

Dit was een van die gevolge van die begrip *volkssoewereiniteit* wat nou algemeen aanvaar is. Alle gesag, ook dié van die staat en die kerk, vloei voort uit die regte en gesag van die volk. Dit beteken dat die staat die gedagte van die *ius divinum*, waarvolgens die kerk bestaan, moet afwys en nie wou toelaat dat 'n eiesoortige liggaam, soos die kerk met sy eie reg en gesag, in die volksgemeenskap bestaan nie. Die kerk word nou gereduseer tot 'n vereniging of genootskap wat óók sy regte uit die volk aflei en daarom kan één vereniging of genootskap nie meer regte as 'n ander hê nie. Die opmerklike van dié situasie is dan dat in Nederland in die kerk self, hierdie gedagtes en opvattings aanvaar word. So neem die kerk self deel aan die verandering van sy grondslae en posisie in die gemeenskap[5] net soos daar in die kerk baie predikante èn lidmate was wat heelhartig saamgewerk het om die ommekeer in Nederland moontlik te maak[6].

4. DIE BATAAFSE REPUBLIEK

Nadat die nuwe bedeling gevestig is, was die kerk as't ware uitgelewer aan die besluite van die nuwe Nasionale Vergadering. In 1798 het die Nasionale Vergadering gestel[7]:

> '1. Elk burger heeft vrijheid om God te dienen naar de overtuiging van zijn hart.
> 2. Geene burgerlijke voordeelen of nadeelen zijn aan de belijdenis van eenig kerkelijke stelsel gehecht.
> 3. De gemeenschappelijke godsdienstoefening wordt verrigt binnen de daartoe bestemde gebouwen, en wel met ontslotene deuren.
> 4. Niemand zal met eenig ordekleed of teeken van een kerkelijk genootschap buiten zijn kerkgebouw verschijnen.
> 5. Elk kerkgenootschap zorgt voor het onderhoud van zijnen eeredienst, deszelfs bedienaren en gestichten.'

Verder is gereël dat vir 'n volgende drie jaar die traktemente van die predikante nog betaal sal word. Dit sou die kerk in staat stel om by die nuwe ordereëling aan te pas. Die hardste slag was dat ook beslis is dat kerkgeboue en pastorieë verdeel sou word volgens die geloofsopvattings van die bevolking en dat na drie jaar alle kerklike goedere die eiendom van die staat sou word en dat so 'n nasionale fonds vir opvoeding en armversorging geskep sou kon word. Uit die verskillende stukke wat in hierdie tyd na vore kom, word dit duidelik dat daar 'n sterk beweging was om die

kerk nie meer as kerk te erken nie. Die kerk is in hierdie dinkwêreld beskou as iets soos 'n genootskap ter bevordering van die godsdiens. Dan is die 'godsdiens' waarvan hier sprake is nie veel meer as 'n soort natuurlike religie wat die deug en goeie sedes by sy lede aankweek nie. Hierdie sake het egter nooit finaal wet geword nie vanweë die twiste oor 'n grondwet. Eers in 1798 is die grondwet van die Bataafse Republiek uiteindelik aanvaar en goedgekeur. Daarin word wel 'n gematigder toon gehandhaaf maar die skeiding van kerk en staat het bly bestaan en baie probleme opgewerp. Kleyn stel in hierdie verband[8].

> '... zoo heeft de toestand van 1795 tot 1801 niet de minste rechtsgevolgen gehad ten opzichte van de verhouding van Kerk en Staat. De Staatsrechtelijke vernietiging der Kerk heeft slechts bestaan tot de Grondwet van 1801.'

Die Grondwet van 1801 het 'n nuwe reëling na vore gebring wat baie gunstiger vir die kerk was. Hier word die bestaansreg van die verskillende kerkgenootskappe erken. Daarby word die historiese regte van die verskillende genootskappe ook erken[9] en die teologiese fakulteite, wat tydelik opgehef was, weer behou. Die opmerklike in hierdie bedeling was dat die kerk as 'n geheel nie in staat was om positief te reageer op die skeiding van kerk en staat nie. Hier was 'n gulde geleentheid vir die kerk gewees om heeltemal los te kom van die bande met die owerhede en om 'n volkome onafhanklike bestaan te voer. Daardie inisiatief het egter ten ene male in die kerk ontbreek en dit is byna pateties om te sien hoe afhanklik die kerk van die owerheid wou wees en hoe die stoflike afhanklikheid van die owerhede meegebring het dat die kerk geen geestelike selfstandigheid kon ontplooi nie. Juis hierdeur word die kerk al meer en meer ingetrek in die sekularisasieproses wat vanaf 1795 baan gebreek het[10]. Een van die opmerklike sake wat in die nuwe bedeling na vore gekom het, was dat ondanks die klem wat gelê is op die skeiding van kerk en staat, die owerhede nie van plan was om die predikante maar hulle gang te laat gaan nie. Elke predikant moes vanaf 1803 'n politieke eed aflê voordat hy sy ampswerk kon opvat. Dié eed het as volg gelui:

> 'Ik zweere en belove aan God op het Heilig Evangelie gehoorzaamheid en trouw aan de Regeering, door de Constitutie voor het Fransche Rijk gevestigd, te zullen betoonen;
> ik beloove ook geene verstandhouding te zullen hebben, niet te zullen bijwonen eenige raadplegingen, in geene factie binnen of buiten's Lands te zullen deelen, welke met de openbare rust strijdig zij, en dat, wanneer ik in mijne gemeente of elders

> bevinden mogt, dat het een of ander ten nadeele van den Staat ondernomen wierd, ik zulks aan de Regeering zal kenbaar maken.'

Dit bly opvallend hoe onverdraagsaam die Verligting in werklikheid was ten opsigte van mense en instellings wat nie met die opvattings van die Verligting saamgestem het nie. Dit terwyl die begrip verdraagsaamheid so hoog aangeslaan is in die dae van die Verligting. Dit is byna 'n stelreël wat vasgestel kan word dat die rasionele verligtheid, net soos die liberalistiese verligtheid in ons dae, baie hoog opgee oor die vryheid en derglike maar dan is dit alleen 'n vryheid-om-saam-te-stem. So gebeur dit dat in die 19e eeu, waar die skeiding van kerk en staat vóóropgestel is in die planne om staat en gemeenskap te herstruktureer, die kerk vaster as ooit tevore aan die staat se sekulariserende denke vasgemaak is. Die kerk self, vanweë sy predikante wat met die nuwe denke saamgegaan het, het merkwaardig genoeg, nie die vermoë ontplooi om dié ontwikkeling teen te staan nie. Vir 'n groot deel het dit saamgehang met die feit dat die predikante vir hulle traktemente van die owerheid afhanklik was. Die behoud van die traktemente was vir die meeste predikante belangriker as die beginsels waarvoor hulle moes vasgestaan het. Dit is opvallend dat die gemeentes nêrens die offerwaardigheid kon ontplooi om kerk en erediens self in stand te hou nie. So het die 19e eeuse predikante in Nederland die 'vleespotte van Egipte' hoër aangeslaan as die geloof in en die vertroue op God. So is 'n tendens gevestig wat tot vandag voortduur en waarvoor die kerk in Nederland 'n hoë prys betaal het. In 1809 het die hervormde kerk 4/7 van die totale bevolking as lidmate getel, terwyl in ons dae in Nederland die getalle van die roomse kerk èn van die post-christelike heidendom onderskeidelik die getalle van die lidmate van die Nederlandse Hervormde Kerk oortref.

5. DIE FRANSE TYDPERK

Die Bataafse republiek wat met allerlei bande aan Frankryk verbind was, is in 1804 feitlik deur Napoleon opgehef toe hy RJ Schimmelpenninck as raadspensioenaris aangestel het. As raadspensioenaris het hy alle uitvoerende en wetgewende bevoegdhede oorgeneem, alles in afhanklikheid egter van Napoleon, wat homself dan reeds tot keiser verhef het. Met Schimmelpenninck aan bewind word in 1805 weer 'n omskrywing van die verhouding van die staat tot die kerk neergelê. Dié het gelui[11]:

> 'Er bestaat geene heerschende kerk. Het gouvernement verleent gelijke bescherming aan alle kerkgenootschappen, binnen dit gemeenebest bestaande. Het handhaaft dezelve bij de ongestoorde uitoefening hunner kerkelijke instellingen, geschikt ter ver-

> breiding van godsdienstige beginselen en goede zeden, mitsgaders tot handhaving der goede orde. Het neemt de noodige maatregelen, welke de bijzondere omstandigheden van deze kerkgenootschappen, met betrekking tot de openbare rust en de algemeene welvaart, vereischen.'

Met hierdie reëling wou dit voorkom asof die hervormde kerk tog weer 'n posisie sou kon inneem wat vergelykbaar was met die situasie van voor 1795. Die owerheid was nou die kerk al byna goedgesind. Van owerheidsweë word daar nog veranderings aangebring. In die voorafgaande tyd is, van owerheidsweë, die kerklike sake behartig deur *'n Raad van Binnenlandsche Zaken*. Schimmelpenninck het dié Raad afgeskaf en in die plek daarvan 'n *Sekretaris van Staat voor Binnenlandsche Zaken* aangestel. Dié sekretaris moes toesig hou oor die geheel van die kerklike wêreld. Die sekretaris het allereers die saak van die besoldiging van die hervormde predikante aangepak. Met dié reëling is stilswyend erken dat die staat 'n plig het om die hervormde kerk in stand te hou omdat die staat die kerklike goedere van die hervormde kerk genasionaliseer het. Terselfdertyd is die kerk toegelaat om voort te gaan met sy reëlmatige vergaderings van die ampte en is die Provinsiale Sinodes se samekomste deur die staat gefinansier. Dit wou voorkom asof onder die regering van Schimmelpenninck die kerk weer 'n geleentheid sou kry om te ontplooi.

Schimmelpenninck het egter nie lank regeer nie. In 1806 het Napoleon Nederland voor die keuse gestel om òf sy broer Lodewyk Napoleon as koning te aanvaar òf ingelyf te word in die Franse keiserryk. So het Nederland 'n koninkryk geword en het die Bataafse Republiek sonder slag of stoot ondergegaan.

Onder die koningskap van Lodewyk Napoleon is aanvanklik die staat-kerk-verhouding, soos dit onder Schimmelpenninck bestaan het, voortgesit. Met die opstel van die nuwe grondwet van 1806 word ten opsigte van kerk en godsdiens bepaal[12]:

> 'De koning en de wet verleenen gelijke bescherming aan alle godsdiensten, welke in den staat uitgeoefend; door hun gezag wordt bepaald al het geene noodzakelijk wordt geoordeeld, betreffende de organisatie, de bescherming en uitoefening van alle eeredienste. Alle uitoefening van godsdienst wordt binnen de muren der kerken van al die verschillende gezindheden bepaald.'

Hiermee word in feite gestel dat elke kerk en godsdiens alleen onder staatstoesig in Nederland kan bestaan. Die vryheid wat die kerk, voor 1795 in beperkte mate gehad het om homself te regeer, is hiermee weggeneem. Die merkwaardige

was egter dat die kerke nà hierdie reëling in werklikheid méér vryheid gehad het om hulleself te bestuur as vroeër! Lodewyk Napoleon wou met hierdie reëling alleen toesig oor alle kerklike reëlings hê sonder dat hy self, as vors, oor die kerke wou regeer.

5.1 Die reorganisasie van die kerk

In lyn met hierdie opvattings het hy in 1808 'n kommissie benoem om ondersoek te doen oor die hervormde kerk en om hom van advies te bedien oor 'n moontlike reorganisasie van die kerk. Terselfdertyd het die koning 'n *Ministerie van Eeredienst* in die staatsbestel ingerig. As minister is JH Mollerus aangestel en as hoofamptenaar JD Janssen.

Op 11 Januarie 1809 het dié kommissie, wat saamgestel was uit nege predikante en staatsamptenare, in Den Haag byeengekom. Die minister het die kommissie duidelik laat verstaan wàt van hulle verwag is naamlik die opstel van 'n nuwe kerklike eenheidstruktuur. In dié adviese wat van owerheidsweë aan die kommissie voorgelê is, is gestel[13].

> 'Dien ten gevolge werd voorgeslagen eene **algemeene synode**, vertegenwoordigende de gansche hervormde kerk van Nederland, haar gevoelen uitbrengende, zonder klassikale lastbrieven, uitmakende de hoogste kerkelijke regtbank, en alleen ondergeschikt aan het gouvernement, zonder welks goedkeuring zij geene nieuwe verordeningen invoeren, of oude verbeteren mogt. Wijders werd voorgeslagen **een kollegie van synodale deputaten**, bestemd zoo tot voorbereiding van de werkzaamheden der synode, als tot de uitvoering van de, door deze genomene, besluiten. Ook zou dit kollegie de tusschentijds loopende zaken van minder gewigt moeten behandelen, de korrespondentie met het gouvernement levendig houden, en de Synode bywonen met adviserende stem. De keus der leden zoude behooren te geschieden door den koning uit een dubbeltal, hetwelk hem de synode aanbood.
> Vervolgens dienden er, gelijk van ouds, kerkklassen te zijn. Deze moesten in ringen verdeeld zijn; zij moesten uit predikanten en kerkeraadsleden bestaan. Er moesten klassikale deputaten of inspectoren, door de klassen te benoemen, voor eenigen tijd, werkzaam zijn ter behartiging van loopende zaken ...'

Dié kommissie onder voorsitterskap van die Leidense teologiese hoogleraar JW te Water het met bekwame spoed aan die werk gegaan. In 1809 het hulle *Concept-reglement op de organisasie van het Hervormd Kerkgenootschap in het Koningrijk Holland* verskyn.

In dié *Concept-reglement* is getrag om, soos die kommissie dit gestel het,

soveel as moontlik uit die ou organisasie te behou en net die noodsaaklikste veranderinge aan te bring. Tog is dit duidelik dat alreeds in hierdie *Concept-reglement* die grondliggende gedagte teenwoordig is dat die kerk 'n vrywillige vereniging is wat verskillende bestuursorgane nodig het om te kan bestaan.

Die hoofpunte waarop dié *Concept-reglement,* volgens die kommissie self berus, was kortliks die volgende[14]:

1. Dat die predikante van die kerk een en dieselfde mag en gesag het omdat '... zijnde allen te zamen, dienaars des eenigen, algemeenen Opzieners, Jezus Christus, en des eenigen Hoofds der kerk'.
2. Daarnaas moes daar net een, algemene sinode wees wat moes bestaan 'uit de ervarendste godsdienstleraars.' Hulle sou nie afgevaardigdes wees uit klassikale vergaderings nie en hulle sou ook nie per toerbeurt moet aftree nie, maar vir 'n bepaalde tyd aangewys word. So, is geoordeel, sou daar eenheid kom.
   Die algemene Sinode sou dan in die plek kom van die bestaande elf provinsiale sinodes en so sou die federale organisasie van die kerk ook vervang word deur 'n eenheidsstruktuur. Sodoende sou die kerklike organisasie ook 'n groter ooreenkoms toon met die eenheidstruktuur van monargale Nederland.
3. Verder is voorgestel dat die klassikale vergaderings drasties verminder moet word en dat hulle slegs twee maal per jaar sou vergader. Ook die klassikale vergaderings moet dan voorsien word van kontinueringskommissies om spoedeisende sake af te handel.
   So word 'n belangrike aksentsverskuiwing ingevoer. Nou sal dit nie meer *die amp* wees wat ter wille van die regering van die kerk in vergadering byeenkom nie, maar die vergadering wat 'n bestuursliggaam word, kry nou die gesag. So word 'n statiese gesag, gekoppel aan bepaalde besture wat wetgewende en uitvoerende gesag besit, in die kerk voorgestel.
4. Wat die handhawing van die dissipline en die tug betref, stel die kommissie dat 'de inrigting echter zelve als een behoedmiddel van het grootste gewigt tegen het bederf der zeden, voor de burgerlijke maatschappij heilzaam, moest beschouwd worden.'

5. Verder is geoordeel dat die beroepstelsel van predikante gehandhaaf moet bly, dat die patronaatsreg so veel as moontlik ingekort moet word, dat die kerk as geheel een of ander vorm van seggenskap moet kry by die benoeming van teologiese professore en derglike meer.

Dat in hierdie *Concept-reglement* beslis vanuit 'n ander dinkwêreld oor die kerk en sy struktuur geoordeel en gereglementeer is, staan vas. Die opvattings van die rasionele Verligting, wat die hele staatstruktuur van bo na onder verander het, het hier ook deurgewerk. Dit is duidelik dat die band tussen die Heilige Skrif, die belydenisskrifte en die kerklike orde, wat so tiperend van die calvinistiese kerkordes was, losgelaat is. Hier is veel eerder vanuit die opvattings van die Verligting ten opsigte van die struktuur van staat en gemeenskap gedink as vanuit die Skrif. Van Loon haal 'n skrywe van die hoofamptenaar JD Janssen aan waar hy die *Concept-reglement* beoordeel en stel[15]:

> 'Gij ziet Mijn Heer, ... dat men de aanhangers van het oude niet voor het hoofd heeft willen stooten door het veranderen van *namen* noch het wegnemen der kerkelijke vergaderingen, maar in *zaken* wil aanbrengen wat wezentlijk was aan de vrienden der verlichting.'

Met ander woorde, die ou bekende begrippe en aanduidings is net so behou, maar die inhoud is veránder en gesekulariseer sodat, byvoorbeeld 'n sinode in die ou bedeling 'n totaal ànder vergadering was as 'n sinode, soos dit in die *Concept-reglement* voorgestel is. Slegs die motivering waarom die handhawing van die dissipline en tug in die kerk behou moet word, toon al duidelik aan hoe ook daardie begrippe uitgehol en gesekulariseer is.

By dit alles is dit duidelik dat die hele kerklike struktuur so ingerig moet wees dat die kerk ten alle tye gehoorsaam en onderdanig aan 'het Gouvernement' sal wees. Die ou ideaal van 'n kerk wat ondergeskik aan die owerheid is, wat in die 16e en 17e eeu uitgemond het in die kerkordes wat van owerheidsweë opgestel is, kom hier weer sterk na vore.

Hierdie *Concept-reglement* van 1809 het aanvanklik maar 'n konsep gebly. Dit gebeur vanweë die veranderinge op staatkundige terrein. In 1810 het Napoleon soveel druk op sy broer, koning Lodewyk Napoleon, uitgeoefen dat hy afstand van sy troon gedoen het. Daarop het Napoleon Nederland in die Franse keiserryk ingelyf en as 'n provinsie van Frankryk bestuur. Napoleon het self 'n nuwe kerklike reëling in vooruitsig gestel wat meegebring het dat die meeste ou Provinsiale sinodes in

1809 en 1810 hulle laaste vergaderings gehou het[16].

Napoleon se beplanning, wat van die kerk 'n soort staatsdepartement sou gemaak het, het egter nie deurgegaan nie want in 1813 is Napoleon op die slagveld verslaan en het Nederland weer 'n onafhanklike land geword.

6. DIE NUWE PSALMBERYMING

In hierdie jare het die kerklike lewe tog sy voortgang gehad. Veral op die vlak van die kerklike lied is daar pogings aangewend om verbeterings te bewerkstellig. In 1775 is 'n nuwe bundel berymde psalms in die kerk ingevoer ter vervanging van die psalmberyming van Petrus Datheen. Hoewel Datheen se beryming maar 'n verwerking en vertaling van die ou Franse psalmberyming en buitendien nie van 'n besonder hoë gehalte was nie, was dit nie maklik vervangbaar nie. In 1754 is egter op verskillende Provinisale sinodes gepleit vir die vervanging van Datheen se beryming.

In 1762 het die Staten-Generaal aan die versoeke tot 'n nuwe beryming, gehoor gegee. 'n Kommissie van nege predikante, een benoem deur elkeen van die Provinsiale Staten, en drie persone wat deur die Staten-Generaal aangewys is, het die werk aangepak. Die voorsitter was ds Ahasverus van den Berg 1733-1807. Die kommissie het die opdrag ontvang om uit drie groepe psalmberymings die nuwe bundel saam te stel. Die drie groepe was 'n beryming van 'n medikus dr JE Voet uit 1736, 'n tweede groep was dié van die digtersgenootskap *Laus Deo salus populo* en, ten derde, 'n beryming van Hendrik Ghijsen van 1686.

In 1773 was die werk voltooi en is dit aan die Staten-Generaal en die Stadhouer oorhandig. Daarna is die bundel op die koste van die owerheid gedruk.Op 1 Januarie 1775 is die nuwe psalmberyming in gebruik geneem nadat die verskillende Provinsiale Staten dit goedgekeur het. Die verskillende Provinsiale sinodes het die psalmberyming eers agterna goedgekeur.

Oor die algemeen is die nuwe beryming goed ontvang want die bekende wysies is behou. Dit was net die woorde wat nuut berym is[17]. Die grootste beswaar teen die nuwe bundel was nie teen die nuwe beryming nie maar teen die musiektempo wat vinniger was. Veral in Zeeland was dié beswaar sterk.

Merkwaardig genoeg was daar geen besware teen die inhoud van die nuwe psalmberyming wat hier en daar baie duidelik die supra-naturalistiese teologie, wat dan die algemeen aanvaarde is, verwoord. So word die deug besing in Psalm 1:4:

> 'De Heer slaat toch der menschen wegen ga
> En wendt alom het oog van zijn gena

Op zulken, die oprecht en rein van zeden,
Met vasten gang het pad der deugd betreden;
God kent hun weg, die eeuwig zal bestaan ...'

Hoewel die taal en digkuns van dié beryming 'n groot verbetering was op die berym-ing van Datheen was daar, teologies gesproke, duidelike afwykings van die basiese calvinistiese teologie in die rigting van die supra-naturalistiese teologie. Dit is opvallend dat nêrens wesenlike besware teen die inhoud van die nuwe psalmberym-ing na vore gebring is nie. Dit dui op die feit hoe wyd die aanvaarding van die teologiese denke van die verligtheid gegaan het wat die mens weer na vore gebring het en gestel het dat die mens self ook 'n rol in sy verlossing te speel het. Ter-selfdertyd is die belydenis van God vervaag en word daar in die psalms, hier en daar, eerder verwys na 'die god van die filosowe.'

Tiperend ook van die teologie van dié tyd is psalm 28:1 waar berym word: 'Ik roep tot U, o eeuwig Wezen!' terwyl psalm 38:1 sing: 'Groot en eeuwig Opper-wezen, zeer te vreezen ...'

Met die invoer van die nuwe psalmberyming word daar nou, taamlik algemeen, weer gebruik gemaak van die orrel om die gemeentesang te begelei. In die 16e eeu is oor die algemeen die gebruik van die orrel in die godsdiensoefening verban maar geleidelik het die instrument in die 17e en 18e eeu wéér na vore gekom[18].

7. DIE INVOER VAN DIE EVANGELISCHE GEZANGEN

Die nuwe Psalmberyming wat so gesamentlik deur kerk en owerheid ingevoer is, het die gedagte van 'n uitgebreider liedereboek in die kerk laat ontstaan. Hoewel die laaste nasionale sinode van Dordrecht 1618-1619 bepaal het dat in die godsdiens-oefening slegs die 150 berymde Psalms, die beryming van die Tien Gebooie, die Ons Vader, die Twaalf Artikels en die lofsange van Maria, Sagarias en Simeon gesing sal word is daar één uitsondering genoem. Dit was die lied van die hand van die Londense ouderling, Jan Utenhove: 'O Godt die onze Vader bist.' 'n Reël mèt uit-sondering is eintlik nie 'n vasstaande reël nie en so het die gebruik in die Neder-landse kerk ontstaan om verskillende gesange in die godsdiensoefening te sing wat nie in die amptelike bundel voorgekom het nie. So het dit gebeur dat in die 17e en 18e eeu verskillende gesangbundels gedruk is. Sommige sinodes het selfs formeel oor die gebruik van gesange in die godsdiensoefening gehandel.

In 1796 het die sinode van Noord-Holland die saak van 'n amptelike gesangbundel aangeroer. Dit was die resultaat van 'n taamlike uitvoerige debat in kerklike kringe

oor die gebruik van gesange in die godsdiensoefening. Die voorstanders van die gesange het enersyds die behoefte uitgespreek aan 'n evangeliese lied wat op die Nuwe Testament gebaseer is en andersyds was daar die gedagte, tipies van die teologie van dié tyd, dat die Nuwe testamentiese gemeente tog nie meer Ou Testamentiese liedere kon sing nie.

Nadat die sinode van Noord-Holland die saak aanhangig gemaak het, het die ander sinodes daarby aangesluit. In 1803 het 'n gesamentlike kommissie, met verteenwoordigers van elke provinsiale sinode, by mekaar gekom. Die voorsitter was andermaal ds Ahasverus van den Berg daarin bygestaan deur die digter Rhijnvis Feith. In 1805 was die bundel gereed en op 5 September 1805 is dit aangebied aan raadspensionaris Schimmelpenninck. Hoewel kerk en owerheid dan van mekaar geskei is, is die bundel tog aan Schimmelpenninck aangebied en sy beskerming daarvan, aangevra. Daarna is die bundel in die kerk vrygestel nadat die verskillende Provinsiale sinodes die volmag daartoe gegee het. Die sinodes het ook bepaal dat die bundel op 1 Januarie 1807 in gebruik geneem sal word.

Die kommissie was van oordeel dat die Gesange die teologiese opvattings van die ortodokse, gereformeerde leer bevestig het. Maar dit was tog nie oral die geval nie. Die rasionalistiese supra-naturalisme vertoon duidelik sy kleur in Gesang 88 wat die opskrif dra: Voortreflikheid der openbaring boven de rede. In vs 2 word gesing:

> 'Wat zou ons naauwbeperkt verstand,
> Ons kortziend' oog, dat schaarsch 't verband
> Der dingen doorziet, ooit ontdekken,
> Zoo uw onfaalbaar onderrigt
> Ons niet, waar onze rede zwicht,
> Tot heldre fakkel mogt verstrekken?'

Bepaalde remonstrante aksente kon ook beluister word in Gesang 39 terwyl Gesang 53:1 sinspeel op die drie waarhede van die rasionalisme, God, deug en onsterflikheid, terwyl Gesang 98:2 se doopopvatting beslis Rooms is. Gesang 144:3 stel: 'Deugd triomfeert, Want God regeert' terwyl Gesang 66:1 sê: 'Gij eischt dat deugd en heiligheid, Ons hier ten hemel voorbereid.' So het die Gesange die teologie van die tyd weerspieël en aangedui hoe die gereformeerde leer teruggedruk is deur die rasionalistiese supranaturalisme. Juis daarom bly dit vreemd dat die verskillende Provinsiale sinodes waarvan heelparty volgens die Dordtse kerkorde gefunksioneer het, die Gesange goedgekeur en aanvaar het.

Die gemeentes het die Gesangeboek egter nie sondermeer aanvaar nie. Daar was besware dat die Provinsiale sinodes die besluite van Dordt se nasionale sinode verontagsaam het, dat naas die Psalms wat die Woord van God is, die Gesange wat mensewerk is, ingevoeg is en dan was daar ook besware teen die onregsinnigheid van so baie Gesange. Veral in die resort van die Provinsiale sinode van Suid-Holland het die predikante sterk besware uitgespreek. Die sinode het die predikante wat nie die Evangelische Gezangen wou laat sing in die godsdiensoefening nie met tugmaatreëls en afsetting gedreig. Die Provinsiale sinodes het, om die teenstand te smoor, bepaal dat elke Sondag in elke godsdiensoefening minstens een maal 'n gesang gesing moes word[19]. So ontstaan 'n tipiese 19e eeuse situasie. Almal was ten gunste van vryheid en ten opsigte van die leer van die kerk was daar 'n laat maar loop houding. Maar verset teen sinodale besluite is nie geduld nie. Dit was tiperend van die onverdraagsaamheid van die liberale denke.

Met die veranderinge van 1813 het baie mense gehoop dat die 'patriotsche liederen,' dit wil sê die verligte, Franse liedere, weer afgeskaf sou word. Maar koning Willem I wou hom nie daarvoor leen nie en al die kerkrade het 'n skrywe, namens die koning, ontvang. Daarin is die gesange aangeprys 'als door de beminde vorst van Nederland goedgekeurd en (zelf) gebruikt'[20]. Daarmee was elke poging om by kerklike en wêreldlike owerhede beswaar te maak, voorlopig die nek ingeslaan. Tog sou die *Evangelische Gezangen* later aanleiding tot kerkskeuring in Nederland èn Suid-Afrika gee.

8. DIE NUWE BEDELING ONDER KONING WILLEM I

In 1813, na Napoleon se groot neerlaag by Leipzig, word Nederland ook bevry van die Franse besetting. Op algemene versoek het Willem Frederik van Oranje, die seun van die laaste Stadhouer Willem V, na Nederland teruggekeer waar hy spoedig as koning Willem I van die geunifieerde Nederlandse staat uitgeroep is.

In die periode van 1795-1813 is die skeiding van kerk en staat in verskillende grondwette as 'n vaste beginsel neergelê. Maar in werklikheid het daarvan nie veel geword nie want oor die algemeen is van owerheidsweë besluit dat die reëling van sake op die kerklike erf die taak van die owerheid is. In die nuwe grondwet wat in 1814 opgestel en aanvaar is, word daar 'n reëling ten opsigte van kerk en godsdiens getref. Daar word gestel[21]:

'Art 133: De christelijke Hervormde Godsdienst is die van den Souvereinen Vorst.

Art 134: Aan alle bestaande Godsdiensten wordt gelijke bescherming verleend; de belijders van dezelve genieten dezelfde burgerlijke voorrechten en hebben gelijke aanspraak op het bekleeden van waardigheden, ambten en bedieningen.

Art 139: Onverminderd het recht en de gehoudenis van den Souvereinen Vorst, om zoodanig toezicht over alle de godsdienstige gezindheden uit te oefenen, als voor den belangen van den Staat dienstig zal bevonden worden, heeft dezelve bovendien in het bijzonder het recht van inzage en beschikking omtrent de inrichtingen van die gezindheden, welke, volgens een der voorgaande artikelen, eenige betaling of toelage uit 's lands kas genieten.'

Die reg van die koning word nou omskrywe. Die 'godsdienstige gesindhede', dit wil sê: die verskillende kerke, staan nou langs mekaar onder die toesig van die vors. Die voorwaarde is: vir sover die belange van die staat dit vereis. Die vraag is natuurlik hoe ver dit gerek kan word. Terselfdertyd is dit ook opvallend dat die belange van die kerke sèlf, nié so hoog aangeslaan word nie. Verder word nou ook vasgestel dat dié kerke wat van owerheidsweë finansieel gesteun word, en dit was uit die aard van die saak veral die Hervormde Kerk, ook moet aanvaar dat die koning die reg van insae **èn beskikking** het ten opsigte van hulle organisasie en struktuur. Dit het beteken dat die koning bevoeg was om te beslis oor die organisasie èn struktuur van die Nederlandse Hervormde Kerk. Dit het ook meegebring dat in November 1814 'n *Departement van Eeredienst* van owerheidsweë ingestel is met as hoof daarvan 'n minister. As sekretaris van die owerheidsdepartement is JD Janssen aangestel.

Die nuwe grondwet van 1814 het taamlik noukeurig in die voetspoor van die voorafgaande grondwette geloop. Daar was geen sprake van 'n terugkeer na die situasie van voor 1795 nie maar veeleer 'n voortsetting van die gedagtes en opvattings wat vanaf 1795 oorheersend geword het. So is nou ook weer bepaal dat alle kerke gelyke voorregte sal hê, dat alle landsburgers volkome godsdiensvryheid sal geniet en dat daar 'n reg is tot onbelemmerde godsdiensoefening so lank dit nie die openbare orde of veiligheid versteur nie.

In die kerk self het die hoop opgevlam dat onder 'n eie, Nederlandse koning, die kerk weer op die ou trant van voor 1795 sou kon voortgaan. Vir die meeste predikante was die reëling wat van owerheidsweë in Desember 1813 getref is om weer die traktemente en selfs agterstallige traktemente uit te betaal, die teken daarvan dat die nuwe owerheid die kerk goedgesind was[22]. Inmiddels het die ou organisasie nog goed gefunksioneer. Soos Van Loon dit stel[23]:

> 'Was aldus de regeering der kerk in géén geval hopeloos in de war of machteloos, doch integendeel, wat kerken en classen betreft, geheel intact en waren de provinciale deputaten op wettige wijze in functie, zoodat de bijeenroeping van de synoden, zooals die begeerd en aangevraagd werden, geheel normaal had kunnen plaats vinden, zelfs een generale synode van afgevaardigden der kerken zou thans in het geheel niet onmogelijk geweest zijn.'

Maar van die kant van die owerheid was daar geen gedagte om die kerk te laat in die organisatoriese struktuur soos dit tot op daardie stadium bestaan het nie. Die poging wat onder Lodewyk Napoleon aangepak is om aan die kerk 'n nuwe struktuur te gee, sou voortgesit word veral omdat JD Janssen nog steeds in 'n magsposisie was wat so 'n plan moontlik sou maak. Daarom is die versoeke wat van die kant van die klassikale vergaderings en die Provinsiale sinodes gekom het om weer te mag vergader, konsekwent geweier. Die rede wat aangegee is, was dan finansiële oorwegings, maar dit is duidelik dat dit nie die deurslaggewende oorweging was nie.

Die verantwoordelike minister van die *Departement van Eeredienst*, H van Stralen, het reeds vroeg in 1814 aan die koning voorgedra dat 'n algemene sinode byeengeroep sou word om die noodsaaklike verbeterings in die organisatoriese struktuur van die kerk aan te bring. Die departmentsekretaris Janssen was egter gladnie te vinde vir dié voorstel nie. Die Raad van State het in Mei 1814 Van Stralen se plan afgekeur en aanbeveel dat 'n *Consulerende Commissie* aangestel moes word. Dié kommissie moes dan bestaan uit 'verlichte leeraars en andere kundige mannen' en hulle moes die koning en sy raadgewers adviseer oor die beste manier om die kerk in die nuwe tyd te struktureer[24]. Dié saak is egter deur die Raad van State nie van besondere belang geag nie en daarom het die saak tydelik bly lê[25].

Maar die Departementsekretaris Janssen het die saak nie daarby gelaat nie. Met die aftrede van minister H van Stralen is 'n nuwe minister WF Roëll aangestel. Betreklik gou het Janssen hom vir sy opvattings gewen. Daar word dan, in die kringe van die *Departement van Eeredienst* besluit om allereers 'n konsep op te stel vir die reorganisasie van die kerk. Reeds in Julie 1814 is 'n *Korte Schets eener Kerkorganisatie* hoofsaaklik deur Janssen ontwerp en na bespreking met 'n paar vertrouelinge aanvaar. In Augustus 1814 het Janssen die *Korte Schets* verder uitgewerk en kom daar 'n *Schets van een Ontwerp van Organisatie der Hervormde Kerk* ter tafel. Met hierdie *Schets* het Janssen die basiese patroon neergelê en daarvandaan is daarop voortgewerk. Nadat die *Schets* deur Janssen voorgelê is aan 'n paar van sy vertrouelinge naamlik die predikante HH Donker Curtius, J van Weldijk en HWCD Visser, het hy die saak verder gevoer.

Op 12 Oktober 1814 het die koning 'n besluit uitgevaardig waarin hy allereers die byeenkoms van Provinsiale Sinodes voorlopig verbied. Verder het die koning 'n *Consuleerende Commissie*, bestaande uit elf lede, een uit elke sinodale resort en 'n Waalse predikant, benoem. Die kommissie het die opdrag gekry om -

> 'de noodige verordeningen ter nadere regeling van het bestuur der Hervormde Kerk in deze landen, overeenkomstig derzelver tegenwoordige omstandigheden en behoeften ...'

op te stel en aan die koning voor te lê[26]. Die opmerklike is dat die koning met hierdie handelwyse in feite die kerk èn die kerklike vergaderings verbygegaan het. So is 'n organisatoriese struktuur voorberei en ontwerp volkome buite die kerk om.

Vanweë politieke ontwikkelinge soos die onverwagte terugkeer van Napoleon van Elba en die daaropvolgende oorlog, is die benoeming van die *Consuleerende Commissie* uitgestel tot Mei 1815. Die lede het toe 'n *Ontwerp van een algemeen Reglement op het Bestuur der Hervormde kerk in de Nederlanden* ontvang[27]. Hierdie **Ontwerp** wat 'n verdere uitbreiding van die *Schets* van 1814 was, is ook deur Janssen en die burokrate van sy staatsdepartement opgestel. Die hele basiese patroon waarop die kerklike organisasie nou gebou is, was uitsluitlik afkomstig uit die kringe van die owerheidsamptenare. Die kerklike bydrae was, soos aangetoon, so gering dat dit feitlik nié genoem kan word nie.

Die elf kerklike kommissielede het daarop skriftelik hulle beoordeling van die **Ontwerp** aan Janssen voorgelê. Oor hierdie kommentaar stel Van Loon[28]:

> 'Zelfs in dit, door het Departement uitgezochte college, was een ... schakeering van rechts tot links, maar Janssen liet haar geen recht wedervaren. Hij had een commissie noodig, niet om de kerk aan het woord te laten komen, zelfs niet in dezen totaal onkerkelijken weg, doch om zijn concept, onder wat een goeden schijn werd geacht, aan de kerk op te leggen. Daarbij kwam hij er dan ook toe de opmerkingen der commissieleden, waar het hem te pas kwam, als quantité negligeable (te verwaarlose gegewene) te behandelen.'

Op 25 Oktober 1815 het die *Consuleerende Commissie* die eerste maal in Den Haag vergader. Nadat die Commissie vergader het en Janssen se werk oor die algemeen aanvaar het, is die finale *Reglement* op 13 November 1815 aan die koning vir bekragtiging en proklamasie voorgelê. In 'n begeleidende skrywe word aan die koning die primêre grondbeginsel van die Reglement uitgespel[29].

> 'De godsdienst zelve blijft uit haren aard geheel vrij, alleen in het uitwendig kerkbestuur oefent het Gouvernement de noodzakelijke inzage. Deze algemeene regel, eene der hoofdbeginselen van het protestantisme, is de grondslag van alles.'

Uiteindelik het koning Willem I op 7 Januarie 1816 die konsep-reglement geteken en geproklameer en daarmee 'n totaal nuwe organisatoriese struktuur aan die kerk in Nederland gegee. Hierdie daad van die koning het ook vir ons kerk verreikende konsekwensies gehad omdat hierdie *Algemeen Reglement* van 1816 en sy opvolgende reglemente ook in Suid-Afrika nagevolg is.

Later in die 19e eeu is daar betoog dat die hele invoering van hierdie Kerkwet wat die kerk sou omvorm het tot 'n *synodale genootschapskerk* teen die grondwet en daarom *ultra vires* was[30].

Kleyn, wat hierdie saak uitvoerig beredeneer, wys daarop dat art 139 van die Grondwet van 1814 aan die vors die reg gegee het 'van inzage en beschikking omtrent de inrichting van die gezindheden, welke ... eenige betaling of toelage uit 's lands kas genieten'[31]. Uitgaande van hierdie reg het die *Departement van Eredienst* begin met die poging om aan die kerk 'n nuwe organisatoriese struktuur te gee. Op 12 Oktober 1814 het die koning wat van die begin af geneë was om aan die kerk 'n nuwe organisatoriese struktuur te gee, opdrag gegee dat dit moet geskied. Voor dit tot volledige uitvoering kon kom, het Nederland vroeg in 1815 'n nuwe grondwet gekry.

In die grondwet van 1815 word nie meer melding gemaak van die koning se reg om 'n kerkgenootskap se organisasie te hersien nie. Uitgaande van hierdie punt word dan geargumenteer dat die reg wat die koning kragtens die grondwet van 1814 gehad het, deur die grondwet van 1815 afgeskaf is. Kleyn stel dan[32]:

> 'Gelijk dus door de Grondwet geen besliste scheiding tusschen kerk en Staat wordt uitgesproken, gelijk het recht van vergadering geenszins vrij en onbeperkt was, zoo strijdt het met het standpunt van Grondwet en Regeering geenszins, dat de beschermde Kerkgenootschappen gebonden zijn aan door de Overheid gestelde voorwaarden.'

Terwyl die grondwet dié optrede nie pertinent verbied het nie én die Hervormde kerk sélf die *Algemeen Reglement* aanvaar het, is dit 'n oop vraag of die koning inderdaad téén die grondwet gehandel het. Hoewel daar 'n skeiding van staat en kerk in die grondwette vasgestel is, was die algemene opvatting aan die begin van koning Willem I se regeringstyd nog dat die koning die volste reg gehad het om die

uitwendig sake van die kerk, die organisatoriese struktuur dus, ter hand te neem solank hy hom nie met 'de godsdienst zelve' bemoei nie[33]. Die reformatoriese opvatting dat daar 'n direkte samehang tussen die Heilige Skrif, die belydenisskrifte van die kerk én die kerk se organisatoriese struktuur is èn moet wees, leef dan beslis nie meer in die verligte en rasionalistiese teologie en kerk van die vroeë 19e eeu nie. Die gedagte dat die burgerlike owerheid die reg het en moet hê om die organisatoriese struktuur van die kerk vas te stel, het egter reeds in die 16e eeu in owerheidskringe geheers. Hoewel die kerklike vergaderings toe daardie opvatting weerstaan het, het die kerk in die 18e en 19e eeu daardie opvatting van die owerheid nie meer betwis nie.

Later in die 19e eeu het die owerhede sèlf ingesien dat die optrede van 1816 nie te rym is met die verligte opvattings oor die skeiding van kerk en staat nie. Daarom is in 1843 deur die koning bepaal dat alleen die kerklike vergaderings bevoeg is om veranderinge aan te bring aan die organisatoriese struktuur van die kerk. In 1816 egter, in 'n situasie wat dan nog nuut is, het die koning opgetree, 'n nuwe organisatoriese struktuur aan die kerk gegee, en dit is feitlik algemeen as regmatig aanvaar. Nêrens is in 1816 betoog dat die koning, toe hy die *Algemeen Reglement* by wyse van 'n koninklike besluit aan die kerk opgelê het, buite sy bevoegdhede gehandel het nie.

9. KERKLIKE BESWARE TEEN DIE ALGEMEEN REGLEMENT

Die argument wat van owerheidsweë gebruik is om die *Algemeen Reglement* in te voer, was dat die min of meer 'federale organisasie' van die kerk met sy reeks onafhanklike Provinsiale Sinodes en hulle onderverdeling in klassikale vergaderings verouderd en lomp was. So het die verantwoordelike minister van die *Departement van Eredienst* ter verdediging van die optrede van die koning, gestel[34]:

> 'Indien Zijne Majesteit tot het bedoelde einde eenen anderen weg had moeten inslaan; indien daartoe raadpleging op talrijke kerkelijke vergaderingen ware noodig geweest, dan zeker zoude men hebben moeten besluiten, dat er geene organisatie der Hervormde Kerk mogelijk was, en alles in denzelfde staat van wanorde had moeten blijven. Eene oppervlakkige kennis toch van de inrigting der Synodale en Classikale vergaderingen en van de wijze, waarop bij dezelve zaken behandeld werden, is voldoende om zich daarvan te overtuigen.'

Die belangrikste oorweging was waarskynlik dat die Nederlandse kerk 'n nuwe organisatoriese struktuur moes kry omdat die staatsgemeenskap nou op die lees van die rasionele Verligtheid se denkpatroon geskoei was. Die kerk met 'n organisatoriese struktuur wat vasgehou het aan 'n teokratiese opvatting was uit die aard van die saak vir die verligte amptenare verouderd[35].

In die kerk self, danksy die verskuiwings van opvatting aan die Universiteite, was die meeste predikante nie meer navolgers van die calvinistiese, reformatoriese teologie en die leer van die belydenisskrifte van die kerk nie. Die meeste predikante het die stelreëls van 'n gematigde verligtheid aanvaar en hulle het die Skrif in daardie lig uitgelê en sodoende 'n oppervlakkige, maar verligte teologie beoefen. Soos Fiolet dit beskrywe[36]:

> 'Men zocht en vond het compromis, waarin men ongestoord en zonder strijd dacht te kunnen leven. Aan allen wilde men onderdak verlenen, aan orthodoxie en verlichting, mits zij luisterden naar de ene regel des huizes: gematigdheid en verdraagzaamheid. Dit ideaal werd gevonden in een rationalistisch supranaturalisme, een compromis tusschen geloof en verstand, tusschen Openbaring en rede ... Men verlangde naar een Christendom van de redelijk denkende mensch.'

Dit het meegebring dat in die kerk self daar baie min moontlikhede was om die *Algemeen Reglement* van 1816 te bevraagteken of selfs te weerstaan. Met die proklamasie van die *Algemeen Reglement* is bepaal dat al die kerklike vergaderings van die ampte hulle werksaamhede moes beëindig en teen die einde van Maart het al dié vergaderings opgehou om te funksioneer. Die koning het die lede van die nuwe kerklike besture benoem en so het die Nederlandse Hervormde Kerk die kerklike organisasie gekry wat hy verdien het en is die eerste stap gedoen in die geleidelike vernietiging van die calvinistiese hervorming in Nederland.

Interessant genoeg was daar tog wel 'n paar besware, van kerklike kant teen die *Algemeen Reglement*. Op 4 Maart 1816 het die Klassis van Amsterdam saamgekom en sy besware teen die nuwe kerklike orde uiteengesit. Die hoofbesware was[37]:

1. Die aard van die kerklike besture soos dit nou saamgestel word, is totaal anders as dié van die ou kerklike vergaderings en die klein getal bestuurslede skep die indruk dat die vergaderings nie verteenwoordigend genoeg is nie.
2. Die belangrikste besware hang egter saam met die leer van die kerk. Hier verwys die Classis veral na die onbepaalde invloed van

die *Departement van Eredienst* op kerklike sake. Die indruk word gewek, so stel die Classis, volgens art 21-29 oor die regering van die kerk, dat die Sinode deur die Departement bestuur kan word en nié volkome vry sal wees nie. Aangesien die hoof van die Departement ook nie lid van die kerk hoef te wees nie, kan dit maklik gebeur dat hy hom met meer kerklike reëlings sal wil besig hou as die uitwendige orde wat nou aan hom opgedra is te wete die reëling van die tye en plekke van die godsdiensoefening; die goedkeuring dat beroep mag word; die goed- of afkeuring van beroepe en die sorg vir die handhawing van kerklike besluite. Indien dit sou gebeur dan beteken dit dat die vryheid van die ampsdraers van die kerk om oor die leer van die kerk te waak, onder sou gaan. Dit is juis die een vryheid waarvoor die reformasie die stryd teen Rome aangebind het.

3. Dan was daar ook 'n sterk beswaar teen die hiërargiese beginsel wat deur hierdie kerklike orde in die kerk ingevoer is. Daarby het die groot mag wat aan die Sinode toegeken word, sonder dat dié besluite kontroleerbaar is en die besonder klein getal ampsdraers waaruit die Sinode sou bestaan, 'n situasie laat ontstaan wat in stryd is met artikel 31 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Want art 31 stel uitdruklik: 'En aangaande die bedienaars van die Woord, in watter plek hulle ook al mag wees, hulle het een en dieselfde mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is ...' Die Klassis wys daarop dat die grondlêers van die kerk wyselik daarvoor gesorg het dat die gesag nie aan 'n klein getal persone toegewys is nie.
4. Ten slotte is daarop gewys dat die invoering van hierdie nuwe kerklike orde maklik tot tweedrag en skeuring in die kerk kan lei tussen diégene wat ten gunste en diegene wat gekant is teen hierdie nuwe reëling.

Nog ses ander Klassikale vergaderings het ook besware teen die nuwe kerklike orde én die owerheidsoptrede geopper. Dit was die Klassikale vergaderings van Tiel, Haarlem, Utrecht, Delft en Delftland, Tielerwaard en Gorinchem. Daarby het die kerkraad van een Waalse gemeente ook beswaar aangeteken.

Uit hierdie besware blyk dat Utrecht en die Waalse gemeente in Dordrecht dit gestel het dat die Koning nie die reg het om aan die kerk 'n nuwe kerklike orde

te gee nie. Indien dié reg erken sou word, sou dit beteken dat 'n nie-Protestantse vors ook die reg sou hê en dit sou vir die kerk 'n onhoudbare situasie skep.

Die Klassis Tiel wys daarop dat die *Consuleerende Commissie* nié vanuit die kerk gekom het nie, dat die *Algemeen Reglement* nooit aan die kerklike vergaderings voorgelê is vir goed- of afkeuring nie en dat die invoering so oorhaastig geskied het en dat die bestaande kerklike organisasie nie eers die tyd gegee is om hulle werksaamhede te beëindig nie.

Meeste van die vergaderings het hulle besware gerig teen die inhoud van die nuwe reglement. Die Klassis Haarlem het veral daarop gewys dat hoewel die ou benamings behou is, alles in wese verander is:

> '... zoo dat wij van eene inrigting, als bij het Reglement voorgeschreven wordt, naar binnen Hiërarchie en naar buiten een al te grooten invloed van den Staat op de kerk duchten.'

Daarby het feitlik almal beswaar gemaak teen die onbeperkte mag van die klein getal bestuurders. As gevolg daarvan word gevrees dat 'n episkopale en heerssugtige bestuur op die kerk afgedwing kan word. Dit is volgens Haarlem téén art 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis en teen Christus se aanwysing dat alle ampsdraers dienaars moet wees. Die feit dat die koning, in die vervolg, die lede van die kerklike besture sal benoem, is vir die meeste beswaarmakers ook nie aanvaarbaar nie. Daarby word gestel dat van owerheidsweë die besware teen die ou kerklike orde groot genoem word terwyl niemand in die kerk sélf daaroor gekla het nie.

Hierdie besware is deur die *Departement van Eeredienst* met 'n groot mate van behendigheid in die doofpot gestop, nadat van owerheidsweë besluit is om die besware nie te ernstig op te neem nie en indien nodig, die beswaarmakende predikante onder druk te plaas. Oor die algemeen is die *Algemeen Reglement* egter aanvaar en in werking gestel. Deur die sorgvuldige keuse en benoeming van predikante op die nuwe besture wat met die owerheid sou saamwerk, is die beswaarmakers in 'n posisie van onmag geplaas. Hier het dus 'n interessante ommekeer plaasgevind. Van buite en van bo af is die kerk as't ware oorgeneem en die lidmate so veel as moontlik in die duister gehou. Die predikante en kerkraadslede is deur die nuwe hoëre besture meegedeel dat die nuwe organisasie 'n geweldige verbetering was en so is die hervormde kerk sorgvuldig opgetel en links van sy historiese fondamente neergesit. Hoewel dié omwenteling met 'n minimum van protes en onmin verloop het en deur die verdraagsame en gematigde predikante en kerkraadslede aanvaar is, is die grondslae gelê van 'n kerklike stryd en aftakeling wat tot vandag toe in Nederland voortduur.

Hier kan gestel word dat 'n mens in die Nederlandse kerkregtelike ontwikkeling 'n baie mooi voorbeeld het van hoe vernietigend die denkbeelde van links, wat nie aan die Woord van God gehoorsaam wil wees nie, maar die Woord slegs wil misbruik om hulle eie linkse opvattings te regverdig, in die kerk kán werk. As in die kerk die oppergesag van die Woord van God, vir welke rede ookal, nie meer erken word nie en daarvoor nie meer gebuig word nie, dan word die kerk nie gebou èn verstewig nie, maar afgebreek en vernietig. Ongelukkig vind dit nie dadelik plaas nie maar deur 'n geleidelike proses word die kerk al meer en meer onmagtig om te wees wat dit moet wees: draer en verkondiger van die vreemde Woord van God, die evangelie van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Hoof van die kerk en Heer van die wêreld.

10. AANTEKENINGE

1. C Hooijer. *Kerkelijke Wetten voor die Hervormden in het Koningrijk der Nederlanden*. Zaltbommel 1846, bl 14.
2. J TH De Visser. *Kerk en Staat*. Leiden 1926. Deel 2, bl 287-288.
3. Vergelyk in hierdie verband onder andere AD Pont. *Nicolaas Jacobus Van Warmelo 1835-1892*. Utrecht 1955, bl 10 vg, asook I Leonard Leeb. *The Ideological Origins of the Batavian Revolution*. Den Haag 1973.
4. JCA Van Loon. *Het Algemeen Reglement van 1816*. Wageningen 1952, bl 22. Vgl ook OJ De Jongh, *Nederlandsche Kerkgeschiedenis*. Nijkerk 1978, bl 296.
5. JCA van Loon. *a w*, bl 23, vgl ook J Reitsma en J Lindeboom. *Geschiedenis van de Hervorming en de Hervormde Kerk der Nederlanden*. Den Haag 1949, bl 298: Vele predikanten waren vóór de omwenteling. De meesten legden de eed van burgertrouw af, die door de volksrepresentanten in Holland van hen gevorderd werd. Enkelen, die weigerden, zoals te Haarlem, Amsterdam en elders, werden afgezet.
6. Vergelyk A Ypeij en IJ Dermout. *Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk*, Breda 1827, Dl 4, bl 161: De volksvertegenwoordigers van Holland nog tans handelden hiermede geheel strijdig den 29 van zomermaand des jaars 1796, toen zij, volgens eene openbare aanschrijving, van alle godsdienstleeraars, zonder onderscheid van kerkgenootschap, ... eene plegtige verklaring afvorderden, dat zij zich onderwierpen aan zoodanigen regeringsvorm, welke, gegrond op de oppermagt des volks, toen provisióneel bestond, en in het vervolg finaal zoude worden daargesteld, en nimmer met woorden of daden zoude medewerken tot herstelling van het vernietigd, aristokratisch stadhouderlijk, bestuur. Vele legden de verklaring gaarne af, anderen noode; eenigen maakten zwarigheid. Onder deze laatsten, bij voorbeeld, waren drie Haarlemsche, maar inzonderheid vijftien Amsterdamsche Hervormde predikanten, welke uit dien hoofde eerst in hunne kerkelijke ambten geschorst en kort daarna van dezelve ontzet werden.

7. A Ypeij en IJ Dermout. *a w*, bl 169.
8. HG Kleyn, *Algemeene Kerk en Plaatselijke Gemeente*. Dordrecht 1888, bl 192.
9. HG Kleyn, a w, bl 193 wys daarop dat in die jare 1797-1798 in die owerheidsreëlings die woord *kerkgenootskap* vir die eerste maal na vore kom. Dié woord dui dan 'n vereniging aan vir die uitoefening en bevordering van die godsdiens. Eienaardig genoeg word dié begrip dan ook in die kerklike stukke gebruik en wel in dié sin dat die kerkgenootskap aanduiding word van die kerk-in-sy-geheel. So word die begrip *kerkgenootschappelijke gemeente* gebruik waaruit blyk dat ook in die nuwe bedeling die gemeente nie as 'n selfstandige liggaam beskou is nie, maar as 'n onderdeel van 'n groter geheel. Op bl 195 stel hy dat die woord *kerkgenootskap* '... alleen gebruikt wordt om een geheel van gemeenten, eene gezindheid, uit te drukken.'
10. JCA van Loon. *a w*, bl 24 wys daarop dat die Grondwet van 1801 bepaal: Alle kerkgenootschappen welke ter bevordering van deugd en goede zeden een Hoogstwezen eerbiedigen en hulde doen, genieten eene gelijke bescherming der wetten. Dit bly merkwaardig dat 'n kerk bereid was om vas te klou aan 'n owerheid wat sy opvatting van wat 'n kerk is, in derglike, vir die kerk vernederende begrippe, uitdruk.
11. A Ypeij en IJ Dermout. *a w*, bl 290.
12. Aangehaal by HG Kleyn. *a w*, bl 203.
13. A Ypeij en IJ Dermout. *a w*, bl 393-394. Interessant is dat hier in die kollegie van synodale deputaten die wortel lê van die sinodale kontinueringskommissie wat só tiperend word van hierdie soort kerklike organisasie.
14. Vergelyk A Ypeij en IJ van Dermout. *a w*, bl 395 vgg asook JCA van Loon, a w, bl 62-66.
15. JCA van Loon. *a w*, bl 65-66.
16. J Reitsma en J Lindeboom. *Geschiedenis van de Hervorming en de Hervormde Kerk der Nederlanden*. Den Haag 1949, bl 405
17. J Reitsma en J Lindeboom. *a w*, bl 395.
18. GDJ Schotel. *De Openbare Eeredienst der Nederl Hervormde Kerk in de zestiende, zeventiende en achttiende eeuw*. Leiden zj bl 68 vg.
19. Vergelyk in hierdie verband L de Geer. *Ontstaan, invoering en ontvangst van den evangelischen gezangenbundel in de Nederl Herv Kerk*. Groningen 1902. AW Bronsveld. *De oorsprong van de evangelische gezangen*. Utrecht 1917.
20. J Reitsma en J Lindeboom. *a w*, bl 411.
21. J Reitsma en J Lindeboom. *a w*, bl 419.
22. JCA van Loon. *a w*, bl 71-72.
23. JCA van Loon. *a w*, bl 73.
24. J Reitsma en J Lindeboom. *a w*, bl 419-420.
25. JCA van Loon. *a w*, bl 78-82.
26. JCA van Loon. *a w*, bl 114.
27. Die teks van hierdie *Ontwerp* word deur JCA van Loon, *a w*, bl 90-111 gepubliseer.

28. JCA van Loon. *a w*, bl 143.
29. JCA van Loon. *a w*, bl 150. Dit is 'n opmerking van die Commissaris-Generaal van die Departement van Eeredienst.
30. J Reitsma en J Lindeboom. *a w*, bl 422.
31. HG Kleyn. *a w*, bl 205 vg.
32. HG Kleyn. *a w*, bl 206.
33. HG Kleyn. *a w*, bl 208-209
34. Aangehaal by HG Kleyn. *a w*, bl 209.
35. J Reitsma en J Lindeboom. *a w*, bl 419: Dat de kerkelijke inrichting geheel verouderd was en onder de veranderde toestand van zaken uitgediend had, werd door allen gevoeld.
36. A Fiolet. *Een kerk in onrust om haar belijdenis*. Nijkerk 1953, bl 13 vg.
37. JCA van Loon. *a w* bl 154 vg.

Hoofstuk 2

Die Algemeen Reglement van 1816 en die daarmee saamgaande verdere Reglemente

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Die grootste enkele wysiging wat in die kerk se organisatoriese struktuur aangebring is, is die feit dat die struktuur van die kerk losgemaak is van die geloof en leer van die kerk. Die argument van owerheidsweë was dat slegs die organisasie gemoderniseer is en dat die kerk verder onaangeraak gelaat is. Dit was egter nie waar nie. Die verbintenis tussen Skrif, belydenis en kerkorde is verbreek. Waar in die calvinistiese kerkordes die kerkorde funksioneer as 'n weergawe van die ekklesiologie, soos dit in die belydenis en Skrif gelees word, word die kerk nou gestruktureer volgens die grondpatroon van 'n gewone wêreldlike vereniging wat deur mense opgerig is om gesamentlik 'n bepaalde doel na te jaag of te bevorder. Deur die organisasie te verander het die owerheid die kerk se uitdrukking van sy kerkbegrip in ordereëls, volledig gewysig. Die tweede groot wysiging was dat die omskrywing van die kerklike orde nou in 'n volkome ander vorm gegiet is. In die ou bedeling was daar 'n kort en bondige omskrywing van die hoofbeginsels van die kerklike orde. So het die kerkorde van Dordrecht van 1619 maar uit 86 artikels bestaan, die kerkorde van Den Haag van 1586 het uit 79 artikels bestaan. Dit was dan veral die taak van die Provinsiale Sinodes gewees om deur middel van sinodale beslissings die uitwerking in die praktyk van hierdie orde-reëls te omskrywe.

In die nuwe bedeling word 'n heeltemal ander weg gegaan. Deur middel van sestien reglemente wat altesaam uit 569 artikels bestaan, word deur middel van reglementêre bepalings alles in besonderhede gereël en omskryf. Die reglementebundel het soos 'n kerklike wetboek gefunksioneer. Daar is begin met die Algemeen Reglement en algaande het die ander vyftien reglemente bygekom. Op die ou end was daar twee hoofreglemente en veertien meer algemene reglemente. Die verskillende reglemente was:

A. Die Hoofreglemente

i. Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koningrijk der Nederlanden van 1816, met 93 artikels.

ii. Instructie voor de Algemeene Synodale Commissie der Nederlandsche Hervormde Kerk van 1827, met 19 artikels.

B. Die Algemene Reglemente

iii. Reglement op het Examen en de toelating tot het Leeraars-ambt in de Hervormde Kerk, goedgekeur Julie 1816, met 47 artikels.

iv. Reglement op de Vacaturen, alsmede op de beroeping en het ontslag van Predikanten van 1826, met 92 artikels.

v. Reglement op het Hulppredikerschap in de Nederlandsche Hervormde Kerk van 1844, met 26 artikels.

vi. Reglement op de Kerkvisitatie van Julie 1816, met 28 artikels.

vii. Reglement op het Godsdienstig onderwijs in de Nederlandsche Hervormde Kerk van Julie 1816, met 44 artikels.

viii. Algemeen Reglement op de zamenstelling en werkzaamheden der Kerkenraden bij de Hervormde Gemeente in het Koningrijk der Nederlanden van 1824/5, met 34 artikels.

ix. Algemeen Reglement op de Diakonie-administratie bij de Nederlandsche Hervormde Kerk van 1831 met 32 artikels.

x. Reglement op de uitoefening van Kerkelijk opzicht en tucht voor de Nederlandsche Hervormde Kerk van 1825 met 94 artikels.

xi. Reglement op de Klassikale kosten van 1816 met 34 artikels.

xii. Reglement voor de Algemeene Weduwen-beurs van 1816 met 26 artikels.

2. DIE TEKS VAN DIE ALGEMEEN REGLEMENT VAN 1816[1]

ALGEMEEN REGLEMENT
Voor het bestuur der Hervormde kerk in het koningrijk der Nederlanden

---OoO---

EERSTE AFDEELING

Algemeene Bepalingen

Art 1. Tot het Hervormd Kerkgenootschap behooren allen, die, op belijdenis des geloofs, tot ledematen zijn aangenomen, dezulken, die in de Hervormde kerken ge-doopt zijn, en die gene, welke in andere landen, als tot het Hervormd Kerkgenoot-schap behoorende, erkend, zich hier te lande ter neder zetten, mits door behoorlijke bewijzen of attestatiën van hunnen doop of lidmaatschap buiten's lands hebbende doen blijken.

Art 2. Deze allen blijven tot het Hervormd Kerkgenootschap behooren, zoo lang zij niet vrijwillig en duidelijk verklaard hebben, zich daarvan af te scheiden of om wettige redenen daarvan afgescheiden zijn.

Art 3. Het bestuur der Hervormde kerk wordt synodaal. provinciaal classikaal en gemeentelijk uitgeoefend.

Art 4. De leden der Collegiën, waaraan dit onderscheiden bestuur, volgens na te meldene bepalingen wordt opgedragen, stemmen altijd hoofdelijk, zonder eenigszins gebonden te zijn aan lastbrieven van de vergaderingen of kerken, voor welke zij kunnen geacht worden te verschijnen.

Art 5. De mindere Kerkbesturen hebben het regt voorstellen in te zenden aan de hoogere, en om in voorkomende gevallen derzelver voorlichting te vragen; terwijl zij daarentegen verpligt zijn aan de aanschrijvingen te voldoen der hoogere collegiën, en in het bijzonder ten spoedigste de berigten en rapporten in te zenden, welke van hen gevorderd worden.

Art 6. Een minder Kerkbestuur vermeenende, door de besluiten van een hooger bezwaard te zijn, heeft het regt zich deswegens bij nog hooger Bestuur te beklagen, onder gehoudenheid nogtans, van aan de ontvangene bevelen inmiddels te gehoorzamen, tenzij de zaak, bij de eindelijke uitspraak niet weder in zijn geheel zoude kunnen gebragt worden, in welk geval echter daarvan onmiddelijk aan het Ministerieël Departement voor de zaken der Hervormde en andere Eeredienslen, behalve dien der Roomsch Katholijken, zal worden kennis gegeven.

Art 7. Van alle zaken, bij uitspraak van een Kerkelijk Collegie beslist, valt appél aan het in rang volgend hooger Collegie, doch ter tweeder instantie beslist zijnde, wordt geen nieuw appél toegestaan.

Art 8. In een hooger Kerkelijk collegie zal niets behandeld worden dan het gene in een minder Collegie niet is kunnen afgehandeld worden, de gemeene kerken onder hetzelve ressorterende nut is, en tot het hooger Collegie behoort.

Art 9. De zorg voor de belangen, zoo van het Christendom in het algemeen, als van de Hervormde kerk in het bijzonder, de handhaving harer leer, de vermeerdering van Godsdienstige kennis, de bevordering van Christelijke zeden, de bewaring van orde en eendragt, en de aankweeking van liefde voor Koning en Vaderland, moeten steeds het hoofddoel zijn van allen, die in onderscheidene betrekkingen met het Kerkelijk bestuur belast zijn.

Art 10. Alle Kerkbesturen gedragen zich wijders overeenkomstig de voorschriften van dit reglement, en de algemeene of bijzondere verordeningen, welke vervolgens zullen worden vastgesteld; alle

daarmede niet overeenkomstige wetten en inrigtingen worden, bij het successivelijk in werking brengen dier verordeningen, gehouden voor vervallen.

Art 11. Alle stemming tot het formeren van nominatiën ter vervulling van posten van Kerkelijk Bestuur, of tot het verkiezen van leden in hetzelve, geschiedt steeds bij beslotene biljetten.

Art 12. Geene Kerkelijke vergadering vermag te corresponderen met buitenlandsche kerken, zonder voorafgaande toestemming van Zijne Majesteit den Koning.

Art 13. Alle de Hervormde kerken in het Koningrijk zoo wel Waalsche, Presbyteriaansche Engelsche en Schotsche, als Nederduitsch, behooren tot hetzelfde geheel en zijn onder hetzelfde gemeenschappelijk bestuur geplaatst.

Art 14. Dezelve kerken zullen echter, naar hare bijzondere behoeften en omstandigheden, hare afzonderlijke huishoudelijke inrigtingen kunnen hebben, mogende nogtans deze inrigtingen niets behelzen, strijdig met die eenheid in beginselen en gelijkvormigheid in hoofdzaken, welke de onderscheidene kerken, als deelen van hetzelfde geheel, behooren te kenschetsen. Ten aanzien der kerken in de zuidelijke Provincien, en in Nederlandsch Oost- en West-Indiën, zullen nadere bepalingen gemaakt worden.

Art 15. Geene veranderingen kunnen in dit Reglement gemaakt worden, dan door de Algemeene Synode der Nederlandsche Hervormde kerk, welke echter voor en aleer te dier zake een besluit te nemen, daarop de consideratien zal inwinnen der Provinciale Kerkbesturen; en zal zoodanig besluit, alvorens te worden uitgevoerd, aan Zijne Majesteit den Koning, ter bekrachtiging worden aangeboden.

TWEEDE AFDEELING

Van het Synode

Art 16. Het hoogste Kerkelijk Bestuur is opgedragen aan het Synode.

Art 17. Elk der na te meldene Provinciale Kerkbesturen benoemt jaarlijks in deszelfs vergadering van Mei, een lid uit deszelfs midden tot het bijwonen der Synodale Vergadering, benevens een secundus of plaatsvervanger, die echter niet optreedt, dan in geval het benoemd lid door onvoorziene verhindering belet wordt zich naar het Synode te begeven. De Secretarissen der Prov Kerkbesturen zijn, even als de andere leden, verkiesbaar tot leden van het Synode. Op gelijke wijze wordt door de Commissie tot de zaken der Waalsche Kerken, een Predikant naar het Synode gecommitteerd.

Bovendien heeft in het Synode zitting, en is lid van hetzelve een Ouderling of Oud-Ouderling, volgens de orde der provinciën in art 50 voorkomende, door de Provinciale Kerkbesturen bij beurtwisseling te benoemen. Eindelijk wordt door elk der Hervormde Godgeleerde faculteiten op de drie hooge scholen, te Leyden, Utrecht en Groningen een Hoogleeraar benoemd, om het Synode bij te wonen; deze Hoogleeraren, zullen eene preädviserende, doch geene concluderende stem hebben.

Alle de leden der eerste Synodale vergadering worden door den Koning benoemd. Uit de Predikanten, leden van het Synode, wordt door den Koning een President en een Vice-president benoemd, welke slechts gedurende de zitting fungeren.

Art 18. Het Hoofd van het Ministeriëel Department voor de zaken van den Hervormden en andere eeredienslen, behalve dien der Roomsch Katholijken, zal, indien hij den Hervormden Godsdienst belijdt, en, geadsisteerd, zoo hij dit verkiest, door zijnen Secretaris, de Synodale vergaderingen bijwonen, behoudens nogtans de faculteit des Konings om, bij ontstentenis van dien, dezelve vergaderingen door één of meer Commissarissen politiek, van den Hervormden Godsdienst, daartoe door Hoogstdenzelven te benoemen, te doen bijwonen.

Art 19. Het Synode heeft eenen vasten Secretaris en eenen Secundus voor denzelven, beide door den Koning benoemd uit de Predikanten van 's- Gravenhage.
Hij heeft rang en stem als lid. Bij vacature wordt de benoeming gedaan uit een drietal, door het Synode geformeerd. Het Synode heeft eenen vasten quaestor, uit de Ouderlingen of Oud-ouderlingen van Amsterdam, met gelijken rang en stem, en op dezelfde wijze, als de Secretaris, benoemd.

Art 20. De gewone Synodale vergadering wordt eenmaal 's jaars in 's- Gravenhage gehouden op den eersten Woensdag in de maand Julij. Deze tijdsbepaling kan niet worden veranderd of eene buitengewone vergadering van het Synode beschreven dan met goedvinden van Zijne Majesteit.

Art 21. Het Synode is belast met de zorg voor de algemeene belangen der Hervormde Kerken, en in het bijzonder voor alles, wat den openbaren Godsdienst en de kerkelijke instellingen betreft. Hetzelve staat in een onmiddellijk verband met het bovengemeld Ministeriëel Departement.

Art 22. Het Synode beslist in laatste ressort de geschillen, welke in of tusschen de Provinciale Kerkbesturen mogten ontstaan, en doet uitspraak in cas van appél over zaken, welke ter eerster instantie bij die collegiën gediend hebben.

Art 23. Het Synode ontwerpt algemeene kerkelijke reglementen en verordeningen, en draagt dezelve voor aan het meergemeld Ministeriëel Departement, ten einde daarop de goedkeuring des Konings te erlangen.

Art 24. Het Synode maakt in het bijzonder bepalingen omtrent de wijze van admissie en de examina van hen, die tot leeren bestemd zijn, ten einde van derzelver kunde en geschiktheid volkomen te doen blijken. Bij deze verordeningen zal acht moeten geslagen worden op hetgene in de vijfde Afdeeling ten aanzien van de Waalsche, Presbyteriaansche Engelsche en Schotsche kerken bepaald wordt.

Art 25. Het Synode zorgt voor doelmatige schikkingen, en maakt regelen ter bevordering, regeling en verbetering van het Godsdienstig onderwijs.

Art 26. Het Synode ontwerp een reglement op de Kerkvisitatiën.

Art 27. Het zal een der eerste werkzaamheden van het Synode zijn, een ontwerp van reglement op de manier van kerkelijke zaken te behandelen voor en bij de Kerkenraden, Classikale Moderatoren, Provinciale Kerkbesturen en het Synode, en over het Kerkelijk opzigt en tucht, te vervaardigen; daarbij in acht nemende, om door naauwkeurige bepalingen en voorschriften alle aanleiding tot willekeur en onzekerheid, zoo veel mogelijk, te vermijden.

Art 28. Er zullen bij het Synode zoodanige algemeene bepalingen ontworpen worden omtrent de inrigting der Predikantsberoepingen, als kunnen dienen ten grondslag der bijzondere reglementen, welke in de onderscheidene provinciale ressorten, naar dezelver omstandigheden, kunnen worden vastgesteld.

Art 29. Insgelijks zullen verordeningen worden gemaakt, ten einde de Plaatselijke Kerkenraden, op de voor de zaak van den Godsdienst en de belangen van de gemeenten meest voordeelige wijze in te rigten.

Art 3O. Voor de classikale uitgaven en onderhoud zal uit 's Rijks kas eene somma van veertien duizend guldens jaarlijks worden toegestaan, om door het meergemeld Ministeriëel Departement onder de classen verdeeld te worden.

Er zullen doelmatige en algemeen werkende, schikkingen gemaakt worden tot bepaling der uitgaven voor het classikaal bestuur; de meest eenvoudige en zekerst werkende middelen zullen worden bij de hand genomen, om in het te kort te voorzien, op eene voor de gemeenten en andere belanghebbenden min drukkende en zoo veel mogelijk gelijk werkende wijze.

Ten einde de spoedige vaststelling der in de voorgaande artikelen omschreven verordeningen te verzekeren, zullen van de reglementen op de examina, het godsdienstig onderwijs, de manier van behandeling der kerkelijke zaken, het kerkelijk opzigt en tucht, de Predikantsberoepingen en de kosten daarop vallende, het Kerkelijk Bestuur in de gemeenten, en de classikale kosten voor de bijeenkomst der eerste synodale vergadering, ontwerpen vervaardigd, en aan de tot het Synode benoemde leden

zoo tijdig mogelijk medegedeeld worden, ten einde daarop vóór het einde hunner zitting te kunnen besluiten.

Alle de bovengenoemde reglementen, zullen, nadat dezelve door het Synode zijn bepaald, aan 's Konings goedkeuring onderworpen worden.

DERDE AFDEELING

Van het Provinciaal Kerkbestuur

Art 31. De leden van het Provinciaal Kerkbestuur worden uit de onderscheidene classikale ressorten benoemd, en wel voor elke classis één Predikant, en voor eene der classen bij jaarlijksche beurtwisseling één Ouderling of Oud-Ouderling.

Art 32. Gemelde leden door den Koning benoemd, de eerste reize onmiddellijk, en vervolgens uit een zestal geformeerd door de moderatoren van het classikaal-ressort, hetwelk de vacature betreft en tot een drietal verminderd door het Provinciaal Kerkbestuur.

Art 33. Elk jaar treedt af een derde, of, zoo na mogelijk een derde der Predikanten, leden der Provinciale Kerkbesturen, volgens een daartoe te maken rooster.

De aftredende blijven steeds verkiesbaar. De eerste aftreding zal plaats hebben met den 1 Januarij 1818.

Art 34. Voor elk lid wordt op dezelfde wijze een Secundus of plaatsvervanger benoemd, die niet fungeert, dan bij afwezendheid van den Primus; bij het aftreden van een lid, moet ook een ander Secundus worden aangesteld.

Art 35. Wanneer door overlijden of vertrek van een lid uit het ressort der classis, waarvoor hij zitting heeft, tusschen tijds eene vacature ontstaat, zal deszelfs Secundus dadelijk optreden en fungeren tot den tijd dat hij, wiens plaats vervuld wordt, zoude zijn afgetreden. Bij overlijden, vertrek of optreding van eenen Secundus, wordt op de wijze bij art 32 omschreven, een ander in deszelfs plaats benoemd.

Art 36. Tot goedmaking der kosten van het Synode en de Provinciale Kerkbesturen, wordt van 's Lands wege eene somme betaald, welke bij de jaarlijksche begrooting door Zijne Majesteit vastgesteld, en bij het voorgemeld Ministeriëel Departement, verdeeld en geregeld wordt.

Art 37. Ieder Provinciaal Kerkbestuur heeft eenen President uit de Predikanten, leden van hetzelve, door den Koning benoemd.

Hij fungeert een jaar, en blijft steeds weder verkiesbaar. De President wordt ingeval van afwezendheid door den oudsten der leden vervangen.

Art 38. Op gelijke wijze, de eerstemaal onmiddelijk, en vervolgens uit een drietal door het Provinciaal Kerkbestuur geformeerd, benoemt de Koning eenen Secretaris voor elk Provinciaal Kerkbestuur, buiten de gewone leden, bij voorkeur uit de Predikanten der stad of uit de nabuurschap derzelve, alwaar de vaste vergaderingen van het Provinciaal Kerkbestuur gehouden worden. Hij fungeert drie jaren, en blijft steeds weder verkiesbaar. De Secretaris heeft rang en stem als de leden, en wordt bij afwezendheid door het jongste lid vervangen.

Art 39. De gewone vergaderingen worden gehouden driemaal 's jaars, op de eerste Woensdagen der maanden Mei, Augustus en October. De President kan daarenboven buitengewone bijeenkomsten beschrijven.

Art 40. De vergaderplaatsen der Provinciale Kerkbesturen zijn Arnhem voor Gelderland, 's-Gravenhage voor Zuid-Holland, Amsterdam voor Noord-Holland, Middelburg voor Zeeland, Utrecht voor de provincie Utrecht, Leeuwarden voor Vriesland, Zwolle voor Overijssel, Groningen voor de provincie Groningen, 's Hertogenbosch voor Noord-Braband, en Assen voor Drenthe.

Art 41. De Provinciale Kerkbesturen zijn belast met de zorg voor de belangen van den Godsdienst, de bewaring der goede orde, en de handhaving der Kerkelijke wetten, in hun ressort; zij corresponderen deswegens zoo met de bevoegde magten, als met de classikale Moderatoren, en in zaken de ringen betreffende, met derzelver praetor.

Art 42. Zij kunnen reglementen ontwerpen op het Kerkbestuur in hun ressort, ge-grond op de algemeene verordeningen. Deze ontwerpen worden voor de eerste reize ingezonden aan het hier voren gemelde Ministeriëel Departement, ten einde aan den Koning ter sanctie te worden aangeboden. Dezelve reglementen eenmaal gearresteerd zijnde, zullen niet kunnen worden veranderd, dan door een besluit van het Synode, genomen op voorstel van het Provinciaal Kerkbestuur, hetwelk zulks betreft, en zullen die veranderingen insgelijks aan de approbatie van Zijne Majesteit onderworpen zijn.

Art 43. Zij beslissen alle verschillen, welke in classikale besturen en vergaderingen, of tusschen dezelve mogten ontstaan.

Art 44. In cas van appèl doen zij uitspraak in kerkelijke geschillen, welke ter eerster instantie bij de classikale Moderatoren zijn behandeld.

Art 45. Zij verleenen de admissie tot den predikdienst overeenkomstig de bepalingen, welke deswegens in het vervolg zullen worden gemaakt.

Art 46. Zij zijn bevoegd de Predikanten, Candidaten en Kerkenraadsleden, om ge-gronde redenen, en na voorafgaand wettelijk onderzoek, volgens de bepalingen van het reglement op de manier van Kerkelijke zaken, te behandelen, en over het Kerkelijk opzigt en tucht, af te zetten. De afgezette personen behouden regt van appél aan het Synode.

In sy bekende *Discours de la méthode* van 1637 verwerp hy alle kennis wat deduktief opgebou is uit vaste, as gesaghebbend aanvaarde waardes of gegewens. Descartes soek na kennis wat met die aanwending van die wiskundige metode absolute sekerheid sou gee oor die samehang van feitlike, empiries- vastelbare gegewens[1]. Descartes word so die man wat die redelike denke van die mens (*ratio*) as die leidende beginsel in die soektog na waarheid stel teenoor die gesag van die geopenbaarde of as gesaghebbend aanvaarde bronne van die waarheid (*auctoritas*)[2]. So loods Descartes 'n nuwe skeptisisme wat deur sy opvolgers oorgeneem en steeds verder uitgebrei word en wat meeste van die oorgelewerde waardes en opvattings, op alle lewensterreine, bevraagteken én aanval[3].

Die groot vordering wat op natuurwetenskaplike vlak gemaak word deur geniale navorsers soos Isaac Newton 1643-1727, Christiaan Huygens 1625-1695 en andere tesame met die nuwe wêrelde wat deur voortgaande ontdekkingsreise oopgemaak word het die aandag al meer en meer op die mens self en die wêreld waarin hy leef, gekonsentreer. So gesien het die beweging van die Verligting die begin van die sekularisasie van die Westerse leef- en dinkwêreld ingelui. Soos Cragg dit stel[4]:

> 'New forces were transforming the intellectual outlook of western man. Not all were specifically religious in character, but most of them directly or indirectly modified religious beliefs.'

Die Verligting as beweging wil aan die mens van die tweede helfte van die 17e en die 18e eeu 'n nuwe toekoms bied. Die mens moet losgemaak word van sy noue verbondenheid aan die kerk én sy gehoorsaamheid aan die Woord van God, die mens moet 'mondig' word. Die ideaal is dat die verligte mens sy natuurlike, ingebore vermoëns ten volle moet ontplooi, dat hy sy medemens, sy wêreld en sy tyd

beheersend tegemoet moet tree. Die fakulteit of vermoë van die mens wat hom daartoe in staat stel, is sy rede, sy vermoë om redelik te dink. So word die menslike rede die beheersende én bepalende faktor van die Verligting.

Immanuel Kant 1724-1804 het in sy publikasie *Was ist Aufklärung*? van 1784 dit so gestel:

> 'Aufklärung ist der Ausgang des Menschen aus seiner selbstverschuldeten Unmündigkeit; Unmündigkeit ist das Unvermogen sich seine Verstandes ohne Leitung eines Anderen zu bedienen. Sapere audere! Habe Muth dich deines eigenen Verstandes zu bedienen! ist der Wahlspruch der Aufklärung.'

In verskillende toonaarde en met variasie van klem is die primaat van die mens en sy redelike, denkende vermoë deur 'n reeks van filosowe gestel[5]. Hoewel die Verligting nie van die begin af anti-godsdienstig is nie, stel dit dat die rede ook vir die godsdiens bepalend is. Deur middel van die rede moet die grondslae van die godsdiens vasgestel word. Die verligte mens moet bevry word van 'n sogenaamde 'dogmatiese Christendom' wat gebonde is aan leerstukke wat die kerk uit die Heilige Skrif afgelees en geformuleer het. Die gesag van die kerk en van die Bybel is bevraagteken en daar is gestel dat die redelike mens, wie se verstand deur die rede verlig is, alleen die algemeen-godsdienstige en moreel-sedelike beginsels wat in die natuurlike godsdiens in die algemeen voorkom, kan aanvaar. Om die mens van 'n ouderwetse, dogmatiese Christendom te 'bevry' moet die mens sy redelike dinkvermoë gebruik en in die godsdiens alleen dit aanvaar wat die toets van die rede kan deurstaan. Die redelike denke van die mens is in staat om die waarheid na te vors, vas te stel en dit ook rasioneel te toets. Die redelike denke van die mens is die enigste toets van die waarheid en die Waarheid van die Bybel is nie vanweë die gesag van die Godsopenbaring waar nie, maar alléén waar indien dit die toets van die rede kan deurstaan.

Vanuit hierdie standpunt is die Christendom bevraagteken en ook aangeval. So het die Verligting gestel dat die natuurlike religie voorrang moet hê bo 'n diens van God wat op die selfopenbaring van God gegrond is. In die natuurlike religie van die Verligting was daar géén plek vir begrippe soos sonde, die sondeval van die mens, die erfsonde, die wonder, die verlossing van die sondaar-mens deur die geloof in Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer nie. Daarom is die Bybel, die oorkonde van God se openbaring, bevraagteken en gestel dat alle Bybelse gegewens wat met die menslike rede bots, nie as waar aanvaar kan word nie.

Die bron vir die moraal en die etiek was nou nie meer die Bybel of meer spesifiek die gebooie van God nie. Die selfstandige, mondige mens moes met sy

redelike denke sélf uitmaak wat goed of kwaad, reg en verkeerd is. Omdat aanvaar is dat die mens nie sondig is nie en die vermoë het om tussen goed en kwaad te kies, het die Verligting die hele gedagte van die verlossing van die mens uit die sonde deur Jesus Christus verwerp. Die gevolg was dat die natuurlike religie van die Verligting nie veel meer as 'n soort moraalleer was nie. Die natuurlike religie van die Verligting het uiteindelik net drie waardes gestel naamlik daar is 'n God, die mens moet 'n deugsame lewe lei want as onsterflike wese sal in die hiernamaals oor sy dade geoordeel en die deug beloon word. God - deug- onsterflikheid word só die drie groot waardes van die natuurlike religie van die Verligting[6].

Die toetssteen van alles op godsdienstige gebied is nou die rede van die mens. Alles wat nié redelik bewysbaar was nie, is deur die Verligting verwerp. Maar dit is ook op al die ander lewensterreine toegepas. Ten opsigte van die staatkunde én die reg word die gesag van die owerheid nié meer gesien as 'n gesag wat God verleen nie, soos art 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dit stel nie, maar word die bron en basis van die gesag in die absoluut-soewereine staat of in die soewereine volkswil gesoek. Hier word nou gebruik gemaak van begrippe soos die natuurlike reg, natuurreg en die natuurlike, ingebore regte van die mens. Hierdie herwaardering van die struktuur van die gemeenskap en die staat en die verwerping van die teokrasie het belangrike verskuiwings tot gevolg gehad. Die mees opsienbarende was sekerlik die Franse Rewolusie van 1789. Die beginsels van die rewolusie word dan dwarsoor Europa uitgedra en afgedwing deur Napoleon en so word die strukture en denke van Wes-Europa grondig gewysig.

Schlaich stel dit so[7]:

> 'Die neuen geistigen Strömungen sind Ausfluss der grossen krise des europäischen Geistes und Bewusstseins: Die Rationalisten und die Religionären kämpfen um die Seele der Menschen; die Idee der Unterworfenheit unter die Pflichten gegen Gott und Fürst wird durch das Recht des persönlichen Gewissens, das Recht auf Kritik, das Recht der Vernunft, die Menschen - und Bürgerrechte abgelöst.'

Die ortodoksie was nie in staat om hierdie nuwe denke te stuit nie en het geleidelik 'n minderheidsmening geword ook omdat die ortodoksie self geleidelik besig was om oor te gaan na die opvattings van die Nadere Reformasie en die piëtisme wat daaruit voortgevloei het. Die Nadere Reformasie èn die piëtisme wat die klem gelê het op die mens se ervaring van die heil en die navolging van Christus, was 'n introverte stroming wat nie in staat was om die voortgang van die rasionalisme in die godsdiens te stuit nie. So word die rasionalistiese supranaturalisme, die kompromis tussen geloof en verstand, tussen openbaring en rede,

die algemeen aanvaarde teologiese rigting van die laat 17e en 18e eeu. Dit was die poging om 'n godsdiens vir die redelike, denkende mens te formuleer en het uitgemunt in sy vermoë om oral 'n kompromis te vind. So verflou die kerklike bewussyn want daar was nie meer 'n duidelike geloofskrag en sterk godsdienstige lewe in die kerk nie. Soos Fiolet dit stel[8]: 'Doch halfheid en onbepaaldheid beheersten den Kerk. Voor alles was er behoefte aan rust en verdraagzaamheid. Dit was het enige, wat men van de nieuwe orde verwachtte: een technisch-administratief apparaat, dat de orde kon handhaven en de traktementen uitbetaalde. Dat de Kerk, en de Kerk alleen, hier een taak had, drong nauwelijks door.'

So gebeur die merkwaardige dat in 1816 die kerk 'n betuursstruktuur ontvang wat van die kant van die owerheid aan die kerk opgelê word sonder dat die kerk self óf daarteen protesteer óf die krag het om 'n alternatief te formuleer.

2. DIE VERSKUIWING IN DIE OPVATTINGS OOR DIE STRUKTUUR VAN DIE GEMEENSKAP EN DIE KERK SE PLEK DAARIN

Wanneer die *Algemeen Reglement* van 1816 bestudeer word en die plek van die kerk in die gemeenskap nagegaan word, word dit duidelik dat daar 'n enorme verskuiwing was van die opvattings wat geheers het aan die begin van die 17e eeu na dié wat gegeld het aan die begin van die 19e eeu. Juis omdat die aksentverskuiwing ook belangrik is vir die verstaan van die *Algemeen Reglement* en die plek van die kerk in 'n demokratiese sisteem, moet 'n oomblik hierby stilgestaan word.

2.1 Opmerkings oor die teokratiese gemeenskap

Die calvinisties-teokratiese visie op die struktuur van die gemeenskap word veral in die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 36 uiteengesit. Daaruit blyk dat die corpus christianum-denke van die Middeleeue bly deurwerk hoewel die gemeenskap- of volksbestel eerder as 'n gemenebes of 'n *respublica christiana* aangedui word wat deur 'n hervormde owerheid regeer word. Dit word in Nederland 'n werklikheid met die proklamasie van die gereformeerde kerkstaat in 1651[9]. Van daardie oomblik af het die Verenigde Provinsies die karakter van 'n calvinistiese statebond gedra.

Die uitgangspunt van hierdie denke is dat die hele volk, kragtens die doop, ingesluit is in die verbond met God. Nou is dit die plig van die owerhede van hierdie verbondsvolk om die eer van God te handhaaf in die openbare lewe en om te verhoed dat die ware diens van God op enige manier belemmer sal word. Dit is die

taak van die owerheid, so sien Calvyn dit, om in die openbare lewe, die twee tafels van die Wet te handhaaf[10], want die owerheid, so stel die Nederlandse Geloofsbelydenis art 36 dit, het die taak 'sodat God deur elkeen geëer en gedien word' want so sal die koninkryk van God bevorder word.

Groen van Prinsterer het in hierdie verband die drie prinsipiële grondlyne van die teokratiese bestel as volg aangedui[11]'

> 'Ten eerste, de onderwerping van de staat aan de belijdenis van het Evangelie;
> ten tweede, het ontzag der overheid als overheid voor het Woord van God;
> ten derde, de erkenning door het volk als geheel van het oppergezag van Jezus Christus, aan wie alle macht toekomt, in hemel en op aarde.'

Daarby het hy aangedui dat die kerk, as 'n selfstandige liggaam, in so 'n Christelike gemenebes, die siel van die liggaam is. Deur die verkondiging van die Woord, wat oral in die gemenebes deurwerk, ontstaan die gekerstende kultuur wat uiteraard nasionaal gebonde is. So is daar 'n organiese eenheid, naamlik volk, kerk en owerheid omdat aldrie op die Woord van God gefundeer is en deur die geloof in God gedra word. In dié situasie is die kerk altyd volkskerk, kerk van die gedoopte verbondsvolk. So word kerk en gemenebes in 'n twee-eenheid saamgevat en funksioneer die owerheid, as dienskneg van God, om die reg en orde van God in die gemenebes te handhaaf en te bevorder. Die taak van die kerk is om owerheid en volk met die Woord te bedien sodat almal in gehoorsaamheid aan God gehou kan word[12].

In hierdie bedeling word die normale verbondenhede waarin die mens leef, ten volle verdiskonteer want die mens leef nie anders as in 'n gesin, in 'n familie en in 'n volk nie. As gedoopte groei die mens op in die gesin wat sowel die huisgemeente van die kerk as die bousteen van die volk is. So in die gesin leef die mens in sy familie, gemeenskap, taal-, kultuur- en volksverband en leer so sy pligte en verantwoordelikhede ken. Só groei organies ook uit die huisgemeentes die volkskerk wat kerk van Jesus Christus in die volk en ter wille van die volk is.

2.2 Opmerkings oor die demokratiese gemeenskap

Die teokratiese siening is in die 17e en 18e eeu, met die opkoms van die rasionalistiese, sekulêre dinkmetode ook bevraagteken en verwerp. Die nuwe siening wat verwoord is deur denkers soos Hugo Grotius 1583-1645 in Nederland, Thomas Hobbes 1588-1679 en John Locke 1632-1704 in Engeland, Samuel Pufendorf 1632-1694 in Duitsland en Voltaire 1694-1778, Diderot 1713-1784 en

Jean Rousseau 1712-1778 in Frankryk, het die grondslae gelê vir die gesekulariseerde, demokratiese siening van die mens en sy gemeenskap wat die vroeëre teokratiese siening heeltemal oorwoeker het.

Die meerderheid van hierdie denkers begin om die idee van 'n enkeling-mens te poneer. Dié enkeling-mens het dan van nature, net omdat hy mens is, bepaalde natuurlike regte en vryhede. Dit was veral Grotius wat baie sterk daarop gestaan het dat dié natuurlike reg afgelei moet word uit die regsbeginsels wat gemeenskaplik deur alle mense en volke aanvaar word[13].

Dit is hierdie soort denke wat aanleiding gee tot die formulering van die Amerikaanse *Declaration of Rights* 1776 en die Franse *Déclaration des droit de l'homme et du citoyen* van 1789. Daarvolgens het die enkeling-mens gelyke regte en vryhede wat uit die mens self voortkom en dus nie iets is wat God gee nie. John Locke in sy *Second Treatise: On civil government*, par 93 en ook 102 stel dat die mens 'being equal and independent, no one ought to harm another in his life, health, liberty or possessions.'

Die vrye, gelyke individue vorm dan, so word dit gesien, 'n gemeenskap deur middel van 'n sosiale kontrak waardeur ook die basis geskep word vir 'n oorhoofse regering. So word volgens Locke éérs 'n gemeenskap gevorm en daarna word 'n regering vir die gemeenskap aangewys[14].

Die staatsgemeenskap word gevorm om die enkeling-mens en sy regte te beskerm. Dié is persoonlike regte soos die reg op vryheid, gelykheid en besittings. Die staatsgemeenskap het dan die plig om die individuele mens en sy verhouding tot sy medemens en die gemeenskap te beskerm en in stand te hou[15]. Die staatsgemeenskap het dan 'n tweede funksie en dit is om 'n wetgewende liggaam te skep wat vir die hoogste goed van almal (*salus populi*) sal sorg en die gemeenskap in stand sal hou. Hierdie wetgewende gesag mag egter nie die basiese regte van die mens vernietig nie.

So trek Locke bepaalde riglyne vir die skep van 'n konstitusionele demokrasie en op sy gedagtes het Montesquieu, Rousseau en Kant verder voortgebou. In dié proses word die staat as gemeenskap neutraal op die godsdienstige vlak want dit is die reg van die enkeling-mens om self, op sy eie manier, sy heil uit te werk.

Dit beteken dat die kerk nie meer 'n selfstandige, eiesoortige liggaam kan wees nie. Dit word nou gereduseer na 'n vrywillige vereniging, naas ander vrywillige verenigings soos debat-, musiek-, sport- of kultuurverenigings. In die kerklike vrywillige vereniging wat opgerig word met die toestemming van sy lede, kan daar dan huishoudelike reëls wees.

Vir Locke en die ander filosowe is dit belangrik om te stel dat die staat geen seggenskap in of oor die vrywillige vereniging, kerk, het nie want dit sou bots met

die natuurlike reg van die enkeling om self te sorg vir sy eie geestelike heil. Daarom kan daar ook meerdere vrywillige verenigings langs mekaar in die gemeenskap bestaan want die redelike denke van die mens kan nie onfeilbaar die waarheid op godsdienstige gebied vasstel nie. Daarom is dit maar die beste om hier verdraagsaam te wees.

Met die skepping van die godsdienstig-neutrale staat in die 18e en 19e eeu èn die stelling dat die hoogste goed vir almal (*salus publica*) die doel van die gemeenskap en sy owerheid is, en met die verwerping van alle godsdienstige verbondenhede en verpligtings het die enkeling-mens al sy vertikale en horisontale verbintenisse afgesny. Die verligte mens van die 18e en 19e eeu ken geen God meer nie en het ook nie 'n naaste nie. So word die individu 'n eensame met net die moontlikheid om in die kollektiewe en anonieme van die massa te vlug met sy eensaamheid. Daar word die eensaamheid nie opgehef nie maar met kunsmatige middele onderdruk.

Die nuwe massamens is die enkeling, sonder 'n verlede, sonder bindinge en sonder verantwoordelikhede. So skep die Verligtheid 'n nuwe wêreld waar die mens in die middelpunt staan en waar die mens moet aanpas aan die wêreld en sy eise. So word die redelike mens 'n massa-mens wat nie verder kan kyk as die stoflike van hierdie wêreld nie en wie se denke, sy gedrag en sy lewe bepaal word deur die massa.

Met die invoer van die *Algemeen Reglement* van 1816 ontstaan die situasie dat die owerheid aan die kerk, wat nou as vrywillige vereniging beskou word, **'n genootskap** dus, 'n konstitusie gee of 'n grondwet. Die groot doel van dié konstitusie was om vir almal in die kerk 'n staanplek en 'n leefruimte te gee. Dit het noodwendigerwys beteken dat **die leer van die kerk**, geskrap moes word as 'n middel om te bepaal of iemand lid van die vrywillige vereniging, die kerk, kan wees of nie. Daarom lê al die klem in die *Algemeen Reglement* op die bestuursfunksie van die bestuursliggame in en van die kerk. Juis deur dit te doen word die organiese verbintenis wat daar in die kerk moet wees tussen Skrif, belydenis en geloof aan die een kant en die organisatoriese struktuur aan die ander kant, volkome afgesny. So word die kerk juis deur sy organisasie, uitgelewer aan die sekularisasie.

3. DIE KERKBEGRIP VAN DIE ALGEMEEN REGLEMENT

Die kerk word in art 1 aangedui as *het Hervormd Kerkgenootschap*, met ander woorde 'n vrywillige vereniging in 'n demokratiese bestel. Die feit dat die genootskap 'n vrywillige verenigig is, word in art 2 beklemtoon as gestel word dat die lidmate deel van die genootskap bly 'zoo lang zij niet vrijwillig en duidelik ver-

klaard hebben, zich daarvan af te scheiden of om wettige redenen daarvan afgescheiden zijn'. Dit is ook tipies van die 19e eeuse denke dat 'n lidmaat, uit eie vrye wil die kerk kan verlaat want die gewete van die lidmaat mag nêrens, ook nie deur die kerk, aan bande gelê of geknel word nie.

Die 19e eeuse klimaat kom ook na vore as art 1 stel dat die lidmate van die genootskap diegene is wat 'op belijdenis des geloofs, tot ledematen zijn aangenomen'. Die lidmaat èn sy geloof gaan dus vóóraf aan die kerk en nie andersom nie. So word dit duidelik dat die kerk 'n suiwer menslike vereniging is want die lidmaat bepaal of hy deel is of wil wees van die kerkgenootskap.

Iets van die ou volkskerklike denke bly nog oor as, in die tweede plek, ook as lidmate aanvaar word 'dezulken die in de Hervormde kerken gedoopt zijn'. Merkwaardig is verder dat behalwe hier in art 1 en 2 daar feitlik géén aandag aan die lidmaat gegee word nie.

Soos dit verwag kan word, het die kerkgenootskap ook sy doelwitte geformuleer en is dit opvallend hoe die doelwitte vaag en nogal horisontaal is. So word die doelwitte in art 9 as volg gestel:

> 'De zorg voor de belangen, zoo van het Christendom in het algemeen, als van de Hervormde kerk in het bijzonder,
> de handhaving harer leer,
> de vermeerdering van godsdienstige kennis,
> de bevordering van christelijke zeden,
> de bewaring van orde en eendragt, en
> de aankweeking van liefde voor koning en vaderland, ...'

Dit is opvallend hóe vaag en onomlyn die verskillende doelwitte geformuleer word. Wat presies 'de belangen, zoo van het Christendom in het algemeen, als van de Hervormde kerk in het bijzonder' is, is feitlik onmoontlik om uit die *Algemeen Reglement* af te lei. As daar egter gelet word op die groot klem wat op die uitwendige en die organisatoriese gelê word, dan wil dit voorkom dat die 'belangen' ook maar op daardie vlak lê.

Wat die handhawing van die leer betref, het dit in die kerkgenootskap 'n dooie letter gebly want nêrens word dit onder die pligte van die besture genoem nie. Daarby moet in gedagte gehou word dat een van die heilige koeie van die 19e eeuse teologie, naamlik die gewetensvryheid en geloof wat nie deur 'n menslike of wêreldlike gesag beperk of bevraagteken mag word nie, by voorbaat die handhawing van die leer onmoontlik gemaak het.

Die vermeerdering van godsdienstige kennis wat as derde doelwit gestel word, is baie vaag. Dit is egter interessant om vas te stel dat in die *Reglement op het godsdienstig onderwijs* die sinode konsekwent geweier het om 'n bepaalde leerboek vir die kategese voor te skryf. Art 5 van daardie *Reglement* het bepaal:

> 'Tot handleiding by dit onderwijs, zal men zich alleen bedienen van leerboeken uit den schoot der Hervormde Kerk oorspronkelijk, of met hare goedkeuring voorzien.'

As in ag geneem word dat kategese, in die grond van die saak, geloofsonderrig is en dat die katkisant daardeur gebring moet word dat hy soos die kerk en saam met die kerk bely, dan word die neutraliteit van sowel die orde as die sinode 'n hoogs bedenklike saak.

Godsdienstige kennis, soos dit hier, sonder 'n nadere kwalifikasie staan kan feitlik enigiets beteken. As doelwit waarna 'n kerk wil strewe, is dit so vaag dat dit feitlik betekenisloos word.

Dieselfde kan oor die ander doelwitte gesê word. Dat die 'christelijke zeden' bevorder moet word sonder dat dit gekoppel word aan die dankbaarheid soos die Heidelbergse Kategismus dit uitlê, wys hoe die rasionalistiese supranaturalisme wat in 'n moraalleer uitmond, algemene aanvaarding geniet het.

Merkwaardig en tiperend vir die gees van die tyd is die feit dat die genootskapkerk doodgewoon as 'n menslike vereniging beskou word wat deur mense opgerig, onderhou en bestuur word. Hier is geen sprake daarvan dat die kerk homself verstaan as die gedoopte verbondsvolk van God wat deur God byeengebring word en deur Hom versorg word nie (art 27 vg NGB).

As so na artikel 1 en 2, waar die kerk homself as't ware bekendstel, gekyk word, is dit opvallend dat van die calvinistiese kerkbegrip feitlik niks oorgebly het nie. Dat Jesus Christus die hoof van sy kerk op aarde is, word nêrens genoem nie, dat die kerk gebou is op die Woord van God, die getuienis van die apostels en die profete, dat die kerk 'n omlynde belydenis het wat in sy belydenisskrifte opgeteken is, dat die kerk die gelowige volk van God op aarde is, daarvan word niks gesê nie.

Opvallend is ook dat die moontlikheid dat die genootskap-kerk 'n opdrag van God het wat hy moet nastreef deur Woordverkondiging, nie eers genoem word nie. Dit gaan bloot om 'n ordereël te kry om die godsdienstige gemeenskap wat die kerk is, in stand te hou en om voorsiening te maak dat die godsdienstige behoeftes van die lede van die vereniging bevredig word. Hier word dit baie mooi duidelik wat die resultaat daarvan is as die samehang Skrif-belydenis-kerkorde losgelaat word. Dan vervlak en versekulariseer alles.

Dat die kerk hier in die *Algemeen Reglement* na vore kom as 'n

gesekulariseerde vrywillige vereniging, het ook nie gehinder nie. HJ Rooyaards verklaar die situasie so[16]:

> 'Wij onderscheiden van deze ware kerk (soos omskrywe in die belydenis) ... de Kerkgenootschappen, of de vereeniging der Christen-belijders met eene maatschappelijke of genootschappelijke inrigting. Deze Kerk toch, niet ten onrechte de onzichtbare kerk geheeten, is niet zoo zeer bij uitsluiting in één of ander Kerkgenootschap te zoeken. Want op geen Kerkgenootschap zijn de bovenvermelde eigenschappen toe te passen; geen kerkgenootschap is van den beginne der wereld af aanwezig geweest; noch ook zal altijd blijven bestaan; noch is ook verstrooid over de geheele aarde. Doch uit deze ware kerk, vermengd met de naambelijders derzelven, vormen zich op aarde Kerkgenootschappen, die allen volgens hunne overtuiging wenschen te streven naar de kenmerken der ware kerk. Zoodanige Genootschappen zijn over de geheele aarde, waar het Christendom geplant is, verspreid, en tot dezelve behoort ook het Hervormde Kerkgenootschap in Nederland.'

Hier kry ons 'n tipies 19e eeuse onderskeiding tussen die sigbare en onsigbare kerk. Die sigbare kerk, ofwel die kerk in sy georganiseerde vorm, is nie werklik kerk nie en hoef ook nie kerk te wees nie want eintlik is dit net die onsigbare kerk, die geloofswerklikheid, wat kerk genoem kan word. Om die verskil tussen die kerk en 'n genootskap verder uit te spel, tabuleer Royaards die eienskappe van 'n kerkgenootskap. Dit is dan[17]:

- die kerklike genootskap is van menslike oorsprong en inrigting want Christus self het geen bepaalde kerkinrigting voorgeskryf nie;
- die genootskap moet gegrond wees op die suiwere leer van Christus en die apostels;
- die altyd geldende beginsel van die genootskap is vryheid van gewete en vryheid van ondersoek;
- die organisatoriese vorm is veranderlik na tyd en plek;
- die genootskap is vry en selfstandig onder toesig van die staat;
- die doel van die genootskap is die sedelik-godsdienstige ontwikkeling van die gemeentelede, dit is: 'de aanwijzing van den weg van zaligheid aan zondaren en derzelver godsdienstige leiding door dit leven naar een beter Vaderland.'

Afgesien van die suiwer moralistiese kenmerk van die genootskap, is dit duidelik dat die calvinistiese voorwaardes vir 'n kerklike orde naamlik dat daar 'n direkte samehang moet wees tussen Skrif-belydenis-kerklike orde, volkome verwaarloos en vergeet is. Die stelling van Royaards dat die genootskap op die suiwere

leer van Christus en die apostels gegrondves moet wees, word nogal bedenklik as die doel van die genootskap die sedelik- godsdienstige ontwikkeling van die gemeentelede moet wees. Hier word dit duidelik dat die hele gedagte dat die kerk die gestuurde van Christus in die wêreld is om sy evangelie te verkondig, óók verlore gegaan het onder die druk van die redelike denke. Hier word dit duidelik hoe gevaarlik 'n subjektiewe uitgangspunt in die teologie kan wees want dit lei tot niks meer nie as 'n antropologies-bepaalde moraalleer.

Miskien is dit ook nog van belang om te let op Royaards se lysie van oorspronklike en natuurlike regte van die kerk. Dit is nogal interessant dat Royaards in 'n tyd wanneer die regte van die individu so beklemtoon word, ook nog ruimte maak vir die regte van 'n groep of 'n vereniging van gelykgesindes. Hierdie regte is dan[18]:

- die reg om 'n geloofsbelydenis te hê en uit te spreek waardeur die geloof verklaar word;
- die reg om eredienste in ooreenstemming met die leer van die kerk, te reël;
- die reg om sy eie bestuur en bestuurswyse te reël;
- die reg om predikante te kies, te beroep en te bevestig;
- die reg om die geloofsbelydenis, erediens, kerklike inrigting en bestuur in ooreenstemming met die Bybel te wysig of te verander as dit nodig sou wees; en
- die reg om die kerklike dissipline en tug te handhaaf.

Hierdie regte is volgens Royaards onbetwisbaar en dit sou moontlik wees om uit hierdie regte af te lei dat die kerk tog meer is as 'n vrywillige vereniging en byna so iets soos 'n selfstandige korporasie in eie reg binne die gemeenskap is.

Uiteindelik is dit duidelik, as hierdie kerkbegrip gemeet word aan die kerkbegrip van die Nederlandse Geloofsbelydenis art 27-32 hoe ver hierdie formulerings afwyk van die reformatoriese kerkbegrip.

4. DIE BESTURE IN EN VAN DIE KERK

In die calvinistiese kerkordes was die uitgangspunt dat Jesus Christus self, as hoof van sy kerk, sy kerk regeer. Die Christusregering word sigbaar daar waar Christus direk, deur die werking van die Heilige Gees en indirek deur die ampte, wat in gehoorsaamheid aan sy Woord funksioneer, sy kerk regeer. Die ampsdraers wat deur Christus geroep word en van Hom hulle ampsopdrag ontvang, kom in vergaderings byeen om die kerk te regeer. Op die vergaderings is die vraag nie of

hulle hulle dienswerk gaan uitvoer nie maar slegs hoe dit ordelik, tot opbou van die gemeente kan geskied. Daarom berus die besluite van die vergaderings op 'n onderlinge afspraak wat op sy beurt Skriftuurlik gegrond is.

Die oorspronklike en normale vergadering van die ampte is die Kerkraadsvergadering met die meerdere vergaderings as breër vergaderings wat slegs dié sake hanteer wat die mindere vergaderings nie kan afhandel nie[19].

Van die reformatoriese struktuur het in die *Algemeen Reglement* van 1816 niks oorgebly nie. Die struktuur van die vrywillige vereniging is die bepalende en behalwe die name het daar van die reformatoriese ampsopvatting en kerkregeringsisteem niks oorgebly nie. Hierdie nuwe organisatoriese patroon beklemtoon dit baie sterk wanneer die gemeente en die kerkraad verplaas word na die basis van 'n piramidale, kerklike bestuurstruktuur wat deur Royaards as aristokratiesrepublikeins aangedui word[20]. Dié benaming is tog misleidend want as die saak sorgvuldig ondersoek word, is hier met die bestuursorganisasie 'n sentralisasie van menslike gesag ingebou wat tipies is van 'n demokratiese opvatting. Die verskil is egter dat die lidmaat in dié saak geen stemreg het nie en ook nie die moontlikheid het om die piramidale gesagstruktuur te verander of met eie inhoude te vul nie. So word 'n hiërargies-aristokratiese bestuursoligargie aan die kerk opgelê deur koning Willem I en die amptenare van die Ministerie van Eeredienst. Dié piramide van bestuursorgane het soos 'n swaar las op die kerk gelê omdat die taak van die besture slegs was om administratief te bestuur en om die rus in die kerk te waarborg maar nooit om te lei nie.

Die *Algemeen Reglement* toon in sy struktuur en in die rangskikking van sy artikels dat hier 'n kerkwet opgestel is op die lees van 'n konstitusie van 'n gewone vrywillige vereniging. Daarom die volgorde:

- 'n omskrywing van die genootskap;
- 'n omskrywing van wie die lede is;
- 'n omskrywing van die besture;
- 'n omskrywing van die doel waarvoor die genootskap bestaan.

Die reformatoriese orde naamlik Christusregering-amp-vergaderings kom hier nie eers ter sprake nie. Dit is ook opvallend hoe, op die kritiese punte, die kerklike besture as't ware vasgemaak word aan die 'Ministerieel Departement'. Dit was ook die bedoeling van die hele piramidale struktuur dat uiteindelik die gesag in die kerk uitgeoefen sal word deur 'n klein groepie leiersfigure wat onderhorig aan die koning of die amptenary is.

Interessant in hierdie struktuur is dat die gewone lidmaat absoluut niks te sê

het in hierdie struktuur nie. In 'n tyd waar die demokrasie hoogty vier en waar die regte van die mens as idee algemene aanvaarding kry, word dit hier in die *Algemeen Reglement* volkome negeer.

Inderdaad is Royaards reg as hy dié sisteem as aristokraties- republikeins aandui want van die koningskap van Christus in sy kerk is daar geen spoor van erkenning nie. Dit sou selfs moontlik wees om hierdie sisteem eerder as *outokraties-republikeins* aan te dui want die gewone, gelowige lidmaat kom nêrens na vore nie. Dit hang waarskynlik saam met die opvatting dat die redelike mens niks oor die geloof en die geloofsverbondenheid met God kan sê nie omdat hy dit nie redelik kan verklaar nie. Juis rondom die posisie van die gewone gelowige in die kerk, word die leegheid van die rasionalisme en sy 'teologie' duidelik. Hier is die mens alleen, alleen met sy sonde en tekortkominge en nou moet hy maar, met Jesus as voorbeeld en niks meer nie, probeer om deur deugdelik te lewe uiteindelik die guns van God te wen. Geen wonder dat die *Algemeen Reglement* 'n droë, koue, formalistiese dokument is nie.

4.1 Die Sinode

In die nuwe struktuur is die sinode as die liggaam met die hoogste wetgewende, uitvoerende en regterlike gesag die beginpunt van die kerklike ordestruktuur. Die sinode word gevorm deur één predikantslid wat deur elke provinsiale kerkbestuur benoem word, één ouderling wat om die beurt deur die provinsiale kerkbesture benoem word en dan sal een teologiese professor van elk van die Universiteite van Leiden, Utrecht en Groningen, as adviseurs sitting neem.

Die sinodelede, dit wil sê die elf predikante, één ouderling en die drie teologiese professore as adviseurs word deur die koning in eerste instansie benoem. Daarby het die koning, uit die predikante van Den Haag, 'n voltydse sekretaris benoem en uit die ouderlinge van Amsterdam 'n voltydse quaestor (= penningmeester) wat volle lede van die sinode is. Terselfdertyd sou elke sinodale vergadering, wat jaarliks gehou moes word, bygewoon word deur die hoof van die Ministerieel Departement voor de zaken van den Hervormden en indien gewens kon die koning ook nog een of meer kommissarisse-politiek op die sinode benoem.

In art 21 word die taak van die sinode omskrywe:

> 'Het synode is belast met de zorg voor de algemene belangen der Hervormde Kerken, en in het bijzonder voor alles, wat den openbaren Godsdienst en de kerkelijke instellingen betreft. Hetzelve (maw die sinode) staat in een onmiddellijk verband met het bovengemeld Ministerieel Departement.'

So is 'n gesagsliggaam in die kerk geskep deur die koning waarvan Royaards sê: 'van de Synode, als vertegenwoordigster der Hervormde Kerk van Nederland, daalt alle Kerkbestuur af'[24]. Die gesag van die sinode was die gesag van die koning en die staat en daarvandaan het dit versprei na die ander besture. Die beperkte getal lede van die sinode en die feit dat daar twee permanente lede was, het byna vanself-sprekend al gaande 'n oligargie gevorm wat al die kerklike mag in hulle hande ge-had het.

Omdat die sinode slegs een maal per jaar gesit het, is spoedig die behoefte aan 'n uitvoerende kommissie gevoel. So kom in 1827 die *Algemeen Synodale Commissie* tot stand. Dit was 'n vaste liggaam wat namens die sinode en die kerk kon optree. Dit was 'n liggaam met nege lede: die president, vise-president en sekretaris van die sinode bygestaan deur drie predikante en drie ouderlinge wat deur die koning, op voordrag van die sinode, aangestel is. So is 'n sluitende organisatoriese struktuur gebou.

Merkwaardig genoeg word nêrens rondom die sinode of die Algemeene Synodale Commissie 'n bepaling aangetref dat die sinode sy besluite moet neem op grond van die Skrif, die belydenisskrifte en die kerklike orde nie. Hier gaan dit slegs om bestuursliggame wat administratiewe sake moes afhandel en reglemente moes opstel om die kerklike lewe te reël en te orden volgens die insigte en vereistes van die bestuurskunde.

Tipies van die verenigingstruktuur is, ten slotte, die argument dat die sinode die Hervormde Kerk *verteenwoordig*. Dié standpunt toon duidelik hoe die oorspronklik calvinistiese opvattings oor die vergaderings en die amp versekulariseer is. Die bestuurslede van die kerk, verteenwoordig die kerk, so oordeel die verenigingsreg. Maar dit is 'n standpunt wat géén Bybelse grond het nie want nòg die amp, nòg vergaderings van die ampte is, volgens die calvinistiese kerkordelike denke, verteenwoordigend van *die kerk*, die liggaam van Christus, nie.

Dit is inderdaad so dat die benamings van die ampte en die vergaderings nog die ou, bekende name gedra het, maar die inhoude was versekulariseer en ontleen aan die opvattings wat geld vir 'n vrywillige vereniging in 'n demokratiese gemeenskap.

4.2 Die provinsiale kerkbestuur

In die plek van die provinsiale sinodes kom nou 'n kerkbestuur wat uit een ouderling en een predikant uit elke klassis bestaan het. Ook hier het die koning die benoemings gemaak en bepaal waar dié bestuur sy vaste vergaderplek sal hê.

Hierdie besture moet die belange van die kerk in elke provinsie behartig, die

belange van die godsdiens versorg, die goeie orde bewaar en die kerklike wette handhaaf. Met goedkeuring van die koning kan hierdie besture ook plaaslike wette maak.

Die groot taak van die provinsiale kerkbestuur is egter om toe te sien dat in elke provinsie die 'synodale resolutiën en reglementen' stiptelik nagekom word en dat al die laere besture hulle werk doen. Royaards verduidelik hier.

> 'Als beginsel bij alle deze werkzaamheden is aangenomen, dat alles in het Provinciaal Ressort van dezelven afdaalt, en door derzelver inter mediair geregeld wordt.'

'n Belangrike taak van hierdie besture was die toelating van teologiese studente tot die bediening en terselfdertyd het dié bestuur die tugbevoegdheid oor predikante en kerklike ampsdraers. In daardie sin het handhawing van die leer ook op hierdie bestuur neergekom maar vanweë die feit dat leervryheid in die kerk gegeld het, was daar nooit sprake van werklike handhawing van die leer nie. Opvallend is dat in hierdie rasionalistiese en moralistiese struktuur bepaal word:

> 'Predikanten en Candidaten, wegens zedelijk wangedrag, eenmaal afgezet zijnde, kunnen nooit weder als zoodanig aangenomen worden.'

Hier kom vir die eerste keer die figuur van die *etiese ketter* na vore. Vanweë die aanvaarding van leervryheid was daar nie meer so iets soos 'n leerstellige ketter moontlik nie. Dit is nogal 'n interessante kommentaar op die kwaliteit van die 19e eeuse Nederlandse teologie dat so iets soos 'n etiese ketter kàn bestaan.

4.3 Die klassikale bestuur

Ondergeskik aan die provinsiale besture, staan die klassikale besture. So word in 1816 43 klassikale besture ingestel. Die praeses van die klassis, wat lid van die provinsiale bestuur is word in die bestuurstaak bygestaan deur één ouderling en 'n aantal predikante (van 2 tot 4) afhangende van die grootte van die klassis, 'n assessor en 'n skriba.

Die Klassis wat as 'n skakel tussen die provinsiale bestuur en die kerkraad optree, het in hoofsaak 'n opsigtaak oor die gemeentes terwyl hulle ook oor die belange van die gemeentes moet waak.

Verder moet die klassikale bestuur jaarliks 'n byeenkoms belê van al die predikante in die klassikale ressort. Die vergadering funksioneer as 'n predikantevergadering èn as 'n kieskollege vir die klassikale bestuur.

4.4 Die Ringsvergadering

Die ringsvergadering funksioneer in hierdie organisasie nie as 'n bestuursvergadering nie. Dit bestaan uit al die ringspredikante onder leiding van 'n praetor en 'n skriba. Die hoofdoel van die ringsamekomste is sedelik-godsdienstig want, stel Royaards:

> 'Zij strekken ter onderlinge opscherping der Predikanten, en ter versterking van den band der broederlijke liefde. Daartoe verbinden zij de naburige Predikanten, en kunnen bij hen een gepast hulpmiddel zijn tot aankweeking niet alleen van die broederliefde, maar ook van ambtsijver, wetenschappelijke vorming en godsdienstigen zin ... Hierdoor kan deze instelling zeer weldadig werken.'

Verder moes die ringsvergadering toesien dat die werk in vakante gemeentes reëlmatig gedoen is en dan was daar nog 'n aantal administratiewe take.

4.5 Die Kerklike Bestuur in die Gemeente

Heeltemal onder aan hierdie piramidale struktuur staan die kerkraad wat met die bestuur van die gemeente belas is. Vir die kerkrade het daar in 1825 'n Algemeen *Reglement op de Kerkenraden* ontstaan en dit is hier en daar deur provinsiale reglemente aangevul.

Die kerkraad word, na die eise van die verenigingsreg, gesien as *die bestuur wat die gemeente verteenwoordig*. Hier gaan dit dus nié om die amp wat ter wille van die uitoefening van die ampswerk in vergadering byeenkom nie, maar gewoon om 'n administratiewe bestuursorgaan wat, op die laagste vlak, die lede van die vrywillige vereniging verteenwoordig. Daarom word ook bepaal dat die kerkraad gekies moet word uit 'de achtingswaardigste, kundigste en voornaamste leden der gemeente'. Die Skriftuurlike voorwaardes wat aan die voornemende ampsdraer gestel word, kom hier nie ter sprake nie. Hieruit kan al afgelei word hoe die sekularisasie in die kerklike struktuur ingevreet het.

Die kerkrade bestaan uit predikante en ouderlinge. Hier word die verhouding nou ook sorgvuldig gereël en wel so dat die maksimum getal ouderlinge in 'n gemeente slegs vier mag wees. Indien daar 'n tweede predikantstandplaas in die gemeente is, mag die getal ouderlinge vyf wees. Die reël is dat met meerdere predikantstandplase die getal ouderlinge nooit meer mag wees as dubbel die getal predikante nie. Die getal diakens mag normaalweg nie meer wees as dié van die ouderlinge nie.

Die *gewone* kerkraad bestaan uit die predikante en ouderlinge en die **breë** kerkraad uit die predikante, ouderlinge èn diakens. Die benoeming van die kerkraadslede geskied deur die kerkraad en die name word slegs aan die gemeente voorgelê sonder dat die gemeente self kies. 'n Rotasie van kerkraadslede word gehandhaaf met 'n maksimum ononderbroke dienstyd van vier jaar. Die taak van die kerkraad is:

> '.. de zorg voor hetgeen de openbare Godsdienst,
> het christelijk onderwys,
> en het opzigt over de leden van de gemeente,
> betreft.'

Daaronder ressorteer sake soos die beroep van predikante, die sorg vir die kategese, die opsig oor die lidmate en alles wat daarmee saamhang. Royaards vat dit só saam:

> 'Een doel toch moest de Kerkeraden voor ogen zweven: de bevordering van het heil der Gemeente van Jezus, en van kennis, zedelijkheid en christelijke godsdienst in haar midden.'

Dit is opvallend hoe sterk die kerkrade gedegradeer is in funksie en in werksaamheid. Waar die kerkraad in die presbiteriaal-sinodale sisteem die regeerliggaam is van die gemeente wat die plaaslike en normale verskyningsvorm van die kerk is, want slegs in die gemeente word die *notae ecclesiae* sigbaar, word die kerkraad nou gedegradeer tot 'n onderdaan van die sinode. Nou is dit die sinode wat die kerk verteenwoordig terwyl die sinode nooit as 'n verskyningsvorm van die kerk beskou kan word nie.

Die hele hiërargiese, outokratiese bestuursapparaat is deur die koning en sy amptenare geskep omdat die staat 'n organisasie wou hê wat die eenheid van die kerk sou bewaar en rus sou verseker. Dit het die Kommissaris- generaal Repelaer van Driel in 1816 uitgespel toe hy gestel het[25]:

'... de Synode is thans niet opgeroepen om leerstellige geschillen te beslissen, maar om de kerk te besturen.'

Die bedoeling was om eenheid en rus te verseker. Om dit te kan bereik is daar 'n onderskeid gemaak tussen godsdiens en kerk, tussen die leer van die kerk en die uitwendige bestuur van die kerk. Die staat moes hom weerhou van enige inmenging met die godsdiens en die leer, maar andersyds wou die staat die uitwendige bestuur in vaste hande hou.

Dié onderskeiding het die sinode voor 'n onoplosbare probleem geplaas - om die eenheid te bewaar moet die sinode die leer handhaaf, as die leer gehandhaaf word, dan sou daar verdeeldheid na vore kom. Die sinode het sy taak daarin gesien dat hy ten alle koste die eenheid moes bewaar. Daarom het die sinode konsekwent geweier om enige soort leeruitspraak te maak. Fiolet sê hiervan:

> Zelfs als het gaat om fundamentele kwesties van de christelijke leer zooals de Godheid van Christus en de H. Geest, de verzoenende waarde van Christus' lijden, zijn lichamelijke verrijzenis, de onfeilbaarheid en de historische betrouwbaarheid van de H. Schrift, dan acht zij het niet binnen den kring der bevoegdheid der Synode, in deze iets te doen ...
>
> Duidelijker dan op de Synode van 1865 heeft zij zich nimmer uitgedrukt: Wij kunnen niet, immers niet op wegen, waarop mens ons wil leiden, den toestand der kerk reinigen en hare leer handhaven. Dit is boven de macht der Synode.'

Dié self-uitgereikte *testimonium pauperitatis* toon weer baie duidelik dat dit nie moontlik is om innerlike en uiterlike in die kerk te skei sonder om enorme skade te berokken nie. Die kerklike struktuur moet weerspieëling wees van die geloofsinhoud van die kerk, anders word dit 'n knellende band.

Dit is opvallend èn tiperend van hierdie kerkordelike struktuur dat nêrens werklik aandag aan die gemeente gegee is nie. Waar die gemeente, opgebou uit die huisgemeentes, die normale verskyningsvorm van die kerk is, word hier in die *Algemeen Reglement* net gepraat van enkeling-mense wat almal saam 'n algemene, nasionale genootskap of vrywillige vereniging vorm. Belangrik is dat hierdie optimistiese, antropologies-bepaalde visie van die kerk nie kon standhou nie en uiteindelik weer vervang is deur die normale visie van die kerklike struktuur waar die gelowige huisgesinne, families en gemeenskappe die gemeente vorm wat die normale verskyningsvorm van die kerk is. Duideliker as dit kan die misvatting van die rasionalistiese Verligheid nie gedemonstreer word nie.

5. DIE AMP VOLGENS DIE ALGEMEEN REGLEMENT

Dit is dadelik duidelik as die *Algemeen Reglement* en sy bykomende reglemente gelees word, dat die amp hier nie meer verstaan word as 'n dienswerk wat in opdrag van Christus in sy kerk verrig word nie. Die amp is maar die funksie van die amptenare van die genootskap of vrywillige vereniging. Dit is dan ook so dat daar nêrens in die hele reeks reglemente 'n omskrywing is van wat die amp van die

predikant, ouderling en diaken is nie. Rondom die predikantsamp is daar egter wel 'n reeks reglemente naamlik:

- die reglement vir toelating tot die amp van predikant van 1816,
- die reglement vir vakatures, beroepe en ontslag van predikante van 1826,
- die reglement op hulppredikers van 1844.

Rondom die toelating tot die amp van predikant en veral rondom die formule wat die kandidate vir die diens van die Woord moes onderteken om tot die amp toegelaat te kan word, was daar 'n tiperende stryd in die kerk.

5.1 Die proponentsondertekeningsformule

Die sorg vir die opleiding van dienaars van die Woord is 'n saak wat reeds deur die Convent van Wezel 1568 ter hand geneem is. Dit was en is 'n saak wat vir die kerk altyd van wesenlike belang is. Met die invoering van die nuwe Kerkwet is die dubbele proponentseksamen deur die Klassikale Vergadering afgeskaf. Dit is vervang deur 'n enkele proponentseksamen wat deur die Provinsiale Kerkbestuur afgeneem moes word.

Oor die algemeen is daar baie sorg gedra dat die peil van die proponentseksamen hoog sou bly sodat slegs geskikte persone tot die amp toegelaat sou word. Hierdie *Reglement* is reëlmatig hersien nà die eerste *Reglement* in 1816 deur die koning geproklameer is. Hier word die teks van die *Reglement* van 1831 weergegee.

Een van die knelpunte wat in hierdie *Reglement* voorkom, is die teks van die proponentsbelofte wat in art 38 geformuleer word. Dit is duidelik dat dit nie meer die formule is wat deur die Sinode van Dordrecht 1619 opgestel is nie. Met die aanvaarding van die *Algemeen Reglement* in 1816 en die opstel van die eerste Reglement vir die Proponentseksamen, was dit duidelik dat die Dordtse formule nie meer aanvaarbaar geag is nie. Daar was selfs twee lede van die *Consuleerende Commissie* wat die proponentsformule geheel-en-al wou afskaf en alleen van alle kandidate vereis het:

> 'Hij zal zich bij handteekening moeten verbinden tot de stipte nakoming van al het geen by a.9 van het Algemeen Reglement ... is vermeld, en plegtig beloven, niets daartegen strijdig, te ondernemen.'

Vanweë die protes van die Klassis van Amsterdam in Maart 1816 is dit egter nie deurgevoer nie en is besluit dat die kandidate -

> 'den vasten wil verklaarden, om de leer in de formulieren, overeenkomstig Gods Woord, vervat, te prediken.'

Die sinode van 1816 wou egter ten alle koste die Leerreëls van Dordrecht van 1618 uitsluit. Omdat die Leerreëls nie deur al die provinsiale sinodes aanvaar was nie, is daar toe besluit dat die kandidaat slegs die *'aangenomen* formulieren van eenigheid' moes onderteken en dit het dus slegs die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus beteken. So is hierdie formule dan aanvaar waarvolgens die kandidaat stel:

> '... dat wij de leer, welke overeenkomstig Gods Heilig woord, in de aangenomen formulieren van eenigheid der Nederlandsche Hervormde Kerk is vervat, ter goeder trouw aannemen en hartelijk geloven, dat wij dezelve naarstig zullen leeren en handhaven, ...'

Die formule was egter vaag en verwarrend omdat dit nie duidelik was of die kandidaat die leer in die formuliere vervat glo *omdat* dit (= quia) of *vir so ver* dit (= quatenus) met die Woord van God ooreenkom nie. In die verligte teologiese klimaat wat in die kerk geheers het, het die eis tot ondertekening in die sin van *quia* groot bekommernis gewek want die uitsprake van die Nederlands Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus is nie meer aanvaarbaar geag nie. 'Den stand der tegenwoordige Godgeleerdheid' het dit net onmoontlik gemaak dat die leer van die formuliere nog geloof en aanvaarding kon vind. In 1835 is daar, vanweë die onduidelikheid, 'n pertinente versoek tot die sinode gerig om uitsluitsel oor dié saak te gee. **Hoe** word die leer in die formuliere vervat, geglo: *quia* of *quatenus*? Die sinode het na 'n lang bespreking geweier om hieroor uitspraak te gee omdat die sinode geoordeel het dat so 'n verklaring *buite die bevoegdheid van die sinode* gelê het. Met hierdie verklaring het die sinode die geestelike bankrotskap van die linkse verligtheid treffend geïllustreer. Hoewel die sinode probeer skuil het agter die verskoning dat hy nie die rus en vrede in die kerk wou versteur nie, kon die geestelike armoede van die verligtheid nie beter aan die lig gekom het nie.

In 1841 is die sinode weer ontstel deur 'n versoekskrif dat die proponentsformule geskrap en met die Dordtse formule vervang moes word. Vir so 'n drastiese optrede was die sinode nie te vinde nie en gee dan 'n nadere verklaring van die formule. Dié ondertekening, so word gesê, beteken nie die aanvaarding van spesifieke waarhede wat in die formuliere van enigheid voorkom nie, maar -

'in het algemeen, de leer, die in dezelve voorkomt, gelijk die in haren aard en geest het wezen en de hoofdzaak uitmaakt van de belijdenis der Hervormde kerk.'

Hieruit blyk wel hoe die verligte sinode met woorde wegkruipertjie kan speel. Dit is opvallend en tekenend van alle liberaliste van alle tye dat hulle nooit die moed of die vrymoedigheid het om openlik te sê wat hulle standpunt is of waarheen hulle op pad is nie. Dit is duidelik dat die sinode **leervryheid** in die kerk wou invoer maar dit moes so gedoen word dat dit nie werklik verset sou uitlok nie. By elke teken van verset is daar met woorde geskarrel en 'n rookskerm opgewerp om sodoende met die misleiding te kon voortgaan.

In 1854 het die sinode toe wel so ver gekom om die proponentsformule met 'n *quatenus* te versier toe die formule verander is om te lees:

'dat wij des zins en willens zijn den geest en de hoofdzaak der leer, welke in de aangenomen formulieren van eenigheid der Nederlandsche Hervormde Kerk begrepen is, getrouw te handhaven.'

Want onder *geest en hoofdzaak der leer* word dan verstaan:

'dat gene, wat leeft in het gemoedelijk bewustzijn, of liever in de gemoedelijke overtuiging van de groote meerderheid dier Leden, voor welke de godsdienst, in meerdere of mindere mate, zaak des harten is.'

Die blote feit dat in die formule van 1854 die belydenisskrifte van die kerk nog genoem is, was egter steeds 'n bron van ergernis vir die groeiende vrysinnigheid in die kerk. Uiteindelik in 1888 het die sinode 'n formule opgestel waarin die belydenisskrifte gladnie meer genoem is nie. So het die sinode gekies vir volledige leervryheid en juis daarmee die bestaan en voortbestaan van die kerk as liggaam van Christus op die hellende vlak geplaas.

Die formule van 1888 het as volg gelui:

'... in diep besef van onze roeping en in vertrouwen op God, dat wij daarin (= die kerk) met ijver en trouw zullen werkzaam zijn om, overeenkomstig de beginselen en het karakter van de Hervormde Kerk hier te lande, het Evangelie van Jezus Christus te verkondigen, en de belangen van het Godsrijk en in overeenstemming hiermede die van de Nederlandsche Hervormde Kerk, met opeenvolging van hare verordeningen, naar vermogen te behartigen.'

So skep die sinode, met sy geleidelike verwatering van die proponentsformule 'n *modaliteite-kerk* waar daar plek was vir elke soort teologiese opvatting en rigting. Die Nederlandse Hervormde Kerk het vanaf 1816 geleidelik 'n kerk geword met verskillende rigtings wat, om 'n oomblik 'n politieke begrip te gebruik, die hele spektrum van links na regs verteenwoordig, of om dit teologies te stel van vrysinnig-liberaal gewissel het tot ultra-ortodoks. Met die neutrale besture aan die hoof wat, as hulle 'n keuse moes maak, met groot trefsekerheid elke keer in die vrysinnige rigting gekies het, is die kerk as eenstemmige getuie van Jesus Christus in die wêreld verlam. Want dit is duidelik dat die kerkwees van die kerk bepaal word deur die geloof en die leer van die kerk. As die leer opgeskort word of aan die keuse van elkeen oorgelaat word, dan hou die kerk op om kerk te wees, in die sin soos die Nederlandse Geloofsbelydenis op voetspoor van die Skrif dit omskrywe.

5.2 Die handhawing van die leer van die kerk

Die ontwikkeling rondom die proponentsformule was interessant omdat art 9 van die *Algemeen Reglement* aan die sinode die opdrag gegee het om die leer te handhaaf.

Dit word egter gou duidelik dat hierdie opdrag nie veel meer as 'n versiering in *Reglement* gestaan het nie. Die vraag wàt die leer van die kerk was, word duidelik as die Kommissaris-generaal Repelaer van Driel aan die sinode sê[22]:

> 'Tegen deze onderscheiden uitersten waarborgt ons de handhaving der hervormde leer, welke geen gezag eerbiedigt dan dat der H Schrift, maar ook dat gezag, zonder beding of uitzondering, laat gelden als de volkomen regel van geloof en leven.
> Door de ondervinding voorgeligt zult gij de zuiverheid dezer leer door den eenigen goeden waarborg verzekeren; namentlijk door het vaststellen van inrigtingen, geschikt om den waren christelijken geest in leeraars en gemeenten te bewaren en te versterken, door de vermeerdering van godsdienstige kennis.'

Hier word die Skrif as die geloofsnorm genoem waar, in die raamwerk van die reformatoriese teologie, die belydenisskrifte moet staan. Juis deur daar èn so 'n teenstelling tussen Skrif en belydenisskrif te suggereer en die belydenisskrifte nié te noem nie, word in die feite gesê dat die belydenisskrifte afgeskaf is en nie meer in die kerklike lewe geldig is nie.

Uit die voortgaande geskiedenis van die sinode word dit duidelik dat **handhawing van die leer** nooit in verband gebring is met **die belydenisskrifte** nie. Waar in die reformatoriese teologie die belydenis funksioneer as norm en reël van die

prediking en as aanduiding van die geloofsgrense van die kerk, word dit hier duidelik dat die belydenisskrifte nie die funksie het nie. Dit was die sinode se verklaarde doel om 'n sekere leervryheid te handhaaf. Art 9 van die *Reglement* is daar ingeskryf om die ortodokse mening in die kerk gerus te stel terwyl die handhawing van leervryheid in die praktyk, die vrysinniges tevrede gestel het. Die belydenisskrifte is op dié manier deur sinodale beleid uit die lewe van kerk uitgehaal. So is dit opvallend dat in die *Reglement op die kerkvisitatie*, die visitatore navraag moes doen of die predikant uit die **Heidelbergse** Kategismus preek. Maar die aanduiding 'Heidelbergse' is in die finale redaksie deur 'n amptenaar van die ministerie geskrap, sodat die vraag gelui het:

> 'Of de predikanten op zon- en feestdagen al de gewone predikbeurten, ook die over de catechismus, waarnemen, ...'

So is oral gesorg dat die *leer van die kerk* nié gekoppel is aan die belydenisskrifte nie sodat daar nie meer werklik 'n riglyn vir geloof en 'n norm en reël vir die prediking in die kerk was nie. As gelet word op die resultate van hierdie beleid dan word dit duidelik dat die sinode 'n beleid gevoer het wat 'n hele sekularisasieproses in die kerk aan die gang gesit het.

Dieselfde soort van houding word gevind by die kategese. Dit is miskien verhelderend om Hooijer se opmerkings in hierdie verband weer na vore te haal. Hy stel[23]:

> '... zoo werden er ook nu pogingen aangewend, om door de Synode een of eenige leerboeken ten algemeene gebruike te doen aanwijzen. Dit echter achte de Synode met regt niet uitvoerlijk of heilzaam, maar strijdig met de beginselen van het protestantismus. Wel werd het wenschelijk geoordeeld, dat de ringsvergaderingen er zich op toelegden, om meer eenparigheid in de keus van leerboeken te verkrijgen, en heeft de Synode, zonder iets bepaalds te noemen en voor te schrijven of af te schaffen en te verbieden, die catechiseerboeken in het algemeen aangeprezen welke niet alleen de geloofsleer, maar ook de zedenleer van het Evangelie opzettelijk behandelen: de waarheden van de geloofsleer meest van hare vertroostende en heiligende zijde voorgedragen, en de bijbelsche geschiedenis als eene opleiding tot de vereering van Gods opperbestuur over de wereld en enkele menschen, aanwenden.'

Dié vaagheid èn onbepaaldheid oor die leer en die inhoud van die geloof is ook deurgetrek na die vrae wat die katkisant moes beantwoord wanneer hy belydenis van geloof afgelê het. Daar is aan hom gevra[24]:

'Of zij van harte gelooven de leer, die zijn hebben beleden,
Of zij ook voorgenomen hebben bij deze leer, door Gods genade te blijven, de zonde te verzaken en een christelijk leven te leiden.'

Uit die vrae is dit nie moontlik om af te lei of die leer enige verband het met die belydenisskrifte van die kerk nie.

So is langs die hele linie leer-vryheid of leer-willekeur in die kerk gevestig.

5.3 Die amp van predikant in die gemeente

In die *Algemeen Reglement op de Zamenstelling en Werkzaamheden der Kerkenraden* wat in 1825 deur die koning geproklameer is, word in die vierde afdeling gehandel oor die pligte van die predikant. Hier gaan dit nie meer om 'n dienswerk wat die geroepe ampsdraer moet verrig nie maar om pligte wat deur die genootskap aan hom opgedra word. Die pligte is in hoofsaak:

- prediking en sakramentsbediening,
- huisbesoek om die lidmate aan te spoor om die erediens en sakramentsbediening by te woon. Daarby moet die huisbesoek die 'godsdienstigheid en goede zeden' van die lidmate bevorder,
- kategese, en
- siekebesoek.

Oor die kwaliteit van die prediking word niks gesê nie want die vereistes wat in die Nederlandse Geloofsbelydenis art 29 ten opsigte van die kerk-wees van die kerk gestel word, het eintlik nie meer gegeld nie.

'n Verdere manier waarop vasgestel kan word wát die opdrag van die predikant in sy gemeente was, is om die *Reglement op de kerkvisitatie* na te gaan. Die visitatore moes volgens die Dordtse bepalings nie net vasstel of die predikant sy amp getrou waarneem nie maar ook of hy die suiwere leer en die kerklike orde handhaaf. Die *Reglement* het hierdie vereistes waaraan die predikant moes beantwoord, nog afgeskaal. By die besoek moes die Visitator ten opsigte van die predikant vra[25]:

- of zij onberispelijk zijn in leer en wandel?
- of zij op zon- en feestdagen al de gewone predikbeurten, ook die over de catechismus, waarnemen, en van tijd tot tijd belijdenis-predicatiën houden?
- of zij geregeld het H Avondmaal bedienen en die bediening laten voorafgaan door

eene leerrede ten voorbereiding en opvolgen door ene nabetrachting?
- of zij geregeld catechisatiën houden, ter onderwijzing van ouden en jongen in de bijbelsche geschiedenis en in de geloofs- en zedeleer.
- of zij hun werk maken van het herderlijk bezoeken der gemeente en bijzonder der kranken.

Hier lê die klem dus duidelik op die verkondiging en sakramentsbediening (hoewel die doop nie genoem word nie) aan die een kant en huisbesoek aan die ander kant. Tog is dit opvallend dat so iets soos verpligte huisbesoek by alle gesinne en lidmate nie vereis word nie. Dit is opvallend dat die amp in die *Reglementen* beslis verskraal is as dit vergelyk word met die *Formulier vir die Bevestiging van dienaars van die Woord.*

Ten slotte kan daar op gewys word dat die predikant deurentyd in die *Reglementen* as *'n leeraar* aangedui word. Die predikant is dus nié meer 'n *Verbi divini minister* nie maar 'n leraar, iemand met 'n opvoedkundige taak wat veral ten opsigte van die sedeleer onderwys moet gee sodat die lidmate op die pad van deug kan vorder. Die verkondiging van die Woord van God was vir baie 19e eeuse predikante nie meer 'n haalbare moontlikheid nie en daarby sou so 'n prediking, wat met gesag na die lidmaat toe kom, die lidmaat se gewete dalk kan knel. So word die predikant 'n leraar van 'n deugdeleer.

5.4 Die amp van ouderling en diaken

Dit is opvallend dat die ouderling as ampsdraer feitlik uitgeskakel word uit die vergaderings van die ampte. Reeds op die vlak van die kerkraad word die ouderling en diaken nie meer gekies deur die gemeente nie maar benoem deur die kerkraad self. Die tweejarige dienstermyn word ook willekeurig gemaak omdat die kerkraad self daaroor kan besluit.

Die voorwaardes om in aanmerking te kom vir die amp van ouderling, is dat die lidmaat minstens dertig jaar oud moet wees, en dan

> 'onberispelijk in belijdenis en zeden, bekende voorstanders van de openbare Godsdienst en geene tegenstrevers van de bestaande kerkelijke verordeningen; zoo veel mogelijk tot de aanzienlijkste leden der gemeente behorende.'

Verder was dit hulle taak om reëlmatig die 'openbare Godsdienst' by te woon en om die predikante by te staan in hulle herderlike werk as hulle gevra word. Meer as dit was egter nie nodig nie.

Juis rondom die ouderling word dit duidelik hoe die presbiterale karakter van die kerk vervang is deur die verenigingsreg-denke. Daarby is die ouderling ook effektief uitgeskakel uit die bestuursvergaderings. So is 'n dominees-kerk gebou en die betrokkenheid van die ouderling en ook die lidmaat by die kerk en sy werk afgesny. So het die kerk sy tipiese presbiterale karakter verloën en die kerk juis in sy werk om die lidmaat en die wêreld met die evangelie te bereik, verlam.

Die amp van die diaken is vanweë die besondere aard van die dienswerk grotendeels so behou. Tog word dit duidelik dat die diaken met **armversorging** belas is maar nie werklik meer met barmhartigheidsdiens waar armversorging gekoppel word aan die vertroosting met die Woord van God nie. Tog het nie alles in hierdie verband finaal verlore gegaan nie. Vanweë die feit dat die verskillende reformatoriese erediens-formuliere gehandhaaf is, is die leemtes wat die reglemente gelaat het deur diegene wat Skrifgetrou in die kerk wou leef en werk vanuit dié formuliere gevul. Ook omdat die reeks reglemente hoofsaaklik *bestuursreglemente* was, is hierdie sake daarin nie aangeroer nie. So het elemente van die reformatoriese amps- en kerkbegrip tog bly voortleef.

Kleyn het nogal heelwat moeite gedoen om aan te toon dat selfs in hierdie bestuurlik-bepaalde kerk dit nog moontlik was om vanuit die reformatoriese kerklike en teologiese erfenis, te leef en te werk[26].

6. Die opsig en tug

Die Nederlandse Geloofsbelydenis art 27 noem onder die kenmerke van die ware kerk, *die kerklike tug* wat gebruik word om die sondes te straf. Daar word ook die norm aangedui waarmee tussen goed en kwaad onderskei moet word want daar word gestel:

> 'Kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste hoof erken.'

Die *Reglement op de uitoefening van kerkelijk opzicht en tucht* het hierdie saak in die kerk gereël.

Die kerklike opsig word deur die verskillende kerklike besture uitgeoefen en die hoofdoel is dan, volgens art 2:

> '... de handhaving van de Godsdienst, bijzonder der Hervormde leer en der zuiverheid van zeden, welke haar is aanbevolen, en nemen kennis van daden en handelingen, welke strijden tegen de kerkelijke wetten en Reglementen.'

Dan word in art 7 ook 'n 'sondelys' aangegee wat miskien hier weer aangestip kan word:

- wanbedrijven, welke de burgerlijke overheid straft,
- ergerlijk wangedrag,
- alles wat de goede orde in de kerk kan verstoren.

Dan wat die ampsdraers betref, word nog gestel:

- vergrijpen in ambtsbediening,
- nalatigheid in hun gewigtig dienstwerk,
- misbruik van magt,
- knevelarij, (dit is: afpersing of afdreiging of uitbuiting).

Daarby moet onderskeid gemaak word tussen 'n enkele misstap en 'doorgaande onzedelijkheid of hebbelijke verkeerdheden', en moet gelet word op verswarende en versagtende omstandighede. Dit is opvallend dat in hierdie sondelys alleen sonde en lewenswandel genoem word en kettery nié na vore kom nie tensy dit tuisgebring word by 'alles wat de goede orde in die kerk kan verstoren.' Tog is kettery nie heeltemal buite die gesigsveld nie want ten opsigte van die predikante word in art 47 bepaal:

> 'Wanneer bij een Klassikaal Bestuur bezwaren worden ingebragt tegen de leer, de ambtsbediening of den wandel van Predikanten, ...'

Hierdie saak van wat onder 'de leer' verstaan moet word, word enigermate duideliker as art 57 ook in aanmerking geneem word. Daar word gestel:

> 'Beschuldigingen tegen de leer van eene Predikant zullen niet kunnen aangenomen worden, tenzij dezelve gestaafd worden door duidelijke bewijzen, dat hij de leer, welke volgens Gods heilig woord in de aangenomene formulieren van eenigheid der Hervormde kerk vervat is, openlijk heeft wedersproken of bestreden.'

Dit lyk asof dit duidelik genoeg is maar in 'n bespreking van hierdie saak stel Hooijer dat die maatstaf waarmee 'n predikant se leer beoordeel moet word, vaag en onduidelik is. Volgens Hooijer moes die Reglement ten opsigte van die maatstaf 'naauwkeurige bepalingen en voorschriften' gegee het om sodoende willekeur en

onsekerheid te vermy. Daarom stel Hooijer ook, en dit is ter loops tekenend van die denke in die Nederlandse Kerk van daardie tyd[27]:

> Wij willen nu niet onderzoeken, welk regt de Synode van een Protestantsch Genootschap hebben kan, om zoodanige magt te verleenen, daar zij, geene onfeilbaarheid hoegenaamd erkennende, het onderzoek en de verklaring der schrift voor een iegelijk vrij laten moeten. Wij willen ook niet nagaan, hoe het verleenen en uitoefenen van genoemde magt aan de Synode, zoo min als aan een minder Kerkbestuur, bij het Algemeen Reglement voor het Bestuur der Herv Kerk is toegestaan, als geenszins geroepen tot beoordeeling van regtzinnigheid of tot eenige leer-censuur. Maar wij zullen slechts aanmerken, dat gemelde bepaling gevaarlijk voor de gemeenten, beleedigend voor de Predikanten en onuitvoerlijk voor de Kerkbesturen is.'

As in aanmerking geneem word dat in die debat rondom die proponentsformule die sinode positief vir leervryheid gekies het, is dit duidelik dat leertug nié in die kerk toegepas sou kon word nie. Dit is so dat vanaf 1816 geen Nederlandse predikant vanweë kettery uit sy amp afgesit is nie. Met leervryheid en verdraagsaamheid as hoë prioriteite in die Nederlandse kerk was dit verstaanbaar dat nog net vergrype in die lewenswandel onder die opsig en tug hanteer is. Dit het beteken dat daar in die Nederlandse kerk nog net 'etiese ketters' kon voorkom.

As op die *bestraffings-middelen* gelet word, is dit opvallend dat dit beperk word tot die vermaning of mondelinge bestraffing en die ontsegging van die gebruik van die Nagmaal (nie die doop nie!). Wat die ampsdraers betref is daar ook nog tydelike skorsing uit die amp of afsetting (vgl art 58). Merkwaardig genoeg word die ban of afsnyding nêrens genoem nie. Dit skep die indruk dat die hele saak van die opsig en tug in 'n heeltemal ander lig gesien is as in die tyd toe die calvinistiese reformatoriese teologie nog toonaangewend in die kerk was.

7. Slotopmerkings

Aan die einde van hierdie bespreking van die *Algemeen Reglement* en die daarmee saamgaande reglemente, kom die vraag op hoe dit samevattend beoordeel moet word. Dit is feitlik onmoontlik om oor die *Algemeen Regelement* enige positiewe beoordeling te gee. Van Loon se skerp-kritiese opmerking in hierdie verband, is seker nog altyd ter sake. Hy het gesê[28]:

> 'Het Algemeen Reglement was het resultaat van de miskenning van het eigenaardig recht der kerk, dat door de machtsoverschrijding van de overheid werd gekrenkt, waarbij de kerkenorde van de belijdenis geïsoleerd en het ambt gedegradeerd werd. Die kritiek staan nog steeds.'

HG Kleyn probeer 'n antwoord gee op die vraag of die *Algemeen Reglement* aanneemlik is en stel dan die vraag of die kerk nie liewer teen hierdie owerheidsreëling, wat sonder die medewerking òf goedkeuring van 'n kerklike vergadering opgestel en ingevoer is, moes weerstand gebied het nie. Dan stel hy dat die *Reglement* van 1816 darem nie téén die leer van die kerk kant gekies het nie. Kleyn stel[29]:

> 'De bestuurders der Kerk hadden zich te houden aan de Leer der Kerk (Art. 9), en de Koning verklaarde uitdrukkelijk dat hij nooit eenige inbreuk zoude maken op de godsdienstleer der Kerk. De Synode mocht geen nieuwe leerbepalingen maken en had ook geene leertwisten te beslechten. Zij had alleenlijk te besturen. Nu was de vraag of eene Gereformeerde Kerk, door den nood gedrongen, een vorm van Kerkbestuur mocht aannemen die niet uit het Gereformeerde Kerkrecht voortvloeide, nooit in dien zin beslist, dat dit ongeoorloofd zou zijn. De Kerk mocht zulk een Reglement niet maken, zij mocht en zich wel aan onderwerpen ...'

Kleyn argumenteer dan dat die Nederlandse kerk self nooit die *Algemeen Reglement* van 1816 aanvaar het nie maar dat die kerk onder die oormag gebuk het en daarvolgens geleef het. Dat die *Algemeen Reglement* daartoe bydra dat die kerk twee afskeidings moes beleef en van binne verlam is deur die stryd tussen die verskillende rigtings, staan ook vas.

Dit is duidelik dat die *Algemeen Reglement* wat aan die kerk opgelê is in die tyd van die hoogbloei van die optimistiese, rasionalistiese supranaturalisme nie net die kerkordelike tradisie van die vorige twee eeue deurkruis het nie, maar ook die calvinistiese teologie en sy riglyne verbygegaan het. Die probleem was egter dat **in die kerk** self daar nòg kerkordelik nòg teologies werklik die vermoë was om die invoering van die *Algemeen Reglement* teen te staan nie. So ontvang die kerk, van die kant van die koning gegee, in 1816 die *Algemeen Reglement*. Die *Reglement*, met sy aanvaarding van leervryheid, het meegebring dat die kerk self 'n belangrike rol gespeel het, in die sekularisasieproses wat in Nederland vanaf die 18e eeu na vore kom.

Ten slotte sou hierdie gedeelte afgesluit kan word met 'n woord van Von Campenhausen. Hy het gestel[30]'

> 'Die Kirche ensteht nicht durch die Ordnung und lebt nicht von der rechten Ordnung, sondern allein in Christi Geist; wenn sie aber geistlich lebt, dann ist und kommt sie auch in Ordnung, dann stellt sie durch den Geist des Friedens auch die rechte Ordnung in ihrer Mitte her, ohne sich an diese Ordnung zu verkaufen.'

8. AANTEKENINGE

1. JN Barkhuizen van den Brink en WF Dankbaar, *Handboek der Kerkgeschiedenis*, Den Haag, 1968, Dl IV bl 81.
2. GR Gragg, *The Church and the Age of Reason 1648-1789*, Bristol 1970, p 12-14.
3. FW Kantzenbach, *Protestantischen Christentum im Zeitalter der Aufklärung*, Güttersloh 1965, S 15 ff.
4. GR Cragg, *l c*, p 45.
5. Dit is nie die bedoeling om hier die hele beweging van die Aufklärungin besonderhede te stel nie. Daarvoor kan oa verwys word na die werk van W Philipp, *Das Werden der Aufklärung in Theologie-Geschichtlicher Sicht*, Göttingen 1957; HM Wolff, *Die Weltanschaung d. deutschen Aufklärung in geschichtlicher Entwicklung*, München 1949, F Valjavec, *Geschichte d abendländischen Aufklärung*, Wien 1961 en nog ander.
6. Vgl GR Cragg, l c, p 250: The distinctiveness of Christianity and its unique claims vanish; the consequences of such relativism appeared in the attitude of the provost of Berlin Cathedral, who taught that the Jews are really 'true Christians', since they believe in God, in immortality, and in virtue.
7. K Schlaich, *Kollegial theorie. Kirche, Recht und Staat in der Aufklärung*, München 1968, S.20.
8. A Fiolet, *Een kerk in onrust om haar belijdenis*, Nijkerk 1953, bl 27.
9. J TH de Visser, *Kerk en Staat*, Leiden 1926, Dl 2, bl 287-288.
10. Joh Calvinus, *Institutio christianae religionis*, 1559, IV 20 2.
11. Aangehaal by Th L Haitjema, *De nieuwere geschiedenis van Neerlands Kerk der Hervorming*, 's-Gravenhage 1964, bl 83-84.
12. Vgl AD Pont, *Verbond en volkskerk*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Pretoria 1986, Jrg bl 28-76.
13. HJ van Eikema Hommes, *Major Trends in the history of legal philosophy*, Amsterdam 1979, p 90.
14. L Locke, *Second Treatise: Of civil government*, para 211.
15. Vgl HJ van Eikema Hommes, l c, p 137
16. HJ Rooyaards, *Hedendaagsch kerkrecht bij de Hervormden in Nederland*, Utrecht 1834, bl 33-34.
17. HJ Rooyaards, *a w*, bl 36-40.

18. HJ Rooyaards, *a w*, bl 41-44.
19. Vgl in hierdie verband AD Pont, *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*, Pretoria 1981, bl 220-236.
20. HJ Rooyaards, *a w*, bl 66.
21. HJ Rooyaards, *a w*, bl 67.
22. J TH de Visser, *Kerk en Staat*, Leiden 1927, Dl 3, bl 786.
23. C Hooijer, *Kerkelijke Wetten voor de Hervormden in het Koningrijk der Nederlanden*, Zaltbommel 1846, bl 97.
24. C Hooijer, *a w*, bl 107.
25. C Hooijer, *a w*, bl 90.
26. HG Kleyn, *Algemeene kerk en plaatselijke gemeente*, Dordrecht 1888.
27. C Hooijer, *a w*, bl 135.
28. JCA van Loon, *Het Algemeen Reglement van 1816*, Wageningen 1942, bl 222.
29. HG Kleyn, *a w*, bl 125-126.
30. H von Campenhausen, Das Problem der Ordnung im Urchristentum und in der alten Kirche, artikel in *Tradition und Leben. Kräfte der Kirchengeschichte*, Tübingen 1960, S 158.

Hoofstuk 4

Het die Duitse kollegialisme die opvattings van die Algemeen Reglement bepaal?

1. INLEIDEND

Dit is vandag byna 'n aksioma in die kerkregtelike debat dat die *Algemeen Reglement* van 1816 en die kerkwette wat in Suid-Afrika gegeld het naamlik die *Algemeen Reglement* van 1824 en 1842 van die Kaapse kerk en die kerkwette van 1857, 1862 en 1869 van ons kerk as *kollegialisties* aangedui word. Dié argument het seker sy oorsprong by CJH de Wet se proefskrif van 1921 aan die VU te Amsterdam, *Die kollegiale kerkreg*[1]. Die *Kercken-Ordre* van JA de Mist, die *Algemeen Reglement* van 1824 en 1842 van die Kaapse kerk word deur De Wet as kollegialisties aangedui[2]. In sy proefskrif gee De Wet 'n uitvoerige oorsig oor die Duitse kollegialisme en stel dat dit die denke ten opsigte van die *Algemeen Reglement* bepaal het[3].

Die oorsprong van hierdie argument lê waarskynlik by Abraham Kuyper. In sy *Tractaat van de Reformatie der Kerken* van 1884 gee Kuyper 'n bloudruk van hoe die Nederlandse kerk hervorm moet word en polemiseer hy teen die onheilige karakter van die kerklike struktuur wat al meer neig in die rigting van 'n pouslike hiërargie[4]. Vroeër in die *Tractaat* het hy die *Algemeen Reglement* as kollegialisties getipeer en gestel[5].

> '... zoo ontaardde ook het stelsel der Independenten reeds in den loop der 18e eeuw ongemerkt in het dusgenaamd *Collegiaal-systeem*, dat intusschen niet van Engelschen, maar van Duitschen oorsprong is. Dit Collegiaal systeem is niets anders dan de toepassing op de kerk van Christus van de denkbeelden der Fransche revolutie. *De leer der volkssouvereiniteit als bron van alle gezag* ook in de kerk van Christus, ziedaar *het hoofdkenmerk van het Collegiaal stelsel*. De naam beduidt: Vereeniging en is ontleend aan de wet op de vereenigingen die in het heidensche Rome bestond, en krachtens welke wet de kerken een tijdlang als Collegia licita, d.i. als geoorloofde vereenigingen, erkend zijn. Het souverein gezag van Christus wordt hier dus losgelaten; van geloovigen is geen sprake meer; het Woord houdt op autoriteit te hebben; en hetgeen alleen autoriteit heeft en over kan dragen, is eenvoudig het enkele lid met de andere leden, beslissende naar het stelsel van de helft plus één. Is de helft plus een voor Jezus, welnu dan behoudt de kerk haar Christelijk karakter; maar ook valt het anders uit, dan is diezelfde kerk allicht morgen 'tzij Joodsch of Mahomedaansch. Terwijl dus by de Indepentenden de leden ten minste nog

"geloovigen" waren, zijn hier ten slotte ook de geloovigen in eenvoudige leden zonder onderscheidend karakter omgezet, en is daarmee het specifiek Christelijk karakter geheel prijsgegeven.

Dit Collegiale systeem, naar welks model ook de Hervormde kerken thans voor een goed deel georganiseerd zijn, is puur revolutionair en laat evenals de Fransche revolutie allerlei vorm van regiment toe. Met het Collegiaal systeem als basis kan ik een Roomsche kerk formeeren, door de fictie dat de leden hun gezag op den paus hebben overgedragen. Maar ook kan ik het Caesaropapisme der Luthersche en van onze Hervormde Kerk er mee bepleiten, want waarom zouden de leden niet kunnen geacht worden rebus ipsis et factis hun recht overgedragen te hebben op den koning. Raakt kniebuigen voor de Koning weer in gebruik en wenscht de leeraarstand weer het clericalisme in te voeren, welnu, wat zou beletten om ook dat ideaal met het Collegiaal systeem te bereiken? Alsof de leden niet konden gefingeerd worden op oligarchische kerkeraden, waarin de predikanten het een en al zijn, hun oorspronkelijk recht te hebben overgebracht! *Dit Collegiaal systeem is een echt cameleontisch stelsel; ge kunt er elk stelsel mee goedpraten; alleen het fundament staat wrak en trekt van onder elk dier andere stelsels het goddelijk fundament weg, om er het revolutionaire voor in de plaats te schuiven.* Want dit is zijn zonde, dat het de autoriteit Gods in zijnen Christus nooit anders in zijn kerk gedoogt *dan rustende op de autoriteit van den vrijen wil des menschen.'*

Nou is dit duidelik dat Kuyper in sy uiteensetting 'n benaming gesoek en gevind het vir die kerklike struktuur wat na sy mening saamhelp om die kerk van die hervorming weg te lei van sy Skriftuurlike grondslag. Dáárom gebruik hy die begrip *kollegiaal* of *kollegialisties* om die bestaande struktuur te omskryf. Die begrip *kollegiaal* beteken vir Kuyper dan:

i. dat die leer van die volkssoewereiniteit wat die *bron van alle gesag* in die kerk is, die gesag van Jesus Christus as Hoof en Heer van sy kerk, heeltemal verdring het. Dit is vir Kuyper die hoofkenmerk van die kollegialistiese stelsel. In daardie sin is dit die toepassing van die opvattings van die Franse rewolusie op die kerk.

ii. dit bring mee dat die kerk as 'n *vrywillige vereniging* georganiseer is waar die enkeling-lidmaat die gesag het sodat die lidmate sal en kan bepaal wát die gang van sake in die kerk is. Die gesag in die kerk rus dus op die vrye wil van die lidmaat en nie meer by Jesus Christus, die Heilige Gees en die Skrif nie.

Dit is duidelik dat Kuyper met hierdie argument dit het téén die demokratiese staats- en gemeenskapstruktuur waar die gesag in die hande van die burger geplaas is. Daardie rewolusionêre opvatting wat in die Franse rewolusie by uitstek na vore kom, het in die tyd nà 1789 feitlik die algemeen-aanvaarde basis van die staats- en gemeenskapstruktuur in Europa geword. Deel van daardie rewolusionêre omwenteling was dat die kerk nie meer as 'n eiesoortige gemeenskap met sy eie bestaansmanier beskou is nie maar van staatsweë as 'n vrywillige vereniging beskou en hanteer is, of die kerk nou daarmee saamgestem het of nie. Die kollegialistiese stelsel, so stel Kuyper dit, is dan dáárdie kerkregeringstelsel waar, op grond van die vrye wil van die lidmaat, die gesag in die kerk nié meer by God self en sy Woord berus nie, maar by die lidmaat òf daardie instansie waaraan die lidmaat sy gesag oorgedra het.

Die vraag ontstaan nou wat presies die kollegialistiese kerkregeringsisteem is sodat die regmatigheid van Kuyper se stelling vasgestel kan word en ook die stelling van De Wet dat die 19e eeuse kerkregeringstelsel in Nederland en Suid-Afrika kollegialisties van aard èn inhoud is.

2. WAT IS DIE KOLLEGIALISME

Die kollegialisme is 'n kerkregeringstelsel wat deur 'n aantal 18e eeuse Duitse juriste en teoloë geformuleer word. Die basiese grondlyne word veral deur Samuel von Pufendorf, oorlede 1694, getrek terwyl dit veral Christoph Matthäus Pfaff 1686-1760[6] en Johann Lorenz von Mosheim 1693-1755, was wat vir die eerste uitwerking daarvan verantwoordelik was.

In die jare van die opkoms van die Verligting in Duitsland word die kollegialisme as kerkregeringstelsel uitgewerk om te pas in die nuwe verligte opvattings oor die staat en gemeenskap. Ook hier is die uitgangspunt die idee van die individuele mens met sy regte wat saam met sy gelykes 'n sosiale kontrak sluit om so 'n gemeenskap te vorm en 'n regeringstruktuur. Vanselfsprekend word die vraag behandel hoe die kerk hier inpas.

Pufendorf se geskrif van 1678, *de habitu religionis christianae ad vitam civilem* het die eerste verskyn. Daarna verskyn Thomasius se geskrifte wat veral die Territoriale kerkregeringstelsel na vore bring. Pfaff se *Origines iuris ecclesiastici* van 1719 stel die beginsels van die kollegialisme omdat hy die kerk, teenoor die Episkopalisme en Territorialisme beskryf as 'n selfstandige vereniging (*collegium*) binne die staatsgemeenskap wat die reg het om homself te regeer. Immers sowel in die Episkopalisme, waar die vors as biskop oor die kerk regeer, en in die Terri-

torialisme word die standpunt gehandhaaf dat die owerheid vanweë sy gesag, volle gesag oor die kerk het. Die Verligtheid het die kerk as 'n doodgewone menslike vereniging beskou wat deur 'n besluit van gelykgesinde mense opgerig en in stand gehou word. Daarom, so is geoordeel, is die kerk en sy orde, die hele struktuur en regeringstelsel van die kerk doodgewoon 'n saak van die regswetenskap. Die kerk is maar 'n vereniging soos enige ander vereniging en daarom is sy orde en reg nie anders as gewone verenigingsreg nie.

Die kollegialiste het egter geargumenteer dat die kerk, hoewel dit maar 'n vereniging is, tog 'n eiesoortige vereniging is en daarom hoort sy orde en reg in die teologie tuis en nie by die regswetenskap nie. CM Pfaff het in hierdie debat sy opvattings verder gevoer in sy *Academische Reden ueber dass so wohl allgemeine als auch Teutsche Protestantisches Kirchenrecht* van 1742. Dit word verder gevoer deur JL von Mosheim se *Allgemeines Kirchenrecht* van 1760. Die opvatting van die kollegialisme word ook verder gevoer deur GL Böhmer met sy *Principia iuris canonis speciatim iuris ecclesiastici* van 1791 en GW von Wiese se *Handbuch des gemeinen in Teutschland üblichen Kirchenrechts* van 1799. Hieruit blyk, terloops, dat die hele opvatting van die kollegialistiese kerkregeringstelsel lank voor die Franse rewolusie al vasgelê was. Dit kan dus nie, soos Kuyper wil, voortvloei uit die Franse rewolusie van 1789 nie.

Verder is dit van belang om daarop te let dat die kollegialisme as kerkregeringstelsel nêrens, gedurende die 18e eeu, die Territorialisme kon verdring nie. Dit was gerig téén die Territorialisme en het daarom veral geworstel met die vraag na die posisie van die vors ten opsigte van die kerk. Om daarvoor 'n antwoord te kry het die kollegialisme dit beklemtoon dat die ekklesiologie, die kerkbegrip van die kerk, 'n bepalende rol moet speel in die kerkordenende denke.

Die vraag of Schleiermacher nog as 'n verteenwoordiger van die kollegialisme gesien moet word, word deesdae sterk negatief beantwoord[6]. Dit was veral die navorsing van Günter Holstein, *Die Grundlagen des evangelischen Kirchenrechts* van 1928 wat aangetoon het dat Schleiermacher die radikale individualisme van die Verligtheid heeltemal verwerp en daarom ook volkome verskil met die grondbeginsel van die kollegialisme. Hierdie opvatting word ook deur Martin Dauer bevestig wat daarop wys dat Schleiermacher se kerkbegrip, soos hy dit in sy *Reden über die Religion* en in sy *Glaubenslehre* ontwikkel volkome anders is as dié van die kollegialisme[7]. Juis in Schleiermacher se eis dat daar 'n volledige skeiding tussen kerk en owerheid moet wees, toon al dat hy nie volgens die opvattings van die kollegialisme redeneer nie.

Dit is wel duidelik dat die begrip *kollegialisme* nie sondermeer gebruik kan word vir àlles wat gedurende die Verligting en daarna oor die kerklike orde en

struktuur geskryf is nie. Die kollegialisme is één van die teorieë oor die vraag hoe die kerk volgens die opvattings van die Verligtheid gestruktureer moet word. Tog word in die kollegialistiese teorie óók nog ander en ouer argumente en standpunte teruggevind sodat dit nie altyd so maklik is om presies uit te maak wat nou essensieel kollegialisties is en wat nie.

2.1 Die belangrikste kenmerke van die kollegialisme

Die kollegialisme begin om die posisie van die vors ten opsigte van die kerk te bespreek. Dit was 'n erfenis van Martin Luther wat in die lugleegte, wat ontstaan het tydens die Hervorming toe die roomse biskop afgedank is, die Keurvors versoek het om daar in te tree en as 'n nood-biskop te doen wat die biskop moes gedoen het.

Die kollegialisme wil die standpunt van die Episkopalisme vermy waar die vors wat as 'n biskop in die kerk staan, 'n bepaalde gesagsposisie het. Terselfdertyd wil hulle ook nie die oplossing van die Territorialisme aanvaar nie wat gestel het dat die vors, wat die hoogste gesag in die burgerlike wêreld het, daarom ook gesag in die kerk het.

Die kollegialisme kom dan met 'n baie interessante oplossing vir hierdie probleem na vore. Die basiese struktuur van die kerk, soos die kollegialisme dit omskryf is dan, volgens Klaus Schlaich die volgende[8]).

a) Die kerk in die wêreld is 'n vrye vereniging van gelykes[9]). Hier het mense vrywillig saamgekom om 'n vereniging te stig waar hulle volgens die voorskrif van Jesus Christus en op grond van bepaalde leerstellige standpunte en reëls, God gemeenskaplik wil dien en eer[10]). Hierdie struktuur van 'n vrye vereniging van gelykes het die kerk van die tyd van die apostels gehad. Daarna is hierdie struktuur oorwoeker en is 'n situasie geskep waar die biskoppe as heersers teenoor die lidmate wat moes gehoorsaam gestaan het. Die situasie het die wese van die godsdiens aangetas. Gedurende die Hervorming is die onhoudbare situasie reggestel en is weer teruggekeer na die natuurlike, oorspronklike toestand waar die kerk slegs uit leraars en toehoorders bestaan het.

b) Die struktuur van die kerk as vrye vereniging (*societas aequalis et libera*) waarborg *die gewetensvryheid* van die enkeling-lid[11]). Hy het immers in dié situasie die moontlikheid om vryelik uit te tree uit die vrye vereniging en by 'n ander aan te sluit. Terselfdertyd kan

hy in die kerk as vrye vereniging nie gekonfronteer word met vreemde godsdienstige en leeruitsprake of gewoontes nie want hy moet sy toestemming daarvoor gee[12]).

c) Omdat die kerk die struktuur van 'n vrye vereniging in die staatsgemeenskap het, besit die kerk ook al die regte van 'n aanvaarde vereniging in die gemeenskap. Dit beteken dat die kerk alle aanvaarbare middele mag aanwend om die doel waarvoor die vereniging (die kerk) gestig is, na te streef.

'n Tweede reg wat hieruit voortvloei is dat die lede van die vrye vereniging die reg het om met gesamentlike instemming 'n ooreenkoms op te stel op grond waarvan die vereniging dan gekonstitueer word. Hierdie ooreenkoms is dan, wat die kerk betref *die belydenis van die kerk* wat die leeruitsprake bevat wat bindend vir die kerk se leraars geag word.

Die belydenis wat dus die basis, die grondslag van die vrye vereniging is, het net so veel gesag as wat deur die oorspronklike ooreenkoms van die lede daaraan gegee is want die gewetensvryheid moet voortdurend gehandhaaf word.

Die lid van die vereniging kan, wanneer hy wil, hom uit die vereniging onttrek maar solank as wat hy lid is, is hy verbind aan die grondliggende ooreenkoms op grond waarvan die vereniging gekonstitueer is. So gesien is elke lid dus gebind om die belydenis te aanvaar en te handhaaf en indien hy daarteen oortree, kan sy lidmaatskap hom ontsê word.

So is die belydenis die basis waarop die kerk as vrye vereniging tot stand kom en vorm dit die 'grond-wet' van die kerk.

Die beginsel van die vrye ooreenkoms, die *mutua confoederatio* bepaal die regsbasis waarop die kerk tot stand kom en die voortgaande instemming of *consensus* van die lede waarborg die voortbestaan. Uit die beginsel van die vrye ooreenkoms word dan die ander reëlings in die kerk afgelei soos

- die ooreenkoms oor 'n gemeenskaplike geloofsbelydenis;
- die inrigting van die godsdiensoefening;
- die handhawing van die dissipline en ander gebruike;
- die verkiesing van predikante;
- die aanskaf en beheer van roerende en onroerende goedere;
- die hervorming van misstande, en

- die moontlikheid om die uitvoering van regte aan bepaalde mense op te dra.

Hierdie regte om die kerklike struktuur vas te stel en op te bou, vloei voort uit die natuurlike regte wat die kerk as *societas* het.

d) Die kerk as 'n vrye vereniging het ook die reg en die vryheid om leraars aan te stel en om die opdrag van die leraar te bepaal deur te eis dat hy nie die leerstellige standpunt van die lidmate, soos saamgevat in die belydenis, die grondwet van die kerk, sal weerspreek nie. Die gewetensvryheid wat die lede as natuurlike reg het, vereis dat hierdie voorsorg gemaak sal word sodat hulle nie deur 'n leraar se afwykende menings gehinder sal word nie.

e) 'n Volgende reg wat die kerk as vrye vereniging het, is dat hy verkeerdhede wat in die kerklike lewe ingesluip het, weer kan regstel deur middel van hervormings.

f) Die oorheersende reg wat die kerk as vrye vereniging het, is sy inherente gesag, 'n gesag wat die kerk as vrye vereniging het. Die *potestas ecclesiastica* (kerklike gesag) kom die kerk as geheel toe. Maar nou dra die kerk as geheel die uitoefening van dié gesag op aan bepaalde persone. In sy keuse aan wie die kerk (die somtotaal van die lidmate) die uitoefening van die gesag wil oordra, is die kerk nie gebind nie.

Nou stel die Kollegialiste dat die gemeentes tydens die Hervorming die die vors gevra het om die kerkregering te behartig en so het hulle stilswyend die *potestas ecclesiastica* aan die vors oorgedra.

Kragtens hierdie oordrag van die kerklike gesag oefen die vors dit uit maar hy moet óók aan die kerk gehoorsaam wees, die welsyn van die kerk bevorder en die kerklike reëls en wette handhaaf. Hier is die vors dus gebind aan die *salus ecclesiae*. Die vors het dus 'n dubbele gesag want hy oefen sowel die kerklike as die staatsgesag uit. Dié twee mag egter, volgens Luther se leer van die twee ryke, nie vermeng word nie. Indien die vors sou ophou om lidmaat van die kerk te wees, kan die kerk die *potestas ecclesiastica* wat aan die vors oorgedra is, terugneem.

g) Die oordrag van die *potestas ecclesiastica* aan die vors belemmer nie die gesag wat hy as hoof van die burger-politieke staatsgemeenskap het nie. Daarvolgens het die vors 'n vanselfsprekende toesigreg oor die kerk net soos oor enige ander vrywillige vereniging. Dit is dan die *iura circa sacra maiestatica* wat egter nooit aan die vors die reg gee om in die interne sake van die kerk in te meng nie. So maak die kollegialisme 'n duidelike en skerp onderskeiding tussen die gesag wat die vors as staatshoof besit en die kerklike gesag wat by wyse van oordrag aan die vors gegee word. Daarby het die kollegialisme baie sterk gestaan op die eie, inherente gesag en regsbevoegdheid van die kerk as vrywillige vereniging wat voortvloei uit die oorspronklike ooreenkoms of grondwet van die kerk. Daarom was die gedagte van 'n staatskerk vir hulle onaanvaarbaar.

h) In sy opvattings oor die priesterskap en die gelowiges het die kollegialisme 'n taamlike verskuiwing ondergaan. Die vroeëre kollegialiste soos CM Pfaff het die priesterskap van die gelowiges gekoppel aan die idee van die vryheid en gelykheid van die individu en so gekom by die uitspraak dat die priesterskap beteken dat elkeen gelyk voor God is en gelyke toegang tot God het. Vir Pfaff is die leer van die priesterskap van die gelowiges gekoppel aan sy verwerping van die roomse onderskeid tussen die clerus en die leke.

i) Wat die predikante betref, betoog Pfaff èn von Mosheim dat die amp op die wil van God gebaseer is en dat die onderskeiding leraar en toehoorder 'n goddelike instelling is. Tog beklemtoon hulle dat leraar en toehoorder gelyke toegang het tot die diens van God.

Maar dan betoog hulle dat die gewone lidmaat hom nie sondermeer en eiemagtig as leraar mag opwerp nie. Om leraar te kan wees, moet daar 'n opdrag èn 'n instelling in die amp wees. Maar dan is die leraar nie van die lidmaat onderskei deur 'n *character sacerdotii*, dit wil sê 'n priesterlike aard nie, maar maak slegs sy opdrag die verskil met die gewone lidmaat uit. Die latere kollegialiste het egter hierdie standpunte nie aanvaar nie en stel dat elke godsdienstige *societas* die reg het om leraars aan te stel.

Maar dan is die leraar slegs 'n lidmaat wat die reg van die gemeente ontvang het om die doelwitte van die *societas* te bevorder.

Hier word 'n sterk beroep op die gewetensvryheid van die lidmaat gemaak en word gesê dat die leraar van die gemeente die reg ontvang om te lei maar dan bepaal die wil van die gemeente wat die leraar mag sê en doen. Die vraag is nie wat die leraar wil sê nie, maar wat die gemeente wil hoor. Die gemeente sorg deur middel van 'n ooreenkoms met die leraar dat die leraar niks sal sê wat die gewetensvryheid van die lidmate sal knel nie. So word leertug en afsetting moontlik vanweë die ooreenkoms wat die leraar moet onderteken. Dit is dus duidelik dat die leraar hom volledig moet skik na die eis en wil van die gemeente.

Hiér het die Verligtheid die hele verhouding tussen gemeente en amp omgedop want nou bepaal die gemeente wat hy wil hoor en word die wil van die gemeente of die vryheid van die enkeling normatief vir die prediking. So ontstaan die situasie dat die amp alleen nog soveel gesag het as wat die gemeente aan die amp oorgedra het. Dat die amp op 'n roeping en opdrag van God gebou is, word ontken.

j) Merkwaardig genoeg het die meeste kollegialiste weinig indien enige belangstelling vir die kerkregering of vir die gemeente as afsonderlike struktuur in die kerk.

Samevattend is dit duidelik dat in die kollegialisme die kerk as 'n vrye vereniging gesien is, 'n *collegium* of 'n *societas aequalis et libera* of 'n *universitas personarum*. Dit wil sê: 'n vrywillige vereniging wat 'n regspersoonlikheid het. Sodanige verenigings bestaan uit sy lede maar is ook meer as sy lede omdat die vereniging, soos die kerk, voortdurend bestaan. Dit is dus duidelik dat die kollegialisme *'n bepaalde vorm van die 18e eeuse verenigingsreg* is wat veral in Duitsland ontwikkel het. Tiperend van die kollegialisme is nie dat die vrywillige vereniging as 'n *collegium*, dit wil sê 'n *societas* of 'n vereniging aangedui is nie, maar dat die onderlinge ooreenkoms wat die lede met mekaar aangegaan het om 'n vereniging te stig, die *mutua confoederatio*, 'n bepaalde belydenisskrif is. Só word in die kollegialisme aan die *societas aequalis et libera* 'n leerstellige basis gegee wat in die 18e en 19e eeuse vereningingsreg gladnie vanselfsprekend was nie.

Die tweede uitstaande kenmerk van die kollegialisme is dat hulle enige gedagte dat die kerk *'n staatskerk* kan wees, uit beginsel afwys. Die *potestas ecclesiastica*, die gesag van die kerk, kom in beginsel alléén die vereniging self toe. Dat dit as 'n oordraagbare gesag beskou word, hang saam met die historiese ontwikkeling in die Duitse Lutheranisme maar is nie inherent in die kollegialisme as sisteem gegee nie.

So gesien is die kollegialisme *'n bepaalde vorm van die verenigingsreg en denke* soos dit in die 18e en 19e eeu na vore kom en nie tiperend van die soort denke nie. Dit is op hierdie punt waar CJH de Wet die saak misvat en 'n opvatting huldig wat nie kan standhou nie. As by voorbeeld, De Mist se *Kercken-ordre* getoets word aan die beginsels van die Duitse kollegialisme, soos hierbo uiteengesit, is dit duidelik dat die *Kercken-ordre* die kerk as 'n *societas aequalis et libera* of 'n *collegium* in die gemeenskap sien. Maar dit maak nog nie van die *Kercken-ordre* 'n dokument wat die beginsels van die Duitse kollegialisme dra nie. Ter wille van die korrektheid van die argument moet hier sorgvuldig onderskei word.

3. IS KUYPER SE OPMERKINGS OOR DIE KOLLEGIALISME VAN DIE ALGEMEEN REGLEMENT HOUDBAAR

Die eerste saak wat hier genoem kan word, is dat Kuyper baie duidelik 'n karikatuurbeeld van die kollegialistiese sisteem gee. Dit is duidelik dat die kollegialisme 'n uitgewerkte en omlynde sisteem is wat binne die Lutherse kerklike wêreld ontstaan het in 'n poging om die posisie van die Lutherse kerke in 'n sekulêre staatsisteem te presiseer. In dié proses is die kerkbegrip, wat by Pfaff en von Mosheim nog teologiese aksente het, geleidelik al meer gesekulariseer.

Hoewel Kuyper se stellings dat die kollegialisme gebou is op die leer van die volksoewereiniteit of op die regte van vryheid en gelykheid van die individu asook die feit dat die kerk as 'n vrywillige vereniging georganiseer is, is dit beslis nie eksklusiewe, of tipies kollegialistiese opvattings nie. Die kollegialisme handhaaf inderdaad die beginsels maar die *Algemeen Reglement* het nêrens, naastenby soos die kollegialisme, die regte, vryheid of gelykheid van die individu so omskryf of bepaal nie. Die leer van die volksoewereiniteit speel buitendien in die outokraties-hiërargies gestruktureerde regeringstelsel van die *Algemeen Reglement* géén rol nie. Die *Algemeen Reglement* sien die kerk inderdaad as 'n *societas* of *genootskap* in die staatsgemeenskap, maar die opvatting is so algemeen in die Verligte denke dat dit nie as tipies van die kollegialisme of spesifiek kollegialistiese invloed, beskryf kan word nie.

Die mees tipiese kenmerke van die kollegialistiese kerkregeringstelsel kom

nie in die *Algemeen Reglement* voor nie. Die ampsopvatting van die kollegialisme, die priesterskap van die gelowiges soos die kollegialisme dit formuleer, die kollegialisme se siening van die belydenis se plek en funksie in die kerk word nie in die *Algemeen Reglement* gereflekteer nie, en ook nie die kollegialisme se siening ten opsigte van die vors nie. Die slotsom waartoe gekom moet word, is dat Kuyper se beskuldiging van kollegialisme ten opsigte van die *Algemeen Reglement* nie gehandhaaf kan word nie. Dan ontstaan die vraag uit watter denkklimaat die Algemeen Reglement dan wèl voortgekom het.

4. JD JANSSEN EN DIE ALGEMEEN REGLEMENT

Die geestelike vader van die *Algemeen Reglement* was die regeringsamptenaar Jacobus Didericus Janssen. Hy is in 1775 in 'n pastorie gebore en het ook teologie studeer en selfs 'n jaar lank as hulpprediker in sy vader se gemeente gewerk. Hy word egter in 1798 'n staatsamptenaar. Vanweë sy bekwaamheid vorder hy vinnig in die staatsdiens waar hy aanvanklik, in die Departement van Binnelandse Sake, veral met nasionale opvoeding besig is. In die tyd wat 'kerkelijke zaken' by die Departement Binnelandse Sake tuisgebring word, word Janssen daar ingedeel en het hy so die plek gevind waar hy die res van sy dienstyd sou bly. Ondanks àl die wisselinge van owerheidspersone en administratiewe verskuiwings in die staatsbestel rondom die staatsbemoeienis met kerklike sake, het Janssen op sy pos gebly en algaande al meer invloed verwerf.

Van Loon wys op die merkwaardige feit dat hoewel in 1795 deur die Nasionale Vergadering besluit is dat daar 'n totale skeiding van kerk en staat moet wees, dit nie in die staatsapparaat weerspieël word nie. Die teendeel is eerder waar en soos die opeenvolgende besture van die Bataafse Republiek, die regeringstyd van Schimmelpenninck, koning Lodewyk Napoleon en koning Willem I gegaan en gekom het, is die grense tussen kerk en staat elke keer weer nuut getrek. Die grense wat so getrek is, was meestal willekeurige grense en elke keer as daar nuwe grense getrek is, was daar ook 'n wysiging van die regte en voorregte. In dié proses kon die staat, wat in al hierdie sake die mag aan sy kant gehad het, uiteindelik alles doen wat hy wou doen. 'De revolutionaire scheiding,' so konkludeer Van Loon, 'bracht niet anders, dan een revolutionaire vermenging tot schade voor beide' (d.i. kerk en staat)[13]. Dat daar van die kant van die kerk géén beswaar was nie, spreek ook byna vanself as op die stand van die teologie gelet word. Die twee groot en botsende bewegings van die Humanisme en die Hervorming is in hierdie tyd saamgevoeg in 'n soort vae algemene en bowenal verligte christendom. Hierdie

'christendom' het die rede, die redelike, denkende vermoë van die mens verhef tot die enigste middel wat die waarheid kan vasstel. In hierdie supranaturalisme wat die onvoorwaardelike gesag van die Heilige Skrif en die openbaring van God verwerp het, het daar nie 'n hoër doelwit bestaan as om 'n regskape lewe te lei nie, want God is gereduseer tot dié god wat die deug beloon. In so 'n tyd van vermenging van gedagtes en opvattings is dit duidelik dat daar nie helder en skerp gedink kan word nie en was dit ook nie so vreemd dat die gedagte geleef het dat die organisatoriese struktuur van die kerk 'n saak is wat niks met die Heilige Skrif, die belydenisskrif of die geloof te make het nie. Dit was juis hierdie 'gaping' wat deur Janssen benut is en dit is nie so vreemd as die staat 'n organisatoriese struktuur aan 'n kerk gee wat homself verstaan as slegs 'n 'instelling ter bevordering van godsvrucht, stichting en goede zeden, een genootschap om den eeredienst te behartigen'[14]. JD Janssen, die predikantseun, het uit 'n Patriotfamilie gekom[15], dit wil sê uit dié kringe wat beïnvloed is deur die nuwere denke wat in Engeland en Frankryk na vore gekom het en 'n meer demokratiese staatsbestel wou gehad het. Hy wil nie predikant word nie vanweë die 'donker uitzigt op de bevordering in den leeraarstand'. Hy voel hom aangetrokke tot 'n 'evangelisch christendom' wat nié geknel is deur die geërfde simbole en opvattings van die ortodoksie nie en wat alle kerke kan omvat.

Ondanks die feit dat hy nie 'n baie gesonde mens is nie, het hy 'n geweldige werkkrag èn deursettingsvermoë. Dit is aan Janssen te danke dat, ondanks die wisseling van owerheidspersone en staatsinrigtings één vaste gedragslyn van owerheidsweë gehandhaaf word in die strewe om van owerheidsweë aan die kerk 'n nuwe organisatoriese struktuur te gee.

Janssen het self sy opvattings oor die kerklike orde op skrif gestel in 'n artikel met die opskrif *Over het algemeen kerkelijk regt der protestanten, in betrekking tot het staatsrecht, in toepassing daarvan op de Nederlandsche protestantsche kerk* van 1827[16]. Die uiteensetting van Janssen is van wesenlike belang om die denkklimaat waaruit die *Algemeen Reglement* voorkom, te kan beoordeel. Daarom kan dit goed wees om die argument wat Janssen voer enigsins breedvoerig weer te gee.

Janssen begin om die twee grondbeginsels van die protestantisme, soos hy dit sien, te stel. Die is dan

- vryheid van gewete[17], en
- die onafhanklikheid van die geloof van alle menslike gesag.

Dié twee beginsels lei dan, volgens Janssen, tot twee hoof-denkbeelde wat die protestantse kerklike reg as standpunt oor die verhouding van kerk en staat bepaal. Die twee hoofdenkbeelde is:

- nog 'geestelijke gezagvoerders' nog die wêreldlike gesag kan òf die gewete dwing òf die geloof bepaal nie.
- oor alles wat Christus en die apostels, wat hy as 'tolken der Godheid' aandui, geen stellige voorskrifte gegee het nie, bestaan daar 'n vrye keuse, soos byvoorbeeld oor:
  - die inrigting van die openbare erediens, behoudens die doop en nagmaal;
  - die inrigting van die kerkbestuur.

Janssen argumenteer dan dat hierdie beginsels wel aanvanklik in die Hervorming na vore gekom het, maar as gevolg van die omstandighede nie volkome tot hulle reg kon kom nie. Maar van die middel van die 18e eeu het ook die 'Evangelisch Kerkelijk regt' daarin geslaag om los te kom uit die vreemde opvattings wat dit uit die verlede saamgebring het en in hulle ware gedaante te voorskyn te tree.

Dan voer Janssen 'n historiese argument om aan te toon hoe die twee hoofdenkbeelde aanvanklik verduister is maar mettergaan in die volle lig getree het.

Ten opsigte van die beginsel van die *onafhanklikheid van die gewete en die geloof van alle menselike gesag*, stel hy dat in die kerk daar 'n lang stryd gevoer moes word teen die gees van onverdraagsaamheid en 'n skolastieke heersug wat sy oorsprong daarin het dat aan die geloofsbelydenisse, simboliese boeke en sinodale uitsprake 'n te hoë gesag toegeken is. Volgens Janssen is dit slegs maar historiese oorkondes wat hoogstens as 'n leidraad gebruik kan word.

Dat dit in die belydenisskrifte gaan om die formulering van die inhoud van die geloof en dat die stryd om die belydenisskrifte in beginsel 'n stryd om die waarheid en die regte verstaan van die Woord van God is, word deur Janssen klaarblyklik nie begryp of waardeer nie.

Naas die beklemming van die gewete en die geloof in die kerk, het dit volgens Janssen in die staat nie veel beter gegaan nie. Die vorste het hulleself allerlei mag in geloofsake toegeëien en dit het die voortgang van 'de ware Evangelische verlichting' benadeel. Dit het veral gebeur omdat die botsende kerklike rigtings die hulp van die vors gekry het om hulle teenstanders te vervolg. 'De oude zuurdesem kleefde ook de eerste Hervormers nog aan, immers Servetus werd te Genève verbrand.' Daarmee word dan sommer Calvyn se totale arbeid gediskrediteer.

Die tweede hoofbeginsel, *die vryheid van gewete*, so betoog Janssen is ook dikwels in die protestantisme verwaarloos. Hoewel die protestantisme die roomse sisteem verwerp het, het hulle wat die kerkregering betref, geen eenvormige

alternatiewe kerklike bestuur gebou nie. Maar oor die algemeen, oordeel hy, het die vorm van bestuur van die kerk, minder belangrik geword en word die vryheid van die gewete eerbiedig.

Daar kom Janssen by die sentrale argument in sy artikel en stel:

> 'Het Protestantisme, gelijk is aangemerkt, kan in geen geval eenig gezag over geweten of geloof aan den Staat toekennen, maar wel veel aan denzelven toebetrouwen wat Kerkbestuur en vormen betreft.'

Dan argumenteer hy oor die verhouding van die staat tot die kerk en gaan uit van die algemene demokratiese en natuurregtelike opvattings van die regte van die staat of volksgemeenskap as 'n geheel ten opsigte van die kerk as 'n vrywillige vereniging in die gemeenskap. Janssen stel dat alleen aan die staat self àl die magte toekom wat die gemeenskap besit en wat ook strek oor vrywillige verenigings omdat die belange van die geheel dit vereis. Die uitoefening van dié mag kom dan die vors toe of ander verteenwoordigers van die staat.

Hiervolgens het die staat oftewel die vors wat daardie reg uitoefen, ook bepaalde regte ten opsigte van die kerk. Die *ius maiestaticum* val in drie regte uiteen.

1. Die *ius reformandi*, ofwel die reg van toelating of erkenning. Die vors het die reg om byvoorbeeld 'n nuwe kerkgenootskap toe te laat of nie. Want hoewel gewete en geloof altyd vry is, is die reg op die openlike hou van eredienste en die reg om as 'n wettige kerkgenootskap op te tree, nie vanselfsprekend nie. Die algemene belang van die gemeenskap vereis dat die openlike verkondiging van sedelike en godsdienstige beginsels getoets moet word of dit nie in stryd is met die algemene sedewet en die maatskaplike orde nie. Die bestuur van 'n kerkgenootskap moet ook van so 'n aard wees dat dit nie die rus en die algemene belange van die staat te na kom nie.

2. Vervolgens het die vors 'n reg van toesig naamlik *inspectio secularis in rebus ecclesiasticis*. Die doel is om toe te sien dat die kerkgenootskappe nie die staat en die algemene belang skaad nie. Sonder om inbreuk op die godsdiensvryheid te maak, moet die vors die belange van die staat beskerm.

3. Die derde reg is die voogdyskap oor kerklike goedere te wete die *dominium emineus in bona Ecclesiastica*. Dié reg besit die vors ook oor alle welsynsorganisasie en derglike.

   Dan is daar, volgens Janssen, ook nog besondere regte wat voortvloei uit 'n nouer verband tussen staat en kerk wat in die grondwet vasgelê is of vanweë 'n verbintenis tussen die vors en 'n bepaalde kerkgenootskap. Die regte is dan die *ius advocatiae ecclesiae* oftewel die reg van 'n beskermheer wat blyk wanneer die kerkgenootskap of van sy ampsdraers deur die betaling van traktementsgelde, toelaes, en die toekenning van voorregte 'n besondere posisie in die gemeenskap beklee. Die posisie van die kerk in die staatsgemeenskap en sy regte en voorregte word dan deur middel van ooreenkomste vasgelê.

In die vroeëre gemenebes van die verenige Nederlande was die Hervormde kerk 'de Godsdienst van Staat' en daaruit het voortgevloei dat die vors die beskermheer en patroon van die kerk was. Dit het beteken dat die staat die kerk gefinansier en bevorder het. Die patronaatsregte is in daardie tyd uitgeoefen deur die Generale en Provinsiale Staten en Stede. Tog was die mag van die owerheid nie absoluut nie.

Na 'n bespreking van die veranderings wat plaasgevind het vanaf 1795 stel Janssen dat die Grondwet van 1815 die verhouding kerk en staat weer gereël het. Volgens die grondwet word vasgestel en gewaarborg -

(a) 'n onbepaalde vryheid van gewete en geloof (art 190);
(b) gelyke beskerming aan die bestaande genootskappe (art 191);
(c) gelyke voorregte aan die 'belijders van alle Godsdiensten' (art 192);
(d) die beskerming, deur die vors, van die belange van die staat, die rus van die maatskappy en die gesag van die vors.
(e) die finansiële versorging van kerkgenootskappe wat dit vroeër ontvang het (art 194).

So skep die grondwet 'n besondere verhouding tussen die kerk en die vors. Die grondwet gee dus aan die vors, so argumenteer Janssen, drie spesifieke regte ten opsigte van die kerk naamlik die regte van *toelating, toesig en voogdyskap*. Die regte behels kortliks die volgende.

1. Die reg van toelating word in art 191 van die grondwet bepaal waar alleen aan *bestaande kerkgenootskappe* gelyke regte en beskerming gegee word. Geen nuwe kerkgenootskappe mag sonder die toestemming van die koning, gevestig word nie. Hier sal die *salus publica* die maatstaf vir toelating wees.

2. Die reg van toesig oefen die vors uit kragtens art 193 en 196 van die grondwet. Nie alleen hou hy 'n wakende oog oor die kerklike bestuur nie maar hy beslis ook oor die hou van kerklike plegtighede buite kerkgeboue. Sonder die koning se toestemming mag ook nie nuwe gemeentes opgerig word of 'n nuwe leraar in diens tree nie omdat dit finansiële implikasies het.

3. Die reg van voogdyskap oor kerklike goedere en administrasie is 'n bevoegdheid om toesig te hou oor die finansies van die kerk en alle ànder instansies wat met openbare geld gefinansier word.

Ten slotte het die vors as *beskermheer (ius patronatus)* ook nog gespesifiseerde bevoegdhede oor die belange van die bevoorregte kerkgenootskappe. Dit is a) bevoegdhede ten opsigte van die finansies en spesifiek ten opsigte van die besoldiging van predikante, b) bevoegdhede om teologiese hoogleraars aan te stel en c) die handhawing en verandering van die reglemente.

As hierdie argumente van Janssen beskou word en ook gelet word op die bronne wat hy gebruik in sy uiteensetting dan word dit duidelik dat Janssen nêrens kennis geneem het van die kenmerkendste stellings en opvattings van die Duitse kollegialiste nie. Dit blyk veral daaruit dat die kollegialiste die hele gedagte van 'n kerklike staatsreg, die *ius maiestaticum* verwerp het en gestel dat die kerk nie anders in die staat ingeorden is as enige ander vrywillige vereniging nie[18]). In sy argument volg Janssen die denke van Hugo Grotius wat die *ius sacrum* nog as deel van die *ius publicum* beskou het. Die kollegialiste het veel eerder die skeiding van kerk en staat bevorder en op hierdie punt is daar géén ooreenkoms tussen Janssen en die kollegialiste nie. Daarby is dit duidelik dat Janssen ook nie die gedagte van die kollegialiste volg wat sê dat die kerk bepaalde bevoegdhede, wat hy self nie wil uitoefen nie, aan die vors kan oordra. By Janssen besit die vors as vors, kragtens die *ius maiestaticum* bepaalde bevoegdhede ten opsigte van die kerk.

Verder is dit so dat die kollegialiste nie 'n absolute skeiding maak tussen die belydenis en die kerklike struktuur soos Janssen dit doen nie en beslis nie te vinde is vir die gedagte van leervryheid wat Janssen in die kerklike struktuur indra nie. Dit hang saam met die feit dat vir die Duitse kollegialiste die belydenisskrifte die *pactum reciprocum* is waarop die kerk as vrywillige vereniging gebou word.

Daarby ontbreek by Janssen ook één van die basiese stelreëls van die kollegialisme naamlik die gelykheid van die lede terwyl die begrip gewetensvryheid by die kollegialiste 'n heeltemal ander inhoud en uitwerking kry.

Ten slotte wil die kollegialiste die vryheid van die kerk teenoor die owerheid beklemtoon terwyl Janssen presies die teenoorgestelde pad loop en die kerk, in feite, ondergeskik maak aan die vors. Dit is dus duidelik dat indien Janssen gesien word as die geestelike vader[19] van die *Algemeen Reglement* van 1816, dit kwalik aanvaar kan word dat die *Reglement* 'n kollegialistiese dokument is. Wat wel waar is, is dat hierdie dokument voortkom uit die Verligtheidsdenke waar die outonomie van die redelike mens met sy aangebore regte en vryhede, beheersend in die middelpunt staan. As daar gesoek moet word na 'n oorsprong vir die opvattings van Janssen sal dit eerder by Hugo Grotius en die Franse filosowe se opvattings gekry word as by die Duitse kollegialiste. As die *Algemeen Reglement* getipeer moet word, kan dit dus eerder bestempel word as 'n produk van die Verligtheid se denke oor die kerk as 'n vrywillige vereniging.

Hierby moet in ag geneem word dat koning Willem I, wat die *Algemeen Reglement* uitgevaardig het, ook sy visie op die kerk gehad het. In 'n studie oor *De kerk by Hendrik de Cock*, toon W van 't Spijker aan dat Willem I baie sterk gestaan het op die opvatting dat die koning as hoogste nasionale gesag daardie gesag ook op die geestelike en kerklike terrein moes uitoefen. Die *Algemeen Reglement* wat van die kerk feitlik 'n verlengstuk van die staatstruktuur gemaak het en dit vir die kerk onmoontlik gemaak het om oor sy eie belydenis te praat was, volgens Van 't Spijker, 'uitnemend geschikt om de inzichten en idealen van den koning te verwezenlijken'[20]. Want die koning wou, indien moontlik, al die kerke in Nederland saamsnoer in een groot organisasie en was van oordeel dat met 'n bietjie verdraagsaamheid dit moontlik sou wees. Daarom het die struktuur van die *Algemeen Reglement* by sy denke ingepas want daar was die belydenis heeltemal losgemaak van die organisatoriese struktuur.

As hierdie faset by die tot stand koming van die *Algemeen Reglement* ook in ag geneem word, word dit verder duidelik dat dit op 'n misverstand berus om die *Algemeen Reglement* as *kollegialisties* te tipeer. Ter wille van die wetenskaplike korrektheid sal dit beter wees om die aanduiding *kollegialisties* vir die *Algemeen Reglement* van 1816 heeltemal te vermy want dit is duidelik dat nie één van die tipiese kenmerke van die Duitse kollegialisme in die *Algemeen Reglement* verteenwoordig is nie.

5. SLOTOPMERKING

Die geskiedenis van die ontstaan, invoer en deurwerking van die *Algemeen Reglement* in die Nederlandse Hervormde Kerk, is die geskiedenis van die verwoesting wat veroorsaak is in die calvinistiese, presbiteriaal-sinodaal georganiseerde kerk in Nederland, deur die Verligtheid van die 18e en 19e eeu. Die Verligtheid het nie net daarin geslaag om die Skriftuurlik bepaalde teokratiese visie van die volksgemeenskap, die owerheid en die kerk te oorwoeker nie maar om ook in die kerk in te dring. Dit het die gevolg gehad dat ook in die kerk en in die teologie die gedagtes van die Verligtheid 'n groot rol gespeel het. Die *Algemeen Reglement* van 1816 het in die hoogty van die Verligtheid daarin geslaag om in die kerk self 'n merkwaardige gespletenheid in te dra deur die belydenis van die kerk, die uitdrukking van sy geloof, volkome los te maak van die kerklike organisasie en stelsel van kerkregering. Dié gespletenheid wat die grondliggende oorsaak word vir die afskeidings van 1834 onder leiding van Hendrik de Cock en die van 1886 van Abraham Kuyper lei in die kerk self tot 'n uiteengaan van die kerk in verskillende rigtings. Noordmans het oor hierdie saak 'n nogal spitsvondige kommentaar gelewer[21]):

> 'In 1816 is de bron te vinden van de ellende: een kerkorde, die eigenlijk een burgerlike orde over predikantstandplaatsen is. Deze orde leidde tot richtingleven. Oorspronkelijk regeerden politieke heren. Maar toen zij er genoeg van kregen, droegen zij in 1852 de zaak over aan de synode. De synode had moeten beseffen dat besturen niet haar werk is. Doordat zij het aanvaarde kon zij haar algemene functies niet meer uitoefenen ... wordt het levensverband van de kerk uit het mensenleven weggeduwd en wordt alles in het staatsverband opgezogen, dan beseft de mens pas, en dat zien wij nu, wat hij mist. Een eigen kerkelijk leven drijft het demonische uit de staat. Doch dit is alleen mogelijk wanneer de kerk zich in de belijdenis kan uitleven.'

'n Politieke orde, soos dié van 1816, wat die rus moes waarborg deur leervryheid toe te laat, het geen rus geskep nie maar grimmige stryd tussen die vrysinniges wat alles in die stryd gewerp het vir die behoud van leervryheid, die etiese rigting, die konfessionele groep en die manne van die Gereformeerde Bond. Die stryd tussen dié rigtings was in die eerste plek 'n stryd om die verstaan van die openbaring, van die sentrale boodskap van die evangelie. Dié dogmatiese stryd het egter gestol in 'n stryd tussen die rigtings, die verskillende partye waar elke party sy standpunt verabsoluteer het. So gesien was die *Algemeen Reglement* van 1816 'n mislukking wat die lewe en werk van die kerk eindeloos bemoeilik het in die bietjie meer as 130 jaar wat dit gegeld het.

Die basiese probleem is dat belydenis en kerkorde van mekaar losgemaak is,

dat geoordeel is dat inhoud en vorm niks met mekaar te make het nie. Die grenslose selfoorskatting van die mens en sy vermoëns soos dit in die denke van die Verligtheid en die rasionalistiese supranaturalisme geleef het, het die kerk duur te staan gekom en 'n sekularisasieproses in die Nederlandse kerklike wêreld aan die gang gesit wat tot vandag toe nog nie gestuit is nie. In baie opsigte het die *Algemeen Reglement* van die kerk 'n karikatuur gemaak. Hieruit blyk weer dat menslike slimmighede en pragmatisme, menslike rasionalisme en selfoorskatting, menslike beterweterigheid en verligtheid nie die middel is om die kerk van Christus op aarde in stand te hou nie. Geloof, gehoorsaamheid aan die Woord van God, die eerbiedige luister na die kerklike belydenisskrifte en die bewustheid dat die kerklike orde 'n Skriftuurlike basis en vertrekpunt het, asook 'n kennis van die tradisie is van die minimum-voorwaardes wat nodig is om positief te werk aan die opbou van die kerk. Noordmans het êrens gesê dat *kerklike denke* 'n voorwaarde is vir kerklike orde[22]). Die woord is baie waar. Aan die ander kant moet daarop gewys word dat hoewel die sinodes en ander kerklike vergaderings deur die *Algemeen Reglement* gereduseer is tot besture, het dit nie die einde geword van die geloof in Jesus Christus en die dankbare diens in sy koninkryk nie. Steeds is die Woord egter suiwer verkondig, en is die sakramente volgens hulle insetting op die vlak van die gemeente bedien hoewel die hantering van die leertug nie meer beoefen is nie. In die kerk is ook steeds 'n teologie beoefen wat getuig het daarvan dat daar met groot inspanning en erns na die Woord van God geluister is. Dit was duidelik dat hoewel die *Algemeen Reglement* die lewe van die volk van God bemoeilik het, dit nie in staat was om dit te versmoor of totaal te vervals nie. Die geskiedenis van die Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1816 is 'n waarskuwing vir elkeen wat dit bestudeer. Hier word dit duidelik dat as die kerk in sy kerkordelike denke en struktuur wegbeweeg van die aksioma dat dit Jesus Christus is wat sy kerk regeer, en dat die mens hoogstens geroep word om in die kerk, in gehoorsaamheid aan die Woord, te dien en te werk, dan bly die gevolge ook nie uit nie.

Hoewel van die negatiewe invloede van die rasionalistiese supranaturalistiese teologie van die 18e en 19e eeu, asook van die *Algemeen Reglement* deurgewerk het na die kerke in ons vaderland, was dié invloede enigermate getemper en is die nadelige gevolge ook heelwat kleiner gewees. Maar daarop sal nog ingegaan word.

6. AANTEKENINGE

1. CJH de Wet, *Die Kollegiale Kerkreg*, Amsterdam 1921.
2. CJH de Wet, *a w*, bl 88-101.

3. CJH de Wet, *a w*, bl 70 vg.
4. A Kuyper, *Tractaat van de reformatie der kerken*, Amsterdam 1884, bl 196.
5. A Kuyper, *a w*, bl 51-52 (my kursivering).
6. CJH de Wet, *a w*, bl 21 het in voetspoor van die opvattings van sy tyd Schleiermacher as die finale en groot kampioen van die kollegialisme getipeer.
7. M Dauer, *Der Kirchenbegriff und die Grundlegung kirchlicher Ordnung in der Theologie Schleiermachers*, Tübingen 1965.
8. K Schlaich, *Kollegial theorie. Kirche, Recht und Staat in der Aufklärung*, München 1969, S 14-16.
9. Die gedagte dat die kerk 'n vrye vereniging is, hang saam met die hele nuwe opvatting in die Verligtheidsdenke oor die mens. In hierdie denke is die mens van nature vry, dit wil sê sy handelinge is onafhanklik van ander mense. Terselfdertyd is daar geen verskil tussen mens en mens nie, almal is dus **gelyk**. So word *die soewereiniteit van die enkeling* geproklameer.

   Dan kom die gedagte van die natuurregtelike verdrag of ooreenkoms. Die verdrag of ooreenkoms verbind die oorspronklike, natuurlike individualisme met die verenigings of geselskappe wat ontstaan. Die grondliggende argument is dat die soewereine enkelinge bymekaarkom en deur 'n vrywillige ooreenkoms of verdrag 'n *societas* of vereniging skep wat hulle gemeenskaplike belange kan behartig. Die *societas* vind sy eenheid in die eenheid van wil wat die vrye, gelyke individue in die ooreenkoms of verdrag uitspreek. So aanvaar die individue vrywillig deur die sluiting van die verdrag ook verpligtinge teenoor die geheel.

   Op dieselfde manier as 'n *societas* ontstaan ook die staat wat 'n vereniging van 'n besondere soort is. By die vestiging van 'n staat kom daar twee verdrae na vore. In die eerste plek sluit hulle 'n verdrag en skep so 'n omvattende *societas aequalis*. Daarna word 'n verdere verdrag gesluit waarvolgens die lede van **die staat** regeerbevoegdhede oordra aan 'n vors of aan leiers. Die twee verdrae konstitueer die staat en so gesien is die gesag van die vors, die *summa potestas*, 'n suiwer menslike produk. Daarmee verwerp die Verligtheid dat die vors of owerheid sy gesag van God sou ontvang het.
10. CM Pfaff, *Academische Reden ueber das so wohl allgemeine als auch Teutsche Protestantische Kirchenrecht*, Tübingen 1742 (Nachdruck Frankfurt aM 1963), S 90 stel dat een van die vernaamste regte van elke staatsburger is dat hy die reg het om in 'n vereniging saam met ander 'n omskrewe doelwit na te jaag. Die owerheid is verplig om die vryheid te beskerm so lank die vereniging die staat nie benadeel of belemmer nie.

    Die kerk het presies dieselfde verenigingskarakter as enige ander vereniging want hierdie *consociatio hominum inter se* beteken niks meer as dat 'n groep vrye individue vrywillig bymekaarkom en deur middel van 'n verdrag of ooreenkoms hulle gesamentlike wil of voorneme uit te druk nie.

    Dit is egter belangrik om daarop te wys dat vir die kollegialiste **die soewereiniteit van die enkeling**, wat uitkom in sy gewetensvryheid en gelykheid, die grondbegrip vir hulle opvatting van die kerk as *societas aequalis* is. Niks gaan aan dié saak vooraf nie.

    Daarom verwerp hulle die opvatting dat Jesus Christus self die evangelie verkondig het, vol-

gelinge om Hom versamel het en hulle so in 'n geselskap saamgesnoer het. Dit is nie 'n *societas aequalis* nie want nou word die regte en pligte van die lidmate bepaal deur Jesus en sy navolgers se voorskrifte.

Dit is GW von Wiese, *Grundsätze des gemeinen in Teutschland ueblichen Kirchenrechts*, Göttingen 1826, S 5 wat stel dat alle godsdiens niks meer is nie as *'n oortuiging van die waarheid* wat die selfstandige mens vir homself vasstel. Die kerk is dus 'n vrywillige vereniging van mense wat oor die godsdiens saamstem, terwyl die godsdiens self bly berus op die oortuiging van die vrye individu.

11. Die verregaande individualisme van die Verligtheid wat ook in die kollegialisme weerspieël word, loop uit op die beklemtoning van *die gewetensvryheid*. Daarom word alle kerklike gesag wat sou voortvloei uit 'n absolute, geestelike gesag van die Woord verwerp want dit sou die oppergesag van die redelike denke van die mens aantas. Daarom word *die gewetensvryheid* so sterk beklemtoon. Daarom stel die kollegialiste dat die ooreenkoms van die vrye individue om 'n gesamentlike godsdiensbeoefening na te streef, net beteken dat almal saamstem oor die leerinhoud van die kerklike belydenis. Alles in die kerk bestaan kragtens hierdie *consensus*. Daarom moet die gewetensvryheid ook gehandhaaf word. Dit beteken dat die kerk ook voortdurend met 'n *consensus opinio* moet werk want nêrens mag die gewetensvryheid geknel word nie.

    Daarom is die doelwit wat die kerk as *societas aequalis* nastreef ook maar vaag en oppervlakkig want dit is nie veel meer as om God in die godsdiensoefening te vereer en dien nie en om so die ewige saligheid te verkry.

12. As dit gestel word is dit duidelik dat hier 'n totaal ander kerkbegrip funksioneer as in die reformatoriese teologie. By die reformatore word die kerk in aansyn geroep deur die verkondiging van die Woord van God en deur die geloof wat in die mens se hart gewek word. Maar in die kollegialisme gaan die enkeling-gelowige se individuele verbondenheid met God vooraf aan die kerk. Immers die kerk volg op die *mutua confoederatio* van die gelowiges.
13. JCA van Loon, *Het Algemeen Reglement van 1816*, Wageningen 1942, bl 28-29.
14. Aangehaal by JCA van Loon, *a w*, bl 42.
15. Vgl onder andere in hierdie verband AD PONT, *Nicolaas Jacobus van Warmelo, 1835-1892*, Utrecht 1955, bl 10-11.
16. As Bylae gepubliseer in die werk van CW PAPE, *Het leven en werken van JD Janssen*, 's-Hertogenbosch 1855.
17. Dit is miskien tog interessant om net 'n oomblik te let op die omskrywing van die begrip *gewete* by twee van die reformatoriese vaders. T MARUYAMA, *The ecclesiology of Theodore Beza*, Genève 1978, p 223 gee 'n omskrywing van Calvyn se opvatting. Hy stel: 'Calvin defines conscience as an awareness of divine judgment adjoined to them (men) as a witness which does not let them hide their sins but arraigns them as quilty before the judgment seat. Vgl hier Inst iv.10.3-4.

    Beza stel, volgens Maruyama: In short, along with the witness and work of the Holy Spirit, the

believer's conscience plays a positive role in maintaining the authority of Scripture, and hence, orthodoxy in Christ's Kingdom. In die reformatoriese teologie beteken gewetensvryheid dus iets anders as die outonomie van die mens want dit is eerder die uitdrukking van die verstaan van die evangelie.

18. K Schlaich, *a a O*, S 256.
19. W van 't Spijker, *De kerk by Hendrik de Cock*, Kampen 1984, bl 2.
20. W van 't Spijker, *a w*, bl 5.
21. O Noordmans, *Versamelde werken*, Kampen 1984, Dl 5, bl 678.
22. O Noordmans, *a w*, Dl 5, bl 430 vg.

Afdeling 2

Die kerk en die kerkregtelike ontwikkeling aan die Kaap 1652-1843

Hoofstuk 1

Die verhouding van die Kerk in Nederland en die Kerk in Suid-Afrika

1. INLEIDING

Op 6 April 1652 het Jan van Riebeeck aan die suidpunt van Afrika voet aan wal gesit om hier 'n verversingstasie vir die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie op te rig. Die verversingstasie het aanvanklik net één doel gehad en dit was om die handelsvlote van die VOIC wat tussen Nederland en die Oos-Indiese eilande gevaar het, van vars voedsel en water te voorsien.

Dié verversingstasie het egter, ondanks die bedoeling van die VOIC uitgegroei tot 'n nedersetting. Dit het 'n volksplanting geword, en die Afrikaner van vandag dateer sy koms na Suid-Afrika terug na Jan van Riebeeck. Saam met Jan van Riebeeck het óók die kerk na Suid-Afrika gekom en so is 6 April 1652 óók die geboortedag van die kerk in Suidelike Afrika en ontstaan die Afrikanervolk binne die ruimte van die kerk. So word die Afrikanervolk, wat hier in Suid-Afrika as 'n selfstandige en eiesoortige volk groei, 'n volk wat nooit anders as 'n gekerstende volk met 'n direkte gebondenheid aan God was nie. Die aanvanklike verversingstasie van Jan van Riebeeck het uitgegroei tot baie méér as wat die stigters van dié stasie bedoel het.

2. DIE VERENIGDE OOS-INDIESE KOMPANJE EN DIE KERK

Die VOIC het in 1602 tot stand gekom toe al die Nederlandse handelsmaatskappye wat met die Ooste handel gedryf het, in één groot organisasie saamgevoeg word. Die VOIC het by sy tot standkoming nie alleen 'n monopolie, wat die handel betref, van die Staten-Generaal gekry nie maar het ook alle owerheidsbevoegdhede ontvang in die gebiede wat deur die maatskappy ontwikkel sou word. Die voorwaarde was egter dat die VOIC se optrede en beleid deur die Staten-Generaal gekontroleer kon word[1]. In die eerste oktrooi, waarmee in 1602 die VOIC tot stand gekom het, word géén melding gemaak van die kerk of die godsdiens nie. Eers met die tweede oktrooi van 1622 is aan die Kompanjie opgedra om die 'publijcque geloof', soos dit in Nederland erken is, te beskerm[2].

Die Kompanjie wat tot stand gekom het is deur die Amsterdamse Kamer gedomineer wat een helfte van die bedryfskapitaal gestort het. Die ander deelnemende Kamers was die van Middelburg wat één-kwart en dan die Kamers van

Rotterdam, Delft, Hoorn en Enkhuizen wat elk een-sestiende van die bedryfskapitaal gelewer het[3]. Die Kompanjie is op 'n federale grondslag georganiseer. Die sentrale bestuur is beman deur 17 verteenwoordigers van die ses Kamers van die Kompanjie en hulle was die Here XVII. In die liggaam het die Kamer van Amsterdam, met agt verteenwoordigers, 'n oorwig gehad. Die Here XVII het die hoogste mag besit. Die plaaslike besture, die direksies van die Kamers, het oor plaaslike bevoegdhede beskik en het ook as uitvoerende liggame vir die Here XVII gedien.

Die Kompanjie het met sy oktrooi van 1602 'n handelsmonopolie, ten opsigte van alle ander Nederlandse handelsliggame, gekry en dit het gegeld van die Kaap die Goeie Hoop ooswaarts tot by die Straat van Magellaan. In feite het dit beteken die hele gebied van die Indiese en die Stille Oseaan. Met 'n kapitaal van 6½ miljoen gulden het die Kompanjie sy bedrywighede begin en daarmee tot in 1798 voortgegaan.

Die VOIC wat as owerheid in sy handelsgeweste opgetree het, het van die begin af die behartiging van alle godsdienstige en kerklike aangeleenthede self hanteer. Veral in Nederlands-Indië waar die kerk geplant is vanweë die vestiging van die VOIC se handelskolonies, het die VOIC opgetree as dié liggaam wat alle kerklike uitgawes gefinansier het terwyl die VOIC ook die sieketroosters en predikante wat vir hierdie diens nodig was, op sy betaalstate geplaas het. Van die begin af is alle kerklike werksaamhede ten behoewe van die amptenare en onderhoriges van die VOIC as déél van die werksaamhede van die Kompanjie beskou. Die Kompanjie het dus as beskermheer van die kerk, soos dit in Nederlands-Indië gegroei het, opgetree en sy *ius patronatus* altyd met 'n vaste hand gehandhaaf[4].

Die VOIC in Nederland het 'n wisselende verhouding met die kerk in Nederland gehad. Oor die algemeen het die Here XVII geen inmenging van die kerk in Nederland geduld ten opsigte van die kerk in Nederlands-Indië wat as gevolg van die bedrywighede van die handelsmaatskappy ontstaan en gegroei het nie[5]. Aan die ander kant het die VOIC sieketroosters en predikante vir sy skepe en kolonies nodig gehad én dit ook as noodsaaklik beskou dat sy werknemers godsdienstig versorg sou word. Aangesien die swaartepunt van die VOIC in Amsterdam geleë was, was dit vanselfsprekend dat die VOIC met die kerkraad van Amsterdam, die klassikale vergadering van Amsterdam en ook met die Provinsiale Sinode van Noord-Holland in hierdie verband sou skakel. Geleidelik was dit egter slegs die kerkraad en klassis wat in hierdie saak betrokke was[6].

Die kerkraad van Amsterdam het geleidelik dié kerklike liggaam geword wat direk met die VOIC geskakel het en ook die kanaal geword het waarlangs die kerk

in Nederland nie alleen die nodige sieketroosters en predikante aan die Kompanjie voorsien het nie, maar ook die belange van die kerklike liggame in die VOIC se handelsgeweste so goed as moontlik behartig het[7]). Die kerkraad van Amsterdam het in 1621 'n liggaam in die lewe geroep, die Deputati ad res Indicas wat as 'n kommissie van die klassis Amsterdam opgetree het. J.P. Jooste wys daarop dat die klassis Amsterdam in 1636 'n behoorlik omlynde opdrag aan die Deputati ad res Indicas gegee het[8]). Opsommenderwys stel hy dié opdrag as volg:

'1. Die eksamen van sieketroosters; hiervan moes rapport aan die klassis voorgelê word;

2. die voorstelling en aanbeveling van die predikante, proponente en sieketroosters aan die Bewindhebbers;

3. die uitdeling van die deur hulle getekende instruksies aan die predikante, proponente en sieketroosters; hiervoor het 'n vasgestelde formulier bestaan;

4. die ontvangs en opening van briewe en die versending van klassikale besluite, nadat die antwoorde eers vooraf in die klassis voorgelees en goedgekeur is;

5. die versameling van alle Acta en resolusies wat betrekking het op die Indiese Kerke, in 'n afsonderlike boek, waarin ook bogemelde formulier vir die instruksies van predikante, proponente en sieketroosters opgeneem moes word;

6. gedurige onderhandeling met die Here Sewentien.'

So het daar geleidelik 'n samewerkingsprogram tussen die Kompanjie en die kerk in Nederland ontstaan. Die kerk in Nederland het op verskillende vlakke voortdurend gehandel oor die belange van die werknemers van die Kompanjie en die kerk wat in die handelsgeweste van die Kompanjie ontstaan het. Soos J.D. Vorster dit stel[9]):

> 'Hy (dit is die kerk in Nederland) het die Kompanjie van sieketroosters en predikante voorsien, hulle geëksamineer en van instruksies voorsien, in gevalle van verontregting, moeilikhede of probleme as kampvegter opgetree, in belang van die goeie orde in die

> kerk gestry, in belang van die Gereformeerde Kerk as bevoorregte kerk opgetree, vir die suiwerheid in die leer gewaak en gehelp in die verskaffing van die Bybel en ander lektuur in die 'inlandse tale.' Met krag het hy veral vir die uitbreiding van die Indiese Kerke en hulle vryheid by die Bewindhebbers ingetree, en vir 'n Kerkorde gewerk.'

Van sy kant het die VOIC, met volle behoud van sy *ius patronatus* geweldig baie vir die kerk gedoen. Hoewel die predikante en óók die sieketroosters in diens van die Kompanjie gestaan het en gewoon as amptenare beskou is, het die Kompanjie hulle in staat gestel om hulle dienswerk te verrig tot groot voordeel van die ander amptenare en die kerk self.

So is deur die Kompanjie se optrede die kerk in sy handelsgeweste gevestig en was daar, deur bemiddeling van die Kompanjie, 'n duidelike verband tussen die kerk in Nederland en die kerk in die VOIC se handelsgeweste[10]). Slegs *die publieke kerk* in Nederland is vir die eerste eeu en 'n half in die VOIC se handelsgeweste toegelaat en hoewel die kerk steeds in 'n onderhorige posisie ten opsigte van die Kompanjie gehou is, is die werk van die kerk steeds deur dié toedrag van sake moontlik gemaak en selfs bevorder. Op die lang duur is die kerk egter deur sy posisie van onderhorigheid aan die Kompanjie benadeel en het die situasie veral tydens die agteruitgang van die Kompanjie in die 18e eeu, wél die kerk skade berokken[11]).

3. DIE SITUASIE AAN DIE KAAP

Die VOIC, die wettige owerheid in al sy handelsgeweste, het met sy stigting van 'n verversingspos aan die Kaap óók die wettige owerheid aldaar geword. Aanvanklik is beslis dat die Kaap as onderdeel van Nederlands-Indië beskou sal word en dat die Kaap onder jurisdiksie van die Hoë Regering in Nederlands-Indië sal staan[12]).

Met Jan van Riebeeck se aankoms aan die Kaap is die bestaande skeepsbestuur wat aan boord van sy skepe gegeld het, net so op die nuwe nedersetting oorgedra. As Kommandeur het Van Riebeeck opgetree as voorsitter van die Politieke Raad wat in die begin, benewens die Kommandeur bestaan het uit die sekunde, die sersant en die boekhouer terwyl 'n sekretaris die besluite opgeteken het. Sodra gesagvoerders of hooggeplaastes van besoekende skepe die Raadsvergaderinge bygewoon het, het die persoon wat die hoogste rang in diens van die Kompanjie beklee het, as voorsitter van die Politieke Raad opgetree. Vanaf 1656 het die Here XVII ook nog aan die admiraals van retoervlote uit die Ooste bevoegdhede gegee om as Kommissarisse aan die Kaap op te tree. Hulle moes dan

in Nederland verslag doen aan die Here XVII. Hulle opdragte, wat hulle in oorleg met die Kommandeur en die Politieke Raad moes opstel, was bindend vir die Kaapse Kommandeur en sy Raad[13]).

Geleidelik het die Politieke Raad en die Here XVII egter dié liggame geword wat die gang van sake aan die Kaap direk beheer het aangesien die Hoë Regering in Indië nie in staat was om dit werklik te doen nie. Hoewel dié regering van tyd tot tyd hom met die Kaap en met kerklike sake aldaar bemoei het, het hy geen daadwerklik invloed aan die Kaap uitgeoefen nie[14]). Die Politieke Raad het direk met die Here XVII in Amsterdam geskakel en volgens die opdragte wat van Nederland ontvang is, opgetree. Die Politieke Raad was dus, vir alle praktiese redes, die owerheid aan die Kaap.

Gedurende die eerste aantal jare tot 1665, het die Politieke Raad nie net oor die gewone sake seggenskap gehad nie maar ook oor alle kerklik- godsdienstige aangeleenthede. Soos Jooste dit stel[15]):

> 'Hierdie seggenskap van die Politieke Raad oor geestelike sake kon moeilik anders, want alles was hier nog in die beginstadium. Netsomin as wat daardie handjievol mense 'n afsonderlike staatsorganisasie kon vorm, net so min kon hulle oor 'n afsonderlike kerklike organisasie beskik het.'

Die seggenskap van die Politieke Raad wat aan die begin byna as vanselfsprekend gegeld het, was 'n erfenis van die situasie in Nederland waar die owerheid al meer en meer seggenskap in kerklike sake gekry het.

4. DIE BETROKKENHEID VAN DIE OWERHEID BY DIE KERK IN NEDERLAND

Sonder om baie uitvoerig op hierdie saak in te gaan, kan op die volgende belangrike momente gewys word wat ook na Suid-Afrika deurgewerk het. Die basiese stelling in hierdie verband word gegee in artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Daar word onder andere ten opsigte van die owerheid gestel:

> 'En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie, maar om ook die heilige Woordbediening in stand te hou...'

Dit was binne die teokratiese denke en die staatsopvattings van daardie dae nie vreemd nie. Tog het in die praktyk die stelling dat die owerheid die heilige *Woordbediening* in stand (moet) hou, baie probleme opgewerp. Voortdurend is van

kerklike kant getrag om die taak van die owerheid duidelik te omlyn. Geleidelik het owerhede egter al méér seggenskap in kerklike aangeleenthede gekry wat ook saamgehang het met die feit dat die kerk in Nederland as *bevoorregte kerk* gegeld het.

Oor die algemeen het die verskillende nasionale sinodes aan die owerheid bepaalde regte en pligte toegeken waar dit om aangeleenthede gegaan het waarby sowel die kerk as die owerhede belang het. Van dié sake was byvoorbeeld die hele aangeleentheid van die huwelik, die versorging van die armes deur die diakonieë, bepaalde sake in verband met die onderwys.

Tog gebeur dit wel dat daar sinodale vergaderings was wat hierin te ver gegaan het soos byvoorbeeld Dordrecht 1574 wat in art 29 bepaal dat op plekke waar nog nie vantevore 'n gemeente bestaan het nie, die magistraat geken moes word wanneer diakens gekies word.

Dordrecht 1578 art 4, bepaal selfs dat die name van predikante wat beroep is[6].

> '...sullen der ghereformeerde Ouerheyt aenghegheuen, ende voorts der Ghemeynte der tyt van veerthien daghen voorghestelt worden:...'

Die Sinode van Den Haag 1586 het in art 4 bepaal dat nie net predikante wat vir die éérste maal beroep word se name aan die owerhede voorgelê moet word vir goedkeuring nie, maar dat ook die name van diensdoende predikante wat beroep is, so voorgelê moet word. Hierdie reg om 'n beroep en die naam van 'n predikant goed te keur, het saamgehang met die feit dat die owerheid die traktemente van predikante van die bevoorregte kerk betaal het. Dan is ook die besluit oor bepaalde vaste- en biddae aan die owerhede oorgedra.

In 1586 bepaal die Sinode van Den Haag in art 34 en ook 44 dat die owerheid twee lidmate van die kerk na vergaderings van die Kerkraad kan stuur en óók na die sinodale vergadering om daar aan die besluitneming deel te neem. Dit word die begin van die sisteem van *Kommissarisse-Politiek* wat die kerklike vergaderings bywoon en dikwels die gang van die kerklike vergaderings bepaal het. Hiermee is baie duidelik aan die owerheid 'n *ius in sacra* gegee wat die kerk nie altyd ten goede gekom het nie veral as die owerheid nie dieselfde oortuigings as die kerlike vergadering het nie.

Die Sinode van Dordrecht 1618-1619 het hierdie reëlings van die kant van die kerk nie alleen so aanvaar nie maar ook nog verder bepaal dat alle besluite van die sinode aan die owerheid voorgelê moet word. In die geval van hierdie sinode

was dit begryplik want sonder die hulp van die owerheid sou al die besluite oor die afsetting van die Remonstrantse predikante geen uitvoering gehad het nie.

Van die kant van die owerhede is daar eintlik nog méér eise gestel as wat die kerk geneë was om te aanvaar. Die beginpunt hier was die owerheid se aanvaarding van die taak om die traktemente van die predikante te betaal. Dié saak is byvoorbeeld al in die Provinsie Holland in die jare 1573-1574 bepaal en gereël[17]. Die feit dat die kerk hierdie owerheidshulp aanvaar het, nieteenstaande die besluite van die Convent van Wezel dat die gemeentes sélf vir die predikante se traktemente verantwoordelik sal wees, het die beginsel van die *ius patronatus* of wel die *patronaatsreg* in die kerk gevestig. Hierdie patronaatsreg wat in 'n sekere sin 'n erfenis uit die voorafgaande roomse tyd was, het baie probleme vir die kerk besorg. Dit het daarop neergekom dat die owerhede of persone wat die middele vir die versorging van die predikant beskikbaar stel, óók omskrewe regte moet hê by die beroep en die moontlike afsetting van 'n predikant.

Die Sinode van Dordrecht 1619 het in sy na-sittings, oor hierdie aangeleentheid gehandel. Deur middel van 'n stel reëls wat die sinode opgestel het, wou die sinode dié saak binne aanvaarbare bane hou nadat dit duidelik geword het dat die owerhede nié van plan was om van sy patronaatsreg af te sien nie. In die 157e sitting het die sinode besluit[18]:

> 'Is beraadslaagd over de billijke bepalingen, waardoor het gebruik van het *jus patronatus* alzoo mocht worden omtuind, dat, de Patronen vrijgelaten zijnde, het gebruik er van de Kerken minder mochte benadeelen, en de misbruiken, zoveel mogelijk, in het toekomende verhoed.
>
> Tot dit einde is bevolen, aan de Hoog Mog. Heeren Staten-Generaal over te leveren deze volgende Artikelen, en te verzoeken, dat zij dezelve aan de respectieve Provinciën gelieven aan bevelen.
>
> 1. Dat het *jus patronatus* niemand worde toegestaan, dan die voor hunne Hoog-Mog. klaar kan doen blijken, dat hij daarvan is in deugdelijk bezit, opdat de Kerk niet te vergeefs met onnoodige lasten bezwaard worde.
>
> 2. Dat den Patronen geen ander recht gegeven worde, dan om een bekwaam persoon te presenteeren; alzoo zij zelfs onder het Pausdom geen ander recht gehad hebben.
>
> 3. Dat de Patronen de Dienaren der Kerken van zulken onderhoud voorzien, als behoorlijk is, en van gelijke Dienaren der Kerken genoten werd; zonder ooit toe

te laten, dat zij met iemand over het traktement zoo zoude handelen, alsof zij hem huurden; of zoo een presenteeren, die minder traktement voor den dienst zoude eischen.

4. Dat de presentatie geschiede binnen twee, of ten hoogste drie maanden, nadat de dienst zal begonnen hebben te vaceeren; en zoo niet, dat zij voor die reis, wegens deze nalatigheid, van het recht van presentatie zullen verstoken zijn.

5. Dat de Patronen zulk een Persoon presenteeren, die buiten alle verdenking is van ongezondheid in de leer, die ook van een goed leven is, en met zulke gaven voorzien, dat hij de Gemeente aangenaam zij, en dezelve genoegen kan geven.

6. Dat de Kerken het volle recht behouden, om den gepresenteerde Persoon te weigeren, zoo zijne gaven of manieren de Kerk niet welgevallen; opdat haar geen Predikant tegen haren dank worde opgedrongen.

7. Dat de Persoon, gepresenteerd zijnde en van de Kerk aangenomen, nadat de Classe daarvan verzekerd zal wezen, voorts naar de Artikelen der Kerkenordening in de Classe zal worden onderzocht, der Kerk voorgesteld, en in den Dienst bevestigd.

8. Dat de verschillen, zoo misschien eenige tusschen de Patronen en de Kerken over deze presentatie mochten ontstaan, bijgeleg of beslecht worden van de Classis, of van de Particulieren Synoden.

9. Dat de Patroon geen macht hebbe, om den Predikant, van hem gepresenteerd, en wettelijk in den dienste bevestigd, door zijne eigene autoriteit alleen, zonder het oordeel der Classis of Synode van zijnen dienst af te zetten.'

Met hierdie reëling is die patronaatsreg in die kerk bevestig. Dit het egter nié beteken dat dit algemene aanvaarding gevind het nie want selfs na 1619 was daar nog besware teen die patronaatsreg. Gijsbertus Voetius, 1589-1676, die groot kenner van die kerklike reg in die periode na die sinode van Dordrecht 1619, het na die patronaatsreg verwys as 'n 'roepende zonde'. In 1637 het Voetius nog 'n geskrif oor die patronaatsreg uitgegee. *Disputatio theologica de vocatione ministrorum in ecclesiis Reformatis, et de jure patronatus*, waarin hy wil aantoon dat hierdie instelling in die kerk nie alleen onregverdig en sleg is nie maar vir die kerk ten hoogste

nadelig. Sy oordeel is dat diegene wat die patronaatsreg besit, dit nié met 'n goeie gewete kan uitoefen nie. Sy belangrikste argument is dat dit nié skriftuurlik is nie en dat daar nêrens blyk dat die predikantskeuse by een persoon alleen mag berus nie. Slegs die ouderlinge het daardie reg om 'n predikant aan die gemeente voor te stel en te bevestig. Indien die patronaatsreg egter nié afgeskaf kan word nie[19],

> '...zoo dienden de leden der gemeente in het patronaatschap, als een noodzakelijk kwaad, te berusten; met hoop op betere tijden.'

Nieteenstaande hierdie én ander besware, ook van die kant van Provinsiale Sinodes, was die verskillende owerhede en persone wat die patronaatsreg gehad het, nooit geneë om daarvan af te sien nie. Oor die algemeen was die owerhede van mening dat die ampte van soveel gewig in die samelewing was, dat die owerhede nie hulle regte ten opsigte van die aanstelling en goedkeuring van aanstelling van predikante, ouderlinge en diakens uit hulle hande wou gee nie.

Vanweë die bestaan van hierdie gebruik, was dit ook vanselfsprekend dat die Here XVII dié reg ten opsigte van kerklike ampsdraers binne die struktuur van die VOIC sou handhaaf én uitoefen. Dié *ius patronatus* het sodoende déél van die kerklike lewe en struktuur aan die Kaap geword. Dit is opvallend hoe lank die owerhede hier aan daardie reg bly vashou het, dikwels tot groot nadeel van die kerk self. Dié saak het veral krities geword in die jare ná 1806 wanneer 'n Engelse en dus vreemde owerheid, dié reg ten opsigte van die kerk in die Kaapkolonie handhaaf. Eers die 19e eeuse sekularisering van die owerheid en die daarmee gepaardgaande depresiasie van die aansien van die kerk in die gemeenskap en openbare lewe, laat die owerhede afsien van hulle patronaatsreg. Gedurende die eerste eeue is die kerk egter, binne die dampkring van die teokratiese denke en lewensbeskouing, so nou aan die owerheid verbonde dat die patronaatsreg van die owerheid byna as vanselfsprekend aanvaar word.

5. DIE KERKORDELIKE STRUKTUUR WAT AAN DIE KAAP GEGELD HET

Die vraag na die kerkordelike struktuur wat aan die Kaap gegeld het gedurende die periode 1652-1804 is nie 'n vraag wat so eenvoudig is om te beantwoord nie.

Die kerklike liggaam in Nederland wat in hoofsaak gemoeid was met die kerklik-godsdienstige lewe aan die Kaap, was die klassis van Amsterdam. Vanweë die feit dat die VOIC 'n federaal-gestruktureerde organisasie was, het die klassikale vergaderings van Middelburg, Hoorn en Enkhuizen en Delft, Delftland en Schieland ook 'n bydrae gelewer. Dit was egter in hoofsaak beperk tot die

eksaminering, aanwysing en gee van instruksies aan predikante en sieketroosters vir diens by die VOIC. Daarby het hierdie vergaderings óók deur middel van korrespondensie, veral met die kerk in Nederlands-Indië, kontak met die kerklik-godsdienstige lewe binne die struktuur van die VOIC gehad. Wat die Kaap betref was die klassis Amsterdam egter die primêre vergadering gewees[20]. Die klassis Amsterdam was op sy beurt weer deel van die Sinode van Noord-Holland.

Die éérste vraag is dus watter kerkorde dáár gegeld het. Dié saak is nie so maklik nie aangesien 'n kerkorde in die Nederlandse bestel eers werklike geldigheid gehad het, as dit deur die Provinsiale Staten goedgekeur is. Kragtens die Unie van Utrecht was elke Provinsie in Nederland geregtig om self oor sy eie kerklik-godsdienstige sake te beslis. Die Staten van Holland het, as deel van die Staten-Generaal, wél die kerkorde van Den Haag 1586 goedgekeur. Maar dit was ook nie 'n finale goedkeuring nie want in 1591 is daar van owerheidsweë 'n kerkorde ontwerp wat weer, soos die ander kerkordes wat deur die owerheid opgestel is, die owerheid se seggenskap in kerklike aangeleenthede sterk benadruk het. Hierdie kerkorde het egter op sodanige kerklike weerstand gestuit dat dit ook nooit tot finaliteit gekom het nie.

Die laaste nasionale sinode wat in die presbiteriaal-sinodale sisteem gehou is, die van Dordrecht 1618-1619, het óók 'n kerkorde opgestel. Soos reeds aangetoon was dit in hoofsaak 'n redaksie van die kerkorde van Den Haag 1586 en, as dit so gestel kan word, 'n uitbreiding en finalisering van die kerkordelike beginsels wat reeds by die Sinode van Emden 1571 geformuleer is.

Daar was by die kerklike vergaderings alle hoop dat die kerkorde deur die Staten-Generaal én die verskillende Provinsiale Staten aanvaar sou word. Dit het egter maar by uitsondering gebeur. Die Provinsiale Staten van Holland, het die Dordtse Kerkorde van 1619 nooit goedgekeur nie. JP Jooste stel in hierdie verband[21]:

> 'In die State van Holland is die goedkeuring van die Kerkorde met versigtigheid te berde gebring; en na langdurige onderhandeling oor die saak, veral oor moontlike wysiginge ten gunste van die State, is dit daargelaat. Soos gesê, het die Kerk later opgehou om goedkeuring te vra.'

Formeel kon die Dordtse kerkorde van 1619 dus nié gegeld het as ordenende beginsel vir die werksaamhede van die Provinsiale Sinode van Noord-Holland en die klassis Amsterdam nie. Aan die ander kant was dit egter wél duidelik dat die kerkordenende beginsels soos vasgelê in die verskillende kerkordes van Emden

1571 tot Dordrecht 1619 in die kerk in Nederland gefunksioneer het en dat die verskillende kerklike vergaderings baie presies daarvolgens opgetree het.

Terwyl die VOIC kragtens sy oktrooi van 1622 die opdrag gehad het, die 'conservatie van het publycque geloof' én die Here XVII sélf ook hervormde gelowiges was, was dit vanselfsprekend dat die VOIC in samewerking met die kerklike vergaderings in Nederland die kerk in sy handelsgeweste wou plant, versorg en opbou.

In hierdie verband stel J.D. Vorster[22]):

> 'Die kerk het daarvoor gesorg dat die Kompanjie alleen geëksamineerde en goedgekeurde sieketroosters en gekwalifiseerde predikante in diens neem, en geywer vir die handhawing van die kerkorde. Die predikante is nie alleen deur die classis beroep en bevestig nie, maar het ook van die klassis 'n Klassikale Akte of beroepsbrief ontvang. In hierdie Akte is dit aan hulle opgedra om waar hulle hul ter diens vestig 'forme van kercke en kerckelycke regeringe na de Woorde Gods ende conform die loffelycke gewoonte van de gereformeerde kercken hier te lande' in te stel of te onderhou. Hulle moes dus die kerkorde van die kerk wat hulle uitgestuur het, onderhou en handhaaf. Waar die Bewindhebbers (van die Kompanjie) hierdie Klassikale Akte geapprobeer en mede-onderteken het, het hulle nie alleen die kerkorde eerbiedig nie, maar ook as geldig vir die kerk in hulle gesagsgebied aanvaar.'

Die probleem bly egter dan nóg staan: **watter** kerkorde moet onderhou en gehandhaaf word - aangesien daar twyfel bestaan of daar ooit 'n kerkorde formeel, met goedkeuring van die Staten, gegeld het. Aan die ander kant is dit óók waar dat die kerklike vergaderings nie ánders opgetree het as volgens die kerkordenende beginsels wat deur die opvolgende nasionale sinodes geformuleer is nie. Aangesien die Dordtse kerkorde van 1619 beskou kan word as die laaste en miskien klassieke vormgewing van daardie beginsels, kan gestel word dat hoewel die Dordtse kerkorde nooit **formeel** in die ressort van die Provinsiale Sinode van Noord-Holland gegeld het nie, dit materieel ofwel inhoudelik wel deeglik nagevolg en toegepas is. Soos J.D. Vorster by bespreking van dié aangeleentheid stel[23]):

> 'Hierdie Classis (van Amsterdam) het in die **praktyk** die Dordtse kerkorde gevolg en die predikante (aan die Kaap) moes hulle volgens Klassikale Akte daaraan hou.'

Engelbrecht stel daarteenoor dat die Dordtse kerkorde nooit aan die Kaap gegeld het nie.[23]) Dié stelling is natuurlik volkome korrek omdat dié kerkorde nooit formeel binne die ressort van die sinode van Noord-Holland gegeld het nie.

Tog bly dit waar dat die kerkordelike én kerkordenende beginsels, wat óók in die Dordtse kerkorde voorkom, en wat deel van die kerkregtelike tradisie van die 'publycque Kerk' in Nederland was, aan die Kaap nagevolg en toegepas is[24].

Die konklusie waartoe gekom kan word, is dat die beginsels van die calvinistiese presbiteriaal-sinodale kerklike orde soos dit in die jare 1568-1619 in Nederland geformuleer en gegeld het, hier aan die Kaap gedurende die periode 1652- 1795 toegepas is. Die kerk wat hier geplant en gegroei het, het binne daardie duidelik- omlynde kerklike orde gegroei en gedy en dáárdie erfenis is deel van die kerkregtelike tradisie van aldrie Afrikaanse Kerke.

6. AANTEKENINGE

1. CW Th Baron van Boetzelaer van Asperen en Dubbeldam, *De Protestantsche kerk in Nederlandsch-Indië*, Den Haag 1947, bl 2.

   J Mooij, *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Protestantsche Kerk in Nederlandsch-Indië*, Den Haag 1927-1931. Vgl ook J Mooij, *Geschiedenis der Protestantsche Kerk in Nederlandsch-Indië*, Weltevreden 1923, bl 476.
2. Vgl in hierdie verband JD Vorster, *Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie*, 1652- 1795, Potchefstroom 1956, bl 26.
3. J Mooij, *a w*, bl 22. Oor die *ius patronatus*, wat in 'n sekere sin 'n stuk erfgoed uit die voorhervormingstyd is, het die Sinode van Dordrecht ook nog in sy 157e sitting gehandel en dit probeer omlyn sodat die werk van die kerk daardeur nie belemmer sal word nie.
4. JD Vorster, *a w*, bl. 26.
5. Vgl in hierdie verband JR Callenbach, *De Betrekking van de Moederkerk tot en haar Invloed op de Indische Kerken*, artikel in *Stemmen voor Waarheid en Vrede*, Jrg 35, 1898, bl 780 vg.
6. Vgl hier die gegewens soos verstrek deur CW Th Baron van Boetselaer van Asperen en Dubbeldam, *De Gereformeerde Kerken in Nederland en de Zending in Oost-Indië in de dagen der Oost-Indische Compagnie*, Utrecht 1906, bl 47 vg. Sien ook JD Vorster, *a w*, bl 27 vg. Die Sinode van Dordrecht 1619 het in hierdie verband aan die Staten-Generaal geskryf: 'En, aangezien alle oprechte Christenen, vanwege de liefde, die ze schuldig zijn aan de zaligheid van hun naaste, en vanwege den ijver, om Gods eer onder menschen te verbreiden, gehouden zijn, alle middelen aan te wenden, die daartoe dienen; en God ons in deze landen een weg geopent heeft tot verscheidene ver afgelegene landen in de Indiën en elders, die van de kennisse des waren Gods geheel ontbloot zijn; verzoekt de voorzegde Synode ook ootmoediglijk, dat Uwe Hoog Mog. met een Christelijken ijver deze heilige zaak gelieven ter harte te nemen, en met allen ernst daarop toe te leggen, en tot dien einde zoodanige middelen te ordineeren en te bezorgen, die het allervoordeeligst en het meest geschikt zijn tot voortplanting des h. Evangelies in die landen.' Vgl.

J.H. Donner en S.A. van den Hoorn, *Acta of Handelingen der Nationale Synode*', ens. Utrecht sj, bl 948. Daar het egter nie veel van gekom nie aangesien die Staten-Generaal self geen owerheidsbevoegdhede in die handelsgebiede van die VOIC gehad het nie.

7. JD Vorster, *a w*, bl 27-28 wys daarop dat in Nederland verskillende pogings aangewend is om 'n breër kerklike liggaam in Nederland te skep om hierdie taak te vervul. Die Here XVII én die Sinode van Noord- Holland het so iets egter onmoontlik gemaak. CW Th van Boetszelaer van Asperen en Dubbeldam, *De Protestantsche Kerk*, bl 19 stel dan ook: 'Het einde is echter geweest dat van deze algemeene samenwerking niets is gekomen en het provincialisme bij de Kerken, en het eigen belang bijde Compagnie, gezegevierd hebben over het algemeen belang.'
8. JP Jooste, *Die Verhouding tussen Kerk en Staat aan die Kaap tot die helfte van die 19e Eeu*, Bloemfontein 1946, bl 41 vg.
9. JD Vorster, *a w*, bl 28.
10. Vgl in hierdie verband CW Th van Boetzelaer, *a w*, bl 183 vg asook Cal van Troostenburg de Bruijn, *De Hervormde Kerk in Nederlandsch Oost-Indië, 1602-1795*, Arnhem 1884 en ook J MOOIJ, *a w*, bl 330 vgg.
11. JD Vorster, *a w*, bl 29-36.
12. JD Vorster, *a w*, bl 35.
13. AJ Böeseken, *Jan van Riebeeck en sy Stigtingswerk 1651-1662*, artikel in AJH van der Walt, JA Wiid en AL Geyer (red), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Kaapstad sj, bl 43.
14. JD Vorster, *a w*, bl 36-37.
15. JP Jooste, *a w*, bl 48.
16. FL Rutgers, *Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw*, Den Haag 1889 bl 235.
17. JP Jooste, *a w*, bl 27.
18. JH Donner en SA van den Hoorn, *a w*, bl 936.
19. AC Duker, *Gisbertus Voetius*, Leiden 1910, Dl 2, bl 339-340.
20. JP Jooste, *a w*, bl 41, JD Vorster, *a w*, bl 26-28.
21. JP Jooste, *a w*, bl 30. Vgl ook die uitgebreide betoog by JD Vorster, *a w*, bl 83-84.
22. JD Vorster, *a w*, bl 85. My kursivering.
23. SP Engelbrecht, *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, Pretoria - Kaapstad 1953, bl 27.
24. JD Vorster, *a w*, bl 79 noem reekse van voorbeelde om daarmee aan te toon dat spesifiek die Dordtse kerkorde 1619 aan die Kaap nagevolg is. 'n Mens sou egter dieselfde argumente netso kan gebruik om aan te toon dat die kerkorde van Den Haag 1586 aan die Kaap gegeld het. Op dié betrokke punte wat Vorster noem, is daar prakties geen verskil tussen die Dordtse en Den Haagse kerkordes nie.

Hoofstuk 2

'n Oorsig van die ontwikkeling tot 1795

Die aanvanklike kerklik-godsdienstige versorging van die nedersetting van die Kaap is deur sieketroosters waargeneem, daarin bygestaan deur predikante wat die Kaap op die skepe van die VOIC aangedoen het. Die sieketroosters het aan die Kaap selfstandig gefunksioneer totdat die eerste gemeente met 'n vaste predikant in 1665 gestig is. Die sieketrooster-amp was 'n hulpdiens wat in die Nederlandse Kerk ingestel is en veral in die struktuur van die VOIC is redelik uitgebreid van hierdie dienswerk gebruik gemaak. Vanweë die feit dat die sieketrooster ook 'n rol speel in die vestigingsgeskiedenis van die kerk aan die Kaap, is dit interessant om 'n oomblik hierdie dienswerk van naderby te besien.

1. DIE SIEKETROOSTER EN SY DIENSWERK

Die oorspronge van die dienswerk van die sieketrooster lê redelik ver terug in die geskiedenis want reeds in 1572 word al na sieketroosters verwys as 'n dienswerk in die kerk[1]. J.P. Claasen wys daarop dat daar op verskillende vlakke in die kerk behoefte aan 'n hulpdiens ontstaan het. Uit daardie behoefte het die dienswerk van die sieketrooster gegroei. Die vier momente wat hy noem is[2]:

i. Die behoefte, op diakonale vlak, aan siekebesoekers en versorgers wat die predikante óók met huisbesoek moes help;
ii. die behoefte aan voorlesers in die godsdiensoefening wat ook met die voorsang hulp moes verskaf;
iii. die behoefte aan katkiseermeesters; én
iv. die behoefte aan mense om kerklike lidmate op see en land, buite die grense van Nederland, te versorg.

Uit hierdie hulpdienste, saamgevat in één persoon, kom die diens van sieketrooster na vore in die jaar 1598 wanneer die Kerkraad van Amsterdam, onder leiding van ds. Petrus Plancius, voldoen aan 'n versoek van 'n handelsmaatskappy om manne te vind wat met 'n vloot na Nederlands-Indië sou saamgaan 'om Godes Woordt tusschen weghen ende aldaer te lande te vercondighen.' Hieruit groei die gebruik om op elke skip minstens 'n sieketrooster aan te stel '... om den volcke op de Schepen te dienen met vermaninghe ende oock met den doope, soo noodigh sal wesen'[3]. Soos Claasen dit stel ten opsigte van die 17e eeu[4]:

> 'Hierdie beperkings het egter nie verhinder dat sieketroosters feitlik oral, in dorpe en stede, op skepe en in hawens, in die vloot en ook in die leër, binnelands en buitelands aangetref is nie. Trouens, in die gevestigde samelewing net soos op die voorposte, kom die sieketroosters meer en meer na vore en word hulle later feitlik deel van die aanvaarde kerklike lewenspatroon van daardie tyd.'

Wat die dienswerk van die sieketrooster betref, was daar van kerklike kant 'n duidelik-omskrewe *Beroepende Instructiefbrief voor de Siecken troosteren gaende naer O. of WI*[5]. Hiervolgens het die sieketrooster 'n vierdelige opdrag gehad:

- Hy moes die siekes onderrig, vermaan en troos met die Woord van God.
- Hy moes op vaste tye 'n godsdiensoefening hou waar benewens die sing van Psalms, 'n voorlesing uit die Bybel asook 'n preek gelees moes word. Die preek moes wees uit Heinrich Bullinger se *Decades* of Ursinus se *Kategismus* of enige ander goedgekeurde preekboek.
- Hy moes elke oggend en aand en ook voor en na ete, die versamelde 'volk' in gebede voorgaan.
- Hy moes ook by alle geleenthede, uit Gods Woord, die onwetendes in die geloof onderwys, die sondaars vermaan, en veral moes hy alle vloekery en bandelose lewe teengaan.

Belangrik was dat hy as 'n voorbeeld vir almal moet leef, hom stiptelik aan sy opdrag moet hou 'sonder dat hy hem buyten deselfs iets sal hebben aan te matighen, oock evenwel onder wat praetext, 't gene eygentlyck tot het predicampt behoort;' Die sieketrooster was dus nié 'n soort hulpprediker nie maar het 'n afsonderlike dienswerk gehad wat duidelik van dié van predikant onderskei is.

Naas hierdie kerklike omskrywing van die dienswerk het die Here XVII in 1617 en weer in 1695 'n *Instructie voor de predicanten ende siekentroosters, die hun in den dienst van de Vereenichde Oost Indische Comp.e sullen willen begeven* uitgevaardig[6]. Die dienswerk van die predikant én sieketrooster word in art 3 so omskrywe:

> 'De Predicanten ende Siekentroosters sullen vooral goede sorge dragen ende bij d'Overheden van de respective schepen en comptoiren daer sijlieden mede varen ofte te lande geleyt werden, altijts seer instantelijk ende met alle soeticheyt, ernst ende vlijticheyt, tijtlijck ende ontijdelijck aenhouden, dat de morgen-, middachs- ende avontsgebeden met behoorlijcke aendacht bij hunlieden gedaen ende bij alle 't volck, insonderheyt bij dengenen, die over d'ander gestelt sijn, sonder eenich versuym - ten waere van sieckte ofte andere nootlijcke gelegentheyt - gefrequenteert mogen werden,

als oock des Sondachs de voor - ende namiddaechse vermaningen ende andere Christelijcke oeffeningen ende gebeden, mitsgaeders oock in de weecke, so wanneer ende soo dickwijls als t'selve gevoechlijck sal kunnen geschieden.'

Daarby moes die predikant en ook die sieketroosters reëlmatig die siekes besoek, 'n voorbeeldige lewe lei en hulle moes ook reëlmatig aan die klassis wat hulle uitgestuur het, verslag doen oor hulle werk. Vir die res het die *Instructie* gehandel oor die standplaas, regte, traktemente en derglike meer van predikant en sieketrooster.

Naas hierdie omskrywings van die dienswerk van die sieketrooster was daar verdere instruksies en bepalings wat van tyd tot tyd deur die kerk en die owerheid neergelê is om dié dienswerk verder te omskryf[7]). Bo en behalwe hulle spesifiek godsdienstig-kerklike taak moes die sieketrooster ook onderwys aan die jeug gee sowel op die skepe as op land[8]).

Claasen wys daarop dat hoewel daar onder die sieketroosters eenvoudige handwerksliede, soos voormalige timmermans en loodgieters was, daar ook baie onderwysers, proponente en manne wat gestudeer het, was. So was Sibrandus Lubbertus van Emden wat later hoogleraar te Franeker word en 'n bekende teoloog was, aanvanklik ook 'n sieketrooster[9]). Dit was egter die uitsondering maar toon aan dat die sieketroosters oor die algemeen wél manne was wat met sorg en bekwaamheid hulle dienswerk verrig het.

Van kerklike kant is daar deur die predikante 'n opleiding aan voornemende sieketroosters gegee terwyl die verskillende klassikale *Deputati ad res Indicas* 'n eksamen van voornemende sieketroosters afgeneem het. Dié eksamen het veral gegaan oor die kandidaat se vermoë om te kan lees en te sing, verder oor sy kennis van die leer van die kerk én sy kennis en vermoë ten opsigte van die pastorale sorg[10]). Na aflegging van die eksamen is die suksesvolle kandidate se name aan die Here XVII voorgelê wat dan die aanstelling gedoen het. Daarna moes die sieketroosters die 'confessie, den Catechismus en de synodale canones' onderteken.

Die sieketrooster het so 'n hulpdiens in die kerk verrig en langs en saam met die bestaande ampte van predikant, ouderling en diaken gefunksioneer. Daar kan miskien 'n saak daarvoor uitgemaak word dat hy as 'n evangelis gefunksioneer het. Tog het hy, nieteenstaande die sorgvuldige omskrywing van sy dienswerk, nié 'n spesifieke of eie amp in die kerk gehad nie want hy word nêrens formeel tot sy dienswerk deur die gemeente beroep én dan bevestig nie. Hoewel Claasen 'n saak probeer uitmaak dat die sieketrooster 'n eie amp beklee het[11]), wil dit tog voorkom dat dit nie die geval was nie. Die sieketrooster was 'n hulpdiens in die kerk onder die uitsonderlike omstandighede wat in die struktuur van die VOIC gegeld het.

2. SIEKETROOSTERS AAN DIE KAAP

In die periode 1652-1866 het altesaam 52 sieketroosters aan die Kaap diens gedoen. Vir die doeleindes van hierdie oorsig kan daar uiteraard nié aan almal aandag gegee word nie. Dit gaan hier slegs om die grondslae wat dié sieketroosters gelê het en waarop later voortgebou is.

Die eerste sieketrooster wat saam met Jan van Riebeeck voet aan wal gesit het was *Willem Barentsz Wylant*. In 1656 is Wylant opgevolg deur *Pieter van der Stael*, 'n swaer van die kommandeur Van Riebeeck. Hy het aan die Kaap diens gedoen tot 1663 en word dan opgevolg deur *Ernestus Back* wat vanweë sy verslaafdheid aan drank nie so 'n gelukkige keuse was nie. Hy het in 1665 weer uit die Kaap vertrek na die Ooste. Sy opvolger was *Jan Jorisz Graa* wat egter op 7 Junie 1665 oorlede is as gevolg van koors. Skaars twee maande later kom ds. J. van Arckel as eerste predikant na die Kaap. Daarmee word ook die periode waarin die sieketroosters alléén hier diens gedoen het, afgesluit[12].

Die sieketroosters aan die Kaap was die eerste kerklik-godsdienstige versorgers van 'n gemeenskap wat in hoofsaak uit amptenare, soldate en matrose bestaan het en wat algaande uitgebrei is deur die koloniste en vryburgers. Alles het onder die bestuur van die Politieke Raad gestaan wat op sy beurt weer onder die gesag van die Here XVII en die Hoë Regering in Batavia gestaan het. Ook in kerklike sake het die owerheid hier die laaste woord gespreek.

Naas die gewone dienswerk wat deur die sieketroosters reëlmatig aan die Kaap verrig is, het daar ook gedurende die eerste dertien jaar, 'n totaal van 38 besoekende predikante aan die Kaap gepreek[13]. Wanneer daar predikante was, is die Nagmaal gevier en die doop, indien nodig, bedien want sakramentsbediening het buite die bevoegdheid van die sieketrooster gelê.

Die orde van die godsdiensoefening word uitvoerig deur Claasen beskryf en dis belangrik genoeg om dit ook hier te herhaal[14].

> 'Die sieketrooster het voor die aanvang van die erediens na die tweede gelui, die afkondigings gelees... en dan gedeeltes uit die Skrif voorgelees - natuurlik altyd die hoofstuk waaruit die leraar sy boodskap sou bring. Hierna is 'n psalm gesing, gevolg deur die oggendgebed. Aan die einde van die derde gelui het die sieketrooster wat ook as voorsinger opgetree het, nog 'n psalm opgegee. Terwyl hierdie psalm gesing is, het die predikant binnegekom... Op die kansel gaan die predikant voor met 'n kort gebed waarna hy die seën op die gemeente afbid. 'n Psalm word weer gesing, waarna die teks aangekondig word, die "exordium" (= inleiding) van die preek opgegee en 'n inleidende woord gespreek. Tydens die gebed hierna staan die manslidmate met geslote oë of hou hul hoede voor hul gesigte. Die vroue het bly sit met geboë hoofde,

soms met hul waaiers voor die gesig. Na die sing van nog 'n psalm lewer die leraar - of sieketrooster wanneer daar geen leraar was nie - die preek.

Ongeveer in die helfte van die preek het die diakens die kollekte opgeneem. Dit was glo om die predikant en gemeente 'n kans te gee om asem te skep...

Hierna het die predikant die preek voltooi. Na die beëindiging daarvan is die Doop bedien of die Nagmaal gevier. As daar huwelike was wat kerklik bevestig moes word, het dit ook dan plaasgevind, later gewoonlik by die namiddagdiens. Aan die einde hiervan is 'n lang gebed gedoen... Aan die einde hiervan is 'n laaste psalm gesing en na die uitspreek van die seën het die gemeentelede die Kerkgebou verlaat.'

In Van Riebeeck se tyd is aanvanklik net één godsdiensoefening per Sondag gehou maar later word dit normaal om óók 'n middagdiens waar die kategismus in die prediking uitgelê is, te hou. Later as daar predikante aan die Kaap is, word die sieketrooster nog reëlmatig gebruik om godsdiensoefeninge te lei as die predikant dit nie kan doen nie.

Die sieketrooster moes nie net voorgaan in alle godsdiensoefeninge nie, dit wil sê op Sondae, kerklike feesdae en verder die bid- of gedenkdae wat deur die owerheid voorgeskryf is nie, maar hy was ook besig as siekebesoeker, versorger van die armes, onderwyser van die jeug en dikwels ook as evangelieverkondiger aan die heidene. Sommige van die sieketroosters het ook vanweë hulle geletterdheid ander nuttige werksaamhede in die gemeenskap verrig[15]).

Oor die algemeen het die sieketroosters sorgvuldig binne die omskrewe bane van hulle dienswerk gebly. Dit het beteken dat hulle die gebruike en gewoontes asook die leer en orde van die kerk in Nederland hier nougeset nagevolg het. Die inrigting van die kerklik-godsdienstige gemeenskap aan die Kaap was 'n weerspieëling van die situasie wat in Nederland geheers het.

3. DIE EERSTE PREDIKANTE

Op Sondag 23 Augustus 1665 het ds. Joan van Arckel as eerste vaste predikant aan die Kaap sy eerste godsdiensoefening in die fort gehou en daarmee sy dienswerk begin. Met dié geleentheid het hy ook nege kinders gedoop.

Ds Joan van Arckel is in 1640 in Den Briel gebore. Sy teologiese studie aan die Universiteit van Leiden het hy met 'n beurs van die VOIC voltooi. In 1664 is hy deur die klassis Walcheren in Zeeland as predikant vir Nederlands Oos-Indië beroep. Nadat hy geordend is, het hy in Maart 1665 met die skip *Nieuw Middelburg*

na die Kaap vertrek waar hy in Augustus 1665 aangekom het[16]. By sy aankoms aan die Kaap tel die gemeenskap ongeveer 500-600 siele in totaal van wie die meerderheid lidmate van die hervormde kerk is[17]. Die koms van Ds van Arckel die eerste 'verblijf-predikant' aan die Kaap, bring mee dat 'n gemeente gestig word. Na goedkeuring deur die owerheid word Abraham Schut, 'n beroepsoldaat, as ouderling en Jan Reyniersz 'n seilmaker, as diaken bevestig. Die twee ampsdraers onderskryf die belydenisskrifte soos dit vereis word deur die kerkorde van Middelburg 1581 wat ten opsigte van die klassis Walcheren gegeld het.

Dit is nogal merkwaardig dat daar slegs één ouderling en één diaken verkies word want volgens die presbiteriaal-sinodale kerklike reg is daar minstens twee ouderlinge vir 'n kerkraad nodig. Selfs dán word dié getal as te gering geoordeel en moes die diakens as hulpouderlinge funksioneer[18]. Dit is egter baie duidelik dat hier nog nie sprake kan wees van 'n volwaardige kerkraad nie. Miskien is geoordeel dat dit ook nie nodig was nie aangesien die Politieke Raad in laaste instansie tóg alle besluite, ook op kerklike vlak, geneem het. Van die begin af het die reël gegeld dat die helfte van die kerkraadslede kompanjies-amptenare moes wees. Verder is die bepaling dat helfte van die diensdoende kerkraadslede, na twee jaar diens moes aftree, ook so ver as moontlik gehandhaaf.

Ds van Arckel het ook 'n eerste *Kerken-boek van de Caap van Goede Hope* aangelê waarin die resolusies, doop-, trou- en lidmaatlyste van die gemeente voorkom. Dit bevat ook die 'Kerken-handelingen van de voorvallende zaken die in deze Kaapsche gemeinte beradigt sijn.' Omdat Ds van Arckel nagelaat het om te vermeld op watter dag hy die twee kerkraadslede bevestig het, kan die presiese stigtingsdag van die gemeente nie meer bepaal word nie. Immers alleen ná die bevestiging van 'n volwaardige kerkraad kan 'n gemeente as 'n *ecclesia completa* beskou word wat in alle opsigte as verskyningsvorm van die kerk beskou kan word. In dié lig gesien, kan die gemeente Kaapstad eers as volledige kerk beskou word nadat in die tyd van Ds. Johannes de Vooght nl. op 27 Mei 1666, die kerkraad met nóg 'n ouderling en diaken uitgebrei is en dan 'n volwaardige kerkraad vorm.

Ds van Arckel het nie lank aan die Kaap diens gedoen nie want op 12 Januarie 1666 is hy aan die koors oorlede. Sy laaste werksaamheid was nog om op 2 Januarie 1666 deel te neem om die fondamentstene van die nuwe kasteel te lê.

Sy opvolger, ds *Johannes de Vooght* was op pad na Oos-Indië. Toe hy op 26 Februarie 1666 in Tafelbaai aankom, is aan hom opdrag gegee om as predikant aan die Kaap agter te bly. Ook hy het maar 'n paar maande aan die Kaap vertoef voordat hy na Nederlands-Indië vertrek het om predikant op Jaffanapatam op Ceylon, of soos dit deesdae bekend is Sri-Lanka, te word.

Daar het hy die grootste deel van sy lewe gestaan[19]. Tydens sy kort verblyf

alhier is 'n houtgebou met 'n grasdak wat voorlopig as kerkgebou ingerig is, vir daardie doel ingewy op Sondag 4 Julie 1666[20]).

Dit is nogal opvallend dat die eerste aantal predikante aan die Kaap maar baie kortstondig daar gewerk het. Ds Petrus Wagtendorp het op 31 Oktober 1666 in die Kaap aangekom en op 15 Februarie 1667 is hy skielik oorlede. Sy opvolger, ds Adrianus de Vooght het op 10 Mei 1667 in die Kaap aangekom en hoewel hy nie 'n gesonde mens was nie, het hy tot 8 Februarie 1674 aan die Kaap gewerk. Hy was die eerste predikant wat darem vir 'n hele aantal jare die gemeente aan die Kaap gedien het. Gedurende sy dienstyd is daar ook vir die eerste maal 'n pastorie aan die predikant voorsien. So is reëlmatig in die behoeftes van die gemeente voorsien en was daar bestendigheid en geleidelike groei.

4. UITBREIDING EN ORDENING VAN DIE EERSTE GEMEENTES

Die uitbreiding en groei van die kerk was in die beginjare maar stadig. Enige uitbreiding is bepaal deur die Here XVII en aanvanklik was hulle beleid om die nedersetting aan die Kaap slegs as 'n verversingspos vir die handelsvlote na en van Nederlands-Indië te gebruik. Geleidelik egter is die beleid verander en het die verversingstasie in 'n kolonie begin ontwikkel[21]), en dit het veral tydens die regeringstyd van Kommandeur Simon van der Stel, wat van 1679 in bevel was, vaart begin kry. Hierdie uitbreiding het uit die aard van die saak ook 'n uitbreiding van getalle meegebring en so het geleidelik die behoefte aan 'n beter kerklike bearbeiding vir diegene wat ver van die 'Hoofdplaats' gewoon het, na vore gekom.

Die eerste gemeente wat van Kaapstad afgestig het, was Stellenbosch wat in 1687 selfstandig geword het toe 'n eerste Kerkraad, bestaande uit een ouderling en een diaken, daar bevestig is. Aangesien daar nie dadelik 'n predikant beskikbaar was nie, het die Politieke Raad in die begin 'n sieketrooster en skoolmeester soontoe gestuur. Die sakramente sou dan kwartaalliks deur die predikant van Kaapstad bedien word.

In 1688 het 'n groep Franse Hugenote saam met 'n predikant, Ds Pierre Simond, aangekom. In 1691 het hulle die gemeente Drakenstein gevorm. In 1742 het Goewerneur-Generaal Van Imhoff, wat die Kaap aangedoen het, opdrag gegee om nog twee gemeentes te stig naamlik Zwartland en 't Land van Waveren. In 1792 is die gemeente Graaff Reinet en in 1798 die gemeente Swellendam gestig. So het die kerk geleidelik uitgebrei en het vanselfsprekend die vraag na 'n meerdere vergadering en 'n meer selfstandige ordening van die gemeentes na vore gekom.

Wat die ordening van die kerklike lewe en die eerste gemeentes betref, is dit duidelik dat dit, so ver moontlik, die Nederlandse patroon sou navolg. Dit egter dan

met inagneming van die Politieke Raad en die Here XVII wat hulle patronaatsreg ten volle uitgeoefen het.

Wat *die predikante* betref, was hulle posisie binne die struktuur van die VOIC duidelik omlyn. Alleen predikante wat deur die klassis Amsterdam, wat die sorg vir die Kaapse gemeentes gehad het, geëksamineer en aanbeveel is, is deur die Here XVII aangestel. Na sy aanstelling is hy deur die klassis beroep en bevestig vir diens in die Kompanjie se handelsgeweste.

'n Predikant het in die Kompanjie die rang van onderkoopman gehad en het die regte en voorregte wat aan dié rang verbonde was ontvang. Aan die ander kant is so 'n predikant dan nie weer beroep nie maar geplaas en verplaas soos dit die Here XVII behaag het.

Aan die Kaap het die predikant onder die gesag van die Kommandeur en die Politieke Raad gestaan. Hy moes ook 'n eed van trou aan die owerheid aflê. Die predikant is dan deur die Politieke Raad geplaas. In die gemeente is hy slegs voorgestel aangesien hy reeds deur die klassis in sy diens bevestig is. Nadat hy so voorgestel is, het hy sy intreerede gehou[22]). Die plasing en verplasing van predikante aan die Kaap het ook afgehang van die goedkeuring van die Here XVII. Dit het ook gebeur dat 'n predikant teen 'n verplasing deur die Politieke Raad na die Here XVII geappeleer het en dié appél gewen het[23]). Normaalweg was daar egter geen probleme nie maar die bestaande kerkrade het nooit die reg gehad om self predikante te beroep nie[24]).

Die kerkrade het in hierdie struktuur géén traktements- of selfs huisvesting-verpligtings ten opsigte van die predikante gehad nie.

Die ampsopdrag van die predikant is sorgvuldig omskryf deur die Klassikale Akte wat hy ontvang het en deur die algemene instruksie wat hulle van die Here XVII ontvang het. Daarvolgens was hulle oa verplig om reëlmatig aan die klassis én die Kompanjiesowerhede verslag van hulle werk en gemeentes te gee[25]).

Vorster gee die volgende tiperende beskrywing[26]):

> 'As leraar van die gemeente en voorsitter van die kerkraad het die predikant leiding gegee. Met die ouderlinge en diakens het hy die gemeente regeer, en met die ouderlinge huisbesoek gedoen, vir die suiwerheid van die leer gewaak en die tug gehandhaaf. Hy het die Woord en die Sakramente bedien en die Kategetiese onderwys behartig. Die meeste het van hulle Kerkrade goeie getuigskrifte ontvang.'

Wat die *ouderlinge en diakens* betref, was hulle ampswerk sorgvuldig omskryf in die kerklike ordes en dié is in hierdie verband nagevolg. Dit was egter by die

verkiesing van kerkraadslede waar die owerheid weer sy patronaatsreg uitgeoefen het en slegs 'n betreklike vryheid aan die gemeentes gelaat het om diegene te kies wat hulle wil.

Aanvanklik was die posisie dat kerkraadslede deur die kerkraad gekies is en daarna aan die Kommandeur en Politieke Raad voorgelê is. Nadat goedkeuring van die owerheid verkry is, is die verkose kerkraadslede in die diens bevestig.

Die Politieke Raad het dié prosedure egter gewysig deur te bepaal dat die kerkraad jaarliks twee name vir elke vakature moes voorlê waarna die Raad dan één sou kies. Hy is dan in die amp bevestig. In 1674 het die Politieke Raad egter bepaal dat wat die ouderlinge betref, die kerkraad self 'n persoon kon kies maar dan dié naam vir goedkeuring aan die Kommandeur moes voorlê[27]. Wat die diakens betref, het die keuse in die hande van die Politieke Raad gebly waarskynlik omdat die diakonie betreklike groot bedrae geld moes beheer[28]. Alle kerkraadsvergaderings is bygewoon deur 'n verteenwoordiger van die owerheid, die sg. *Politieke Kommissaris*. Sy hooftaak was om toe te sien dat die kerkraadsvergadering niks behandel wat tot nadeel van die owerheid en sy regering kan wees nie[29].

Die getal kerkraadslede word nêrens deur 'n Nederlandse kerkorde bepaal nie hoewel 'n minimum van twee ouderlinge noodsaaklik geag is. In die meeste gemeentes was dit so dat die getalle geleidelik uitgebrei het hoewel die getalle nooit groot was nie. In Kaapstad is die getal diakens egter relatief gou uitgebrei vanweë die uitgebreidheid van hulle diakonale verpligtinge omdat daar van owerheidsweë geen voorsiening was vir armversorging of die versorging van weduwees en wese nie[30]. Dit het meegebring dat die diakonie, veral in Kaapstad, reëlmatig vergader het. Oor die algemeen gesproke het die ouderlinge en diakens hulle dienswerk verrig soos dit in hierdie kerklike struktuur gebruiklik was. Naas hierdie dienswerk wat deur die ampte verrig is, is daar ook baie aandag aan die skole en die skoolmeesters gegee. Volgens die Nederlandse calvinistiese kerkordes het die kerkraad die opdrag gehad om te sorg dat daar skole is en dat die onderwys christelik sal wees[31]. Aan die Kaap het dit meegebring dat die skole feitlik kerkskole was en hoewel in 1714 'n eerste skoolordonnansie geproklameer is, konkludeer Vorster dat die skool tog 'feitlik 'n gereformeerde staatskool was'[32].

In elk van die ses gemeentes wat in die periode 1652-1795 na vore gekom het, was daar 'n behoorlike *kerkraadsvergadering*. Dié vergadering het altyd bestaan uit die predikant, ouderlinge én diakens.

Die diaken het hier dus van die begin af as 'n hulp-ouderling gefunksioneer en dit het nie voorgekom dat die kerkraad slegs uit die predikant en die ouderlinge bestaan het soos dit in Nederland gebruiklik was nie. Die kerkraadsvergadering is altyd bygewoon deur 'n Politieke Kommissaris hoewel dit in die gemeentes buite

Kaapstad nie altyd gebeur het nie. 'n Diaken het gewoonlik as skriba opgetree.

Kerkraadsvergaderings wat maandeliks in Kaapstad en in die buitegemeentes meer sporadies vergader het, het hulle normaalweg slegs met kerklike sake besig gehou. Met ander woorde dit het gegaan oor die reëling van godsdiensoefeninge, sakramentsbediening, huisbesoek, die tug en derglike meer. Alle besluite van 'n kerkraad moes eers aan die Politieke Raad voorgelê word vir goedkeuring. Die verhouding met die owerheid was so goed dat hieroor nooit probleme ontstaan het nie.

Dit is interessant om daarop te let dat die kerkraad van Kaapstad deur die Politieke Raad bo die ander begunstig is. Nie alleen moes dié kerkraad namens die ander kerkrade met die klassis van Amsterdam korrespondeer nie maar dié kerkraad moes ook, in opdrag van die Politieke Raad, soms in ander gemeentes ingryp om sake daar reg te stel[33]). Dit skep die indruk dat die kerkraad van Kaapstad op dié manier byna 'n soort metropolitaan- bevoegdheid gegee is en dit direk in stryd met die DordtseKerkorde 1619, art 84. Merkwaardig genoeg is daar nooit deur ander kerkrade hieroor beswaar gemaak nie wat die indruk skep dat hierdie basiese calvinistiese kerkordelike beginsel nie juis belangrik geag is nie.

5. DIE POGING OM 'N MEERDERE VERGADERING TE KRY.

Die moontlikheid van 'n meerdere vergadering het eers opgeduik nadat daar meer gemeentes en dus ook meer kerkraadsvergaderings was. Dan ontstaan ook die vraag om oor kerklike aangeleenthede wat 'n wyer trefkrag as die plaaslike gemeente het, te handel.

Vorster wys daarop dat 'waarskynlik op die voetspoor van art 75 van die Dordtse Kerkorde,' wat die wenslikheid beklemtoon dat in sensuursake naburige kerkrade mekaar sal raadpleeg, die Here XVII dié prosedure aanbeveel het vir die nuwe gemeente Drakenstein[34]). In 1707 het die kerkraad van Stellenbosch juis vir 'n tugsaak saamgekom met die kerkraad van Drakenstein. As 'n nadraai van hierdie vergadering skryf ds H. Beck aan die klassis Amsterdam[35]):

> 'Dewijl niet weten, waar en of den Officier doleren mogt, soo is 't dat wij niet konnen nalaten, ook dese onse handelingen bekent te maken, en UEW's hoogwijse oordeel oft goedkeuring te verwagten, waarmede UWEerws' ons ten alderhoogsten sult verpligten.
>
> Te wensen ware 't, dat wij met sulke affaires UEW's niet mogten voorkomen, of moeilik vallen; *maar dat bij wijse van vergaderinge in 't midden van ons behandelt,*

konde afgedaan, en het sentiment van één Kerkenraad door een groter vergaderinge bekragtigt worden; op dat dolerende dikwijls te eerder vergenoegt, en een particuliere Kerkenraad niet verbonden, om door een dreigement van een privaat persoon sig in staat te moeten stellen, óf bij precautie UEWs moeilik te vallen, óf, die precautie niet gebruykende, geoordeelt worden niet na reden en d'ordre der Heeren gehandelt te hebben.'

Dié saak word in 1710 verder gevoer as op 'n vergadering van die Politieke Raad, waar die Goewerneur-Generaal Joan van Hoorn voorsit en ds Joh. Marens wat hom vergesel het, die volgende voorlê[36]:

'De kerken van de Caab, die drie zijn, behooren onder één Gouvernement en Regeeringe; billijk derhalven dat correspondentie houden, en nademaal saken van belang in d'eene of andere kunnen voorvallen, die één predikant in verleegentheijd souden brengen, *is 't noodsakelijk, datter, in maniere van een classis, jaarlijx eenige bijeenkomsten* van alle drie gehouden werden in deese kerk, als hoofdplaats. De leeden kunnen zijn de gantsche kerkenraad alhier en van de twee buytenkerken, na de wijse van alle classen in Holland, den predicant en een ouderling. De tijd daartoe kan agt of veertien dagen zijn, voor ieder Avondmaal, bijzonder om saaken van twist af te doen, en wel zoo 't mogelijk is, vier maal des jaars, na de gewoonte der meeste vaderlandse classen.

Ds JG D'Ailly, die predikant van Kaapstad het egter dié voorstel van die besoekende ds Marens nie aanvaarbaar gevind nie. Daar word dan aangeteken[37]:

'Dit is ook wel oogschijnelijck een nut - en stigtig werk, voor de algemene Caabse Kerken, maar dewijl d'Eerwaarde Caabse predikant d'Ailly vermeent, sulx tegen d'intentie der Eerw. Broederen in 't vaderland te weesen, soo werd dit tot nader ordre der HoogEd. Heeren XVII en gelaaten in de presente staat, te weeten: van de Caab en Stellenbosch en Drakensteyn yder op sigselven.'

Daarmee was die saak voorlopig van die baan. Dit was weer 'n interessante voorbeeld van hoe 'n welwillende buitestaander soms 'n noodsaaklikheid beter as 'n plaaslike figuur kan insien. Dit wil voorkom asof ds D'Ailly gladnie vir hierdie saak gevoel het nie alhoewel aan die kerkraad van Kaapstad, téén die gelykheidsbeginsel van die Nederlandse calvinistiese kerkordes in, 'n oorwig op die breëre vergadering toegesê is. 'n Verdere poging in 1716 toe die kerkrade van Stellenbosch en Drakenstein weer so 'n meerdere vergadering aan die Politieke Raad voorgestel het,

is wéér deur ds D'Ailly verongeluk[38]). Van tyd tot tyd is daar egter wel op 'n ad hoc basis gesamentlike kerkraadsvergaderings gehou, veral deur die gemeentes Stellenbosch en Drakenstein. Die saak van die instelling van 'n meerdere vergadering het egter tot in 1742 gesloer toe daar skielik 'n nuwe moontlikheid ontstaan het.

In die jaar 1742 het Goewerneur-Generaal van Imhoff die Kaapkolonie besoek. Tydens dié besoek het hy ook die oosgrens van die kolonie besoek en toé self twee nuwe gemeentes gestig nl. Zwartland en 't Land van Waveren. Dit het beteken dat die grense tussen die gemeentes opnuut getrek moes word. Om dit te kan doen, het die Politieke Raad 'n vergaring van verteenwoordigers belê op 30 Augustus 1745. Hierdie vergadering is bygewoon deur ds F le Sueur van Kaapstad wat as voorsitter opgetree het saam met twee ouderlinge en vier diakens, ds S van Echten van Drakenstein met een ouderling, ds AM Meyring van 't Land van Waveren met één ouderling, en ds RA Weerman van Swartland met een ouderling. Aangesien Stellenbosch op daardie oomblik vakant was, was daar slegs 'n ouderling en diaken van dié gemeente teenwoordig. As Kommissaris-Politiek het Ryk Tulbagh die vergadering bygewoon.

Nadat die vergadering die grense van die gemeentes vasgestel het, is verder besluit[39]):

> 'Wijders wierd, om alle de ter deeser plaatse voorkomende saaken na behooren te behandelen, van seer groote noodsakelijkheyd geagt, dat alle Jaaren een Classicaale Vergadering soude worden gehouden, ende sulx op den derden Maandag van January in yder jaar, weshalven dit aan den WelEdelen Gestrengen Heer Gouverneur en E Agtb. Raad van Politie, met overgeeving deeser Resolutie, sal worden voorgedraagen, onder gedienstig versoek, dat het Haar WelEdele Agtb. behaagen mag, dezelven gunstelijk goed te keuren.'

Die Politieke Raad het hierdie versoek behandel en goedgekeur op sy vergadering van 16 November 1745 en so het die eerste meerdere vergadering van die kerk tot stand gekom[40]). Dit is uit die versoek duidelik dat die verskillende kerkrade 'n *Klassis-vergadering* tot stand wou bring. Dit het egter gou geblyk dat dié vergadering nié 'n klassis sou kon wees nie. Die eerste samekoms van die nuwe meerdere vergadering is op 17 Januarie 1746 gehou en is besluit om die klassis van Amsterdam in kennis te stel van die bestaan van hierdie vergadering[41]). Die Amsterdamse klassis was nié tevrede met die feit dat die Kaapse vergadering homself óók 'n klassis genoem het nie en stel dan[42]):

'Alleenlik gelieven UWEerw. het ons niet kwalik te nemen, dat wij in bedenkinge geven, of de benaminge van Classikale Vergaderinge, niet dient verandert te worden in die van Coetus of Conventus; gelijk die naam in alle de Buitelandsche Kerken, daar algemeen deze vergaderingen uit verscheide gemeentens sijn, in gebruik is. Niet Eerw. Broeders, omdat wij op benamingen sien, maar omdat de voorregten, volgens Synodale besluiten aan Classen gegeven sijn - nam. de praepatoria en peremptoria examina; aanstelling en bevestiging van leeraars, bysonder na de Buiten Kerken - alleen de E. Classen in het Vaderland toekomen.

Voorts versoeken en verwagten wij, van die jaarliksche Kerkelijke vergadering, een naauwkeurig berigt van de algemeene en bysondere staat der Kerken daar te lande; wij bieden ons volvaardig aan, UEerw. in alles de behulpsame hand te bieden, waarin UWEerw. onsen raadt en hulpe mogt noodig hebben, en het de algemeene stigting dier Kerken mogt vereischen.

Dit is hieruit duidelik dat die klassis Amsterdam sorgvuldig daartéén wil waak dat die gemeentes aan die Kaap niks méér sal wees as 'n uitbreiding van die kerk in die vaderland nie. Daar kan, volgens die denke van die klassis, geen sprake daarvan wees dat die gemeentes aan die Kaap enige wesenlike vooruitgang maak in die rigting van selfstandigheid nie. Daarom word gestel dat die vergadering aan die Kaap maar 'n *coetus* of *conventus* sal wees, met ander woorde 'n vergadering wat kerkregtelik géén werklike status of funksie het nie. Dit is nogal 'n merkwaardige beslissing omdat die calvinistiese kerkordes géén voorsiening vir so-iets soos 'n *coetus* of *conventus* in die struktuur van die kerklike orde maak nie. Dit dui egter ook daarop dat die stoere selfstandigheid én verantwoordelikheidsbesef, wat so kenmerkend was van die 16e en 17e eeuse kerkregering, in die agtiende eeu al sterk vervaag het. Die klassis Amsterdam, alle beginsel-uitsprake van die calvinistiese kerkordes ten spyt, dink hier in duidelike hiërargiese terme. Die Kaapse gemeentes is *ondergeskik* aan die vaderlandse gemeentes en net soos die kolonie alleen daar is ten behoewe van die koloniserende moondheid, so is en bly die koloniale gemeentes ondergeskik aan die kerk in die vaderland - nieteenstaande art 84 van die Dordtse kerkorde of art 77 van die kerkorde van Den Haag! Dit wys weer dat die formulering wat in 'n kerkorde voorkom nie altyd die werklikheid van die kerklike lewe bepaal nie. Dit is nogal interessant dat die klassis Amsterdam so wal gooi téén 'n organisatoriese selfstandig word van die kerk aan die Kaap terwyl die politieke owerheid nie sodanige besware het nie. In ieder geval is dit duidelik dat die klassis Amsterdam hier as 'n remskoen optree.

Die vergadering aan die Kaap het homself, ná die skrywe van die klassis

Amsterdam, vervolgens as 'n *Gekombineerde Kerkvergadering* aangedui[43]).
Die doel van hierdie vergadering was, soos dit met die totstandkoming gestel is:

> 'Om alle de ter deeser plaatse voorkomende kerkelijke saaken na behooren te verhandelen.'

Dié doelwit is in 1748, in 'n skrywe na die klassis Amsterdam, weer 'n keer omskrywe en wel as volg[44]):

> '... en niets anders wenschen, dan alle kerckelijke saaken in een gewenschte ruste, vrede, eenigheid en broederlijke liefde, tot eere van Gods grooten Naam, onderlinge stigtinge der gemeentens, en uytbreiding van 't rijk van Koning Jesus, kerckelijk te behandelen, en UEerws. seer gedienstig verzoeken, ons, in dese of geene voorkomende saaken met UWEerw. wijse, voorsieninge, godvrugtige raad en hulp allenzints te assisteeren.'

Die vergadering het dus maar 'n beperkte doelwit gehad en dit was om *deur onderlinge bespreking* die gemeentelike werksaamhede ordelik te laat verloop. Dit was dus nié die bedoeling gewees om 'n vergadering met *regeerbevoegdhede* in die lewe te roep nie.

As daar egter gelet word op wat die vergadering gedoen het, dan word dit duidelik dat die vergadering wél beperkte regeerbevoegdhede op homself geneem het. Vorster vat die werksaamhede as volg saam[45]).

> 'Op die vergadering is daar kennis geneem van die Acta van die Partikuliere Sinode, en is daar oor die doop van kinders en volwassenes uit die heidendom, die tug, die verhoging van die traktement van predikants-weduwees en sake rakende die verhouding van die verskillende gemeentes met mekaar gehandel. *Censura morum* is gehou, en kerkvisitasie is ingestel.'

Hieruit blyk dat die vergadering hom op die regeervlak van 'n klassikale vergadering beweeg het. Hoewel die vergadering nie 'n klassis kon wees nie, het dit tog in daardie rigting beweeg veral as ook daarop gelet word dat dit 'n vergadering was wat saamgestel is uit verteenwoordigers van die regeer-ampte van die verskillende kerkrade. Dit is interessant dat hoewel daar aanvanklik ook diakens op die vergadering toegelaat is, die vergadering uiteindelik slegs uit predikante en ouderlinge bestaan het[46]).

Nadat alles oorweeg is, kan met Vorster saamgestem word wat oor hierdie vergadering stel[47]):

> 'Dit was 'n Classikale vergadering wat onder invloed van twee beginsels nl. die patronaatsreg van die Kompanjie en die moederreg van die plantende kerk, wat albei vreemd is aan die gereformeerde kerkreg, nie tot volkomenheid gekom het nie.'

Tog was dit 'n eerste stap om die kerk aan die Kaap tot selftandigheid te bring. In 'n sekere sin is dit jammer dat dié saak nie verder deurgevoer is nie want as die kerk meer as ses dekades later wél selfstandig word, dan is dit in 'n totaal ánder kerkregtelike bedeling.

Hierdie eerste poging om 'n meerdere vergadering in te stel, het nie baie voorspoed gehad nie. In 1759 is die Gekombineerde Kerkvergadering deur die Politieke Raad ontbind. Die besluit was as volg[48]):

> '... dat de voorsz. jaarlijx gehouden werdende Gecombineerde Kerkelijke vergadering, die in den jaare 1745 op het verzoek der Bijsondere Kerken - Raaden alhier, door deese Regering is ingevoerd, in verwagting, dat deselve omtrent de voorvallende kerkelijke saaken van eenig nut soude sijn geweest, geensints aan het voorsz. oogmerk heeft koomen te voldoen, maar dat deselve inteegendeel door de daar op vallende kosten, dewelke door de Predikanten en verdere Leeden van der Kerken buyten districten, jaarlijx worden gemaakt, bevonden werd te strecken tot groot beswaar der respe. ten platten lande leggende en steeds merkelijk ten agteren blijvende kerken, dierhalven best geoordeeld en diensvolgens beslooten geworden is, dezelve Gekombineerde Kerkelijke Vergaderinge onder het goedvinden van hoogstgemelden haar WelEdelen Hoog Agtbre de Heeren Majores voor 't toekomende af te schaffen en te vernietigen...'

Die oorsaak vir hierdie ingrypende besluit van die Politieke Raad lê waarskynlik daarin dat die Gekombineerde Kerkvergadering, afgesien van sy reëlmatige korrespondensie met die klassis Amsterdam, óók met die klassis Delft en Schieland, wat in die ressort van die Provinsiale Sinode van Suid-Holland geval het, in korrespondensie getree het. Hoewel die klassis Amsterdam oor die optrede beswaard was en die Here XVII die korrespondensie met Delft en Schieland verbied het, was dit die Politieke Raad wat tot afskaffing van die Gekombineerde Kerkvergadering oorgaan. Dit gebeur waarskynlik omdat die korrespondensie nie aan die Politieke Raad voorgelê is nie[49]).

Danksy die volslae onderhorige posisie waaraan die kerk onderworpe was, was daar geen moontlikheid vir die kerk gewees om hierdie owerheidsoptrede weer ongedaan te maak nie. Hoewel die klassis Amsterdam vertoë tot die Here XVII gerig het, op versoek van die gemeente Kaapstad, en die Here XVII met die Politieke Raad oor die saak gekorrespondeer het, het die Politieke Raad voet by stuk gehou[50].

So is 'n ontwikkeling wat die kerk aan die Kaap beslis ten goede sou gekom het, in die kiem gesmoor. Die patronaatsreg wat die owerheid soveel seggenskap oor die kerk gegee het, het hier 'n hoë tol van die kerk geëis.

Voortdurend het die Politieke Raad hom met kerklike sake bemoei en Jooste wys daarop dat die Politieke Raad besluite geneem het oor die doop, veral van slawekinders. Daarby kon die kerk alleen na die goedkeuring van die Politieke Raad die nuwe psalmberyming van 1775 in gebruik neem terwyl die Politieke Raad oor verskillende tugsake, wat in die gemeentes voorgekom het, ingemeng het[51]. Dit wil voorkom dat die Politieke Raad alles in sy vermoë wou doen om te voorkom dat die kerk én die gemeentes na selfstandigheid ontwikkel. In 'n groot mate het dit maar saamgehang met die situasie in Nederland waar die kerk as bevoorregte kerk algaande al meer owerheidsbemoeienis in die kerk aanvaar en toegelaat het. Hierdie tradisie aan die Kaap dat die kerk as onderdeel van die struktuur van die VOIC volkome onderhorig was aan die gesagsliggame van die VOIC het meegebring dat die kerk ná 1795 nog steeds op die drumpel van selfstandigheid gestaan het. Dit was nie vreemd nie dat in die periode ná 1795 die kerk maar gewag het totdat die owerheid groter moontlikhede van selfstandigheid aan die kerk gegee het.

6. AANTEKENINGE

1. Vgl JP Claasen, *Die Sieketroosters in Suid-Afrika 1652-1866* Pretoria 1977, bl 22. Hierdie uitvoerige en noukeurige studie van Claasen gee die beskikbare gegewens oor die sieketrooster in 'n uitgebreide studie weer. Wat hier volg oor die diens en amp van die sieketrooster is in hoofsaak 'n kort oorname van wat reeds dáár gestel is.
2. JP Claasen, *a w*, bl 22-25.
3. Vgl in hierdie verband ook CW Th Baron van Boetzelaar van Asperen en Dubbeldam, *de gereformeerde Kerken in Nederland en de Zending in Oost-Indië in de dagen der Oost-Indische Compagnie*, Utrecht 1906, bl 241 vgg.
4. JP Claasen, *a w*, bl 27.
5. JP Claasen, *a w*, bl 262-263 waar dié stuk in sy geheel voorkom.
6. C Spoelstra, *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch- Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika*, Amsterdam - Kaapstad 1907, Dl II, bl 545-556.

7. Vgl JP Claasen, *a w*, 35 vg Interessant is hier die uitvoerige lys van boeke en hulpmiddels wat aan die sieketroosters voorgeskryf is en beskikbaar gestel is waarmee hulle hulle werk moes doen. Naas die Bybel en die Psalmboek met die berymde Psalms van Petrus Dathenus, was dit veral H Bullinger se veelgelese *Huysboeck* die Kategismus van Zacharias Ursinus soos vertaal en verwerk deur Festus Hommius, die *Huispostille* van ds Justus Bulaeus, dan ook ds Jean Taffin se *De boet-vaardicheyt des levens* en nog 'n hele reeks ander.
8. JP Claasen, *a w*, bl 45 vg.
9. JP Claasen, *a w*, bl 48.
10. JP Claasen, *a w*, bl 57.
11. JP Claasen, *a w*, bl 61 vgg.
12. Vgl SP Engelbrecht, *Die Kaapse Predikante van die Sewentiende en Agtiende Eeu*. Kaapstad - Pretoria 1952, bl 11-12.
13. JP Claasen, *a w*, bl 91.
14. JP Claasen, *a w*, bl 92-93.
15. Vgl JP Claasen, *a w*, bl 189 vg Claasen gee uitvoerige gegewens oor al die verskillende fasette van die dienswerk van die sieketrooster. Daaruit blyk wel dat hy ongeveer die hele breedte van die dienswerk van 'n predikant, veral wat die pastorale pligte betref, nagekom het. Met die verdwyning van die dienswerk van die sieketrooster het die grootste gedeelte van sy pligte teruggeval na die predikant en waar daar nié predikante was nie op die ouderling en diaken.
16. Biografiese gegewens oor Van Arckel kan gevind word by SP Engelbrecht, *a w*, bl 17-18 asook AP Smit, *Van Arckel, Joan (Johannes)*, artikel in *SA Biografiese Woordeboek*. Kaapstad-Johannesburg 1972, Dl II, bl 783.
17. Vgl HC Hopkins, *Die Moeder van ons Almal. Geskiedenis van die Gemeente Kaapstad 1665-1965*, Kaapstad-Pretoria 1965, bl 23-24.
18. Vgl Bevestigingsformulier vir Ouderlinge en Diakens: 'Nie alleen uit die voormelde woord van Christus nie, maar ook uit ander woorde van die Skrif, soos I Kor 5 en II Kor. 2, blyk dat hierdie dinge *nie by een of twee persone alleen berus nie, maar by meer wat daarvoor gestel is*. Sien ook Dordtse Kerkorde, art 38.
19. SP Engelbrecht, *a w*, bl 18-19.
20. A Moorrees, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873*, Kaapstad 1937, bl 40.
21. PJ van der Merwe, *Van Verversingspos tot Landbou-Kolonie 1662-1707*, artikel in AJH van der Walt, JA Wiid en AL Geyer, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Kaapstad sj, bl 59 vg.
22. Vgl C Spoelstra, *a w*, Dl II, bl 280 en 286, sien ook bl 444.
23. Vgl JD Vorster, *Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652-1792*. Potchefstroom 1956, bl 92-93.
24. Die situasie is min of meer analoog aan die posisie van die Diensplig kapelaan in ons huidige omstandighede. Enersyds moet die predikant, volgens die wet van die land, militêre diensplig doen en tree die SA Weerman as patroon op. Andersyds kan alléén die kerk aan die proponent

die bevoegdheid verleen om as dienaar van die Woord diensbaar te wees. Die verskil is en dit is nogal belangrik dat dit nie 'n meerdere vergadering (klassis) is wat beroep en bevestig nie maar kerkraad van 'n gemeente.

25. Vgl C Spoelstra, *a w*, Dl II, bl 545.
26. JD Vorster, *a w*, bl 95.
27. C Spoelstra, *a w*, Dl II, bl 264.
28. A Moorrees, *a w*, bl 66 vg.
29. C Spoelstra, *a w*, Dl II, bl 607 gee 'n aanhaling uit die Statute van Indië waar die taak en posisie van die Kommissaris Politiek omskryf word. Bepaalde vereistes is aan dié Kommissaris gestel. Hy moes lidmaat van die gemeente wees, hy mag nie óók ouderling wees nie en hy was, volgens 'n beslissing uit 1710 (C Spoelstra, *a w*, Dl II, bl 610) terselfdertyd ook Kerkmeester.
30. Vgl hier die uitvoerige uiteensetting van J.D. Vorster, *a w*, bl 102-103.
31. Vgl oa Dordtse Kerkorde 1619, art 21.
32. JD Vorster, *a w*, bl 106.
33. C Spoelstra, *a w*, Dl II, bl 295, Vgl in hierdie verband ook die uiteensetting van JD Vorster, *a w*, bl 111.
34. JD Vorster, *a w*, bl 111.
35. C. Spoelstra, *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch Gerefor-meerde Kerken in Zuid-Afrika*, Amsterdam 1906, Dl I, bl 43-44. My kursivering.
36. C Spoelstra, *a w*, Dl II, bl 610.
37. C. Spoelstra, *a w*, Dl II, bl 610.
38. Vgl JD Vorster, *a w*, bl 113. Ds d'Ailly was reeds in 1710 van mening dat die invoering van 'n meerdere vergadering 'tot meerder twist en verwijdering alhier zouw aanleyding geven.' (vgl C Spoelstra, *a w*, Dl II, bl 612-613). Dit wil voorkom as ds d'Ailley 'n tipiese koloniale opvatting gehad het naamlik dat 'n saak alleen in die moederland beredder kan word maar nie in die kolonie nie want die kolonie moet in alles van die moederland afhanklik bly. Dit blyk veral uit sy opmerking oor die vraag watter kerkorde aan die Kaap geld. Dan is sy opmerking: 'De Kerkenordre is genoeg na te leesen in de Acta en Post-acta van het Synode van Dordregt, dog in bysondere gevallen kan men de Eerw. buytenlandsche broederen wel om raad versoeken.'
39. C Spoelstra, *a w*, Dl II, bl 530-531.
40. C Spoelstra, *a w*, Dl II, bl 530.
41. C Spoelstra, *a w*, Dl II, bl 532. Spoelstra, bl 529, wys daarop dat die Notuleboek van hierdie vergadering verlore geraak het. Die materiaal oor hierdie vergadering wat hy in sy *Bouwstoffen* gee, is geneem uit 'n artikel van Ds M Borcherds in die *Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* van 1828 onder die titel 'Geschiedenis der Gecombineerde Kerkvergadering, gehouden in de Kaapstad, in de jaren 1745-1757.'
42. C Spoelstra, *a w*, Dl II, bl 83.
43. C Spoelstra, *a w*, Dl I, bl 219.

44. C Spoelstra, *a w*, Dl I, bl 219.
45. JD Vorster, *a w*, bl 115.
46. C Spoelstra, *a w*, bl 532, 534, 536.
47. JD Vorster, *a w*, bl 118.
48. Aangehaal by JD Vorster, *a w*, bl 119-120.
49. Vgl JD Vorster, *a w*, bl 119-120.
50. JD Vorster, *a w*, bl 121 gee al die besonderhede van die pogings wat aangewend is om die Gekombineerde Kerkraadsvergadering heringestel te kry.
51. JP JOOSTE, *a w*, bl 69 vgg. Sien ook JD Vorster, *a w*, bl 122 vg. Veral wat die tug oor predikante betref, het die Politieke Raad dié saak strak in hande gehou, waarskynlik ook omdat die predikante almal amptenare van die VOIC en dus in feite staatsamptenare was. Oor die algemeen het die Politieke Raad 'n predikant wat hom misdra het, óf na Nederland teruggestuur óf na Batavia.

Hoofstuk 3

Die einde van die VOIC-bewind en die eerste Engelse besetting van die Kaap

1. HISTORIESE OPMERKINGS

Die laaste paar dekades van die bewind van die VOIC het 'n geleidelike uitbreiding van die grense van die kolonie gesien. In 1780 is die Visrivier as die oosgrens van die kolonie vasgestel en vanweë die feit dat oos van die Visrivier die suidwaarts bewegende Bantoe hulle gevestig het, het daar voorlopig nie 'n verdere uitbreiding van die kolonie in daardie rigting plaasgevind nie. Die laaste uitbreiding van die kolonie is in 1786 verder bevestig deur die stigting van 'n drosdy op Graaff-Reinet wat die sentrum van die distrik gevorm het.

Hoewel die veeboere wat in hierdie gebied gewoon het, ver van Kaapstad en die geriewe van die beskawing was, het hulle nie geestelik en sedelik verwilder nie. Enersyds vanweë die duidelike onderskeid wat hulle getrek het tussen blank en nieblank, wat indertyd ook die skeidslyn tussen christen en heiden beteken het, was daar feitlik geen sprake van vermenging oor die kleurgrens nie. Hoewel hierdie veeboere ver weg van kerklike versorging was, het dit nié beteken dat hulle daarmee hulle christelike geloof prysgegee het nie. In die meeste gesinne is reëlmatig huisgodsdiens gehou, die berymde psalms is gesing en daar is verder gebruik gemaak van die preekboeke van 17e eeuse predikante soos Bernardus Smytegelt en Jac Groenewegen en veral Willem à Brakel se populêre uiteensetting van die leer van die kerk in sy *Redelijke Godts-dienst*. Daarby is die kinders gekatkiseer na aanleiding van verskillende vraeboeke oa die Heidelbergse Kategismus. Baie populêr was A. Hellenbroek se *Kort Begrip der Christelijken Religie*. Hierdie stigtelike literatuur wat nogal sterk klem gelê het op die gelowige se verantwoordelikheid, het nie alleen die vroomheid van hierdie grensboere bepaal nie maar ook tot in 'n hoë mate hulle lewensopvatting en lewenstyl. Soos hierdie grensboere op godsdienstige vlak selfversorgend moes wees, so het dit ook met die onderwys gegaan en is die opgroeiende geslag aan huis geleer om te lees, te skrywe en elementêre rekenkunde te doen[1)].

Hierdie agtiende eeuse veeboere wat in die oosgrens-distrikte gewoon het, het 'n nuwe geharde, aangepaste pioniersgemeenskap gevorm. Hoewel hulle miskien die een en ander van die beskaafdheid wat aan die Kaap gegeld het nie gehad het nie, was dit in hulle omstandighede ook 'n oorbodige luukse. Hier aan die oosgrens is 'n nuwe volk gevorm, saamgebind deur omstandighede en 'n gemeenskaplike kultuurbesit. Hierdie oosgrensboere ontwikkel ook 'n eie uitkyk oor die

verhouding tussen blank en nie-blank en dit, saam met sy godsdienstige opvattings, vorm die basis van die ontluikende Afrikaner-lewensopvatting.

Interessant is dat teen die einde van die 18e eeu die nuwere denkbeelde van die Aufklärung of Verligting ook na die Kaap oorwaai. So kom daar in 1778 'n naamlose geskrif in omloop wat die titel dra: *De Magt en de Vrijheden eener Burgerlijke Maatschappij verdedigd door de gevoelens der voornaamste regtsgeleerden opgedragen aan het oordeel der Caapse Burgerij*.

Hierdie geskrif wat hom beroep op die opvattings van Locke, Pufendorf, Grotius en andere, het met tipiese rasionele Aufklärungs-argumente gestel dat die heil van die volk die opperste wet in enige land moet wees. Daarom het die volk nie alleen die reg nie maar óók die plig om regeerders wat die volk benadeel, af te dank én ander te verkies. Daardie reg en plig is deur God én die natuur ingestel. Meer derglike geskrifte het die lig gesien en dit lei in 1779 selfs daartoe dat 'n Burgerpetisie in Amsterdam aan die Here XVII oorhandig is. Die relatief negatiewe reaksie van die Here XVII gee aanleiding tot die opkoms van 'n Patriot-beweging wat trag om van die VOIC as owerheid ontslae te raak en om liewer deur die Staten-Generaal self bestuur te word.

Dit is duidelik dat die Patriot-beweging aan die Kaap beïnvloed is deur die Patriot-beweging in Nederland. Aan die Kaap het hierdie beweging grotendeels 'n demokratiese beweging geword waar die regte van die volk sterk beklemtoon is. Uiteindelik lei dit tot verset in Graaff-Reinet en Swellendam waar die gesag van die VOIC afgeskud is en 'n vorm van selfregering ingevoer is.

Die oprigting van die republieke van Graaff-Reinet en Swellendam in 1795 sou seker ook in Stellenbosch navolging gevind het, as die hele beweging nie doodgeloop het met die eerste besetting van die Kaap nie. 'n Engelse vloot onder die bevel van admiraal Elphinstone, met 'n troepemag onder bevel van generaal Craig aan boord, het in Junie 1795 in Simonsbaai aangekom. Die Engelse militêre bevelhebbers het Kommissaris-generaal Sluysken gevra om hulle toe te laat om die Kaap in beskerming te neem met die oog op 'n moontlike Franse aanval. Hierdie versoek is gerugsteun deur 'n skrywe van die Stadhouer Prins Willem van Oranje wat vanweë die politieke gety in Nederland na Engeland gevlug het. Die bedoeling van hierdie Engelse optrede was om die Kaap tydelik te beset vir die duur van die Napoleontiese oorlog in Europa. Omdat Nederland in daardie situasie aan die kant van Napoleon gestaan het, is besluit om dié kolonie tydelik oor te neem sodat Napoleon nie daaruit voordeel sou kon trek nie. Sluysken het egter besluit om nie aan die versoek te voldoen nie. Sluysken se pogings om die Kaap te verdedig het egter heeltemal misluk en op 16 September 1795 is die Kaap formeel aan die Engelse bevelvoerders oorgegee. Daarmee het die gesag van die VOIC aan die

Kaap tot 'n einde gekom en die maatskappy self is aan die einde van die negentiger jare ontbind.

Met hierdie gebeure het 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van ons vaderland begin.

2. DIE ENGELSE BESETTING VAN DIE KAAP 1795-1802[2)]

Met die oorgawe is 'n formele dokument onderteken waarin die hele saak gereël is. Vir die doeleindes van hierdie betoog is slegs art 7 van belang wat gelui het[3)]:

> 'De Colonisten zullen allen haare voorregten, welke zij thands genieten, blijven behouden, zo wel als der presente Godsdienst, zonder eenige verandering.'

Dit het dus beteken dat al die verpligtings wat die VOIC gedra het om vir die kerk te sorg, die predikantstraktemente te betaal en om toe te sien dat al die predikantstandplase gevul is, nou in die hande van die Engelse bewind oorgegaan het. Dit het beteken dat die Engelse goewerneur nou die patronaatsreg oor die kerk gehad het.

Kleynhans wys daarop dat die nuwe bewind die patronaatsreg nog strenger toegepas het as die Politieke Raad in die voorafgaande tyd[4)]. Hy noem dan die volgende sake waaruit dit duidelik na vore kom.

a. Die gebruik om 'n Politieke Kommissaris na die vergaderings van die Kerkraad te Kaapstad te stuur, word gehandhaaf wanneer Rhenius deur die goewerneur, gen JH Craig, in die funksie heraangestel word[5)].
b. Die gebruik om die name van verkose ouderlinge aan die owerheid vir goedkeuring voor te lê en 'n dubbeltal name vir die amp van diaken voor te lê waaruit die owerheid dan een kies, is gehandhaaf. Hierdie gebruik wat al in die kerk verskillende male besware ontlok het, is voortgesit[6)].
c. Die goewerneur het sy reg gehandhaaf om predikante aan te stel en ook te verplaas, sonder om die betrokke kerkraad daarin te ken. Dit het in die geval van ds MC Vos gebeur wat van Roodezand verplaas is sonder dat die kerkraad daarvan geweet het[7)]. Uit die gebeure rondom ds. Vos se vertrek uit Roodezand blyk dit dat die goewerneur selfs nie geaarsel het om 'n predikant van sy gemeente los te maak en vir politieke doeleindes te gebruik nie. Hierdie presedent het in later tye ook nogal navolging gevind.
d. Die goewerneur het verder geëis dat predikante en kerkraadslede die eed van getrouheid aan die Britse koning moes aflê. Ds Aling van Stellenbosch stel in hierdie verband aan sy kerkraad op 25 Oktober 1795[8)]:

> '...dat hij in cas van weigering in zijn ambtsberoep niet zal kunnen continueren, en de verkleevdheid aan zijne Gemeynte hem op het harte drukt, zoo is het by zonder uit dezer hoofde, dat hy den Eed aan den nieuwen Souverain zal afleggen, versoekende Tevens den Broederen, dat zij hem ten aanzien van alle kwade vermoeden of naaspraak ten allen tyde maintineren mogen.'

e. Vervolgens wys Kleynhans daarop dat die goewerneur hom ook wederregtelik in kerklike aangeleenthede ingemeng het[9].

Dit alles bewys andermaal hoe 'n gevaarlike saak dit is en kan word as die kerk die patronaatsreg aan die owerheid skenk en dit aanvaar.

Dié patronaatsreg wat inderdaad 'n 'drukkende usansie' vir die kerk was, was in sekere sin nog draaglik toe die VOIC die owerheid was. Ten opsigte van die VOIC was dit nog so dat dit 'n *eie* owerheid was wat in meerdere of mindere mate in dieselfde geestes- en godsdienstige klimaat as die kerk self geleef en gewerk het. Daarby het die kerk aan die Kaap tot 1795 nog in sy onderhandelinge met die owerheid gewéét dat hy deel van die kerk in Nederland was en dus die hulp van die klassis Amsterdam kon inroep. Toe die bande met Nederland afgesny is, is die kerklike verbintenis ook, minstens tydelik, verbreek en het die gemeentes aan die Kaap, sonder 'n meerdere vergadering, feitlik weerloos teenoor die owerheid gestaan en sy seggenskap in die kerk en kerklike aangeleenthede. Die saak het gelukkig nie te ver geloop nie aangesien die Engelse besetting van die Kaap in 1802 wéér beëindig is.

Tydens die Engelse bewind was dit duidelik dat die nuwe owerheid met ander oë na die kerk gekyk het. Tydens die bewind van die VOIC het die owerheid wel ander kerkgroeperings verdra, maar hulle bestaan nie bevoordeel of aangemoedig nie. Dit was eers baie laat, teen die einde van die 18e eeu, dat die koloniste van Duitse afkoms die reg ontvang het om 'n Lutherse kerk aan die Kaap op te rig[10]. Maar selfs dan word die Lutherse gemeente nie werklik deur die owerheid erken en gesteun nie maar slegs verdra. Die Engelse bewind was nie so gesteld op die noue band met die kerk om daardeur die kerk te bevoordeel nie maar was baie meer verdraagsaam teenoor die ander kerke.

Net soos tydens die VOIC-bewind het die Engelse owerheid beheer uitgeoefen oor die plasing van predikante wat regeringsamptenare was[11]. So het die owerheid die gemeentes Graaff-Reinet en Swellendam as't ware gedwing om kerkgeboue en pastorieë op te rig voordat 'n predikant daar geplaas sal word.

'n Groot probleem vir die Engelse regering was dat hulle die plig gehad het

om predikante vir die gemeentes in die kolonie te vind. Vanweë die oorlog was dit, uit die aard van die saak, nié moontlik om predikante uit Nederland te kry nie. Gedurende hierdie periode is die getal predikante net aangevul deur ds HW Ballot, 'n Nederlander wat in 1797 uit die Ooste in die Kaap aangekom het en predikant te Graaff-Reinet word[12]. Tydens hierdie periode was daar beslis 'n tekort aan predikante en die gemeentes Waveren, Drakenstein en Graaff-Reinet moes lang rukke sonder predikante klaarkom.

Die beëindiging van die Engelse besetting het beteken dat die Kaap dan aan Nederland teruggegee is. Maar dit is dán die *Bataafse Republiek*, 'n sterk Frans-georiënteerde Nederland met 'n heeltemal ander lewensopvatting en selfs staatsfilosofie wat dan die bewind oorneem. Dié verandering in Nederland het óók beteken dat die ou calvinistiese kerklike reg deur die owerhede opsy gestoot is. Die bevoorregte kerk in Nederland het téén sy sin en sonder dat daarvoor gevra is, 'n volkome ander struktuur ontvang. Dié struktuur en ordening het voortgevloei uit die denkbeelde van die heersende Aufklärung of Verligting, 'n filosofie wat eksklusief op die redelike vermoë van die mens gebou was en wat die geopenbaarde waarheid wat die kerk verkondig alleen aanvaar het vir so ver dit nie met die rede gebots het nie.

Die verskuiwing in Nederland wat daartoe gelei dat daar 'n nuwe kerklike ordening, die Algemeen Reglement van 1816 met sy opvolgende reglemente, aan die kerk opgelê is deur Koning Willem I, het ook na die kolonie deurgewerk. Reeds voor die situasie in Nederland tot finaliteit gekom het, het die Bataafse bewind die ou bedeling wat tot 1795 aan die Kaap gegeld het, verander.

3. AANTEKENINGE

1. Vgl in hierdie verband DW de Villiers, *Reisbeskrywings as Bronne vir die Kerkgeskiedskrwing van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika tot 1853*. Kampen 1959, bl 143 vg.
2. Die volledige verhaal kan nagelees word by H Giliomee, *Die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind*, Kaapstad-Pretoria 1975.
3. GM Theal, *Records of the Cape Colony 1793-1796*. London 1901, bl 129.
4. EPJ Kleynhans, *Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1795-1962*, DD-dissertasie, Universiteit van Stellenbosch 1973, bl 23.
5. EPJ Kleynhans, *a w*, bl 18-20.
6. EPJ Kleynhans, *a w*, bl 20.
7. EPJ Kleynhans, *a w*, bl 21. Vgl ook in hierdie verband MC Vos, *Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en Lotgevallen van Michiel Christiaan Vos*, Amsterdam 1824, bl 130-131 waar hy stel: De brave Gouverneur, in dien tijd, verlegen zijnde met de geschillen, welke toen in het verafgelegene District, Graaff-Reinet genaamd, tusschen de landslieden en hunne Magistraat plaats

hadden, ... sloeg mij voor ... dan toch ten minste weder een reis derwaarts te willen aanvaarden, om te zien, of ik met mijn prediken enz. niet meer goeds (dit waren zijne eigene woorden) aldaar ter herstelling van de rust konde uitwerken, dan zijne Excellentie, door zijne politieke en militaire magt, tot hiertoe had kunnen doen. Het laatste nam ik aan, en kreeg de noodige Gouvernement-spapieren, om spoedig over den weg geholpen te worden.

8. Aangehaal by EPJ Kleynhans, *a w*, bl 21.
9. EPJ Kleynhans, *a w*, bl 22-23.
10. Vgl in hierdie verband JW PONT, *Het Ontstaan van de Luthersche Gemeente in Kaapstad*, artikel in *Jaarboek der Vereeniging voor Nederlandsch-Luthersche Kerkgeschiedenis*, Amsterdam 1910, bl 87 vg.
11. H Giliomee, *a w*, bl 225.
12. RFM Immelman, *Heinrich Wilhelm Ballot, 1766-1814*, artikel in WJ de Kock (red), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Kaapstad 1968, Dl I bl 49.

Hoofstuk 4

Die Bataafse bewind 1803-1806 en J.A. de Mist se Kerklike ordonnansie van 1804

1. DIE KAAP WEER IN NEDERLAND SE HANDE.

Op 1 Oktober 1801 is 'n voorlopige ooreenkoms in London tussen Frankryk en Engeland geteken. Daarvolgens sou Nederland weer sy kolonies, wat deur Engeland verower is, terugkry. Dit het beteken dat die Bataafse bewind in Nederland planne moes beraam om die kolonies oor te neem en te bestuur. Aangesien die VOIC in 1798 ontbind is, kon die liggaam nie meer funksioneer nie. In die plek van die VOIC is 'n *Commité tot de zaken van den Oost- Indischen Handel* aangestel. In Mei 1800 is hierdie liggaam vervang deur die *Raad van Aziatische Zaken en bezittingen*. Hierdie Raad was, volgens sy opdrag, verantwoordelik vir die bestuur, die regspleging en die verdediging van die kolonies en ook moes hulle die inkomste uit dié kolonies administreer.

JA de Mist was 'n lid van die *Raad van Aziatische Zaken* en op 10 Desember 1801 het hy 'n uitvoerige verslag oor die Kaap en sy administrasie voorgelê. Die verslag was getitel: *Memorie, houdende de consideratiën en advys van het Departement tot de Indische Zaaken omtrent den voet en wyze waarop de Regering van de Caab de Goede Hoop, eventueel zal behooren te worden ingericht*. Dit was op grond van hierdie verslag dat De Mist opdrag gekry het om die Kaap weer van Engeland oor te neem en om alle noodsaaklike reëlings dáár te tref.

Op 28 Maart 1802 is die vredesverdrag tussen Engeland en Frankryk te Amiens geteken. Dit het beteken dat die *Raad van Aziatische Zaken* dus handelend kon optree.

JA de Mist as Kommissaris-Generaal en saam met hom JW Janssens wat aangestel is as die permanente Goewerneur-Generaal van die Kaap het toe na die Kaap vertrek om die kolonie oor te neem. Op 21 Februarie 1803 is die Nederlandse vlag in Kaapstad gehys. Op 1 Maart 1803 het De Mist goewerneur Janssens, die nuwe Politieke Raad en die Raad van Justisie ingestel om so die owerheid van die kolonie te vorm. Die Kaap was nou feitlik 'n provinsie van Nederland en het 'n staatkundige eenheid met Nederland gevorm. Dit was in baie opsigte 'n beter reëling as dié van die VOIC toe die Kaap aan die bewind van Batavia onderhorig was. Op hierdie stadium het daar ongeveer 22 000 blankes, 25 000 slawe en 10 000 Hottentotte aan die Kaap gewoon. Die grense van die kolonie was soos Lord Macartney dit in Julie 1798 vasgestel het[1]: 'die Visrivier tot by Kagaberg en van daar oor die Tarkaberg langs die Bamboesberge en die Suurberg na Van Plettenberg se

baken: en die noordgrens van laasgenoemde baken oor Groot Tafelberg na die Nuweveldberge, onder die noordelike hange van hierdie bergreeks en van die Roggeveldberge om die bolope van die Sak-, die Riet- en die Visrivier in te sluit; oor Kubiskowkop na die Buffelsrivier en sy mond.'

De Mist moes vir hierdie uitgestrekte kolonie reëlings tref. Allereers moes hy aan ekonomiese sake aandag gee, hy moes die handelsbeleid vasstel, onderwys en godsdiens moes aandag kry terwyl die probleme aan die oosgrens ook baie beslis aandag gevra het.

2. BIOGRAFIESE EKSKURS: JA DE MIST, 1749-1823[2)]

Jacob Abraham Uitenhage De Mist is op 30 April 1749 te Zaltbommel in Nederland gebore as seun van ds AL de Mist en afkomstig uit 'n ou Nederlandse geslag. Hy studeer regte aan die Universiteit van Leiden en promoveer daar in 1768. Reeds in 1766 word hy as die junior stadsekretaris van Kampen aangestel en maak in diens van die stad goeie vooruitgang.

Na die totstandkoming van die Bataafse Republiek word hy deur die owerheid benoem as lid van die *Comité voor de coloniën en bezittingen aan de kust van Guinea en Amerika*. In Mei 1795 word hy verkies as lid van die Nasionale Vergadering wat 'n nuwe grondwet moet opstel vir Nederland na die ontbinding van die Staten-Generaal en die vlug van Stadhouer Prins Willem V na Engeland.

As lid van die Nasionale Vergadering speel De Mist 'n belangrike politieke rol en bepleit in die Nasionale Vergadering 'n gedesentraliseerde, federalistiese staatstruktuur in teenstelling tot 'n te sterk eenheidstruktuur, wat veral onder Franse invloed voorgestel word. Reeds in dié tyd stel De Mist sy opvatting oor die verhouding van die owerheid en die kerk. Murray omskryf dit so[3)]:

> '... en verset hy hom in 1796 en 1797 teen die nasionalisering van kerklike goedere tydens die amptelike skeiding van kerk en staat.
>
> Hierdie skeiding staan De Mist voor uit praktiese oorwegings en omdat hy alle vorme van alleenreg afkeur. Teen die Fransgesinde opvatting dat die staat by die skeiding van die kerk en staat geen verantwoordelikheid vir godsdiens en sedes aanvaar nie, verset De Mist hom sterk. Die staat moet na sy mening die kerk beskerm teen openbare wanorde en moet godsdiensonderrig bevorder, hoewel die kerke self hul amptenare moet besoldig. Daarby het die staat egter die reg om te eis dat die kerk niks verkondig wat die openbare sedes ondermyn nie, terwyl die staat nie andersins in kerklike sake mag ingryp nie.'

Hierdie siening wat saamhang met De Mist se hele politieke opvatting bepaal in later tyd ook sy optrede aan die Kaap. In ieder geval het De Mist se weerstand téén die Frans-geïnspireerde eenheidstruktuur van die staat hom nie altyd ewe aanvaarbaar gemaak nie. Sy weerstand kan nie verhinder dat die Franse denke uiteindelik triomfeer nie.

In Augustus 1800 word hy benoem as lid van die Asiatiese Raad om die 'boedel' van die VOIC te beredder. Sy uitnemende werk hier en sy rapport oor die toekomstige landsadministrasie aan die Kaap, bring sy benoeming as Kommissaris-Generaal vir die Kaap mee.

De Mist werk teen 'n geweldige tempo aan die Kaap en lê die grondslae vir sy beleid neer. Hoewel hy, danksy die politieke ontwikkelings in Europa, steeds werk onder die wolk van 'n moontlike tweede Engelse besetting van die Kaap, gaan hy nogtans positief en doelgerig voort.

In September 1804 lê hy sy amp as Kommissaris-Generaal neer en dra alle verantwoordelikhede aan Gen. Janssens oor terwyl hy homself toewy aan die skryf van sy rapport. In Februarie 1805 keer hy na Nederland terug.

In Nederland het De Mist nog verskillende hoë posisies beklee. Hy word in 1807 lid van die Raad van State en in 1814 is hy lid van die vergadering wat 'n nuwe grondwet vir die Koninkryk van Nederland moet opstel.

In 1823 is De Mist oorlede te Voorburg en in die Nederlands Hervormde Kerkgebou te Voorburg begrawe.

De Mist se werk aan die Kaap het in baie opsigte 'n blywende invloed gehad en is dit noodsaaklik om méér aandag aan sy werk, veral aan die Kaap, te gee. Die feit dat De Mist 'n amptenaar van die Bataafse Republiek en 'n vooraanstaande Vrymesselaar was, beteken dat sy werk en sy reëlings aan die Kaap soms eensydig veroordeel word[4]).

Dit is duidelik dat De Mist deur ánder gedagtes en ideale beweeg word as die calvinistiese teokrasie. Tog is De Mist nié 'n aanhanger van die rewolusionêre denke van die gesekulariseerde Franse Rewolusie nie hoewel sy denke beïnvloed word deur die opvattings van die deur-en-deur rasionalistiese Aufklärung. Murray wat 'n uitvoerige studie aan De Mist se politieke filosofie gewy het, wys daarop dat De Mist 'n kontinuiteit gesoek het met die tradisionele politieke beginsels wat in Nederland gegeld het en in die Unie van Utrecht 1579 tot uitdrukking gekom het. De Mist was dus nie rewolusionêr in sy denke nie maar wil die ou politieke beginsels, ingeklee in die eie tydse terminologie en begrippe, probeer handhaaf. Vir De Mist was die politieke stryd in Nederland 'n stryd waar dit gaan om die herstrukturering van die samelewing. Enersyds was daar die Franse rewolusionêre denke

wat die demokrasie wil gebruik om 'n strak eenheidstaat te vorm met 'n duidelike gesentraliseerde gesag en beslissingsmag. Daarteenoor staan De Mist se ideaal van 'n pluralisties-gestruktureerde staat en gemeenskap waar die verskillende liggame, korporasies en derglike meer wat die gemeenskap vorm, op die basis van juridiese kontrakte met mekaar saamgevoeg is en waar die reg die hoogste gesag sal hê[5]). Hoewel dit in hierdie verband nie nodig is om uitvoerig by De Mist se opvatting van die staat, die gemeenskap, die natuurlike reg en derglike meer stil te staan nie, is dit wél noodsaaklik om in die verbygaan daarop te let. Dit is veral nodig omdat De Mist met sy reëling aan die Kaap hom deur hierdie beginsels laat lei en sodoende grondliggende besluite neem wat in Suid-Afrika van blywende betekenis was[6]). De Mist se beslissings is belangrik omdat die begrip van *die staat* wat oppermagtig is en reg het om oor alle dinge besluite te neem en alles te reël, dan nog betreklik nuut is. Die VOIC en die Nederlande was nog georganiseer vanuit die uitgangspunt dat die volksgemeenskap uit verskillende kleiner groothede, korporasies edm, bestaan wat deur middel van 'n *pactum*, 'n *foedus* of kontrak met mekaar verbind is[7]). Dit is hierdie struktuur wat in mindere of meerdere mate aan die Kaap geplant is en wat deur die sentraliserende tendense van die rewolusionêre demokrasie van die Franse rewolusiedenke bedreig is. Daardie rewolusionêre demokrasie het nêrens werklik gelei tot 'n volksregering nie maar vanweë sy sentralisering van mag en gesag tot óf 'n een-man diktatuur óf tot die diktatuur van 'n oligargie. De Mist wil aan die Kaap nié die tipiese Franse rewolusionêre demokrasie vestig nie. Terwyl dit noodsaaklik is om die bestaande gemeenskap en sy struktuur te wysig, wil De Mist nie die kontinuïteit en die verband met die verlede afsny nie.

De Mist begin om die verhouding van Nederland tot die Kaap te omskryf. Allereers sien hy die Kaap as deel van Nederland. Die koloniste sal dus dieselfde burgerregte, vryhede en privileges hê as die burgers van Nederland. Daarby is die verhouding tussen Nederland en die Kaap 'n kontraktuele verband waardeur Nederland beskerming en hulp aan die Kaap verleen terwyl die Kaap sy produkte aan Nederland sal verkoop en Nederlandse skepe sal voorsien van wat hulle nodig het. Murray vat die beginsels waarvolgens De Mist oordeel en wat sy beslissings aan die Kaap bepaal as volg saam[8]):

> 'The basic assumption - sometimes expressed, often tacitly underlying policy - is clearly that the instituted magistrates, such as the Governor, the Council of Policy, the Council of Justice, the Auditing and Accounting Chamber, the Landdrosts and Heemraden, had the task not merely of maintaining the law but of caring for the people within their jurisdiction. So the Governor must care for the religious interests of the community and for education. Citizens as well as the government must assist educa-

> tional effort, and the arts and sciences deserve the support of the government. Commissioners are to make frequent visits to the interior to report on amenities and progress: on roads and communications, on agriculture, on forest stations and animal husbandry. *The basis of the policy was clearly a principle which in the modern world would be called paternalism on the part of the government.* Actually, it was the application of the ancient tradition in government theory that the corporation or the inferior magistrates must care for their people and had the duty of protecting their interests against exploitation and domination by some outside power. *The government of the body politic was not to achieve power but to institute a system to maintain rights and liberties*, as the Vindiciae's magistrates of yore.

Dit is duidelik dat De Mist in sy denke wel beïnvloed is deur Hugo Grotius, die groot Nederlandse regsgeleerde, maar dat hy net soos Edmund Burke die staatsfilosofieë van Hobbes, Rousseau, Bodin en ander filosowe van die Aufklärung nié aanvaar nie.

Hoewel dit so is dat De Mist in die terminologie van die Aufklärung werk, is hy ook nie 'n tipiese voorbeeld daarvan nie behalwe dáárin dat hy in al sy denke 'n *diesseitige* vertrekpunt het. Dit beteken dat De Mist die begrip van die algemene of natuurlike religie sondermeer aanvaar en daarom die christendom slegs sien as 'n verbesondering daarvan. Juis dáárom kan De Mist ook geen werklike onderskeid maak tussen calvinisties, luthers en rooms nie en kan hy die Vrymesselary met sy saamgestelde 'god' aanvaar as 'n sintese van die beste van die bestaande godsdienste.

Vanweë sy opvattings en sy beklemtoning van die pluralistiese gemeenskap kan en wil De Mist nie die kerk as 'n bestaande 'korporasie' in die gemeenskap benadeel nie maar, vanuit sy siening van die sorg wat die staat het vir alle organisatories-bestaande groothede, die kerk bystaan en bevorder. Dit wil hy veral doen omdat die kerk, as godsdienstige gemeenskap, juis dáárdie morele en sedelike waardes by sy lidmate kweek wat vir die voortbestaan van die staat onontbeerlik is. Dit kan gestel word dat De Mist se reëlings aan die Kaap, ook ten opsigte van die kerk, vir die kerklike gemeenskap nuwe perspektiewe geopen en ontwikkelingsmoontlikhede geskep het wat onder die VOIC nie moontlik was nie. Dat die kerk van die Afrikaner as 'n selfstandige grootheid so in ons vaderland gegroei het en in die Afrikanervolk so 'n duidelike staanplek gevind is, is ook vir 'n deel te danke aan JA de Mist se werksaamhede.

3. JA DE MIST EN DIE KERK

As De Mist aan die Kaap kom, is die posisie van die kerk nie baie rooskleurig nie. In die kerk was daar allerlei interne spanninge terwyl op stoflike vlak die kerk se posisie maar redelik benard was[9]). Daarby het die kerk as 'n geheel nog géén vaste, oorkoepelende organisatoriese struktuur gehad nie en daarby het die kerk nog steeds gebuk gegaan onder die onderhorige posisie wat dit in die tyd van die VOIC gehad het. Dié onderhorige posisie van die kerk aan die Kaap het in 'n mate saamgehang met die Nederlandse situasie waar die kerk vanaf 1586 al toegelaat het dat die owerhede al meer en meer seggenskap in die kerk gekry het. Tog is die kerk aan die Kaap in sy groei en vooruitgang gestrem deur die patronaatsreg wat die VOIC en die Politieke Raad met 'n vaste hand gehandhaaf het. Daarby was die kerk klaarblyklik ook nie daarop ingestel om, veral in die grensdistrikte, aan sy verspreid-wonende lidmate dié aandag te gee waarop hulle geregtig was nie. Dit alles het meegebring dat die kerk eintlik nie in staat was om dié rol in die gemeenskap te vul wat van die kerk verwag kan word nie.

Dit was te verwagte dat De Mist in 1804 ook die veranderings wat inmiddels in Nederland voltrek is, sou reflekteer. In Nederland het die Bataafse Republiek natuurlik die ou Republiek van die Verenigde Nederlande vervang en die Bataafse Republiek was, na die Franse model, 'n 'neutrale staat,' met ander woorde 'n staat wat hom nie gebind ag deur die waarheid en waardes van die geopenbaarde Woord van God nie. Op 5 Augustus 1796 het die Nasionale Vergadering van die Bataafse Republiek besluit om die wetgewing so te verander dat daar nié meer 'n bevoorregte kerk sal wees nie. Die besluit het gelui[10]):

> 'Alzoo de vernietiging van het oude stelsel eener heerschende of bevoorregte kerk en de afscheiding der kerk van den staat reeds opgesloten lag in de erkentenis der regten van den mensch en burger en van de grondbeginselen van vrijheid, gelijkheid en broederschap, welke in den naam van het volk van Nederland openlijk en plegtig is afgekondigd, - hebben wij besloten, dat niet alleen geene bevoorregte of heerschende Kerk meer kan of zal geduld worden, maar dat ook alle plakkaten en resolutiën der gewezene staten generaal, uit het oude stelsel der vereeniging van kerk en staat geboren, zullen worden gehouden voor vernietigd.'

Terselfdertyd is bepaal dat die belasting wat betaal is ten behoewe van die bevoorregte kerk, waardeur die ampsdraers van die kerk besoldig is, ook afgeskaf word. Dit het meegebring dat al die ampsdraers van die bevoorregte kerk, wat tot op daardie stadium uit die staatskas besoldig is, nou nie meer hulle traktemente van die staat sou ontvang nie.

Die enigste ligpunt was dat met die herroeping van alle bestaande reëlings ten opsigte van die kerk óók 'n einde gekom het aan die drukkende patronaatsregte wat in so baie opsigte die vryheid van die kerk gekortwiek het.

Hierdie nogal vergaande reëling het egter nie krag van wet gekry nie. Met die totstandkoming van die eerste grondwet van die Bataafse Republiek in 1798 is die beginsel van skeiding tussen kerk en staat egter wel deurgevoer. Dit was oor die algemeen 'n moeilike periode vir die kerk en eers met die meer gematigde grondwet van 1801 wat aan die bestaande kerke die behoud van hulle bestaande regte toegesê het en die gebruik van hulle vroeëre inkomste gewaarborg het, kom daar 'n bietjie meer bestendigheid. Dit is egter opvallend dat die Nederlandse Hervormde Kerk, wat so lank bevoorregte kerk was, nie daarin kon slaag om in hierdie situasie self 'n inisiatief te ontplooi en vir die kerk 'n voordeel uit die veranderde omstandighede te put nie. Die onmag van die kerk het inderdaad die owerheid uitgenooi om self ten behoewe van die kerk reëlings te tref[11]).

Die nuwe owerheid wat De Mist nou aan die Kaap skep, was uit die aard van dié situasie 'n neutrale owerheid en dit kon, na die voorbeeld van Nederland beteken dat die kerk nie meer aansprake op owerheidsteun het nie. Hoewel die kerk, in beginsel, in hierdie situasie verlos sou word van die knellende patronaatsreg van die owerheid was die daarmee saamgaande finansiële onafhanklikheid egter 'n saak van kommer omdat die kerk nié daarvoor georganiseer was nie. Dit was egter duidelik dat 'n vinnige en rewolusionêre verandering vir die kerk méér probleme as voordele sou meebring.

As De Mist aan die Kaap aankom, is sy beginselstandpunt oor die posisie van die kerk reeds geformuleer in verskillende toesprake wat hy in die Nederlandse Nasionale Vergadering gehou het. Murray omskryf De Mist se beginselstandpunt as volg[12]):

> '.....De Mist had consistently maintained that the central authority in the body politic derived from its constituent members and thus was a limited authority. So De Mist had argued that the church as church was independent of the state, standing by itself within its own rights and functions, and that it stood in reciprocal external relations to the central political authority. Thus the government had not the right to interfere in church doctrine. He had argued that disestablishment should not be interpreted as an anti-religious act and that to maintain the equal rights of the ecclesiastical corporation was a matter not of toleration but of rights.'

Dat De Mist óók aan die Kaap versoek is om iets aan kerklike situasie te doen, blyk uit twee versoekskrifte wat aan De Mist voorgelê word. Allereers was daar 'n memorie van die Lutherse kerkraad van Desember 1803[13]).

In sy memorie vra die Lutherse kerkraad dat die onderdrukkende maatreël wat deur die vorige owerhede ten opsigte van die Lutherse Kerk geneem is, opgehef moet word. Hulle versoek aan De Mist is[14]):

> 'dat de Luth. Kerk moet geconsidereerd worden als de Kerken in Europa, als ook op de nieuwe Staatsregeling van het Bataafsch Volk ootmoedig te verzoeken: Om eene Revisie van alle de tegen de Luth. Gemeente deezer plaats succesivelyk genoomene besluiten der Regeering, en om eene vast stelling van de aan haar onder het tegenwoordig bestier competeerende rechten en vryheden.'

Daarnaas het die Kaapstadse Kerkraad ook op 9 April 1804 'n memorie voorgelê. In dié memorie het die Kerkraad alleers geste1[15]):

> 'Hy wend zig daarom tot Uw Commissaris Generaal, met nedrig verzoek dat hy neevens de Kerken in de buyten Districten het zelve recht mag genieten van voortaan eene vrye Nominatie en Electie te hebben, zoo wel van Diaconen, als den Ouderling, op dien voet als in het gemeenebest.'

Die tweede saak wat aangeroer was, was die instelling van 'n meerdere vergadering wat as volg gestel is[16]):

> 'Nog kan den Kerken Raad niet voorby by deese gelecgenheid aan te merken toe hy van tyd tot tyd meer en meer begind in te zien de Noodzaakelykheyd die er is om in deese Landen te hebben eene Gecombineerde Kerkvergaadering bestaande uyt Predicanten en Ouderlingen zoo van deese Hoofdplaats als der buyten Districten ten minsten eenmaal in 't jaar, voorgegaan door eene Kerk-Visitatie, op den voet der Vaderlandsche Kerk.

Op hierdie memories het De Mist in feite geantwoord met die publikasie van sy kerklike ordonnansie wat op 21 Augustus 1804 gepubliseer is. Met hierdie ordonnansie gee De Mist uitdrukking aan sy beginsel dat die staat ook vir die kerk moet sorg. Maar, soos reeds gestel, is sy uitgangspunt ten opsigte van die godsdiens dié van die rasionele verligtheid, soos De Mist dit gestel het[17]):

> 'Zoo wij vasthouden, en wie onzer zou daaraan kunnen of durven twijfelen dat geene staat zonder Godsdienst bestaan kan, is het onzer eerste, onzer duurste verplichting voor de instandhouding en bevordering van den Godsdienst te zorgen. Of die na de wijze en byzondere begrippen van den Roomschen Stoel,van Calvijn, Luther, Menno Simons of Arminius geleerd wordt - daar mag ik als Christen myne eigene keuze omtrent maaken - maar als Staatsman mag ik na de thands aangenomen beginsel aan geene deezer verschillende begrippen eenige voorkeur geeven.'

De Mist het sy kerklike reëling onder die titel van *Provisioneele Kerken-Ordre* die lig laat sien. Uiteraard was dié reëling voorlopig omdat dit nog deur die Nederlandse owerheid goedgekeur moes word.

Verder is dit duidelik dat dit nie 'n *kerkorde* in die kerklike sin van die woord is of kan wees nie. De Mist is hier nié besig om 'n organisatoriese struktuur vir 'n selfstandige en bestaande 'godsdienstige korporasie' te skep nie. Voortvloeiend uit sy opvatting van staats- paternalisme omlyn hy die posisie van die kerk in die nuwe bedeling wat hy aan die Kaap skep en, omdat die kerk self nog nie by magte is om bepaalde organisatoriese maatreëls te tref nie, gryp hy in en stel bepaalde reëls op. Tog bly dit waar dat De Mist met hierdie staatsreëling eerder die vryheid van die kerk wil bevorder as benadeel.

4. DIE TEKS VAN DIE 'PROVISIONEELDE KERKEN-ORDE'[18)]

DIE KERK ORDONNANSIE

De Commissaris Generaal, doordrongen van de Waarheid, dat geene beschaafde Maatschappy zonder Godsdienst bestaan kan - en dat het de pligt is van een Gouvernement, op alle wyze te zorgen, dat de openbaare Godsdienstoeffeningen van zodanige Kerk-genoodschappen, die, ter bevordering van Deugd en goede Zeden, een Hoogst Wezen eerbiedigen, aangemoedigd en beschermd worden, is even zeer overtuigd, dat die bescherming moet steunen op vaste en rechtvaardige beginselen, en gewyzigd worden door regelmaatige Wetten en Ordres, zonder welke ook de beste en nuttigste Instellingen op den duur onbestaanbaar zyn, en in het einde uitloopen op verwarringen, scheuringen en verdeeldheden tot verderf van den Staat. En het is uit bezef hier van, dat Hy, naar rype deliberatie, en na daar op te hebben ingenoomen de consideratien van Gouverneur en Raad van Politie, heeft goedgevonden, in afwagting, en onder voorbehoud van de Hooge goedkeuring en Sanctie van het Staats-Bewind, voor deeze Volkplanting te arresteeren gelyk Hy arresteert by dezen de hier navolgende Provisioneele *KERKEN-ORDRE* voor de Bataafsche Volkplanting aan de Kaap de Goede Hoop.

I. HOOFDDEEL

Algemeene Beginselen en Bepalingen

Art 1. Alle Kerk-genoodschappen, welke ter bevordering van deugd en goede zeden een Hoogst Wezen eerbiedigen, genieten in deze Volkplanting eene gelyke bescherming der Wetten.

Art 2. Elk Kerk-genoodschap belydt desselfs gevoelens opentlyk, zonder die van andere onbehoorlyk te taxeeren, en vergunt aan een iegelyk den vryen toegang tot desselfs byeenkomsten.

Art 3. Geene uitsluitende voorrechten in de Burger-Maatschappy zyn aan eenige Godsdienstige Geloofs-belydenis verbonden.

Art 4. Behalven de Kerk-genoodschappen, binnen deze Volkplanting aanwezig, en toegelaaten, ten tyde van de weederbezitneeming derzelve, in naame en ten behoeve der Bataafsche Republiek, mogen geene andere eenige uiterlyke Godsdiens-plegtigheden uitoeffenen, noch openbaare samenkomsten houden, dan met uitdruklyk voorweeten en toestemming van den Gouverneur in der tyd.

Art 5. Het Gouvernement laat aan elk Kerk-genoodschap de vrye openlegging van desselfs byzondere Leerstelsels, en maakt daarin nimmer eenige beslissingen noch bepalingen. Het behoudt echter aan zich de onvervreemdbaare macht, om te kunnen beoirdeelen de uitwerkselen dier Leerstelsels op den Burgerstaat, en op den geest en de gedragingen der Ingezetenen. Het is verpligt, die uitwerkselen, indien die voor schadelyk mogten gehouden worden, tegen te gaan, te beletten of te matigen.

De Leeraars zyn verpligt, in derzelver openbaare of byzondere onderwyzingen, zich aan de besluiten van het Gouvernement ten dezen opzichte te onderwerpen.

Alle tegenkanting is ongehoorzaamheid aan de Wet en weerstreeving aan de goede Orde.

Art 6. Geene Gebouwen worden tot het houden van openbaare Godsdienstoeffeningen, van welk Kerk-genoodschap zulks zyn moge, binnen deze Volkplanting ingericht, noch nieuw getimmerd, dan met voorweeten, en na daartoe uitdruklyk verkregene toestemming van den Gouverneur in der tyd.

Art 7. Geene opentlyke Godsdienstige samenkomsten op afzonderlyke tyden, dan op de gewoone Zon- en Feestdagen en in openbaare Kerkgebouwen, mogen gehouden worden dan met uitdruklyke toestemming van den Gouverneur in der tyd - en dan nog altyd onder het oppertoezigt en ter verantwoording van den gequalificeerden Kerkenraad van dat Genoodschap, waartoe de persoonen behooren, die deze afzonderlyke samenkomsten begeeren te houden. De Kerkenraaden waaken, dat

daarby geene onbehoorlykheden plaats hebben, noch eenige Leeringen geleerd worden, die strydig zyn met de goede Zeden, of met de rust van den Burger-Staat.

Art 8. Elk Kerk-genoodschap is gehouden, zyne eigene Leeraaren en Kerken-dienaaren te salarieeren, zo wel als zyne eigene Gebouwen te onderhouden. Het Gouvernement heeft recht, daar toe, zo nodig, de Contributiën der Ledematen te bepaalen; het geen uit 's Lands Kasse daartoe wordt bygedragen, kan alleen als een buitengewoon subsidie worden aangemerkt.

Art 9. Geen Kerk-genoodschap vermeerdert het getal van desselfs openbaare Leeraaren, zonder uitdruklyke toestemming van den Gouverneur in der tyd, die recht heeft, de noodzaaklykheid daarvan te kunnen beoordeelen, zo wel als de zekerheid van het fonds, waar uit deze vermeerdering van kosten zal moeten vallen.

Art 10. Geen Kerk-genoodschap benoemt eenen openbaaren Leeraar, die niet vooraf het recht van inwooning van den Gouverneur in der tyd zal hebben verkreegen.

Art 11. Geene Leeraaren worden tot openbaare prediking toegelaaten, die niet vooraf de Hooge Schoolen gepasseerd zyn en proeven van derzelver bekwaamheid gegeven hebben, en daarop behoorlyk zyn geordend, naar de wyze, by elk Kerk-genoodschap gebruiklyk.

Art 12. Geene ongeordende persoonen, staande in betaling en onder het bedwang van byzondere Societeiten, saamgesteld uit Leden van een of meerdere Kerk-genoodschappen, worden binnen deze Volkplanting geduld, om als afgezondene van zodanige Societeiten onder de alhier thands aanwezige, of by vervolg met publiek gezacht opterigten Christen-gemeenten eenige gedeelte van het openbaar Leeraarsambt of privaat onderwys uit te oeffenen.

Art 13. Niemand wordt toegelaten tot het geven van eenig openbaar of privaat onderwys in den Godsdienst binnen deze Volkplanting dan na voorgegaan behoorlyk verkregen verlof van inwooning, en na vooraf afgelegd examen voor, en daarop bekomene qualificatie tot onderwys door, den Kerkenraad, tot welkers Gemeente hy verklaart te behooren.

Art 14. Alle die zich, als tot dat einde op wettig gezach uit Nederland naar herwaards gezonden, het zy directelyk van hier, aangeven als genegen, om, onder den naam van Zedenlingen Godsdienst en beschaving te gaan leeren of bevorderen by de Heidensche Natiën, buiten de Grenzen dezer Volkplanting, verdienen tot zulk eene loflyke onderneeming alle mogelyke hulp, aanmoediging en ondersteuning van het Gouvernement.

Art 15. Het staat aan den Gouverneur in der tyd, te bepaalen het getal, zo wel als de verblyfplaatsen van dezulke, die zich aangeven als genegen tot uitoeffening van het zelfde oogmerk onder de Hottentotten, voor zo verre die als oude Lands-Inboorlingen binnen deze Volkplanting in afzonderlyke, en van de Christenen afgescheidene Dorpen of Kraalen woonachtig zyn, en onder de onmiddelyke bescherming staan van het Gouvernement dezer Volkplanting.

In geen geval echter zal het aan iemand, wie hy ook zy, vrystaan zulks te doen zonder voorgegaan uitdruklyk verlof van den Gouverneur, en zal het dan nog nimmer aan zodanige Zendelingen geoirloofd zyn, zich met hen Burgerlyken staat dier Hottentotten meer of verder te bemoeyen, dan zulks van wegens den Gouverneur in der tyd aan hun zal zyn of worden toegelaten.

Art 16. Het onderhoud van behoeftigen geschied uit liefde-gaven, by elk Kerkgenoodschap wordende gecollecteerd, en aan persoonen, tot dat Genoodschap behoorende.

Art 17. Het staat aan een ieder, zyne gezonde Zielsvermogens hebbende, en tot bekwaame jaaren gekoomen, vry, om zich by een of ander der hier aanwezende Kerk-genoodschappen naar zyne keuze te mogen vervoegen, en als Lidmaat te doen inschryven, en ook, om na des vrywillig die keuze te mogen veranderen. Doch zo lange deswegens geene uitdrukkelyke verklaaring ter contrarie gedaan is, vereischt de goede orde, dat een ieder stilzwygende gehouden wordt te behooren tot het Kerkgenoodschap, waar van zyne Ouderen Ledemaaten zyn, of waarin hy zelve gedoopt is. Ingeval de Ouderen Leden zyn van byzondere Kerk- genoodschappen, worden de Kinderen gehouden tot dat van den Vader te behooren, ten ware deswegens tusschen de Echtelieden vrywillig anders was overeengekomen.

Art 18. Die openbaare Schoolen strekkende tot onderwyzing der Jeugd, behooren niet tot eenig byzonder Kerk-genoodschap. Het zyn kweekplaatsen, om goede Burgers voor den Staat te vormen: en als zodanige staan dezelve onder het onmiddelyk toezigt en bestuur van het Gouvernement.

II. HOOFDDEEL

Houdende Voorschriften omtrend het behoorlyk Bestuur der toegelaaten Kerk-genoodschappen binnen deze Volkplanting

Art 19. Het Gouvernement zorgt, dat het Bestuur der Kerk- genoodschappen in deze Volkplanting regelmatig geschiede. En dat van de Kerk- en Armen-Fondsen goed gebruik gemaakt en rigtige verantwoording gedaan worde.

Art 20. Het Hervormd Kerk-genoodschap, by verre het talrykste, en ten platten Lande in deze Volkplanting het eenigste zynde, behoeft overzulks byzondere voorzieningen, bepalingen, en hulpe van het Gouvernement.

Art 21. Het recht van vrye beroeping der Leeraaren op zulk eenen afstand van het Moederland, door de Ledematen van dat Genoodschap niet kunnende worden uitgeoeffend, voorziet het Hoog Bestuur in Nederland, dat zo veele geschikte en goede Leeraaren naar herwaards gezonden worden, als tot vervulling van vacaturen of bediening van nieuwe door het Gouvernement alhier toegestaane Kerken worden vereischt.

Art 22. De Gouverneur in der tyd heeft het recht, om zodanige nieuw uitgekomene Leeraaren, in een of ander der opengevallene of nog onvervulde Leeraars-plaatsen, te kunnen ordineeren, - en, by wege van bevordering, dezelve ook van de eene tot de andere Kerk binnen deze Volkplanting te kunnen verplaatsen, zo als hy met de gelegenheid en ten meesten dienste der Kerken oirbaar, en met de personeele geschiktheid en verlangens der Leeraaren meest overeenkomstig vinden zal.

Art 23. De Kerkenraaden in elke Gemeente worden verkooren op de wyze by de Kerken-Order bepaald. By nieuw opgerigte Gemeenten zullen de Ouderlingen en Diakenen voor de eerstemaal benoemd worden door den Landdrost van het District, waaronder die Gemeente plaatslyk behoort.

Art 24. Alle Jaarlyksche verkiezingen van nieuwe Ouderlingen en Diakenen, als mede Administrateurs zynde der Kerk- en Armen-Fondsen, worden aan den Gouverneur in der tyd ter goedkeuring aangeboden. Hy heeft de magt, een of ander der gekoorenen, wanneer Hem daar toe wigtige redenen mogten voorkoomen, aftekeuren, en een ander meer geschikt persoon in de plaats te stellen. De Kerkenraads-Leden van het voorige Jaar blyven hunne Functien waarneemen, tot dat de dispositie van der Gouverneur zal zyn ingekomen.

Art 25. De vaste Tractamenten der Leeraaren in de Hervormde Gemeente worden by verbetering, en onder afsnyding van alle voormalige in gebruik zynde toerekening van randsoenen of diergelyke, voor het vervolg, te beginnen met den eersten January 1805, bepaald op de hier nagenoemde vaste sommen:

Voor twee Predikanten aan de Hoofdplaats te samen 3800 Rds. of Holl. Courant f7,600, waar van de Oudste zal hebben een vast jaarlyks Tractament van twee duizend Ryksdaalders, Kaapsch, of f4,000 Holl. Courant, - en de jongste een vast Jaarlyks Tractament van agtien honderd Ryksdaalders, Kaapsch, of f3,600 Holl. Courant, zonder eenig verder genot van vrye wooning of huishuur. Voor den Predikant van Stellenbosch, de Paarl, Zwartland, Roodezand, Zwellendam, Graaf-Reinet en die

toekomstig in de nieuw aangelegde Drostdyen van Uitenhage en Tulbagh mogten worden in dienst gesteld, aan elk een vast Tractament van duizend Rds. of Holl. Courant f2,000, boven en behalven het vry gebruik eener Pastory of Predikants Wooning, met den daar aan behoorende Tuin of Land.

Art 26. Indien het Gouvernement het billykt mogt oirdeelen, dat een of ander dezer Leeraaren, om reden van hoogen Ouderdom, en langdurige trouwe diensten, - of uit oorzaak van ongeneeslyke ziekte: en daar uit ontstaand onvermogen om den dienst langer te kunnen waarneemen, Emeritus wierde verklaard, zal echter aan zodanigen, voor desselfs overigen leeftyd, by vervolg, niet meer dan drie vierde gedeelten mogen worden toegelegd van het Tractament, by denzelven tot dien tyd toe genooten, Predikanten ten platten Lande Emeriti verklaard zynde, zullen daar boven tot aan de aankomst van hunne Opvolgeren, des verkiezende, de inwooning der Pastorien mogen behouden.

Van den dag der inruiming dezer Pastorien aan hunne Opvolgeren, zullen zy, hoezeer Emeriti, hun voorig vol Tractament, edoch zonder wooning, of huishuur, levenslang blyven genieten.

Art 27. Tot dat daartoe andere Fondsen zullen zyn aangewezen, worden alle de voorschr. Tractamenten, in gelykheid van alle andere civile Tractamenten, betaald alle drie maanden ten Comptoire van den Ontvanger Generaal, op Ordonnantie van Gouverneur en Raaden.

Art 28. Aan elken uit het Vaderland naar herwaards komenden Leraar der Hervormde Gemeente, bestemd om binnen deze Volplanting te dienen, zal, zonder korting aan desselfs boverstaand vast Tractament, voor de eerste zes maanden van zyn verblyf alhier en langer niet, voor huishuur of tot aanschaffing van andere noodwendigheden, betaald worden eene somma van veertig Rds. of tachtig Caroli Guldens Holl. Courant, ter loopende maand.

Art 29. De Predikanten aan de Hoofdplaats, wanneer zulks niet door vacature of ziekte van een derzelve worden verhinderd, zullen, in aanmerking van derzelver nu verhoogde Tractamenten, by tour beurten, of onderlinge schikking, viermaal des Jaars, en wel bepaaldelyk op den eersten Zondag in de maand February, Mei, Augustus en November openbaare Godsdienst- oeffening houden en de Sacramenten bedienen aan de Simons- Baay.

De Gouverneur stelt de nodige ordres, dat zy buiten hunne kosten van behoorlyk Rytuig heen en weder voorzien, en geduurende hun verblyf aldaar, naar hunnen stand gelogeerd en gedefraieerd worden.

De Civile authoriteit aan de Simons-Baay zorgt op last van den Gouverneur, dat in een van 's Lands Gebouwen, of ander daar toe geschikt Gebouw van particulieren, een locaal voor het houden van den openbaaren Godsdienst, aldaar op die dagen wordt vervaardigd. De Collecte van liefde-gaven by die gelegenheid zal, door de Predikant, die den dienst heeft waargenoomen, na het eindigen van den Godsdienst, in tegenwoordigheid van twee Mans-Ledematen geteld door ondertekening van die Ledematen gecertificeerd - en provisioneelyk, doch echter afgescheiden, bewaard worden by de Arme-Fondsen der Hoofdplaats, tot dat de Gouverneur in der tyd zal goedvinden, daar over, tot een of ander

pieus einde, alleen ten behoeve der Ingezetenen aan Simons-Baay, te disponeeren.

By tyds worden de In- en Opgezetenen aan de Simons-Baay, door middel van de Courant of andere geschikte manier van bekendmaking, telkens van die aanstaande Godsdienst- oeffening geinformeerd.

Art 30. De groote uitgestrektheid der meeste Kerk-Districten ten platten Lande dezer Volkplanting maakt, dat een groot aantal Ingezetenen genoegzaam nooit, immers zeer bezwaarlyk, den openbaaren Godsdienst kan bywoonen, het geen hen tevens verhindert hunne Kinderen te laten doopen, - het H. Avondmaal te gebruiken, en hunne liefde-giften in de Armen-Kasten te storten.

Om aan alle deze nuttige eindens te voldoen, zullen de Predikanten, geadsisteerd door een of twee Leden van hunnen Kerkenraad, van tyd tot tyd en ten minsten viermaal des Jaars, op byzondere en daartoe meest geschikte, van hunne Kerk verwyderde plaatsen, en zo verre zulks nodig of mogelyk zy, telkens by verwisseling dier plaatsen, den openbaaren Godsdienst houden, de Sacramenten bedienen, de Huisgezinnen hunner Kerkleden bezoeken, dezelve vermaanen, leeren en troosten, en zich, zo doende met den zedelyken toestand en het gedrag der Leden van hunne Gemeenten bekendmaaken, en by alle gelegenheden dezelve voorhouden hunne verpligting tot nakooming der Wetten, - eerbied jegens hunne Overheid - het verkeerde en verwoestende van eigenrichting - en het misdadige dat gelegen is in het mishandelen der Vrye Hottentotten in hunnen dienst, - zo wel als van hunne Lyfeigenen enz.

Van deze te houden Godsdienst-oeffening op by 'zondere plaatsen buiten de Kerk-dorpen, wordt de Gemeente tydig te voren van den Predikstoel - door de Veld-Cornets - of op alle andere daar toe geschikte wyze geinformeerd, en de daar omstreeks woonende Ingezetenen uitgenoodigd, om daar by te verschynen, - van de toedienine der H. Sacramenten gebruik te maaken, en om den Armen van hun District te willen gedenken. De Ingezetenen der Buiten-Districten, in welke deze maatregel nuttig en nodig zy, zullen het zich een pligt maaken, tot zulke heilzaame einde de Predikanten en Kerkenraads-Leden met bekwaam Rytuig of Voorspan, en met behoorlik Logis en Mondkost te voorzien. By misverstand deswegens zullen de Landdrosten daar op, ieder in den haare, de nodige ordres stellen.

Art 31. By vacature van eene of andere Kerk, door overlyden van een der Predikanten ontstaan, zal ten profyte der Weduwen of Kinderen (en niet ten behoeve van andere Erfgenaamen) behalven het loopend vierdedeeljaars, waar in de overledene gestorven is, nog een vol half jaar daar na het gewone Tractament betaald, en ten platten Lande het vry gebruik der Pastory aan dezelve gelaaten worden.

Zoo veel zulks mogelyk zy, en zonder dat de dienst van hunne eigene Gemeenten daar door merkelyk zoude komen te lyden, zullen de Predikanten der nabuurige Plaatsen den Godsdienste in die vaceerende Kerken, geduurende dien tyd en ter contemplatie van zodanige Weduwe of Kinderen, gratis moeten waarnemen.

De Kosten echter van derzelver vrye heen-en-weder-reize en van behoorlyk defraiement geduurende hun aanzyn, worden in zulk geval gedragen door de Gemeente, ten welkers behoeve die liefde-diensten worden gedaan.

Art 32. By langere vacature als in den voorsch. Art omschreeven, zullen de nabuurige Predikanten in de waarneeming van de openbaare Godsdienst-oeffeningen in zulk eene Gemeente van tyd tot tyd moeten voortgaan, en zullen dan voor elke daar gedaane prediking, op verklaaring van den Kerkenraad dier Plaats, mogen declareeren twaalf Ryksds. Kaapsch of vier en twintig Guldens Holl., ten laste van het Fonds waar uit het gewoone Tractament der Predikanten betaald wordt.

De Wagen vragten heen en weder, zo wel als het defraiement, blyven ook dan ten laste der Gemeente, ten welkers behoeve die dienst gedaan wordt.

De onderlinge verre afstand der Kerken in de Residentie-plaatsen der Drostdyen Zwellendam, Graaf-Reinet, Uitenhage en Tulbagh, als ook daar eene Kerk mogt worden gebouwd, maakt deze ordre op die Kerken ontoepasselyk.

Het wordt den Landdrosten van die Districten overzulks aanbevolen, om by vacaturen, met overleg der Kerkenraaden van die Gemeenten, daar omtrend zodanige andere schikkingen te ontwerpen, en ter goedkeuring van den Gouverneur in der tyd aan te bieden, als Zy ter meeste onderhouding van Godsdienst, en ten minste kosten der Ingezetenen van hun District oirbaar zullen vinden.

Art 33. De Weduwen van Predikanten zullen na het eindigen van het half jaar by Art 31 gemeld, des begeerende, haar leven lang, of anders tot hertrouwen toe, uit 's Lands Kas genieten een Weduwen-Tractament van dertig Rds. of f60 Hollandsch, ter loopende maand.

Art 34. De gewoone Godsdienst-oeffeningen worden altyd gehouden op vaste uuren.

By noodwendige verschikking dier uuren in de Winter-maanden, of om andere goede redenen, geschiedt zulks op advis van den Kerkenraad, en dan in de Hoofdplaats met voorgegaan consent van den Gouverneur in der tyd, en in de Residensie-plaatsen der Landdrosten, mede met derzelver toestemming.

De Gemeenten worden, zo veel mogelyk, in tyds van zodanige verschikkingen geadverteerd.

Art 35. De Predikanten zullen op derzelver personeele verantwoordelykheid exacta Registers moeten houden van alle de door Hun gedoopte persoonen, houdende de namen en woon-plaatsen der Ouderen en Getuigen, zo wel als van den Gedoopten, met aantekening van het Jaar en den dag, zo wel van den toegedienden Doop, als van den dag en plaats op welke die Gedoopten zyn gebooren.

Gelyke Registers zullen Zy moeten houden, van de in hunne Gemeente aangenoomene Ledemaaten - en voltrokken Huwelyken, voor zo verre de Wet die voltrekking aan hun zal toestaan.

Art 36. En daar deze Registers van de uiterste noodzakelykheid zyn om de echte Geboorte en Afstam-

ming, zo wel als den gewettigden stand der Ingezetenen in de Burger-Maatschappy te verzekeren, zullen ten einde van elk Jaar door de Kosters of Voorlezers, naar maate de Kerkenraad die daar toe als de geschikste zal ordonneeren, van deze Registers dubbelden geformeerd - door de Predikanten geauthentiseerd, en voor den eersten April van elk jaar ter Politicque Secretariën der Hoofdplaats of der Landdrostdyen moeten worden ingezonden, ten einde by onverhoopte brand, geweld of andere ongelukken, in eene of andere plaats altyd nog een Exemplaar daar van zou blyven bewaard.

Art 37. De Administratie der Kerken-en-Armen-Goederen, Gebouwen, Penningen en Fondsen, blyft als van ouds aan de respective Kerkenraaden, van welke de Predikanten zyn de aanblyvende Voorzitters.

In de Hoofdplaats blyft dit aan den daar toe van Gouvernementswegen in den Kerkenraad zitting hebbende Commissaris-politicq en aanblyvenden Kerkmeester bevolen, in maniere zo als zulks thands gebruiklyk is, of by nadere Ordre anders zal worden beraamd.

Art 38. Het Oppertoezicht echter over alle Kerkelyke Administratien blyft aan den Gouverneur in der tyd.

Art 39. De Kerkenraaden zullen overzulks geene aankoopen noch verkoopingen van vastigheden, noch geene geheele afbraken van oude of oprigting van nieuwe getimmerten, waarvan de kosten uit hunne gewoone en zuiver overschietende Inkomsten niet zouden kunnen vallen, -noch eenige geld-leeningen ten lasten der Kerken-of-Armen-Fondsen mogen doen, zonder vooraf gevraagd en verkregen schriftelyk Fiat van den Gouverneur in der tyd.

Art 40. De bewaaring der penningen tot de respective Kerken of Armen- Fondsen ten platten Lande behoorende, blyft den Kerkenraaden aanbevolen, op zodanige wyze als by elke Gemeente thands in gebruik is, of uit hoofde van byzondere reeds gegeven of nog te geven ordres wordt gepractiseerd.

Het staat echter vast, dat alle de Leden van de Kerkenraaden in die Gemeenten, te samen, en elk voor hun aandeel verantwoordelyk zyn voor de schade, die door onachtzaamheid of kwaade trouw by de Administratien dier penningen mogte ontstaan.

Art 41. Alle rekeningen en verantwoordingen loopen over een rond jaar van den eersten January tot den laatsten December ingeslooten.

De verantwoording daar van in de Hoofdplaats geschiedt op de wyze tot nog toe gebruiklyk, of door den Gouverneur in der tyd anders te bepalen.

In de maand January van elk Jaar, zenden de Kerkenraaden der Gemeenten ten platten Lande een door alle de Leden getekenden korten Staat dier rekeningen, in duplo, aan den Landdrost van hun District, ten einde die te examineeren;

Onder dezelve zal moeten gevoegd zyn eene uitdruklyke verklaaring, dat alle de effecten, en contanten, die ingevolge het slot van dien korten Staat, ten voordeele der Kerken voorhanden moeten zyn, in de Kerken-Kist daadlyk aanwezig, en door hun, voor het tekenen dier korte Staaten, gezien, geteld, en overzulks ter hunner personeele verantwoording overgenoomen zyn.

Zo nodig, zal de Landdrost omtrent een of ander der post, waarin hy erreur of onduidlykheid vermoedt te resideeren, de mondelinge of schriftelyke elucidatien van de Kerkenraaden mogen inneemen.

Art 42. De Landdrosten zenden ten spoedigsten, en uiterlyk voor het einde der maand February een Exemplaar der by hun alzo ontvangene en goedbevondene Kerken- en Armen-rekeningen, met een daar onder gesteld en door hunne naamtekening bekragtigd Gezien, aan de Kerkenraaden terug.

Art 43. De Predikanten zullen dan deze rekening drie agter een volgende Zondagen na de Predikatie, doch voor het uitspreeken van den Zegen, de Gemeente voorleezen, ten einde dezelve zich van de rigtige Administratie der door hun opgebragte Liefde gaven of ander Contributien zullen kunnen verzekerd houden, - en anders in de gelegenheid gesteld worden om, uiterlyk binnen den agtsten dag na de laatste voorleezing, hunne bescheidene bedenkingen, zo zy die daar op hebben mogten, aan den Kerkenraad te kunnen voorhouden.

Art 44. Na dezen voorsz. agtsten dag zendt elke Kerkenraad ten platten Lande een geauthenticeerd afschrift dezer alzo door den Landdrost gevidimeerde, en der Gemeente voorgeleezene, Rekening, met de bedenkingen die daar op mogten zyn gevallen, aan den Gouverneur in der tyd, ten fine van approbatie: die dan na bevinding daar op zal disponeeren, zo als Hy ten beste dier Gemeente zal oordeelen te behooren.

Art 45. Eindelyk worden tot onderhoud der Kerken en Armen ten platten Lande binnen deze Volkplanting, - onverminderd te byzondere concessien voor zekeren tyd, of uit anderen hoofde aan eene of andere Gemeente toegestaan, of waar van dezelve boven dien thands zyn of namaals komen mogten in een wettig bezit - by dezen voor altyd vastgesteld de nagenoemde Fondsen:

1. De gewoone Collecten geduurende de openbaare Godsdienstoeffeningen.
2. Giften, Geschenken of Legaten aan de Kerken of Armen gedaan of besprooken.
3. Doop-gelden buiten de Kerk of buiten den gewoonen Godsdienst, ter somma van twee Ryksds. voor elk gedoopte.
4. Lidmaat-gelden, ter somma van een Ryksdr. voor elke Lidmaat.
5. Trouw-gelden, ter somma van vyf Ryksds. voor elk paar, te betaalen aan die Kerk waar toe de Bruid behoort.

6. Begraafnis-gelden van alle Lyken, begraaven wordende op het Kerkhof of op private grond-eigendommen, gelegen onder de Kerkelyke limiten van eenige Kerk; en wel voor een Lyk boven twaalf Jaaren oud drie Ryksds. - en beneden twaalf jaaren oud twee Ryksds.
7. Zitplaatsen-gelden in de Kerken, door de respective Kerkenraaden te bepaalen. En zodanige andere als waar van de inzameling, naar maate van de behoefte in elke byzondere Gemeente, thands reeds is of door het Gouvernement na dezen aan Dezelve nog mogt worden toegestaan.

Art 46. En ten einde het Gouvernement eene meerdere zekerheid zou kunnen hebben, dat alle de voorenstaande ordres, of die na dezen nog daar mogten worden bygevoegd, op eene regelmatigen voet binnen deze Volkplanting worden naargekomen, zal eene proeve genoomen worden, of het uitvoerlyk en dienstig zy om ten minsten alle twee jaaren en de maanden October of November voor de Hervormde Gemeenten deezer Volkplanting, binnen deze Hoofdplaats te houden eene algemeene Kerk-Vergadering, saamgesteld uit:

Twee Predikanten en twee Ouderlingen der Hoofdplaats, en De Predikanten en een Ouderling uit elke Gemeente van de Buiten-Districten.

By welke Vergadering telkens, door benoeming van den Gouverneur in der tyd, zullen moeten gevoegd worden twee Commissarissen Politicq, om daar by het Gouvernement dezer Volkplanting te representeeren. By vacature, ziekte of andere wettige verhinderingen van een Predikant of der fungeerende Ouderlingen, mag elke Kerkenraad ten platten Lande zich daar by ook laten vertegenwoordigen door een of twee der Diakenen, of ook door een of twee onbesprookene Ledemaaten der Gemeente, die te voren Leden van den Kerkenraad geweest zyn.

Art 47. Het Presidium in deze Vergadering zal in zulk geval rouleeren tusschen de presente Predikanten naar den rang van den ouderdom der Kerken, in welke zy als Leeraaren dienen.

De Penne by elke Vergadering zal worden gevoerd door den Predikant die voor de eerstvolgende Vergadering waarschynelyk zal moeten presideeren, of door hem die by absentie of ziekte van dezen daar op in rang volgt.

Art 48. De onderwerpen van beraadslaaging en onderzoek by deze Vergadering - de wyze om daar op te besluiten - zo wel als de bepaling der Fondsen uit welke de Kosten tot het houden deezer Vergaadering zullen gevonden worden, zullen op de eerst te houdende samenkomst in de maand October of November van de jaare 1805, met communicatie en overleg van de Commissarissen-Politicq worden ontworpen, en aan den Gouverneur in der tyd ter goedkeuring aangeboden. Het staat vast echter, dat de stricte en zo veel moogelyk eenvormige nakooming van alle de Artikelen dezer Kerken-Ordonnantie daar van een der Hoofd- pointen zal moeten uitmaaken.

Art 49. De maand en dag tot het houden dezer Vergadering met byvoeging tevens der pointen van beschryving wordt door den Kerkenraad der Hoofdplaats aan der Gouverneur voorgesteld en na deszelfs daar op verkreegen schriftelyk Fiat, de convocatie daar toe, eenen geruimen tyd te vooren, gedaan door denzelven Kerkenraad der Hoofdplaats, met mede toezending dier pointen van beschryving en van den juisten dag, plaats en uur, waar en wanneer dezelve Vergadering zal gehouden worden.

De Kerkenraaden van vacante Gemeenten worden daar toe mede geconvoceerd.

Elke Kerkenraad heeft het recht, by tyds zodanige bescheidene voorstellen tot pointen van beschryving voor de eerstvolgende Vergadering aan den Kerkenraad der Hoofdplaats in te zenden, als dezelve zal geraden vinden.

De Plaatsing daar van zal niet mogen worden geweigerd.

Art 50. De Kerkenraad der Hoofdplaats zal in die Vergadering twee stemmen hebben, en de Kerkenraaden van elke byzondere Gemeente, ten platten Lande, van welke Gecommiteerden ter Vergadering aanwezig zyn, eene stem.

De Commissarissen Politicq woonen de deliberatien by, en worden, voor dat eenig point mag worden ter conclutie gebragt, door den President verzogt, om Derzelver consideratien en advys op zodanig point der Vergadering te willen mededeelen.

Zy geeven, voor of staande de Vergadering, aan den President, schriftelyk, zodanige pointen als welke zy oirdeelen dat, boven en behalven de pointen van beschryving, onderwerpen der deliberatien behooren te worden.

Zy hebben het recht de conclutie van een of ander point te surcheeren, tot dat zy deswegens de welmeening van den Gouverneur zullen hebben kunnen inneemen.

Art 51. Het wordt aan den Gouverneur overgelaten te beslissen, of na deze eerstgenomene proeve, het bedoelde nut dezer Vergadering, met de daaraan, uit den aart van de uitgestrektheid van dit Land, vast zynde inconvenienten kan worden vereenigd - het eerste verzekerd- en de laatste daar tegen opgeheven of ten minsten gematigd worden kunnen.

Art 52. Eindelyk worden alle tot nog toe by eene of andere Gemeente in train geweest zynde gebruiken, of uit byzondere en vroeger gegeevene besluiten afteleiden Ordres, die met deeze Kerken-Ordonnantie zouden mogen stryden, kragt dezes ingetrokken, vernietigd, en gesteld buiten effect.

Het blyft echter aan het Gouvernement gereserveerd, om, naar maate in eene of andere Gemeente sommige van voorenstaande pointen zouden bevonden worden niet of niet ten vollen te zyn executabel, daar in zodanige verandering, verbetering of vermeerdering te kunnen maaken, als Hetzelve ten dienste van zodanige Gemeente en behoudens het Hoofd doelwit deezer Ordonnantie, in der tyd zal raadzaam oirdeelen.

En zal extract dezes gezonden worden aan Gouverneur en Raaden, ten einde aan al het voorenstaande de nodige executie te geeven.

Accordeert met Voorsz. Register,

A.L. de Mist,
Secretaris.

5. 'N KORT ONTLEDING VAN DIE 'PROVISIONEELE KERKEN-ORDE'

Die aanhef van die Kerken-Ordre is belangrik omdat dit kortliks stel dat De Mist die godsdiens, dit wil sê die natuurlike religie, as 'n voorwaarde sien vir die voortbestaan van 'n beskaafde 'maatskappy ofwel geordende gemeenskap of volk'. Die natuurlike religie, so het die Aufklärung dit gesien, is één van die opvoedende elemente in die gemeenskap en in daardie dae is vas geglo dat opvoeding die sleutel is om die ideale gemeenskap op aarde te bou. Die mens wat as inherent sondeloos beskou is, moet slegs sy redelike, denkende vermoë ontwikkel om tot die hoogste trap van beskawing te kan vorder en om so op aarde rus, vrede en welvaart te bereik. Die taak van die 'godsdiens' is om die deug en die goeie sedes of gewoontes aan te kweek en te bevorder. In laaste instansie is die 'Hoogste Wese' of die 'Voorsienigheid', die rasionele god van die verligte denke, die grond en waarborg vir die deug. Hier spreek die grensloos- oppervlakkige geloof van die Verligtheid wat op die drie pilare god-deug-onsterflikheid gebou was en verwag het dat die mens deur sy optrede en lewenstyl vir homself 'n pad na die ewigheid moet baan waar hy dan beloon of gestraf sal word.

Die opvallende van die situasie was nie dat hierdie verligte godsdiens rondom die kerk ontstaan het nie maar dat dit van die kansels verkondig is. Die versoeking om sogenaamd byderwets te wees, is die één versoeking waarteen die predikante skynbaar nooit weerstand kan bied nie. So het dit gebeur dat die denke van die Verligtheid in die kerk ingedra is en daar verkondig is. Die tipiese kenmerk van die Verligtheid slaan dan ook in daardie tyd deur en wel so dat hierdie sogenaamd verdraagsame Aufklärungsdenke met groot venyn almal verjaag het wat nie met entoesiasme die verligte denke as die toppunt van menslike denke wou aanvaar nie. Dat hierdie Aufklärungsdenke óók aan die Kaap in die kerk 'n vastrapplek gevind het, blyk uit die waardering waarmee De Mist se *Kerken-Ordre* ontvang is.

Die tweede saak wat hier na vore kom, is dat De Mist hier die beginsel neerlê.

'dat het de pligt is van een Gouvernement, op alle wyze te zorgen, dat de openbaare Godsdienst-oeffening van zodanige Kerkgenoodschappen, die, ter bevordering van Deugd en goede Zeden, een Hoogst Wezen eerbiedigen, aangemoedigd en beschermd worden,.....'

Daardie beskerming moet op 'n duidelike, omskrewe juridiese basis gereël wees sodat wet en orde, die voorwaarde vir die hoogste moontlike vryheid vir elkeen, altyd gehandhaaf kan bly. Die probleem het egter ontstaan dat daardie *bekerming* die invalspoort word vir 'n nuwe patronaatsreg nieteenstaande die feit dat daar formeel 'n skeiding tussen staat en kerk neergelê is. Hoewel De Mist daardie *beskerming* sien in die terme van die *ius circa sacra* van die owerheid, word daardie *beskerming* tog óók die moontlikheid om 'n *ius in sacra* aan die goewerneur te gee. Die kerk aan die Kaap wat gebore is en grootgeword het met die patronaatsregte van die VOIC het geen weerstand gebied téén die voortsetting van dié situasie nie. Hieruit blyk hoe die calvinistiese opvatting oor die verhouding van kerk en owerheid en hoe die calvinistiese verstaan van die kerk as liggaam van Christus of as volk van God met sy eiesoortige bestaanswyse, in die kerk vervaag het en nie meer lewende begrippe was nie.

De Mist werk hier óók met die begrip van *die kerkgenootskap*, die opvatting wat voortkom uit die nuwere staatsfilosofie waar die kerk nie meer gesien word as die godsdienstige keersy van die verbondsvolk, soos in die teokratiese visie van Calvyn nie, maar as 'n godsdienstige korporasie of genootskap binne die geheel van die volk of staat. Die kerk word dus gereduseer tot 'n vrywillige genootskap in die volk nes die ander vrywillige genootskappe wat daar bestaan. Die staat, wat 'neutraal' is kan dus meerdere godsdienstige genootskappe in sy midde toelaat en verdra so lank dié genootskappe nie die orde van die gemeenskap versteur nie.

Dit is 'n vér pad van die opvatting wat Theodorus Beza in sy *De iure Magistratum* gestel het dat die owerheid verplig is om 'n keuse tussen die ware en valse diens van God te maak én die valse godsdiens te onderdruk. Dit is egter te betwyfel of daar aan die Kaap in die studeerkamers van die destydse pastorieë 'n eksemplaar van Beza se geskrifte gevind kon word.

Reeds uit die aanhef van die *Kerken-Ordre* word dit duidelik dat die kerk hier in 'n totaal ander bedeling ingevoeg word. Vir die kerk aan die Kaap was dié bedeling egter vooruitgang en daarom aanvaarbaar.

Terselfdertyd het die *Kerken-Ordre* nou ook voorsiening gemaak vir die gewettigde en geordende voortbestaan van die Lutherse Kerk aan die Kaap. Dit was vir die Lutherse kerk 'n groot vooruitgang omdat in die bedeling van die VOIC

dit nie moontlik was nie. Vanweë die feit dat daar heelwat Duitsers in diens van die Kompanjie was, was daar inderdaad 'n regverdiging vir die bestaan van 'n Lutherse gemeente.

De Mist se *Kerken-Ordre* bestaan uit twee hoofdele. Die eerste deel stel die algemene beginsels en reëls wat vir die kerk in die algemeen, dit wil sê vir alle kerkgenootskappe sal geld. Hierdie deel bestaan uit 18 artikels. Die tweede deel art 19-52 stel die voorskrifte wat van owerheidsweë neergelê word vir 'het behoorlyk bestuur' van die kerkgenootskappe wat bestaansreg ontvang het. Hierdie deel handel hoofsaaklik oor die bestaande kerk wat as *Het Hervormd Kerk-genoodschap* aangedui word.

Kortliks kan net op die volgende gewys word.

a. Die Beginsels van die Kerken-Ordre

Allereers word dit duidelik dat daar, in beginsel, nié meer so iets soos 'n bevoorregte of selfs 'n staatskerk sal bestaan nie want art 1 bepaal dat 'alle kerkgenoodschappen .... genieten .... eene gelyke bescherming der wetten' terwyl art 3 beslis dat 'geene uitsluitende voorrechten zyn aan eenige Godsdienstige Geloofsbelydenis' verbonden. Daarom word in art 8 gestel dat elke kerkgenootskap 'is gehouden, zyne eigene Leeraren en Kerken-dienaaren te salarieeren, zo wel als zyne eigene Gebouwen te onderhouden.'

Die skeiding tussen staat en kerk is in hierdie Kerken-Ordre nog maar baie betreklik. Omdat die staat 'neutraal' is, daarom bepaal art. Art 5 dat 'het Gouvernement laat aan elk Kerk-genoodschap de vrye openlegging van deszelfs byzondere Leerstelsels, *en maakt daarin nimmer eenige beslissingen noch bepalingen.*' Hierdie omvattende beginselbepaling word enigermate beperk wanneer gestel word dat die owerheid die onvervreembare mag behou 'om te kunnen beoirdeelen de uitwerkselen dier Leerstelsels op den Burgerstaat, en op den geest en de gedragingen der Ingezetenen. Het is verpligt, die uitwerkzelen, indien die voor schadelyk mogten gehouden worden, tegen te gaan, te beletten of te matigen.' Hieruit word dit wél duidelik dat De Mist anti-revolusionêr in sy denke is en wil verhoed dat die kansels misbruik word vir die verkondiging van 'n staatsgevaarlike leer. Dit kan byna gestel word dat ons hier te make het met 'n nuwe ontwerp van die proponents-ondertekeningsformule. Omdat in die denke van die Aufklärung *die gewetensvryheid* só hoog aangeslaan word dat 'n beperkende proponentsformule nie meer aanvaarbaar geag word nie, en daar in die kerk self ook nie meer 'n wil was om eise te stel aan wat op die kansel toelaatbaar is en wat nie, word dit byna vanselfsprekend dat die owerheid 'n paal en perk stel aan wat in die kerk van die

kansel gesê sal mag word. Hierdie bepaling kan enersyds as 'n aanmatiging van die owerheid beoordeel word maar aan die ander kant werp dit 'n baie ernstige refleksie op die dissipline van die kerk wat skynbaar nie meer die vermoë gehad het om toe te sien dat die prediking in die kerk werklik verkondiging, uitleg van die goeie boodskap van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer, is en sal wees nie.

Die probleem is natuurlik watter maatstaf die owerheid sou gebruik om te oordeel of die prediking aanvaarbaar is of nie. Die afleiding wat gemaak moet word is dat die prediking nie wet en orde sal mag ondermyn of teengaan nie. Vanweë die feit dat De Mist so sterk klem daarop gelê het dat die verhoudings in die gemeenskap juridies vasgelê moet word, is dit waarskynlik die enigste toelaatbare afleiding wat gemaak kan word[20]). By implikasie word hier tog gestel dat die owerheid die leer van die kerk sal mag beoordeel. Dit is duidelik dat dit nét sal geskied wanneer die prediking grensoorskrydend is en dit aanleiding tot burgerlike onrus gee.

De Mist vat dus hier die ou ideaal op wat die owerheid in Nederland gedurende die 16e en 17e eeu gekoester het naamlik om óók 'n seggenskap te hê oor die kwaliteit van die prediking. Hieruit blyk wel dat die 'neutrale staat' van die begin van die 19e eeu beslis nog nie so 'neutraal' was soos dit in die vervolg van daardie eeu sou word nie.

Hoe betreklik die vryheid en selfstandigheid van die kerk nog maar is, blyk daaruit dat die kerk nog aan 'n reeks van beperkings onderhewig is. Die beperkings is dat die Goewerneur toestemming moet gee.

--- indien 'n gemeente 'n nuwe kerkgebou wil oprig (art 6);
--- indien daar buitengewone godsdiensoefeninge, behalwe op die gewone Son-en feesdae, gehou moet word (art 7);
--- indien die aantal predikante vermeerder wil word (art 9).

Verder word die lidmaatskap van die verskillende kerkgenootskappe ook gereël en blyk dit dat die lidmaat die reg ontvang om, sonder belemmering, hom by die kerkgenootskap van sy keuse te voeg (art. 17).

Dit is duidelik uit hierdie bepaling dat die owerheid die kerk sien as 'n vrywillige vereniging, net soos enige ander vrywillige vereniging, soos 'n sportklub of 'n kultuurvereniging. Die kerk as 'n genootskap ontstaan, volgens hierdie opvatting, vanweë die lidmaat se beslissing. Dit is natuurlik 'n volkome gesekulariseerde opvatting van wat die kerk is en in direkte teenspraak met die Skriftuurlike uitsprake oor wat die kerk is.

Die skool, wat in die ou bedeling, feitlik kerkskole was word nou heeltemal van die toesig en sorg van die kerk losgemaak want die taak van die skool is om 'goede Burgers voor den Staat' (art 18) op te lei en dit impliseer dan nié 'n

godsdiens-bepaalde onderrig nie. Geleidelik word, deur hierdie reëling, die grondslag vir 'n gesekulariseerde gemeenskap gelê. Dit is ook opvallend dat daar ook reëlings ten opsigte van *die sending* getref word. Daar word onderskei tussen diegene wat enersyds 'Godsdienst en beschaving .... by die Heidensche Natiën' buite die grense van die kolonie wil 'gaan leeren of bevorderen' en diegene wat andersyds dieselfde oogmerke ten opsigte van die Hottentotte binne die grense van die kolonie wil nastreef. Die eerste soort sendelinge is geregtig op die hulp, aanmoediging en ondersteuning van die owerheid. Die tweede soort sendelinge sal wat hulle getalle en standplase betref, van die Goewerneur toestemming moet verkry. Opvallend is die beperking dat dit vir dié sendelinge 'nimmer geoirloofd (zal) zyn, zich met den Burgerlyken staat dier Hottentotten meer of verder te bemoeyen ....' (art 15). Dit het saamgehang met De Mist se opvatting en reëling dat wit en swart langs mekaar in die kolonie sal leef en nié deurmekaar nie. Murray beklemtoon dit dat De Mist 'n duidelike juridiese basis skep vir die Afrikaner- opvatting dat geskeidenheid van wit en swart in Suid-Afrika die enigste leefpatroon is wat die grootste moontlike rus en vrede, wet en orde en daarom ook vryheid, vir almal sal verseker[21]). Om die grondlyne van die *Kerken-Ordre* verder na te gaan, kan dit die beste gedoen word deur op die volgende te let.

b. Die Staat en die Predikante

Ten opsigte van die predikante het De Mist 'n reeks van reëls neergelê wat daarop neerkom dat:

- --- die predikant moet behoorlik opgelei wees en georden word volgens die gebruike van sy kerkgenootskap (art 11 en 12);
- --- die predikante moet deur hulle eie kerkgenootskap 'gesalarieer' word (art 8);
- --- die Goewerneur sal moet toestemming gee as die getalle van die predikante verhoog wil word (art 9); en die nuwe inkomende predikante moet éérs 'recht van inwooning' van die Goewerneur kry (art 10).

Belangrik is egter dat die owerheid self die reg behou om predikante vir die Hervormd Kerk-genoodschap vanuit Nederland te kry. Daarby behou die Goewerneur die reg om nuwe predikante áán te stel waar hy wil en om, indien nodig, diensdoende predikante te verplaas.

Dit het beteken dat die *beroepstelsel*, wat so 'n tipiese kenmerk van die calvinistiese kerklike struktuur is, nog steeds nie aan die Kaap gefunksioneer het nie. Immers onder die bedeling van die VOIC kon 'n kerkraad óók nie 'n predikant beroep nie. De Mist het dus nie hier aan bestaande regte verander nie maar alleen

'n reëling wat al deur gebruik geyk was, gekontinueer.

Nieteenstaande die beginsel wat in art. 8 vasgestel is dat die onderhoud van die predikant die voorreg van sy kerkgenootskap is, word daar 'n uitsondering gemaak ten opsigte van die predikante van die Hervormd Kerkgenoodschap. In art 25 word bepaal dat die staat sal voortgaan om, by wyse van 'n *vrywilliqe subsidie*, die traktemente van die predikante te betaal. Interessant is dat die traktement-salaris van die oudste diensdoende predikant van Kaapstad 2 000 ryksdaalders, jaarliks sal wees terwyl sy jonger kollega 1 800 ryksdaalders sal ontvang. Daarby sal die predikante van die plattelandse gemeentes elkeen slegs 'n 1 000 ryksdaalders ontvang. Hierdie hiërargiese bevoordeling van die Kaapstadse predikante word later ook deurgetrek na die meerdere vergadering waar die gemeente Kaapstad ook meer stemme het. Hoewel hierdie duidelike hiërargiese tendens baie duidelik in stryd is met die calvinistiese opvattings is dit hier ook die geval dat 'n gebruik wat al tydens die VOIC-bewind bestaan het, voortgesit is. Die kerk self het óók nie teen hierdie reëling besware ingebring nie sodat die vraag ook gevra kan word of die calvinistiese kerkordende beginsels inderdaad in die kerk geleef het.

Van groot waarde was ook dat De Mist reëlings getref het vir die lewensonderhoud van die emeriti-predikante en die predikante-weduwees en wese. Dáármee het hy ook orde gestel in 'n saak wat in die kerk nogal maklik in 'n vergeethoek raak. Hieruit word dit duidelik dat De Mist, trou aan sy beginsels, nie as owerheidspersoon wil hiet en gebied nie, maar veral diensbaar wil wees om goeie orde te skep en 'n eerbare leefwyse moontlik te maak.

c. Die Staat en die lede van die Kerkraad.

In sy *Kerken-Ordre* het De Mist die versoek van die Kaapstadse kerkraad toegestaan en wel in dié sin dat dit nou nie meer nodig was dat die kerkraad 'n dubbelgetal diakens sal voorlê waaruit die Goewerneur 'n keuse én 'n aanstelling gemaak het nie. Volgens sy reëling sal die kerkrade jaarliks slegs die name van die verkose ouderlinge en diakens vir goedkeuring aan die Goewerneur moet voorlê (art 24).

Die Goewerneur behou egter die mag om 'n bepaalde naam te skrap en 'een ander meer geschikt persoon' in sy plek te stel.

Opvallend is dat met die totstandkoming van nuwe gemeentes die plaaslike landdros die eerste kerkraad moet aanstel. Hoewel die landdroste in die buite distrikte die opdrag gehad het om alles te doen om die openbare godsdiens in stand te hou en te bevorder, was dit tog weer 'n reëling wat daarop dui dat die owerheid nie maklik wil afsien van sy patronaatsreg nie. Daarby het art. 37 óók die funksie van die Kommissaris-politiek by die kerkraadsvergadering bestendig. Andermaal is dit duidelik dat die skeiding van staat en kerk maar baie betreklik was en dat die

Kerken-Ordre van De Mist nie besonder baie vryheid aan die kerk gegee het nie.

Die *administratiewe werksaamhede en verpligtinge* van die kerkrade word in arts 37-45 baie sorgvuldig uitgespel. Die belangrike bepaling hier is egter art 38 waar die 'oppertoezicht... over alle Kerkelyke Administratiën' aan die Goewerneur toegesê word.

Interessant is art. 43 waar gestel word dat die predikante jaarliks die finansiële state op drie agtereenvolgende Sondae, 'na de Predikatie', moet voorlees sodat die lidmate, indien gewens, hulle 'bescheidene bedenkingen' aan die Kerkraad kan oordra[22]).

d. Die Staat en 'n Meerdere Vergadering

Die grootste enkele winspunt van hierdie Kerken-Ordre was dat De Mist, by wyse van 'n proefneming, 'eene algemene KERK-VERGADERING' ingestel het wat elke twee jaar gedurende Oktober of November in Kaapstad gehou sal word.

Die vergadering sal bestaan uit twee predikante en twee ouderlinge van Kaapstad, een predikant en een ouderling van elke plattelandse gemeente en twee 'Commissarissen Politicq, om daar by het Gouvernement dezer Volksplanting te representeeren' (art 46). In geval van siekte mag 'n diaken 'n ouderling vervang of selfs 'n oud-kerkraadslid 'n diaken. Die voorsitter sal die predikant van die oudste gemeente wees en daarna sal die voorsitterskap wissel tussen die predikante na die rangorde van die ouderdom van die gemeentes waar hulle staan. Die skriba van die vergadering sal die predikant wees wat by die eersvolgende vergadering as voorsitter sal moet optree.

Hiermee word dus 'n *kerkraad-sinode* in die vooruitsig gestel. Daarmee word die gedagte gestel dat die kerklike struktuur die patroon van 'n vrywillige vereniging volg waar die 'hoër bestuur' saamgestel word uit die 'laer besture'. Die feit dat predikante op die sinodale vergadering op 'n gelyke getalbasis met die ouderlinge sal wees, is 'n tipiese miskenning van die regeerbevoegdheid van die ouderling.

Die indruk word gewek dat hiermee nié 'n meerdere vergadering van die ampte ingestel word om die kerk na die eis van die Woord te regeer nie, maar dat dit 'n samekoms was van die kerkrade van die gemeentes (art 50). Dit word verder bepaal dat by 'n stemming, die kerkraad van Kaapstad twee stemme sal hê en die kerkrade van die plattelandse gemeentes slegs één stem. In die praktyk sou dit beteken dat hier die beginsel van dominokrasie in die kerklike struktuur ingevoer word.

Dit is natuurlik in daardie situasie nie 'n vreemde opvatting nie omdat opvoeding en opleiding, in die dinkwêreld van die rasionalistiese Verligtheid ook as 'n waarborg vir bekwaamheid gesien is. Dit is egter nié 'n vanselfsprekende nood-

wendigheid nie. Dit bly egter waar dat die gevaar van 'n dominokrasie altyd na vore kom wanneer die meerdere vergaderings in die kerk nie meer as vergaderings van die ampte waardeer word nie.

Die doel van dié vergadering lê baie ver van die opdrag wat die sinodale vergaderings in die calvinistiese kerkordes gehad het. Dit was in hoofsaak die opdrag van die vergadering om aandag te gee aan 'de stricte en zoo veel moogelyk eenvormige nakooming van alle de Artikelen dezer Kerken-Ordonnantie' (art 48).

Daarnaas sal elke kerkraad die reg hê om beskrywingspunte vir bespreking deur die Vergadering voor te lê en die beskrywingspunte mag nie van die agenda geweer word nie.

Terwyl hierdie reëling van De Mist 'n owerheids-reëling was en nie 'n kerkorde nie, is dit óók belangrik om daarop te let dat hierdie ordonnansie niks bepaal het wat die kerk self belet het om die Algemene Kerkvergadering in te klee as 'n gewone kerklike meerdere vergadering nie.

Die belangrike punt was dat hier 'n moontlikheid vir die kerk geskep is om nou self sy eie struktuur uit te bou en om sodoende die funksionering van die kerk as getuie van Christus in die wêreld te bevorder.

De Mist het ook nog bepaal dat die agenda van die vergadering, asook die dag en datum van die vergadering aan die Goewerneur, vir goedkeuring, voorgelê moet word (art 48 en Art 49). Terselfdertyd moet die Kommissarisse-Politiek elke punt wat bespreek word, voor dit tot stemming gebring word, voorsien van hulle kommentaar of advies (art 50). Hoewel die staat dus met 'n vaste hand die gang van sake reël, was hierdie maatreëls tog nie so veel anders as die situasie wat in Nederland geheers het of wat die Kerk hier met sy Gekombineerde Kerkraadsvergadering ervaar het nie. De Mist se opvattings in hierdie verband word deur Murray as volg opgesom[23]:

> 'He expressed the view that a well-ordered government demands a single highest authority which is in a position to overlook the whole civil structure in the interests of all. So he argued that church administration should be under the surveillance of the Civil Authority. But De Mist did not deduce from this that the Civil Authority had the right to issue commands to the clergy or the church councils; for that De Mist was too well versed in Reformed doctrine and in history.'

Samevattend kan ten opsigte van De Mist se reëling gestel word dat dit seer sekerlik nie 'n kerkorde, in die kerklike sin van die woord, was nie. Dit was 'n owerheidsreëling waarmee die ontwikkelingsbane getrek is in 'n kerklike gemeenskap wat, tot op daardie stadium, nie as 'n selfstandige liggaam of organisasie in die

gemeenskap gefunksioneer het nie maar as 'n onderdeel van die owerheidstruktuur. Mens sou byna kon stel dat die kerklike gemeenskap aan die Kaap vanaf 1652 in 'n Erastiaanse posisie vasgevang was. Omdat die situasie in die kerk self feitlik onomkeerbaar was, is dit so aanvaar.

De Mist se reëlings om die kerk as organisatoriese geheel los te maak uit die verbondenheid met die owerheidstruktuur was 'n groot stap in die regte rigting. Hoewel De Mist, vanuit sy gesigshoek, die kerk as 'n eie-soortige korporasie in die gemeentes gesien het, het hy nie 'n ander moontlikheid gehad as om die kerk as 'n *vrywillige vereniging*, of as 'n genootskap, te sien nie. Daarmee is hy 'n kind van sy tyd. Die opmerklike is dat De Mist, anders as Janssen in Nederland, nie gepoog het om die owerheidsaanspraak op die kerk te verstewig nie. Hier is geen sprake daarvan dat die owerheid, goewerneur of koning, die lede van die verskillende bestuursliggame (sinode ens) sou aanwys nie, nog minder het hy 'n owerheidsdepartement voorsien wat daarop gemik was om die band tussen die owerheid en die kerk te verstewig nie. Hierin is De Mist konsekwent dat daar inderdaad 'n duidelike skeiding tussen die owerheid en die kerk moet wees, maar hy aanvaar nie dat die kerk as liggaam, as 'n selfstandige grootheid in eie reg teenoor die owerheid sal staan nie. Die kerk as gemeenskap bly volgens De Mist in die geheel van die gemeenskap, uiteindelik tog ondergeskik, onder die formele toesig van die burgerlike gesag.

Interessant in De Mist se reëling is dat hy geen reëlings tref ten opsigte van die arbeidsveld van die kerklike vergaderings nie. Daaruit blyk wel dat De Mist hier, soos hy dit sien, die owerheidsreg *circa sacra* uitspel maar nie *in sacra* nie. De Mist het géén beperking gelê op die kerkraadsvergadering se bevoegdheid om die opsig te hou en die tug uit te oefen oor die lidmate nie. Dit is juis hier waar die selfstandige optrede van 'n kerkraad hom in botsing met die owerheid kan bring. Vir De Mist skep dit géén probleem nie en kan gestel word dat De Mist se ordereël nie die kerk-wees van die kerk in gedrang gebring het nie.

Ten slotte kan gestel word dat De Mist se reëlings wel 'n verskuiwing meegebring het in die verhouding tussen die owerheid en die kerk. Dit sou vir die kerk aan die Kaap teoreties moontlik gewees het om binne die raamwerk wat De Mist getrek het, nogtans die Dordtse kerkorde, met enkele wysigings, as interne reëling van die kerk te handhaaf. Slegs by die beroep van 'n predikant sou daar 'n botsing ontstaan het. Want al die ander reëlings, soos die voorlê van die name van gekose ampsdraers aan die owerhede, die aanvaarding van kommissarisse-politiek op die kerklike vergaderings, die voorlegging van die agenda van 'n sinodale vergadering aan die goewerneur was staande praktyk in Nederland en aan die Kaap, selfs waar die Dordtse kerkorde gefunksioneer het.

Dit is dus 'n vraag of dit aan De Mist se *Provisioneele Kerken-Ordre* te danke is dat die genootskaplike kerkbegrip en stelsel ook in Suid-Afrika wortel geskied het. Die antwoord daarop sal gekwalifiseerd negatief wees want die genootskaplike kerkbegrip en stelsel het eers werklikheid geword met die *Algemene Reglement* van 1824. Tog is dit ook waar dat De Mist die kerk beskou as 'n genootskap en alles wat dit beteken. Die opvallende is nie dat De Mist die kerk so beskou nie maar dat die ampsdraers en lidmate van die kerk dit sondermeer so aanvaar het. Dit kan net op één saak dui en dit is dat die calvinistiese teologie en kerkbegrip dan al vir 'n baie groot deel 'n vergete erfenis geword het. Daaruit kan die afleiding gemaak word dat dit vir die kerk, die ampsdraers en lidmate, altyd geriefliker, makliker is om met die tydsgees saam te gaan as om daarteen weerstand te bied, selfs wanneer die tydsgees die geestelike erfgoed van die kerk bedreig. Die oortuiging dat die volk van God 'n eiesoortige liggaam met sy eie geestesinhoud en orde is wat ànders is as die van die wêreld waarin die kerk leef, is 'n oortuiging wat baie maklik verdof - as dit met die kerk in die wêreld voorspoedig gaan.

De Mist se reëling ten opsigte van 'n Algemene Kerkvergadering was ook belangrik omdat hy daarmee aan die Kerk die moontlikheid bied om na die eis van die Skrif, al die gemeentes in 'n duidelike en sigbare organisasie saam te snoer en om sodoende die welwese van die geheel en die dele te bevorder. Tot dusver was die kerk onderverdeel in gemeentes wat egter nie na mekaar omgesien het of mekaar op 'n ordelike wyse bygestaan het nie. Die gevolg was dat, soos in Graaff-Reinet en Swellendam, allerlei misstande ontstaan het. Ondanks al die besware wat teen De Mist se *Kerken Ordre* ingebring kan en moet word, was dit 'n groot stap vooruit en daarmee het De Mist aan die kerk, wat nog steeds doodtevrede was om aan die leiband van die owerheid te loop, die moontlikheid gebied om tot selfstandigheid te ontwikkel. Juis omdat die kerk nie op sy eie bene kon of wou staan nie, omdat die kerk die ruggesteun van die staat onontbeerlik gevind het, het De Mist dit gehandhaaf. Tot in 'n hoë mate het De Mist 'n owerheidsreëling geskep wat as 'n *oorgangsmaatreël* beoordeel kan word en wat aan die kerk onbetwisbare moontlikheid gebied het om na sy eie aard en insig tot volkome vryheid en selfverantwoordelikheid te ontwikkel. Die grootste enkele merkwaardigheid was dat die kerk so traag op hierdie stimulans gereageer het.

6. DIE ONTVANGS VAN DIE KERKEN-ORDE

Dit is nogal opvallend dat De Mist se reëling met dankbaarheid deur die kerke aan die Kaap aanvaar is. Allereers het die *Lutherse kerk* met besondere dankbaarheid

van die *Kerken-Ordre* kennis geneem en op 6 Oktober 1804 oa aan De Mist geskryf[24]):

> 'Ontvangt dus, Commissaris Generaal, in gunst en welwillendheid, de versekering van de oprechte dankerkentenis welke de voorstanders der Luthersche gemeente deeser plaats, de vrijheid neemen aan Uw Hoog Ed. mits deeser needrig aan te bieden. Gedoogd dat zij, de ondergetekenden, Uw Hoog Ed. uit naam der gemeente, moogen betuigen, wat alle leden van deselve in hunner harten gevoelen: 'Uwe Hoog Edl. is 't gezegende Werktuig geweest, door 't welk onse kerk en gemeente een nieuw bestaan heeft ontvangen.'

Die Kaapstadse Kerkraad het óók sy ingenomenheid betuig net soos die Kerkraad van Stellenbosch wat op 18 November 1804 aan De Mist as volg geskryf het[25]):

> 'In onze Vergadering op heden gehouden hebben wy 't onzen pligt geoordeelt, onze dankbetuigingen by die onzer Kaapsche Broederen te voegen en eenstemmig met dezelve U Hoog Ed. te moeten verzekeren dat wy zeer gevoelig zyn over de weldadige voorzorg voor het onderhoud der Leeraaren onzer Gezindheid, mits gaders derzelver weduwen, alsmeede Uw Hoog Ed. tydige voorzorg voor de Conservatie en herstelling eener gepaste Ordre, in het Kerkelijk bestier onzer Gemeenten. Wy zullen zo veel onze vermogens maar eenigzints toelaaten ons benaarstigen om de pligten ons daar in aanbevolen, onder Gods zegen te volbrengen.... wy gevoelen wel dat onze dankbetuiginge voor U Hoog Ed. geen ongemeen gewigt kunnen hebbe, maar wy zyn even zeer overtuigd van ons belang, pligt en eer dan dat wy hieromtrent in gebreken konden blyven.'

Hier is geen sprake van 'n wanklank nie. Dit is ook nie so vreemd nie want De Mist se owerheidsreëling, hoewel dit ingegryp het in die organisasie van die kerk en hoewel dit die patronaatsreg van die owerheid, wat vanaf 1652 gegeld het, uitgebrei het, het dit tog nie die kerk verbied om op grond van hierdie staatsreëling sy eie interne orde self uit te werk en te bepaal nie. Dit moet dus gestel word dat die *Kerken-Ordre* van De Mist niks afgeskaf het nie maar slegs nou, op 'n omskrewe en vaste basis, die verhouding van staat en kerk gereël het sonder om die kwaliteit van die kerklike lewe te beroer. Die kerklike orde, waarvolgens die kerk aan die Kaap van 1652 geleef en gewerk het, het voortbestaan met dieselfde beperkings as wat van 1652-1804 gegeld het. Die kerk kon nou, op eie inisiatief, sy eie ordening verder ter hand neem en het, in 1824, daartoe oorgegaan.

7. DIE EINDE VAN DIE BATAAFSE BEWIND

Nadat De Mist vroeg in 1805 na Nederland teruggekeer het, het Goewerneur Janssens alleen die bewind gevoer. Janssens moes egter geweet het dat hy onder 'n donker wolk werk nadat in 1804 die oorlog tussen Frankryk en Engeland weer uitgebreek het. Engeland sou beslis die Kaap wéér probeer oorneem om sodoende sy seeroete na Indië oop te hou. Hoewel Janssens sy bes probeer het om die verdediging van die Kaap op te knap, was hy magteloos toe 'n Engelse vloot van 61 skepe, met ongeveer 4 500 troepe aan boord, op 7 Januarie 1806 tussen Robbeneiland en Bloubergstrand anker gegooi het. Gen Janssens met skaars 2 000 troepe, van wie die meerderheid burgers was, het 'n poging aangewend om die kolonie te verdedig op 8 Januarie 1806 by Blouberg. Na 'n skermutseling het Kaapstad op 10 Januarie 1806 en Gen Janssens met die res van sy leër op 18 Januarie 1806 oorgegee. Dit was ook die laaste keer dat oorlog naby Kaapstad gevoer is.

In 'n Akte van Oorgawe met die val van Kaapstad het die Engelse veroweraar 'n aantal waarborge gegee wat onder andere gelui het[26]:

> 'All Bona-fide private property whether belonging to the Civil or Military Servants of the Government, to the Burghers and Inhabitants, to Churches, Orphans and other public Institutions of that kind, shall remain free and untouched. The Burghers and Inhabitants shall preserve all their Rights and Privileges which they have enjoyed hitherto. Publick worship as at present in use shall also be maintained without alteration.'

In Maart 1806 het Janssens met 'n groot getal offisiere, soldate, amptenare en hulle vroue en kinders na Nederland teruggekeer. Dit was die finale naspel van die Nederlandse bewind aan die Kaap. Hoewel daar nog sprake was dat Engeland weer die Kaap sou teruggee het die Traktaat van Londen van 13 Augustus 1814 wat die oorlog tussen Engeland en Frankryk en sy bondgenote beëindig het, daardie hoop verydel. Die Kaap sou 'n Engelse kolonie bly tot in die twintigste eeu.

8. AANTEKENINGE.

1. JP van der Merwe, *Die Kaap onder Britse en Bataafse Bestuur 1795-1806*, artikel in AJH van der Walt, JA Wiid, AL Geyer, *Geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad sj, bl 140-141.
2. Die beste, kort saamgevatte biografie van De Mist wat beskikbaar is, is dié van AH Murray in WJ de Kock (red), *SA Biografiese Woordeboek*, Kaapstad-Johannesburg 1972, Dl II, bl 176 vg. Hier word vryelik, sonder nader presiesering, van dié gegewens gebruik gemaak.
3. AH Murray, *a w*, bl 177.
4. As voorbeeld kan o. verwys word na JP JOOSTE, *Die Verhouding tussen Kerk en Staat*, Bloem-

fontein 1946, bl 82 vg. De Mist se verbintenis met die Vrymesselaar-beweging kry ook aandag in AH Murray se uitnemende studie *The Political Philosophy of JA de Mist*, Cape Town-Pretoria, sa, p 12f.

5. Vgl AH Murray, *l c*, p 16.
6. AH Murray, *l c*, bl 137 stel: De Mist's institutions and ideas were carried into the hinterland by the Voortrekkers from the eastern parts of the Colony during the third decade of the century. Continuity was maintained and the principles of De Mist's political philosophy were woven into the texture of the political institutions and procedures which are incorporated into the Republic of South Afria.
7. AH Murray, *l c*, p 108. Op bl 109 haal Murray met instemming Van Ryswyk aan wat die situasie as volg beskrywe het: The state is only one of the aspects from which the organised community can be viewed. It is the juridical personification of a given community, and the power which is conferred upon it must be used in view of the harmonious co-operation of the parts *and limited by this end*. These parts, the organised groups inside the State, constitute the fundamental elements of Society and the State. They come to existence under the influence of natural forces and of man's social instinct. It is the sovereign's task to help this federalistic structure to build itself up in a harmonious way and to formulate the laws which the coexistence of the groups imply.
8. AH Murray, l c, p. 111. My kursivering.
9. Vgl A Dreyer, *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1804-1836*, Kaapstad 1936, bl 6 vg waar die Memorie van die Kaapstadse Kerkraad van 9 April 1804 aan De Mist voorkom.
10. A Ypeij en IJ Dermout, *Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk*, Breda 1827, Dl IV, bl 150.
11. Vgl oa J Reitsma en J Lindeboom, *Geschiedenis van de Hervorming en de Hervormde Kerk der Nederlanden*, 's-Gravenhage 1949, bl 399 vg.
12. AH Murray, *l c*, p. 115.
13. A Dreyer, *a w*, bl 3 vg.
14. A Dreyer, *a w*, bl 6.
15. A Dreyer, *a w*, bl 7.
16. A Dreyer, *a w*, bl 7.
17. Aangehaal by JP van der Merwe, *Die Kaap onder die Bataafse Republiek*. Amsterdam 1926, bl 10-11.
18. Die Provisoneele Kerken-Ordre se teks is gepubliseer deur A Dreyer, *a w*, bl 8-23.
19. Dit is interessant om daarop te let dat die Voortrekkers, wat 'n dertig jaar later die Kaapkolonie verlaat, hulleself ook 'n 'maatschappy' noem, dit wil sê 'n geordende volksgemeenskap.
20. JP Jooste, *a w*, bl 95 is van mening dat dié maatstaf deur 'deugd en goede zeden' bepaal sal word. Dit lyk egter, ook in die lig van die formulering van art. 5, onwaarskynlik.
21. Vgl oa AH Murray, *lc*, p 119.

22. EPJ Kleynhans, *Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1795-1962*, DD-diss Universiteit van Stellenbosch 1973, bl 113 sien dit as 'n independentistiese kenmerk van hierdie orde. Dié enigsins gesogte argument sou miskien nog kon opgaan indien die gemeente in vergadering byeengekom het én indien die gemeente die reg gehad het om 'n *oordeel* uit te spreek oor die werksaamhede van die kerkraad. Hier kan die lidmate individuel slegs hulle bedenkings aan die kerkraad voorlê sonder dat bepaal word dat die kerkraad daaroor moet handel. Aan die ander kant is dit 'n vraag of die onttrekking van alle handelinge van die kerkraad aan die oordeel van die lidmate of gemeente nie in 'n roomse strukturering kan ontaard waar die lidmaat as 'die onmondige leek' gewaardeer word nie.
23. AH Murray, *l c* p 116.
24. A Dreyer, *a w*, bl 29.
25. A Dreyer, *a w*, bl 30.
26. Aangehaal by EPJ Kleynhans, *aw*, bl 37.

Hoofstuk 5

Die Kaap 'n Engelse Kolonie en die betreklike selfstandigheid van die Kerk in 1824

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

As Engeland die Kaap oorneem in 1806, bestaan die bevolking uit 25,757 blankes, 29,545 slawe en 20,006 Hottentotte. Die swaartepunt van die kolonie is dan Kaapstad waar daar 6,273 blankes en 9,129 slawe gewoon het. Na oppervlakte was die kolonie 'n uitgestrekte gebied wat uit die distrikte van Kaapstad, Stellenbosch, Tulbagh, Swellendam, Graaff-Reinet en Uitenhage bestaan. Van die Atlantiese Oseaan in die weste het die kolonie gestrek tot by die Visrivier in die ooste terwyl die noordgrens van Namakwaland ooswaarts geloop het langs die Sakrivier en vandaar noordoos na Plettenbergsbaken naby Colesberg.

Aanvanklik is aan die Kaap 'n militêre bewind gevoer maar in 1807 het die eerste burgerlike goewerneur, Graaf Caledon, in die Kaap aangekom. Sy regeringsvorm was volkome outokraties met die goewerneur as hoogste gesag in alle sake. Hy het deur middel van proklamasies regeer en was slegs aan die Minister van Kolonies in London verantwoording skuldig. Vanweë dié afstand het dit in die praktyk beteken dat die goewerneur alleen-seggenskap gehad het. Hierdie regeringsvorm het tot in 1825 van krag gebly toe 'n Raad van Advies ingestel is en ordonnansies uitgevaardig het in plaas van wetgewende proklamasies.

Tot en met 1814 het die Kaap se toekoms nog enigermate in die weegskaal gehang en het die Engelse bewind hom nog min of meer gehou aan die Akte van Oorgawe van 1806 en nie veranderings aan die bestaande strukture, regte en voorregte gemaak nie. Na die sluiting van die vrede toe dit duidelik was dat die Kaap nie weer gou uit Engelse hande sou gaan nie, het die gesindheid van die Engelse owerheid ook verander. Tiperend van die nuwe bedeling was Lord Charles Somerset wat van 1814-1826 goewerneur van die Kaap was. Somerset was die Engelse goewerneur wat met 'n vaste hand 'n verengelsingsproses in die kolonie aan die gang gesit het nadat dit duidelik geword het dat dit internasionaal erken is dat die Kaap 'n Engelse kolonie sal bly. Somerset se bewind is geteken deur die droewige gebeure van Slagtersnek in 1815 wat 'n byna permanente wig tussen die Engelse owerheid en die meeste Afrikaner in die kolonie ingedryf het.

Somerset het stelselmatig die staatsdiens verengels en het vandaar ook 'n poging aangewend om die Kaapse kerk en die skole te verengels. Vir dié doel is Skotse Presbiteriaanse predikante vir die kerk gekry. Manne soos ds. Evans, Taylor en Thom was die voorlopers wat na 'n kort verblyf in Nederland na Suid-Afrika

gekom het. Ander bekende Skotse predikante was Andrew Murray snr, Henry Sutherland, Colin Fraser, George Morgan en William Robertson. Hierdie beleid om Skotse predikante vir die kerk te kry het meegebring dat in 1834 al dertien van die drie en twintig predikante Skotte was. Dit is opgevolg deur die invoering van Engelstalige godsdiensoefeninge en het dit 'n vaste gewoonte van alle Kaapse predikante geword om die middag- of aanddiens in Engels te hou, selfs al was daar geen Engelse in die kerkgebou of op die dorp nie. Saam met die predikante is Skotse en Engelse onderwysers ingevoer en die skole verengels.

In 1822 het Somerset 'n taalproklamasie uitgevaardig en daarin is bepaal dat van 1 Januarie 1827 Engels die enigste amptelike taal in die howe sal wees en in alle regeringskantore vanaf 1 Januarie 1825, terwyl alle amptelike briefwisseling vanaf 1 Januarie 1823 alleen in Engels gevoer kon word.

Geleidelik is op verskillende vlakke die kolonie omvorm tot 'n Engelse kolonie en dit is aangehelp deur die koms van die 1820 setlaars. Ook het die Engelse goewerneur 'n beleid ten opsigte van die nie-blanke gevoer wat neergekom het op 'n benadeling van veral die Afrikaner-grensboer en 'n bevoordeling van die nie-blanke. Die vrystelling van die slawe en veral die vergoeding wat aan slawe-eienaars uitbetaal is, was 'n tipiese voorbeeld van hierdie optrede. Die geheel van die Engelse beleid in sy kolonie was daarvoor verantwoordelik dat die oosgrens-Afrikaner nie meer langer kans gesien het vir die Engelse kolonie nie en so het die volksverhuising, die Groot Trek, vanaf 1834 op gang gekom. Die Groot Trek was die behoud van die Afrikaner in Suid-Afrika gedurende die 19e en die grootste deel van die 20e eeu.

2. DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING TOT 1824

Wanneer die kerkregtelike ontwikkeling na 1806 nagegaan word, dan moet daar steeds in gedagte gehou word dat De Mist se reëlings eintlik die kerk vaster as ooit vantevore aan die staat vasgeknoop het. Tereg sê Jooste[1]):

> 'Dit alles in aanmerking geneem, het die Hervormde Kerkgenootskap nie meer na 'n Staatskerk gelyk nie maar na 'n staatsdepartement.'

Hierdie noue verbondenheid, die duidelik omskrewe ondergeskiktheid van die kerk aan die owerheid sou nog in 'n sekere sin aanvaarbaar gewees het as 'n funksionele verhouding so lank die staat en owerheid deur dieselfde geloofs- en godsdienstige oortuigings as die kerk gedra is. Daarby moet in ag geneem word dat

De Mist self sy reëlings as 'n beginpunt gesien het vanwaar die kerk sou moes beweeg na groter selfstandigheid, los van die owerheid. Dit is sterk te betwyfel of De Mist sy reëlings as finaal en as 'n eindpunt beskou het. Die nuwe owerheid het egter anders daaroor gedink.

Met die Engelse oorname van die Kaap is die kerk, feitlik as staatskerk, onderwerp aan 'n Engelse goewerneur en maghebber wat uit 'n volkome ánder godsdienstig-kulturele leefwêreld gedink en regeer het as dié waarin die kerk met sy ampsdraers en lidmate geleef het. Vir so ver die Engelse goewerneurs, wat as outokrate aan die Kaap regeer het, gelowige christene was, was hulle lidmate van die Anglikaanse kerk wat teologies, struktureel en andersins ver verwyder was van die kerk aan die Kaap wat op die lees van die calvinisme geskoei was. Dit het meegebring dat die kerk beslis in 'n onbenydenswaardige posisie was en dat die kerk ook, soos tydens Somerset se bewind, misbruik kon word vir politieke en kulturele oogmerke. Die kerk was, vanweë sy onderhorige posisie, nie juis in staat om baie weerstand te bied teen die owerheid nie en geleidelik het die wil tot weerstand ook al minder geword soos die kerk, en dan veral die predikante, ingetrek is in die Engelse invloedsfeer en lewenstyl. Die Engelse goewerneurs wat na 1806 aan die Kaap regeer het, het geen rede gehad om De Mist se reëlings te verwerp nie en sy ordonnansie het tot 1843, toe dit deur Ordonnansie 7 van daardie jaar vervang is, van krag gebly. Dit het selfs geblyk dat die Engelse goewerneurs hulle toesighoudende funksie oor die kerk en hulle seggenskap in die kerk uitgebrei het. Die duidelikste kom dié saak na vore rondom die figuur van die kommissaris-politiek én rondom die staat se optrede ten opsigte van die predikante.

(a) Die figuur van die Kommissaris-Politiek

Die Kommissaris-politiek het vanaf 1586 'n bekende figuur en instelling geword by die kerklike vergaderings van die ampte in Nederland. Hierdie figuur is tydens die VOIC-bewind, netso oorgedra op die ontwikkelende kerk in die Kaap.
De Mist se kerkordonnansie het die amp van kommissaris-politiek nêrens omlyn nie. In art 37 is slegs gestel[2)]

> 'In de Hoofdplaats blyft dit aan den daar toe van Gouvernementswegen in den Kerkenraad zitting hebbende Commissaris-politicq en aanblyvenden Kerkmeesters bevolen, in maniere zo als zulks thands gebruiklyk is, of by nadere Ordre anders zal worden beraamd.'

De Mist het egter nié 'n kommissaris-politiek aangestel nie en die dienende funksionaris, JI Rhenius, van 'n pensioen voorsien en daarna duidelik laat blyk dat hy die funksie nie hoef voort te sit nie. Tydens die Bataafse bewind het die kerkraad van Kaapstad, wat die enigste kerkraad was waar 'n kommissaris-politiek reëlmatig die vergaderings bygewoon het, sonder 'n kommissaris-politiek vergader. Dit het die kerkraad laat vermoed dat die funksie verval het.

Kort na die Engelse oorname van die Kaap het Rhenius aan die goewerneur geskrywe met die versoek dat sy pensioen ook deur die nuwe bewind uitbetaal sal word. Die gevolg hiervan was dat die goewerneur Rhenius weer as kommissaris-politiek aangestel het en dit in die *Cape Town Gazette* van 5 April 1806 gepubliseer het.

Dié aanstelling het nie, wat die kerkraad van Kaapstad betref, op goeie aarde geval nie[3)] en die kerkraad het 'n uitvoerige memorie aan die goewerneur gerig waarin hulle beswaar gemaak het dat hierdie funksie voortgesit word. Die hoofargument was dat dié funksie in Nederland verval het toe die beperking weggeval het dat slegs lidmate van die bevoorregte kerk in openbare ampte aangestel kan word. Daarby het die ordonnansie van De Mist alle kerke aan die Kaap gelykgeskakel en nou is dit vreemd dat terwyl die Lutherse kerk en die plattelandse gemeentes nié 'n kommissaris-politiek op hulle kerkraadsvergaderings hoef te akkomodeer nie, dit wel van die Kaapstadse kerkraad verwag word. Daarby het hulle geargumenteer dat die Nederlandssprekende gemeente in Londen óók nie 'n kommissaris-politiek moet aanvaar nie[4)].

Die memorie het afgesluit:

> 'Den Kerkenraad kan ook beswaarlyk gelooven dat de Heer Rhenius dien post zal aanvaard hebben, daar zyn Ed. eenigen tyd geleeden, by zeekere geleegenheyd in de vergadering ronduyt verklaard heeft dat hy 't onder de genoeglykste oogenblikken van zyn Leeven zoude reekenen zo hy van dien Lastigen Post eens mogt worden ontslagen - om thans niet aan te merken, dat volgens de Hollandsche Wetten, de Commissaris Politicq altyd zyn moest een wezentlyk lid der Regeering en naar de Costume van dit Gouvernement, 't tweede Lid der Politie, dog van welke vereistens geene in de Heer Rhenius is te vinden.'

Hierdie poging van die kerkraad om minstens één van die bande wat die kerk so nou aan die staat verbind het, af te sny het géén sukses gehad nie. Nadat die goewerneur Rhenius self geraadpleeg het en hy, in sy kommentaar op die memorie

van die kerkraad die voortsetting van die ampt van kommissaris-politiek bepleit het[5], het die goewerneur aan die kerkraad gestel[6]:

> '.... he felt himself called upon to continue the appointment of a Political Commissioner over Church Affairs, which situation had been judged necessary by the former Government of this settlement, and is indeed considered in some degree as part of the establishment of the Reformed Church in Europe, *as tending to connect the Church more closely with the Government.*'

Waar die kerk die bande wat hom gebind het, wou losser maak daar het die staat weer probeer om die bande stywer te trek. In 'n sekere sin is dit ook verstaanbaar want alle politici en staatsamptenare is altyd bekommerd oor 'n area van die openbare lewe waaroor hulle geen seggenskap of beheer het nie. Daarom sal die staat altyd, direk of indirek, die geneigdheid hê om beheer oor die kerk uit te oefen om die kerk in die spoor van die staat te laat loop.

Nie alleen moes die kerkraad van Kaapstad, as gevolg van hierdie beslissing die kommissaris-politiek maar wéér in sy vergaderings ontvang nie, maar die goewerneur het ook nog verder gegaan. Nie alleen is 'n 'Instructie voor J.I. Rhenius, Esqr., Commissaris Politicq voor Kerkelyke Zaaken in deeze Colonie' op 16 September 1806 uitgevaardig nie[7] maar in 1814 word die landdroste van die verskillende distrikte aangestel as kommissaris-politiek vir elke buite-gemeente[8]. Daarby is in 1811 óók bepaal dat geen korrespondensie met die goewerneur of die staat gevoer mag word, as daardie korrespondensie nie éérs deur die kommissaris-politiek onderteken is nie. Dit het beteken dat die kommissaris 'n baie sterk kontrolerende funksie gekry het[9]. Uit dit alles was dit baie duidelik dat die goewerneur die kerk direk onder sy kontrole wil hou[10] Dit was vir die kerk nié 'n aangename reëling nie en in verskillende van die plattelandse gemeentes het die persoon van die kommissaris-politiek aanstoot gegee omdat dit gebeur het dat hy nie lidmaat van die kerk was nie. Die kommissaris-politiek het baie lank so 'n vaste figuur op die vergaderings van die ampte van die Kaapse kerk gebly. Dit was gelukkig één van die verskynsels in ons kerklike lewe wat nie deur die Voortrekkers in die binneland voortgesit is nie.

(b) Die Staat, die Predikante en die Ampte

Die kerklike ordonnansie van De Mist het in art. 21 en 22 die posisie van die predikant omskryf. Dit was soos volg:

'Art 21. Het recht van vrye beroeping der Leeraren op zulk een afstand van het Moederland, door de Ledematen van dat Genoodschap niet kunnende worden uitgeoefend, voorziet het Hoog Bestuur in Nederland, dat zo veele geschikte en goede Leeraaren naar herwaards gezonden worden, als tot vervulling van vacaturen of bediening van nieuwe door het Gouvernement alhier toegestaane Kerken worden vereischt.

Art 22. De Gouverneur in der tyd heeft het recht, om zodanige nieuw uitgekomene Leeraaren, in een of ander der opengevallene of nog onvervulde Leeraars-plaatsen, te kunnen ordineeren, en, by wege van bevordering, dezelve ook van de eene tot de andere Kerk binnen deze Volksplanting te kunnen verplaatsen, zo als hy met de gelegenheid en ten meesten dienste der Kerken oirbaar, en met de personeele geschiktheid en verlangens der Leeraren meest overeenkomstig vinden zal.'

Hieruit blyk dat die predikante geheel en al in die mag van die goewerneur was. Die goewerneur het aangestel, verplaas en opdragte gegee sonder dat hy daarin die kerkraadsvergadering van die betrokke gemeente moes ken. Hier het die goewerneur as *summus episcopus* opgetree en as gelet word op die wyse waarop ds P van der Spuy in 1806 verplaas is, is dit duidelik dat die verplasing van die predikant uitsluitlik 'n saak tussen die goewerneur en die betrokke predikant was[11]). Daarby het gekom dat die goewerneur vir homself ook die reg toegeëien het om 'n predikant af te sit. Dit het gebeur in die geval van ds JA Schutz van Swellendam.

Nadat in 1813 'n klag teen ds Schutz by die goewerneur ingedien is, het hy 'n kommissie, bestaande uit Sir John Truter, PJ Truter snr en ds C Fleck, benoem om die saak te ondersoek. Nadat hulle alle ter saaklike gegewens oor die saak nagegaan en ingewin het en aan die goewerneur 'n rapport voorgelê het, het die goewerneur op 24 September 1813 aan ds Schutz geskryf[12]):

'His Excellency the Governor laments the necessity your conduct has imposed upon him (after the fullest investigation and every means of vindication afforded to you) of suspending you from the function of a clergyman for two years and at once removing you from the district of Swellendam. Your salary will cease on the 1st of October next. His Excellency trusts your conduct during those two years may be such as to sanction His Excellency's providing for you in some other district where your conduct may conciliate the esteem, respect and reverence due to the Clerical character. A copy of this is sent to the landdrost to whom you are directed to deliver up the church and all church property now in your possession.'

Daar is geen duideliker illustrasie hoe ver die goewerneur sy patronaatsreg gevoer het nie. Die predikante was volkome van die goewerneur afhanklik en terwyl daar geen meerdere vergadering was nie, was die gemeente en die kerkraad skynbaar magteloos om iets aan hierdie toedrag van sake te verander. Vanweë hierdie situasie is dit volkome aanvaarbaar om die predikante in hierdie tyd as *staatsamptenare* te beskou[13] wat eintlik maar in 'n los verband tot hulle kerkrade gestaan het aangesien die opsig en tug in die hande van die goewerneur gelê het.

Daarby was die kerkrade verplig, volgens art 23 en 24 van De Mist se ordonnansie, om jaarliks die name van die kerksraadslede wat gekies is, vir goedkeuring aan die goewerneur voor te lê.

Reeds in November 1806 het die goewerneur geëis dat, soos in die dae van die VOIC, 'n dubbelgetal diakens aan hom voorgelê moes word, waaruit hy dan één sou aanstel. As die Kaapstadse Kerkraad hierteen beswaar maak omdat die ordonnansie nie daarvoor voorsiening maak nie, aanvaar die goewerneur tydelik die situasie. In November 1807 het die goewerneur egter geëis dat in die vervolg weer 'n dubbeltal name vir die amp van diaken aan hom voorgelê sou word waaruit hy dan een sou kies. Die kerkraad moes, onder protes, voor hierdie reëling swig[14].

Verder is al die bepalings van De Mist se ordonnansie stiptelik uitgevoer en is die goewerneur jaarliks van die finansiële verslae van al die gemeentes voorsien. By gebrek aan 'n meerdere vergadering was die goewerneur op organisatoriese vlak, die samebindende, kontrolerende en regerende faktor. 'n Meer ongewenste situasie vir 'n kerk is moeilik denkbaar want dit beteken dat die eiesoortigheid van die kerk as volk van God of as liggaam van Christus heeltemal op die agtergrond raak.

Die oppergesag van die goewerneur het ook in 'n ander rigting skadelik ingewerk en wel met die voorsiening van predikante. De Mist se kerkordonnansie het voorsien dat die owerheid in Nederland predikante na die Kaap sou stuur. Vanweë die Engelse besetting van die Kaap het daarvan nie veel geword nie. Die onus is egter op die goewerneur gelê om predikante te voorsien en reeds vroeg ná 1806 het die goewerneur hieraan aandag gegee. In Engeland het die sekretaris van koloniale sake dié saak met die hulp van ds. J. Werninck, predikant van die Nederlandssprekende gemeente in Londen probeer beredder. Dié saak is egter nie daardeur bespoedig nie hoewel langs dié kanaal tog later, na 1812, drie Nederlandse predikante na Suid-Afrika gekom het nl ds JC Berrangé, ds J Spyker en ds C Mol[15].

In sy skrywe aan die goewerneur het die sekretaris van koloniale sake in 1808 gestel[16]:

> 'Mr. Alexander has suggested to me that it may be possibly expedient to induce either Scotch or Irish dissenting Ministers to proceed to the Cape, and Mr. Werninck thinks they might be acceptable in the Colony. If I do not soon procure clergymen from Holland I may be induced to make such an experiment.'

Hoewel dit nie dadelik ter hand geneem is nie, het die tekort aan predikante die goewerneur in daardie rigting gedwing. In 1818 het Lord Charles Somerset, die destydse goewerneur, ds C Thom, 'n predikant van die Skotse kerk wat al sendingwerk in Suid-Afrika vir die *London Missionary Society* gedoen het, as predikant van Caledon aangestel[17]). As dié aanstelling suksesvol is, voer Lord Charles Somerset dit in 1819, tydens sy vakansie in Engeland verder en word die invoer van Skotse predikante en Skotse onderwysers deel van 'n plan om die inwoners van die kolonie te verengels.

Met die hulp van ds G Thom, wat gedurende 1820 ook in Engeland is, word ds Andrew Murray, ds Alexander Smith, en ds William R Thomson onmiddellik vir die kerk in die Kolonie gewerf terwyl drie teologiese studente Henry Sutherland, Colin Fraser en George Morgan in 1824, na voltooiing van hulle studies na die Kaap vertrek het. Hierdie manne het almal in die patroon gepas wat Somerset wou volg en wat as volg aangedui is'[18]):

> 'Clergymen could not be obtained in Holland to meet the needs of the Colony, and besides it was considered expedient that pulpits should be filled by men whose mother tongue was English and whose affection for Great Britain was hereditary and strong.'

Met die koms van hierdie en ander Skotse predikante het daar nie net 'n politieke aksentsverskuiwing binne die kerk na vore gekom nie, maar óók 'n teologiese aksentsverskuiwing. Hoewel hierdie Skotte almal afkomstig was uit die Skotse *Presbyterian Church*, die kerk wat deur die arbeid van John Knox hervorm is, was daardie kerk nie meer 'n volkome calvinistiese kerk nie. Die invloed van Wesley se arminiaanse metodisme, wat op bepaalde punte so sterk bepaal word deur die deïsme, het diep in die Skotse kerk ingevreet. Die gevolg was dat die metodisme, met sy sterk moraliserende en vervlakkende tendense, ook 'n vastrapplek in die Kaapse Kerk gekry het. So het die import van die Skotse predikante in die Kaapse kerk die terrein voorberei vir die metodisme wat die basiese, calvinistiese grondpatroon ernstig benadeel het18).

Die interessante is egter dat hierdie Skotse predikante wél 'n belangrike rol

speel om die beperkende greep van die staat op die kerk te weerstaan. Soos JP Jooste dit stel[19]):

> 'Vir die verhouding van Kerk en Staat aan die Kaap was die invoering van die aantal Skotse predikante van groot betekenis. Hulle het die stryd vir die regte van die Hervormde Kerk teen die Staat aangebind en dit tot die einde toe gevoer.'

Die geheelbeeld van die kerk tot 1824 was egter dié van 'n weerlose kerk wat deur die goewerneur as *summus episcopus*, as hoogste kerkmeester, totaal beheers en gemanipuleer is sonder dat die eiesoortigheid van die kerk erken is én sonder dat die ampsdraers van die kerk geneë was om dit sterk téén die goewerneur te verdedig.

3. DIE INVOER VAN DIE 'EVANGELISCHE GEZANGEN

Een van die belangrike nuwighede wat vroeg in die 19e eeu aan die Kaap ingevoer is, was die 'Evangelische Gezangen'. Dit is nogal interessant om vas te stel hoe die Gesange, wat in Suid-Afrika nog aanleiding vir 'n kerkskeuring sou wees[20]), alhier in die godsdiensoefening ingevoer is.

Sonder om op die beginsel of daar in 'n calvinistiese kerk gesange, wat nié Skrifberymings is, gesing mag word al dan nie, in te gaan, kan daarop gewys word dat reeds Petrus Datheen se bundel berymde psalms 'n sewetal gesange bevat het[21]). In die bloeityd van die calvinisme in die Nederlandse Kerk word oor die algemeen geoordeel dat alleen berymde psalms gesing sal word in die godsdiensoefening en nié 'die gesanghen, die welcke in der Heylighe Schrift niet en worden ghevonden'[22]). Die sinode van Dordrecht 1619 oordeel egter anders en skep 'n opening vir die gebruik van die gesang[23]).

Vroeg in die 19e eeu, nadat die Provinsiale sinode van Noord-Holland dié saak aanhangig gemaak het, word die opstel van 'n bundel gesange ter hand geneem. 'n Kommissie, bestaande uit afgevaardigdes van die verskillende Provinsiale sinodes, kom in September 1803 in Utrecht byeen om aan dié saak uitvoering te gee. Hierdie kommissie het met bekwame spoed en ywer gewerk. Hulle werkwyse het hulle in die Voorrede as volg gestel[24]):

> '.... dat ze geen andere gezangen hebben geplaatst, dan die met de belijdenis der Nederlandsche Hervormde Kerk, uitgedrukt in hare formulieren, overeenkomen. Zij meenen met grond te mogen vertrouwen, dat onze liederen van groot nut kunnen

wezen om die zuiverheid der leer, midden in den stroom van velerlei gevaarlijke nieuwigheden, in onzen gemeenten te bewaren.'

Hierdie naiewe verklaring kon nie verhoed dat daar mettertyd 'n stryd rondom die Gesange sou ontstaan nie. Die bundel 'Evangelische Gezangen' is deur die verskillende Provinsiale Sinodes aanvaar en op 1 Januarie 1807 algemeen ingevoer. Assodanig was die 'Evangelische Gezangen' een van die laaste produkte van die presbiteriaal-sinodaal gestruktureerde kerk in Nederland[25].

Vanweë die Napoleontiese oorloë was dit in 1807 in ieder geval nie moontlik gewees om die 'Evangelische Gezangen' ook in die Kaap beskikbaar te stel nie. In November 1812 het ds M Borcherds, predikant van Stellenbosch, aan die Kaapstadse en ander kerkrade geskrywe[26]:

'Zeer waarschynlyk is niemant uwer onkundig gebleeven dat men reeds in het jaar 1807 in de Nederlandsche Gereformeerde Kerken, op wettig gezag, nevens de Psalmen heeft ingevoerd de Evangelische gezangen, wier inhoud zich door zoveel reedenen ook ter nutte onzer Kerken aanprysd dat ze boven allen lof verheeven zyn. Elke weg en elke middel 't welk ons slegts in het bezit dier liederen kan stellen, zal ons even aangenaam zyn door wien het ook mogt daargesteld worden. Dan, vermits wy door onzen Eerw. Amptgenoot Tobias Herold zyn geinformeerd geworden, dat de Eerw. Heer Warnich (= ds. J. Werninck), gereformeerd Hollands Predikant te London, wel de moeyte zoude willen op zich neemen om aan onze Kerken in deeze Volksplanting dat nuttig en stigtelyk gezangboek te bezorgen, hebben wy ons verpligt gehouden U eerw. in 't gemeen tot medewerking daartoe uit te nodigen....'

Die Stellenboschse Kerkraad het terselfdertyd aangebied om met ds Werninck in verbinding te tree om namens die gemeentes dié Gesangboek te bestel en dit te versprei.

Die saak het oral voortgang gehad en op 8 Januarie 1814 het ds C Fleck aan die Kaapstadse Kerkraad meegedeel dat die bestelling van Evangelische Gezangen met *The Roxbury Castle* uit Engeland aangekom het. Daar word dan besluit[27]:

'.... om dezelve tegen de 2e Zondag van de Maand January 1814 in de Kerk te introduceeren ofte in te leyven, 't welk eenparig goedgekeurd zynde is beslooten zulx alsdan te doen bewerkstelligen.'

'n Kaapse koerant het op 15 Januarie 1814 berig:

> *'Kaapstad, Zondag den 9 January 1814* - Op heden des voordemiddags zyn, ingevolge het Besluit des Eerwaarden Kerkenraads en met voorkennisse en volkomene Goedkeuring van Zyne Excellentie den Heer Gouverneur, by de Hervormde Gemeente alhier ingevoerd 'De Evangelische Gezangen,' dewelke op uitdrukkelyke last van alle de Synoden zedert het jaar 1806, in de Nederlandsche Gemeenten, nevens de Psalmen gezongen worden....
> Het algemeen genoegen, waarmede deze Nieuwe Gezangen by de Gemeente ontvangen zyn, levert een nieuw bewys uit van het belang, het welk men hier stelt in het stuk van den Godsdienst, ...'

Op 20 Februarie 1814 is die 'Evangelische Gezangen' in Stellenbosch in gebruik geneem.

Uit hierdie invoering is dit duidelik dat die algemene goedkeuring wat die Provinsiale sinodes aan die 'Evangelische Gezangen' gegee het, vir die Kaapse gemeentes voldoende was om sondermeer dié Gesange in gebruik te neem. Buitendien het dit normaalweg nie tot die taak van 'n kerkraad behoort om oor 'n saak soos hierdie, wat op die beoordeling- en beslissingsvlak van 'n sinodale vergadering gelê het, 'n oordeel uit te spreek nie. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die Kaapse gemeentes, by gebrek aan 'n eie meerdere vergadering, hulle nog volkome verlaat het op die beslissings van die Nederlandse sinodes en hulleself organisatories-struktureel nog as deel van die Nederlandse kerk beskou het.

Die feit dat hier nog nie 'n meerdere vergadering was wat oor so 'n saak 'n oordeel kon uitspreek nie, het meegebring dat die 'Evangelische Gezangen,' ondanks die ernstige dogmaties-leerstellige besware wat teen die inhoud gemaak kan word, sondermeer hier ingevoer is en so deel van die godsdiensoefening en die kerklike lewe geword het. Merkwaardig genoeg is die reaksie téén die 'Evangelische Gezangen,' wat in die dertigerjare na vore begin kom, méér gemik teen die sing van die Gesange in die godsdiensoefening as teen die leerstellige inhoud van sommige van die Gesange. Vandaar dat dié reaksie ook nie algemeen was nie.

4. DIE TOTSTANDKOMING VAN 'N SINODALE VERGADERING

Die Ordonnansie van De Mist het in art 46 die hou van 'n Algemene Kerkvergadering in die vooruitsig gestel en art 48 het voorsien dat die eerste vergadering reeds in

1805 gehou moes word. Verder moes die Kerkraad van Kaapstad volgens art 49 die inisiatief neem om die sinodale vergadering byeen te roep. Waarskynlik vanweë die hervatting van die Napoleonitiese oorlog is daar in 1805 nié 'n vergadering gehou nie en daarna het die situasie verander met die Engelse besetting.

JP Jooste is van mening dat die lang vertraging tot 1824 om 'n Algemene Kerkvergadering saam te roep, saamgehang het met die feit dat die verhouding tussen die goewerneur en die Kaapstadse kerkraad nie so goed was nie. Die kerkraad het, deur niks te doen nie, die bestaande situasie liewer bestendig as om 'n Algemene Kerkvergadering byeen te roep wat dalk 'n instrument in die hande van die goewerneur sou wees[29]).

Moorrees, daarin bygeval deur Kleynhans, is van mening dat die Engelse owerhede dié saak doelbewus agterweë gelaat het om sodoende die kerk onderhorig te hou[30]). Hoe dit ookal sy, dit het twintig jaar geduur vóór die eerste Algemene Kerkvergadering byeengekom het.

Dr Abraham Faure, een van die Kaapstadse predikante, het na samesprekings met 'n viertal kollegas, op 19 Junie 1824 'n versoekskrif aan die goewerneur gerig wat mede-onderteken is deur sy twee Kaapstadse kollegas, ds JH von Manger en ds JC Berrangé[31]).

Daarin word gestel:

> 'Toen deze Volksplanting met de Nederlanden vereenigd was, werden de Leeraars der Koloniale Kerk beschouwd als behorende tot de Classis van Amsterdam en in Kas van Appél werd het aan de decisie van gem. Classis overgelaten. Sedert hare vereeniging met Groot Britannien werden de Leeraars der Koloniale Kerk, eenigermate aan zichzelven overgelaten, en in Kerkelyken zaken, het zy die leer of pligt betroffen, kon de Kerkeraad zich by geen hooger Kerkelyke Gerigt vervoegen.
>
> Dit was de staat der Hollandsche Gereformeerde Kerk tot op dit ogenblik, en daar dit ons Kerkgenootschap meer en meer toeneemt, daar omstandigheden hebben plaats gevonden door de verschyning van andere Godsdienstige Gezindheden tot dus verre in dere Volksplanting niet bekend, welke hoewel, niet regstreeks, nochtans strekken om de vastgestelde orde van zaken omver te werpen, verzoeken Supplianten .... dat Uwe Excellentie in Hoogst derzelfs wysheid hen vergunnen moge, in gevolge Artn. 46-47 van het Kerkelyke Reglement dezer Volksplanting eene Synode byeen te roepen van alle de Leeraars der Hollandsche Gereformeerde Kerk, te houden in de Kaapstad op den eerste Dingsdag der maand November van dit loopend jaar, of op

eenig ander tyd, dat Uwe Excellentie, als meer geschikt zoude oordeelen om de algemeene belangen der Koloniale Kerk te overwegen.'

Die goewerneur het hierdie versoek toegestaan op 23 Junie 1824. Daarop het die Kaapstadse Kerkraad 'n rondskrywe aan alle kerkraadsvergaderings gerig om, volgens die bepalings van die ordonnansie, in Kaapstad byeen te kom vir 'n Algemene Kerkvergadering[32].

Op 20 November 1824 het die eerste Algemene Kerkvergadering in Kaapstad gekonstitueer. As voorsitter is ds JC Berrangé aangewys en ds. M. Borcherds as skriba. Behalwe van Kaapstad wat drie predikante en twee ouderlinge afgevaardig het, het die gemeentes Stellenbosch, Paarl, Zwartland, Tulbagh, Graaff-Reinet, Swellendam, Caledon, George, Uitenhage, Cradock, Somerset, Beaufort, Worcester óók verteenwoordigers van die amp na dié vergadering gestuur. Sir John Truter en PJ Truter het as kommissarisse-politiek die vergadering bygewoon[33]. Die hooftaak van hierdie Algemene Kerkvergadering was om 'n eie kerklike orde of kerkwet vir die kerk, op die basis van die De Mist-ordonnansie van 1804 op te stel.

5. DIE TEKS VAN DIE ALGEMEEN REGLEMENT VAN 1824

Algemeen reglement voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk, in Zuid-Afrika, ontworpen in de Algemene Kerkvergadering, gehouden binnen de Kaapstad, op den 2 November, en volgende dagen van het jaar 1824

EERSTE AFDEELING

Algemeene bepaling.

Art 1. Het Bestuur der Hervormde Kerk word uitgeoefend, Gemeentelyk, Ringswyze* en Synodaal.

Art 2. De Leden der Kollegien, waaraan dit onderscheiden bestuur, volgens na te meldene bepalingen, wordt opgedragen, stemmen altyd hoofdelyk.

* *Die Sinode het drie Ringe gestig - die Eerste, Tweede en Derde Ringe. Die benaming is later, met die vermeerdering van gemeentes, respektieflik verander in die Ringe van Kaapstad, Swellendam en Graaff-Reinet.*

Art 3. De mindere besturen hebben het regt, voorstellen in te zenden aan de hoogere, en in voorkomende gevallen derzelver voorlichting te vragen; terwyl zy daarentegen verpligt zyn, aan de aanschryvingen der hoogere Kollegien te voldoen.

Art 4. Een minder Kerkbestuur vermeenende door de besluiten van een hooger bezwaard te zyn, heeft het regt zich deswegens by nog hooger bestuur te beklagen; mits nogtans gehouden zynde, van inmiddels aan de ontvangene bevelen te gehoorzamen, ten zy de zaak by de eindelyke uitspraak, niet weder in zyn geheel zoude kunnen gebragt worden.

Art 5. Van alle zaken, by uitspraak van een kerkelyk Kollegie beslist, valt appél aan het in rang volgend hoogere Kollegie, doch ter tweeder instantie beslist zynde, wordt geen nieuw appél toegestaan.

Art 6. Van zaken volgens het voorgaande artikel, in appél vervolgd wordende, zal de kennisneming trapswyze moeten geschieden, en geene zaken voor de Algemeene Vergadering mogen worden gebragt, welke eerst in de Ringsvergadering hadden behooren te worden afgedaan; tenware er in middels geene Rings Vergadering was gehouden, en de aard der zaak eene spoedigere afdoening vorderde. Alles echter onverminderd de bevoegdheid der Algemeene Vergadering om ook zonder hooger beroep, kennis te nemen van zaken, tot het belang der Kerk in het Algemeen, en tot hare competentie behoorende.

Art 7. De zorg voor de belangen zoo van het Christendom in het algemeen, als van de Hervormde Kerk in het byzonder, de handhaving harer leer, de vermeerdering van Godsdienstige kennis, de bevordering van Christelyke zeden, de bewaring van orde en eendragt, en de aankweeking van onderdanigheid aan overheid en wetten, moeten steeds het hoofddoel zyn van allen, die in onderscheidene betrekkingen met het kerkelyke bestuur belast zyn.

Art 8. Alle Kerkbesturen gedragen zich, overeenkomstig de voorschriften, zoo Algemeene als byzondere verordeningen, welke reeds zyn, of vervolgens wettig zullen worden vastgesteld.

TWEEDE AFDEELING

Aangaande de Algemeene Kerkvergadering in het byzonder

Art 9. De hoogste directie der Hervormde Kerk in deze volkplanting omtrent Kerkelyke zaken berust by de Algemeene Kerk Vergadering.

Art 10. De Algemeene Kerk Vergadering is belast met de zorg voor de algemeene belangen der Hervormde-Kerk in deze Volkplanting, en met opzigt tot deze, in het byzonder, met de zorg voor alles wat de openbaren Godsdienst en de Kerkelyke Instellingen betreft.

Art 11. De Algemeene Kerk Vergadering niet kunnende beslissen, in het laatste resort: de zaken, door mindere Kerkbesturen behandeld, en in cas van appél voor dezelve gebragt, neemt haar laatste recours tot het alhier bestaande Gouvernement.

Art 12. De Algemeene Kerk Vergadering ontwerpt Kerkelyke Reglementen en verordeningen, en draagt dezelve voor aan het Gouvernement ten fine van Sanctie.

Art 13. De Algemeene Kerk Vergadering maakt in het byzonder bepalingen omtrent de examina, en de wyze van admissie dergenen, die tot onderwyzen bestemd zyn, ten einde van derzelver kunde, regtzinnigheid en bevoegdheid volkomen verzekerd te zyn.

Art 14. De Algemeene Kerk Vergadering zorgt voor doelmatige schikkingen, en maakt verordeningen ter bevordering, regeling en verbeteringen van het Godsdienstig onderwys.

Art 15. De Algemeene Kerk Vergadering ontwerpt een Reglement op de Kerk visitatien, of laat zulks over aan de Rings besturen onder hare approbatie.

Wat gebeur met die *Algemeen Reglement* van 1824 is dat naas die genootskaplike struktuur wat aan die kerk gegee word, die ouer calvinistiese kerkordenende beginsels soos byvoorbeeld dié rondom die amp, grotendeels bly voortbestaan. Dit omdat die sestiende eeuse bevestigingsformuliere onverkort gehandhaaf word. So ontstaan daar 'n merkwaardige vermenging wat egter beteken het dat die sekulariserende tendense van die verenigings-kerkreg geleidelik voortgewoeker het. So het die aanvaarding van die verenigings-kerkreg meegehelp om die kerk geleidelik los te maak van sy ekklesiologiese fondament, die individualisme ten koste van die korporatiewe te beklemtoon en die menslike beslissing groter gewig te gee as die gehoorsaamheid aan die Woord.

Die invloed van die verenigingsreg het óók beteken dat die kerkorde of kerkwet aansienlik uitgebrei is en dit dikwels ten goede. Waar die Dordtse kerkorde van 1619 byvoorbeeld slegs uit 85 artikels bestaan wat in hoofsaak net die beginsel stel, het dit beteken dat vir *die toepassing van die beginsel* ál die sinodale en ander kerklike beslissings nagegaan moes word. Daarteenoor het, in die 19e eeuse kerklike ordes, die nuwe gewoonte na vore gekom om die beginsel én die toepassing daarvan in die praktyk gesamentlik in die kerklike wetboek op te neem. Daarvan is die 1824-reglement 'n voorbeeld wat byvoorbeeld oor die kerklike opsig en tug 'n 93-tal bepalings formuleer terwyl die Dordtse Kerkorde van 1619 oor die sensuur en die kerklike vermaning slegs 'n 10-tal breë beginsels formuleer sonder om 'n aanduiding daar te gee van hoe dit toegepas moet word. Word egter op die gerigtheid én die inhoud van die twee stel bepalings gelet, is daar wat die beginselstandpunt betref, géén wesenlike verskil nie.

Daar kan 'n lang debat gevoer word oor die vraag wat op die ou end funksioneel vir die kerk as 'n geheel die beste is: die 19e eeuse tradisie om uitvoerige bepalings te maak vir die praktiese toepassing of die 17e eeuse tradisie wat slegs die beginsels stel en die praktiese uitvoering vanuit die sinodale en ander kerklike beslissings bepaal. Selfs hierdie vraag is nie, kerkregtelik gesproke, besonder belangrik nie tensy die vorm belangriker as die inhoud geag word. Die toets vir elke kerklike orde lê nie in 'n bepaalde formulering nie, maar in die vraag of die twee groot beginsels wat vir die kerklike orde moet geld tot hulle reg kom. Hierdie beginsels word in die Nederlandse Geloofsbelydenis as volg geformuleer:

> 'Art 30 . Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou word en die ware leer oral versprei word, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou kan word en, dat ook die armes en bedroefdes volgens hulle nood gehelp en getroos kan word.
>
> Art 32.Ons glo intussen dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie.

Dit is die suiwer calvinistiese toetsteen wat aangelê moet word by die beoordeling van 'n kerkorde en nie die Dordtse Kerkorde assodanig nie. Dit is immers duidelik dat die Dordtse ordening soos dit na die Kaap oorgedra is met sy aanvaarding van die owerheid se patronaatsreg die ontwikkeling van die kerk in Suid-Afrika méér benadeel as bevoordeel het. Miskien moet maar aanvaar word dat die Dordtse Kerkorde nié so onfeilbaar is as wat dit soms voorgestel word nie en dit kan nooit, op watter wyse ookal, gesien word as die grondwet van die Koninkryk van God nie. Dit is waar dat die Dordtse kerkorde van 1619 as die klassieke formulering van die kerkordenende beginsels van die calvinistiese presbiteriaal-sinodale orde beskou kan word, maar dit is seer sekerlik nie die enigste manier waarop die Skriftuurlike orde-aanduidings vir die lewe van die volk van God op aarde geformuleer kan word nie.

Dit is opvallend dat in 1824 daar tog stemme opgegaan het om die Dordtse Kerkorde van 1619 te herdruk sodat daardie formulering van die kerklike orde en daardie kerkregtelike tradisie nie verlore sou gaan nie[36]).

Dit dui daarop dat daar nog 'n bepaalde bewustheid bestaan het ten opsigte van die calvinistiese presbiteraal-sinodale kerkinrigting. Die feit dat die *Algemeen Reglement* van 1824 nie slaafs die 1816 kerklike orde van Nederland navolg nie, dui

daarop dat hier ander invloede as in Nederland meegewerk het by die totstandkoming van die *Algemeen Reglement*. Die bykomende invloede kan aangedui word as 'n sekere bewustheid van die orde wat die Dordtse sinode in 1619 vasgestel het, en die invloed van De Mist se denke wat tog heelwat anders was as die van JD Janssen, die vader van die Nederlandse *Algemeen Reglement* van 1816. Daarby kom dan ook die feit dat die inspraak van die owerheid, ten opsigte van die Nederlandse orde, beperkter is en dit waarskynlik vanweë die feit dat die goewerneur Engels was. So gebeur dit dat die *Algemeen Reglement* van 1824 tog 'n eie vormgewing is en 'n eie karakter het omdat dit, anders as in Nederland, die produk van 'n Algemene Kerkvergadering was.

c. Beoordeling van die Algemene Reglement van 1824

i) Die verhouding tot die owerheid

Vanweë die feit dat die Algemeen Reglement op die basis van die 1804- ordonnansie opgestel word, beteken dat die onderhorige posisie van die kerk gehandhaaf word. In sommige opsigte word dit selfs deur die Reglement bevestig en onderstreep. Hoewel art 9 van die Reglement duidelik stel dat 'de hoogste directie der Hervormde Kerk' ten opsigte van kerklike sake by die Algemene Kerkvergadering berus, het die Vergadering tog op 15 November 1824 besluit[37]:

> '... geene uitspraken of besluiten der Algemene Kerkvergadering of Ringsbesturen zullen van kracht zijn, dan na dat dezelve door Zijne Excellentie den Gouverneur zullen zijn goedgekeurd.'

Hierdie besluit wat nié deel geword het van die bundel Reglemente nie, het beteken dat ná elke sinodale vergadering die moderatuur én die kommissarisse-politiek 'n verslag oor die werksaamhede van die vergadering aan die goewerneur moes voorlê. Daarmee saam is die besluite van die vergadering gestuur met die versoek dat dié goedgekeur sal word. *De facto* was die goewerneur, deur hierdie belissings, die hoof van die kerk en was die kerk staatskerk, al is dit nêrens so uitdruklik gestel nie.

Miskien is dit tog goed om, in hierdie verband, die oorwoë mening van die goewerneur self ook in ag te neem. In 1838, rondom die saak van ds Shand, het die goewerneur pertinent gestel:

> 'The Colonial Clergy have a code for their own guidance - the Regulations of De Mist- ...; and it is clear that by that code the Governor by virtue of the power vested in

> him by the Sovereign, is the Head and Chief of their Church. It is by his permission alone, that the Synod assembles, and without his consent, and approval no question can be introduced or debated at its sittings.'

So het die patronaatsreg waarmee die kerk grootgeword het al meer 'n onderdrukkende las geword en die kerk, die volk van God, in 'n posisie geplaas waarin dit uit beginsel, nooit moes gewees het nie.

Met die Algemene Kerkvergadering van 1824 is dit so dat daar nog géén duidelike rigting ingeslaan word om dié noue verbondenheid van die kerk aan die staat los te maak nie. Inteendeel, deur sy eie besluite het die Algemene Kerkvergadering sy onderhorigheid kerklik aanvaar én voortgesit.

Hieruit kan mens aflei dat die sterk calvinistiese bewussyn dat die staat of owerheid géén seggenskap in kerklike sake behoort te hê nie, nie lewend was nie. Die noue verbondenheid aan die staat, is as gevolg van die lang tradisie van onderworpenheid, nie as 'n beperking aangevoel nie, selfs nie waar die Holands-Afrikaanse Kerk aan 'n Engelse owerheid onderwerp was nie. Hierdie patroon van samegaan van kerk en staat, sou nog lank nawerk in die kerklike en volkslewe.

ii) **Die grense van die kerk**

Normaalweg word die grense van die kerk primêr bepaal deur die leer van die kerk. Dit is opvallend dat in hierdie Reglement daardie omskrywing nêrens presies is nie. Afgesien daarvan dat die belydenisskrifte van die kerk nêrens genoem word nie, word in artikel 7 slegs gestel:

> 'De zorg voor de belangen zoo van het Christendom in het algemeen, als van de Hervormde Kerk in het byzonder, de handhaving harer leer, de vermeerdering van Godsdienstige kennis, de bevordering van Christelyke zeden, ... moeten steeds het hoofddoel zyn van allen, die in onderscheidene betrekkingen met het kerkelyk bestuur belast zijn.'

Dit is 'n tipiese formulering in die gees van die rasionalistiese verligtheid waar alles om *die godsdiens* draai en die geloof nie genoem word nie. Afgesien daarvan dat hierdie opdrag alléén die kerklike ampsdraer geld, is dit ook duidelik dat 'die belange' van die 'algemene christendom' skynbaar swaarder moet weeg as die handhawing van die leer van die kerk. Dit beteken dat die grens tussen die 'algemene christendom' en die leer van die kerk maar bra vaag is.

Juis in die formulering van die grense van die kerk word dit duidelik hoe die losmaking van die kerklike orde van die ekklesiologie die kerk op 'n dwaalspoor kan laat beland. Binne die ruimte van die calvinistiese tradisie lê die grense van die kerk by die *notae ecclesiae* die kenmerke van die ware kerk. Die word deur Calvyn aangedui as die regte of suiwer verkondiging van die Woord en die regte aanhoor daarvan en daarby dat die sakramente na die instelling van Christus bedien sal word (Inst iv.1.9). Hier word die handhawing van die dissipline of die tug nie eksplisiet genoem nie maar wel veronderstel in die ruimte tussen die suiwer prediking van die Woord van God en die aanhoor daarvan. Die Nederlandse Geloofsbelydenis art 29 stel dit so:

> 'Die kenmerke om die ware kerk te kan uitken, is die volgende:
> dat die kerk die evangelie suiwer preek;
> dat dit die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het;
> dat dit die kerklike tug gebruik om die sondes te straf.'

Hierdie stelling van *die doelwit van die kerk* waar die verkondiging van die Woord nie eers eksplisiet genoem word nie, tipeer die oppervlakkige teologie en gesekulariseerde kerkbegrip van die 19e eeu.

Die opvallende is egter dat dieselfde kerk voortgaan om die handhawing van die leer te eis en om die predikante met die bestaande diensformulier te bevestig en om sodoende aan die predikant 'n ander, Skriftuurlik- bepaalde doelwit, opdrag of arbeidsveld voor te skrywe. Juis hierin word die hibridiese karakter van dié orde baie duidelik.

Die tweede, fisiese grens van die kerk word baie duidelik getrek. Dit gaan hier om die 'Hervormde Kerk *in deze volksplanting*' (art 9) en oor 'de algemeene belangen der Hervormde Kerk in deze volksplanting' (art 9). Artikel 11 bepaal dat 'het alhier bestaande Gouvernement 'die laaste appèlhof in kerklike sake sal wees. In artikel 20 word verwys na *'de voor deze Kolonie* uitkomende Predikanten den Hervormde Kerk'. Saamgelees met die noue verbondenheid aan die staat is dit duidelik dat die fisiese grense van die kerk saamgeval het met die grense van die kolonie en dat die kerk slegs daar kon bestaan waar die gesag van die goewerneur gegeld het of waar die Engelse vlag gewaai het.

iii) **Die struktuur van die kerk**

Die kerk se bestuursapparaat word sorgvuldig hiërargies gerangskik en dit is opklimmend 'n gemeentelike, 'n ring en sinodale bestuur (art 1) met die 'hoogste directie' wat by die Algemene Vergadering berus (art 9). Die Algemene Vergader-

ing besit dan verder ook, kragtens art 6, 'n oorkoepelende funksie om 'kennis te neemen van zaken, tot het belang der kerk in het Algemeen'. Dit is duidelik dat die kerklike gesag primêr by die Algemene Kerkvergadering tuishoort en die plaaslike kerkraad funksioneer op grond van die pligte en opdragte wat deur die Algemeen Vergadering aan hom opgedra word (art 20, vgl ook art 16).

Kleynhans se argument ten spyt, is die struktuur hier dié van 'n vereniging met besture en nié 'n kerk waar die gesag uitsluitlik in die Woord van God en die Christusregering geleë is nie[38]). Dit gaan in die 1824-Reglement nié om die regering van die kerk met die Woord nie, maar om die administratiewe *bestuur* van die kerk en die opdrag is ook duidelik (art 8):

> 'Alle Kerkbesturen gedragen zich, overeenkomstig de voorschriften, zoo Algemeene als byzondere verordeningen, welke reeds zyn, of vervolgens wettig zullen worden vastgesteld.'

Hier word 'n gewone horisontale organisatoriese struktuur opgebou op die basis van die ordonnansie van 1804 en in navolging van die Nederlandse Algemeen Reglement van 1816.

Die organisatoriese liggame *is die Kerkraad* vir die plaaslike gemeente. Dit is opvallend dat die vereistes wat aan ouderlinge en diakens gestel word, byna heeltemal sekulêr is. Die vereiste is dat die ouderlinge en diakens gekies sal word uit 'de Godsdienstigste kundigste en voornaamste leden der Gemeente' (art 20). Onwillekeurig skep dit die indruk dat die amp uit die gemeente sou voortkom en dat die ampsdraers, as die voortreflikste lede van die gemeente, ook die verteenwoordigende bestuur van die gemeente moet uitmaak. Die bestuur van die gemeente moet dan vir alles sorg en is ook verantwoordelik vir die welwese van die gemeente (art 7). Dit is, uiteraard 'n ander terminologie, maar dit gaan hier maar moeilik om iets van Joh Calvyn se ampsleer, wat op Ef 4:11-12 gebou is, te herken. Die Reglement skep die indruk dat die amp, wat hier skaars genoem word, nie meer as 'n *ministerium*, 'n dienswerk in opdrag van Christus nie, maar as 'n *officium*, 'n vername posisie in die kerk, waardeer word.

Ten opsigte van die taak van die kerkraad word slegs gesê (art 22):

> 'Aan den Kerkenraad behoort de zorg voor hetgeen den Openbaren Godsdienst het Christelyk Onderwys en het opzigt over de leden der Gemeente betreft.'

Hierdie omskrywing munt wel uit deur sy oppervlakkigheid maar aan die ander kant is dit ook waar dat hierdie vae omskrywing wél positief gevul kan word.

Dat dit inderdaad gebeur het, word deur die geskiedenis bewys maar dit verbeter nog nie hierdie versekulariseerde omskrywing nie.

Die tweede organisatoriese liggaam wat geskep word, *is die Ringsvergadering* waarvan daar drie ingestel is naamlik die ringe van Kaapstad, Swellendam en Graaff-Reinet (art 21)[39]. Oor die werkterrein en opdrag van die Ringsvergadering word feitlik niks gesê nie behalwe dat alle aankomende predikante hulle '... behooren te legitimeeren by den Praeses van den 1sten Ring van de Hoofdkerk'. Daarna moet hulle, voor hulle bevestiging, slegs hulle amptelike stukke wys aan die Praeses van die Ring waaronder die gemeente, waarvoor hulle aangestel is deur die goewerneur, behoort. Dit wil voorkom asof die Ring, volgens hierdie Reglementen, géén opsigtaak ten opsigte van die dienswerk van die ampsdraers en die lewe van die gemeente in sy ressort het nie. Slegs rondom die uitoefening van die tug word die Ringsvergadering weer genoem.

Die derde en hoogste vergadering is ongetwyfeld die Algemene Kerkvergadering. Omdat die amp, die kwaliteit van die verskillende vergaderings en die wyse van samestelling van die vergaderings nie sorgvuldig genoem word nie, is dit op grond van die Reglement alleen baie moeilik om vas te stel of die Algemene Vergadering 'n vergadering van die ampte of 'n vergadering van Kerkraadsafgevaardigdes is. As art 46 van die 1804-ordonnansie daarby geneem word, wil dit voorkom asof die Algemene Vergadering soos 'n hoogste vergadering in 'n demokratiesparlementêre struktuur funksioneer. Dié indruk word verstewig deur die feit dat dié vergadering nie 'n duidelike omskrewe werksterrein het, waarvolgens hy net handel oor dié gemeenskaplike sake wat nie deur 'n kerkraad alléén afgehandel kan word nie, maar dat sy opdrag slegs vaagweg omskryf word as 'de hoogste directie omtrent Kerkelyke zaken.' Omdat daar géén grens getrek word tussen die arbeidsveld van die Algemene Vergadering en die kerkraad nie, bly daar net een gevolgtrekking oor en dit is dat die Algemene Vergadering aan die hoof van die Kerk, onder die goewerneur, staan en dat hy volgens die beslissing van die meerderheid van sy lede regeer. So gesien het ons dan hier niks anders as die sisteem van die vrywillige vereniging waarvolgens die kerk nou gestruktureer word.

Dit word nog verder onderstreep deur die feit dat die plaaslike gemeente, volgens hierdie Reglemente, nêrens omskryf en waardeer word as die plaaslike en normale verskyningsvorm van die kerk nie. Die plaaslike gemeente is tog, in die presbiteriaal-sinodale calvinistiese kerkordes, die uitgangspunt en sentrum van die kerklike organisasie. Dit is tog net in die plaaslike gemeente waar die Woord verkondig, die sakramente bedien en die orde en dissipline, op grond van die Woord van God, gehandhaaf word. Nou is die opmerklike dat in hierdie Reglemente ál die nadruk op die Algemene Vergadering lê. Selfs saamgelees met die 1804- ordon-

nansie, is dit duidelik dat die plaaslike gemeente waar die Woord verkondig en die sakramente bedien word, nié sy regmatige plek in die organisatoriese struktuur gegee word nie.

Dít is juis die één groot fout van die verenigingsreg en dit is dat die meerdere vergaderings as 'n hoër vergadering wat meer gesag en eer sou hê, beskou word. In feite is die meerdere vergaderings tog nie veel meer as, om dit so te stel, assisterende vergaderings wat daar is om die kerkraad en plaaslike gemeente van goeie, Skriftuurlik-bepaalde beslissings te voorsien sodat hulle kan sorg dat 'die ware godsdiens onderhou word en die ware leer oral versprei word, ens'[40]. Dit is egter 'n feit dat die kerk nie uit sondeloses bestaan nie maar slegs uit gelowige, verloste sondáárs en daarom bestaan daar altyd die neiging om die kerk wêreldgelykvormig te maak, al is dit dan ook net op organisatoriese vlak. Daarom word in die verenigingsreg die meerdere vergadering omvorm tot 'n hoëre vergadering en word die Algemene Vergadering, soos hier, die hoogste gesag in die kerk. Dan word vergeet dat Jesus Christus die enigste Hoof en Heer van sy kerk is en dat die ampsdraers nie hoë en belangrike funksionarisse is nie maar dienaars of diensknegte van Jesus Christus én sy gemeente.

iv). **Samevattend**

Die Algemeen Reglement van 1824 soos gebaseer op die 1804-ordonnansie van De Mist is, alles in ag genome, 'n duidelike sekulêre strukturering van die kerk. Hoewel dit nog nie vanselfsprekend beteken dat die 18e en 19e eeuse teologie, wat so ver van die Bybels-reformatoriese teologie afwyk, daardeur oppermagtig in die kerk geword het nie, is dit wel duidelik dat baie van die basiese calvinistiese beginsels nie meer in die kerkordelike struktuur verantwoord word nie[41]. Dit beteken dat na 1824 daar 'n hibridiese kerkordelike struktuur, om 'n tipering van JD Vorster te gebruik, in die kerklike lewe na vore kom[42]. Hoewel dié struktuur baie gebreke vertoon en juis vanweë die klem op die organisatories-administratiewe 'n aksentverskuiwing in die kerklike ordening meebring, wil dit nog lank nie sê dat hierdie struktuur die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus en die gehoorsaamheid aan Hom, as enigste Hoof en Heer van die kerk, onmoontlik gemaak het nie. Dit blyk, onder andere, daaruit dat die toepassing van die tug in die praktyk van die kerklike lewe, nie volkome verwaarloos is nie. Waar in Nederland die toepassing van die leertug algaande 'n al groter onmoontlikheid geword het en die kerk juis daardeur aan enorme spanning, groepvorming, stryd en afskeidings onderwerp is, het die toepassing van die tug oor leer en lewe nie op die agtergrond geraak nie. Dit dui daarop dat selfs binne 'n gebrekkige struktuur, die kerk-wees van die kerk nie noodwendig in die gedrang hoef te kom nie. Omgekeerd is dit ook

waar dat 'n struktuur alleen nie in staat is om die kerkwees van die kerk te waarborg nie want die verbondenheid met God deur die geloof is 'n genadegawe en nie 'n menslike prestasie nie.

Dat hierdie Algemeen Reglement van 1824 deur die kerk self nié as 'n finale uitspraak gesien is nie, word bewys deur die feit dat dit betreklik gou weer vervang is en wel deur die *Wetten en Bepalingen van 1842.*

Interessant én belangrik is die feit dat die Voortrekkers dié Algemeen Reglement van 1824 met hulle saamgeneem het en daardie Algemeen Reglement het, vir so ver dit toepasbaar was, in die kerk van die Voortrekkers gegeld totdat hulle 'n eie orde vasgestel het.

Vir die kerk in die Kaapkolonie was die aanvaarding van die Algemeen Reglement van 1824, ondanks al sy gebreke, tog 'n enorme voorwaartse stap. Met die totstandkoming van die meerdere vergaderings het die kerk tog nou 'n middel gehad waarmee die regering van die kerk effektiewer kon plaasvind. Terselfdertyd was daar nou ook kerklike liggame wat weerstand kon bied téén die al te noue verbondenheid aan die staat en wat die kerk tot groter wordende selfstandigheid kon lei. Hoewel die goewerneur nog steeds as *summus episcopus* gefunksioneer het en daardie posisie jaloers probeer handhaaf het[42], het die Algemene Vergadering tog geleidelik gestreef na groter onafhanklikheid van die staat. Daarby was dit ook moontlik om deur middel van die Algemene Vergadering die kerklike orde te wysig en te verbeter. So word 1824 'n belangrike datum in die kerkregtelike ontwikkeling van die kerk in die Kaapkolonie want dit is die datum waarop die kerk tog 'n betreklike selfstandigheid kry. 'n Proses is hier begin wat nie weer gestuit sou word nie.

7. AANTEKENINGE

1. JP Jooste, 1946. *Die verhouding tussen Kerk en Staat aan die Kaap.* Bloemfontein, bl 105.
2. A Dreyer, 1936. *Bouwstowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.* Kaapstad, Dl III, bl 87.
3. Vgl A Dreyer, *a w*, p 88 vg. Sien ook JP Jooste, a w, p 109 vg en EPJ Kleynhans, *Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1795-1962.* DD-dissertasie, Universiteit van Stellenbosch, 1973 p 38 vg.
4. Die enigsins uitvoerige memorie is gepubliseer deur A Dreyer, *a w*, pp 88-91.
5. A Dreyer, *a w*, pp 92-98.
6. A Dreyer, *a w*, p 99. My kursivering.
7. A Dreyer, *a w*, pp 101-102.
8. EPJ Kleynhans, *a w*, p 43. A Dreyer, a w, p 135.
9. EPJ Kleynhans, *a w*, p 42. Vgl ook A Dreyer, a w, pp 127-134.
10. In hierdie verband kan gelet word op die gebeure in 1810-1811 toe die kerkraad van Kaapstad

betig is omdat hulle nie stiptelik 'n 'Government Order' nagekom het nie. As ds JH von Manger teen hierdie optrede in opstand kom, word hy summier na Uitenhage verplaas en dit word alleen deur tussenkoms van die kerkraad weer teruggetrek. Dit is egter duidelik dat die kerk geen besondere tegemoetkomendheid van die staat ervaar nie. Vgl A Dreyer, *a w*, p 104 vg.

11. Vgl oa JP Jooste, *a w*, pp 120-121.
12. EPJ Kleynhans, *a w*, pp 48-49. Sien ook JP Jooste, a w, p 122.
13. JP Jooste, *a w*, p 121.
14. A Dreyer, *a w*, pp 110-112.
15. JP Jooste, *a w*, p 124.
16. Aangehaal by JP Jooste, *a w*, p 123. Met die uitdrukking 'dissenting Ministers' word bedoel predikante wat nié lid van die Anglikaanse staatskerk is nie.
17. JP Jooste, *a w*, p 125 vg. Vgl ook PH Kapp, *George Thom, 1789-1842*. Artikel in de WJ Kock (red), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*. Kaapstad-Johannesburg 1972, pp 762-763. George Thom het in 1812 na Suid-Afrika gekom as sendeling van die *London Missionary Society*. Hoewel hy hoofsaaklik met die administratiewe werk van die LMS in Kaapstad belas word, het hy ook sendingwerk onder die slawe en Hottentotte in Kaapstad gedoen. In 1818 bedank hy uit die LMS vanweë verskille met die direkteure. Op aanbeveling van ds Abraham Faure, ds JH von Manger en ds MC Vos word hy in 1818 aangestel as predikant te Caledon, in die plek van ds MC Vos. Sy opdrag is om ook aandag aan die Hottentotte en melaatses te gee. Vanweë die feit dat hy Hollands goed kan praat, pas hy maklik in die nuwe werkkring. Hy word by uitstek die man deur wie se bemiddeling 'n groot aantal Skotse predikante en onderwysers na die kolonie gestuur word om Somerset se verengelsingsbeleid deur te voer. In die Kaapse Kerk speel Thom 'n belangrike rol tot met sy emeritaat in 1833.
18. Vgl in hierdie verband JHS Burleigh, 1961. *A Church History of Scotland*. London, p 261 ff. asook JM Reid, 1960. *Kirk and Nation*. London, p 124 ff.
19. JP Jooste, *a w*, p 128.
20. Vgl oa AD Pont, 1979. *Die Psalmzingers*, artikel in JA Loader (red) *'n Nuwe Lied vir die Here*. Pretoria-Kaapstad, pp 67-75.
21. HH Barger, 1900. *Ons Kerkboek*. Groningen, p 66 wys daarop dat dit vir Calvyn nie *'n beginsel* was dat slegs berymde psalms in die godsdiensoefening gesing mag word nie. Calvyn het egter net berymde psalms gebruik.
22. Acta Nasionale Sinode van Dordrecht 1578.
23. AD Pont, *a w*, p 72.
24. HH Barger, *a w*, p 76.
25. Dit is nogal opvallend dat diegene wat van mening is dat die Dordtse Kerkorde van 1619 'n waarborg is vir die suiwerheid van die leer, en wat die Evangelische Gezangen hartgrondig verwerp, skynbaar nalaat om daarmee rekening te hou dat die Evangelische Gezangen juis 'n produk was van die Nederlandse Kerk toe die kerkregtelike beginsels wat van 1568-1619 geformuleer is,

algemeen gegeld het. Dit is 'n duidelike bewys dat 'n struktuur alléén nooit 'n waarborg vir die suiwerheid en die handhawing van die suiwerheid van die leer kan wees nie.

26. A Dreyer, *a w*, p 138.
27. A Dreyer, *a w*, p 140.
28. A Dreyer, *a w*, p 141.
29. JP Jooste, *a w*, pp 128-131.
30. EPJ Kleynhans, 1937. *a w*, pp 50-51. Hy verwys na A Moorrees, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873*. Kaapstad, p 538.
31. A Dreyer, *a w*, p 175.
32. A Dreyer, *a w*, pp 176-177.
33. *De Handelingen der eerste Vergadering van de Algemeene Synode der Nederduitsche Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika*, 1883. Kaapstad, p 1.
34. *De Handelingen der eerste Vergadering van de Algemeene Synode der Nederduische Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika*, 1883. Kaapstad, p 7. 285.
35. EPJ Kleynhans, *a w*, p 119.
36. EPJ Kleynhans, *a w*, pp 123-125.
37. *De Handelingen der eerste Vergadering van de Algemeene Synode der Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika*, 1883. Kaapstad, p 15.
38. EPJ Kleynhans, *a w*, p 125 vg.
39. A Dreyer, *a w*, p 215.
40. Artikel 30, *Nederlandse Geloofsbelydenis*.
41. EPJ Kleynhans, *a w*, pp 125-130 probeer om die sterk verenigingsreginhoud van hierdie Algemeen Reglement van 1824 weg te redeneer. Sy argumente is nie oortuigend nie en veral sy poging om die Reglement in die lig van die Doleansie-Kerkreg van Kuyper uit te lê, slaag nie. Buitendien is dit ook nog lank nie 'n algemeen-aanvaarde feit dat die Doleansie-Kerkreg die mees Skriftuurlike is nie.
42. In 1838 stel die Goewerneur oa: The Colonial Clergy have a code for their own guidance - the Regulations of De Mist - ... and it is clear that by that code the Governor by virtue of the power vested in him by the Sovereign, is the Head and Chief of their Church. It is by his permission alone, that the Synod assembles, and without his consent, and approval no question can be introduced or debated at its sittings. Aangehaal by JP Joose, *a w*, p 165.

Hoofstuk 6

'n Kort ekskurs oor die Kerkregtelike ontwikkeling in die Kaapse Kerk van 1824-1842

1. INLEIDEND

Die kerkregtelike ontwikkeling in die Kaapse kerk van 1824-1842 het nie 'n besondere impak op ons kerklike verlede gehad nie. Met die oprigting van die Voortrekkerkerk is die Algemeen Reglement van 1824, vir so ver toepasbaar, deur die Voortrekkers aanvaar. Dit is egter nie duidelik, uit die beskikbare historiese materiaal, of die Reglemente inderdaad as 'n ordereël in en van die kerk gegeld het. In die Oorvaalse het, na die koms van Ds Dirk van der Hoff in 1853, die Kaapse kerkwet van 1842 gegeld. Dit is egter opvallend dat die samestelling van die eerste Algemene Kerkvergadering nie op die spoor van die kerkwet loop nie. Dit is dus 'n oop vraag in hoe verre die kerkwet gebruik is om die kerklike lewe in die Oorvaalse te orden. Die kerkwet het wel 'n invloed gehad met die opstel van die eerste **Algemeen Reglement** vir die kerk in die Oorvaalse wat in 1857 deur die Algemene Kerkvergadering aanvaar is. Daarom word kortliks die totstandkoming van die kerkwet behandel.

2. DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE KERKWET VAN 1842

Die Algemeen Reglement van 1824 het, omdat dit 'n reëlmatige sinodale vergadering moontlik gemaak het, die onderhorigheid van die kerk aan die goewerneur 'n saak gemaak wat al hoe minder aanvaarbaar was. Die een saak wat irritasie veroorsaak het, was dat geen uitspraak of besluit van 'n Algemene Kerkvergadering of van 'n Ringsvergadering van krag kan wees voordat dit nie deur die goewerneur goedgekeur is nie. Kleynhans wys daarop dat vanweë die omslagtige prosedure wat gevolg is, en die goewerneur se beslissing dat die kerklike besluite deur die Engelse Koning goedgekeur moes word, beteken het dat soms jare verloop het voor kerklike besluite goedgekeur is[1]. Uit die aard van die saak het dit onsekerheid geskep oor die regskrag en toepassing van kerklike besluite.

'n Tweede saak wat in die kerk in die Kaapkolonie groot kerklike ergernis veroorsaak het, was die bekende Shand-saak[2]. Hoewel die besonderhede van dié saak hier nie volledig bespreek hoef te word nie, kan net kortliks op die volgende gewys word[3].

Nadat 'n klag teen ds Shand van Tulbagh by sowel die Ring van Swellendam as die goewerneur gelê is, het die Ringsvergadering hom in 1836 geskors. Na verskeie botsings tussen ds Shand én die Ring appèlleer hy na die Algemene Kerk-

vergadering. Inmiddels het die goewerneur elke keer die beslissings van die Ring goedgekeur.

Tydens die appèlsaak handig ds Shand 'n brief in wat tot gevolg het dat die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering verklaar dat ds Shand '... op deze delaratie ... volgens de uitspraak der Synode weder een Leeraar der Hervormde Kerk was'[4]). Opdrag is gegee dat die goewerneur hiervan kennis moet kry.

Die goewerneur is deur die optrede erg verontrus en hy stel dat die vergadering nie die bevoegdheid het om ds Shand in die amp te herstel nie, maar om hoogstens 'n aanbeveling in dié verband te maak. Die gevolg was dat ds Shand in Januarie 1838 kennis van die goewerneur kry dat hy, ondanks die uitspraak van die vergadering, nog steeds geskors is en bly.

Teen dié beslissing het ds Shand ernstig geprotesteer en na Engeland geskryf. Die Minister van Kolonies het die hele saak met alle ter saaklike stukke na die 'Committee of the General Assembly of the Church of Scotland for Colonial Churches' vir advies verwys. Die Skotse kerklike liggaam het ds Shand in sy stryd teen die goewerneur gelyk gegee en op grond daarvan is ds Shand as predikant van Tulbagh herstel.

Hierdie saak was in 'n baie groot mate 'n keerpunt in die verhouding van die goewerneur en die kerk en dit is ook as 'n argument gebruik waarom die verhouding hersien moes word[5]).

'n Derde saak wat die verhoudinge tussen die owerhede en die kerk op 'n gespanne voet geplaas het, was die optrede van die kommissarisse- politiek, nie alleen in die gemeente Kaapstad nie, maar ook tydens en na die Algemene Vergadering van 1837. Dit ook het die owerhede oortuig dat 'n hersiening noodsaaklik was[6]).

Daarom het die kommissie, wat kragtens 'n besluit van die Algemene Vergadering van 1837, benoem is 'om de alreeds bestaande kerkelijke wetten te revideren, en aan de eerstvolgende Synode te rapporteeren' ook medewerking van owerheidsweë ontvang.

Hierdie kommissie het by die sinodale vergadering van 1842 rapport van sy werksaamhede gedoen. Hierdie kommissie het sy taak breed opgevat en nie net die Kerk-ordonnansie van De Mist van 1804 nie, maar ook die Algemeen Reglement van 1824 en sy aanvullings daarna in oënskou geneem en aan hersiening onderwerp. Die kommissarisse-politiek het dadelik beswaar gemaak dat die 1804-ordonnansie óók betrek is omdat die sinode geen bevoegdheid het om burgerlike wette van die staat te verander nie. Die oplossing is egter bereik toe die kommissarisse-politiek voorgestel het dat alle veranderings aan die 1804-ordonnansie as aanbevelings aan die goewerneur beskou sal word wat dan die verandering van die burgerlike wet kan

oorweeg[8]). Na 'n onderhoud met die goewerneur wat die saak só goedkeur, kon die sinode dus voortgaan met die behandeling van die voorgestelde nuwe kerklike wette[9]).

Die hersieningskommissie het in sy aanvullende rapport aan die sinode duidelik gemaak hoe hy te werk gegaan het. Daarin word twee belangrike stellings gemaak. *Die eerste* was die volgende[10]):

> 'Dat de Commissie by ampliatie der wetten en Reglementen getracht heeft, zooveel plaatselijke omstandigheden toelieten, de vigerende Wetten en Reglementen der Nederduitsche Hervormde Kerk in Holland op den voet te volgen en ter voldoening aan het begeerd verlangen de zoodanige der bestaande wetten heeft gealtereerd en weggelaten, als min duidelijk of overtollig waren, zooals vooral blijken zal in Het Reglement op de uitoefening van Kerkelijke Opzicht en Tucht.'

Die tweede belangrike stelling wat die kommissie gemaak het, is as volg geformuleer:

> 'In het revideren van hetgeen voorkomt onder de Twede Afdeling heeft de Commissie ook in het oog gehouden de aanvolgende verklaring van Zijne Excellentie den Gouverneur in Hoogst deszelfs schrijven van den 17de Januarie 1840: His Excellency ... so far from desiring to lessen the authority of the Church in its internal management - he is indeed most anxious to free it from the trammels of secular interference, in all spiritual or purely Ecclesiastical matters, - and of substituting in all other matters, of which she cannot dispose of her own sole authority, that of the highest Civil Tribunal for the authority, which he conceives to have been so undesirably continued in the Governor, the abolition of whose appellate Jurisdiction in Civil and Criminal procedures, ought in his opinion to have been followed up by the extinction of that anomalous relation, in which he still appears to be placed by the ancient Regulations of a Church whose principles repudiate all interference in matters concerning its own Ecclesiastical Concerns.'

Enersyds is daar wéér, soos in 1824 teruggeval op die Nederlandse kerkregtelike en kerkordenende voorbeeld en dit terwyl daardie voorbeeld al verder en verder in die verenigingsreg verstrik geraak het. Hoewel die Nederlandse voorbeeld nie slaafs nagevolg is nie, is daar tog voortgegaan op die spoor wat reeds deur die 1824 Reglemente gegaan is.

Andersyds het, vanweë die aanduiding van die goewerneur, die kommissie wel deeglik die snoeiskêr ingelê in die bepalings wat die regte van die owerheid in

die kerk uitgespel het. Dit het veral beteken dat die 1804-ordonnansie vir 'n baie groot deel in die slag gebly het.

Dit het die vraag laat ontstaan hoe die ordonnansie van 1804 herroep moet word. Die Prokureur-generaal W Porter het aanbeveel dat dit slegs kan gebeur indien die owerheid 'n nuwe ordonnansie aanneem wat die ordonnansie van 1804 vervang. Soos hy dit gestel het[11]:

> 'Whatever the legislative power has established, the legislative power must abrogate and it therefore appears to me that the Ordinance of De Mist demands for its abrogation another Ordinance.'

So het Ordonnansie no 7 van 1843 tot stand gekom wat die nuwe kerkwet van die kerk in die Kaapkolonie bevat het. Jooste wys op die interessantheid dat hoewel die Ordonnansie reeds in 1843 deur die Wetgewende Raad aanvaar is, dit eers in 1851 finaal deur die Engelse Koningin bekragtig is[12].

3. DIE STRUKTUUR VAN ORDONNANSIE 7 VAN 1843

Die Ordinance for repealing the Church Regulations of the 25th July, 1804, and enacting others in their stead bestaan uit twee hoofdele[13]. Die eerste hoofdeel, die eintlike ordonnansie self, bestaan uit 10 artikels waarmee allereers die ordonnansie van 1804 herroep is. Daarna word die regte van die owerheid ten opsigte van die kerk uiteengesit.

Die Kerkwette self word uiteengesit in 'n *Schedule* wat die titel dra *Laws and Regulations for the Direction of the Dutch Reformed Church of South Africa*. Hierdie *Schedule* bevat die Kerkwet wat uit 281 artikels bestaan en werklik 'n volledige Kerkwet is wat baie meer omvattend is as die 1824 Algemeen Reglement. Die *Laws and Regulations* was as volg ingedeel:

I. **First Section**	: General Regulations, arts 1-10.
II. **Second Section**	: Concerning the General Church Assembly, and Synodical Commission in particular. Arts 11-18: General Church Assembly. Arts 19-24: Synodical Commission.
III. **Third Section**	: Presbyterial Government (= Ringsbestuur), arts 25-34.

IV. **Fourth Section** : Church Government in the Congregation (= Kerkrade), arts 35-54. General Rules with respect to duties, arts 37-42. Particular Regulations, arts 43-54.

V. **Fifth Section** : Religious Instruction - Religious Instructors, their qualifications and the supervision of Religious Instruction.

I. Religious Instruction in General, arts 55.
II. Religious Instructions and their qualifications, arts 56-62. Rules for examining, arts 62-63.
III. Care of Religious Instruction, arts 64-74.

VI. **Sixth Division** : Particular Rules

First Chapter: Church Officers
Rules for the Church Clerks (= voorlesers) of the Reformed Church of this Colony, arts 75-88.
Rules for the Sextons (= Kosters) of the Reformed Church of this Colony, arts 89-109.

Second Chapter
Rules regarding the Administration of Church Government and Discipline.
General Directions, arts 110-133.
Mode of Proceedings for the Consistory, arts 134-146.
Manner of proceeding for the Presbytery.

I. In cases brought before it by appeal, arts 147-154.
II. In cases which belong immediately to the Presbyterial Government.
A. As regards Discipline, arts 155-166.
B. Ecclesiastical Disputes, arts 167-173.
III. Mode of procedure for the General Church Assembly (Synod) and Synodal Commission.
1. In cases which are brought before it by appeal, arts 174-182.
2. In cases which belong immediately to the Synod arts 183-196.

Third Chapter
Rules regulating to Vacancies and also to the calling and discharging of Ministers.

Of the occurrence and the filling up of Vacancies, arts 197-210.
Of the filling up of Vacancies and the calling of Ministers, arts 211-223.
Of the Discharge and Instalment of Ministers, arts 224-238.
General Regulations, arts 239-240.

Fourth Chapter
Rules to the Expenses of Church Courts.
General Regulations, arts 241-245.
Particular Regulations, arts 246-258.

Fifth Chapter
Rules for the Ministers' Widows' Fund, arts 259-281.
Regulations for the Quaestor of the Widow's Fund, arts 282.

4. DIE TEKS VAN DIE ORDONNANSIE SELF SONDER DIE 'SCHEDULE'

Aangesien die ordonnansie duidelike riglyne trek oor die verhouding van die owerheid ten opsigte van die kerk, is dit belangrik om dié teks hier weer te gee. Dit lui dan soos volg:

1 -- Ordinance for repealing the Church Regulations of the 25th July, 1804, and enacting others in their stead.

Whereas the church regulations made and published by the Commissioner- General of the then Batavian Government of the Cape of Good Hope, J.A. de Mist, L.L.D., bearing date the 25th of July, 1804, have in many respects ceased to be suitable either to the Dutch Reformed Church or to the ecclesiastical condition of this colony in general: And whereas it is expedient in order that other and more suitable provisions should be substituted for such portions of the regulations aforesaid as have become obsolete or inapplicable that the said regulations should be wholly repealed and the substance of such of them as it is desirable to preserve expressly re-enacted: Be it therefore enacted by the Governor of the colony of the Cape of Good Hope, with the advice and consent of the Legislative Council thereof, that the said church regulations of the 25th of July, 1804, *and all other laws or customs heretofore in force in this colony* so far as the same are repugnant to or inconsistent with any of the provisions of this ordinance shall be and the same are hereby repealed.

2. -- And be it enacted and declared that no religious community or denomination within this colony is or shall be entitled to claim as matter of right from or out of Her Majesty's revenue in this colony any pecuniary contribution or allowance for or towards the support of the ministry of any such community

or denomination or any other object whatsoever, and that all such sums as shall from time to time be granted from and out of the said revenue to or in behalf of any such community or denomination shall be deemed to be merely voluntary and gratuitous, and as such to be at all times and exclusively under the absolute disposition and control of Government, and revocable at Her Majesty's will and pleasure.

3. -- And whereas it is expedient that the religious community or denomination commonly called the Dutch reformed church *in South Africa* should be invested with the power of regulating its own internal affairs: And whereas the general assembly or synod of the said church is the natural and proper ecclesiastical authority by which rules and regulations for the government of the said church in its own internal affairs may rightfully be made: And whereas the last general assembly or synod of the said church which was held in Cape Town in the month of November, 1842, did agree upon and desire to have duly authorized and established a number of rules and regulations having for their object the proper direction and management of the said church in its own internal affairs: And whereas it is expedient in order to prevent delay and inconvenience that the said lastmentioned rules and regulations should with some exceptions be forthwith established and declared to form and be the rules and regulations for the time being of the said church: Be it enacted that all former rules and regulations for the government of the said church whensoever and by whomsoever made shall be and the same are hereby declared to be repealed, and that the several rules and regulations in the schedule to this ordinance contained shall be, and the same are hereby declared to be the rules and regulations for the time being of the said church and shall be duly observed as such.

4. -- And be it enacted that it shall be lawful for the general assembly or synod of the said church from time to time duly assembled, and proceeding in conformity with the rules or regulations for the time being in regard to the manner and form of altering, enlarging, or improving church laws and ordinances to add to, annul, alter, enlarge, or improve the rules and regulations contained in the said schedule and any further or other rules and regulations which may from time to time be successively established: Provided, always, that any rule or regulation of the said general assembly or synod repugnant to or inconsistent with any of the provisions of this ordinance shall be null and void.

5. -- And be it enacted that in every case in which a vacancy shall occur in the office of minister in any congregation belonging to the said church of which congregation the minister for the time being received a salary from the colonial government, *the governor of this colony for the time being shall have and shall exercise in whatever manner he shall deem the best for the vacant congregation the sole and unrestricted right of filling up such vacancy by the appointment of whatever individual he may select from amongst the number of such ministers as shall by the rules and regulations of the said Dutch reformed church for the time being be competent* to be appointed to supply vacancies to the ministry thereof.

6. -- And be it enacted that the said Dutch reformed church shall be and remain a church exercising its discipline and government by consistories, presbyteries, and a general assembly or synod and acknowledging, receiving, and professing in regard to the doctrine thereof the doctrines contained in the *confession of the synod of Dort* and in *the Heidelberg Catechism*; and if any questions or divisions respecting church government discipline, or doctrine should hereafter arise between any members or reputed members of the said church or of any congregation, consistory, presbytery, or general assembly of the same then those persons adhering to and professing respectively the said discipline and government and the doctrines of the said confession and catechism shall be deemed and taken as against all persons who shall adhere to and profess any different discipline, government, or doctrines to be the true congregation, consistory, presbytery, or general assembly as the case may be of the said church, and as such of right entitled to the possession and enjoyment of any funds, endowments, or other property or rights by belonging to the said church or to the congregation, consistories, presbytery, or general assembly in which any such questions or divisions shall have arisen.

7. -- And be it enacted that the general assembly or synod of the said church shall at all times be composed of all acting ministers of the said Church and acting or retired elder to be nominated by each consistory, but the consistory of Cape Town may at all times nominate two elders.

8. -- And be it enacted that no rule or regulations of the said church whether contained in the Schedule to this ordinance or to be afterwards framed shall have or possess any direct or inherent power whatever to affect in any way the persons or properties of any persons whomsoever; but all such rules and regulations *shall be regarded in law in like manner as the rules and regulations of a merely voluntary association*, and shall be capable of affecting the persons or properties of such persons only as shall be found in the course of any action or suit before any competent court to have subscribed, agreed to, adopted or recognized, the said rules and regulations or some of them in such manner as to be found thereby in virtue of the ordinary legal principles applicable to cases of express or implied contract.

9. -- And be it enacted that no person or persons composing, complaining to, or giving testimony before any duly constituted judicatory of the said church shall be liable to any action, suit, or proceeding at law, civil or criminal, at the instance of any member of the said church for or on account of any matter or thing written or spoken by any such person or persons boná fide and without malice in reference to or upon the occasion of any scandal, offence, or other matter, real or alleged, which by the rules and regulations of the said church for the time being should be reported to any such judicatory and which any such judicatory is empowered to investigate, nor shall any action, suit, or proceeding at law be instituted for the purpose of preventing any such judicatory from pronouncing in the case of any scandal or offence which shall be brought before it and proved to its satisfaction such spiritual censure as may in that behalf be appointed by the said church or for the purpose of claiming any damages or relief in regard to such censures if the same shall have been pronounced.

10. -- And be it enacted that it shall be lawful for the person or persons in whom by the rules and regulations of the said church for the time being the possession or administration of any buildings, lands, funds, moneys, goods, or effects belonging to any congregation or presbytery, or to the general assembly shall respectively be vested to sue and be sued in all actions and suits relating to any matter or thing by any such officer or officers respectively possessed or administered as if the same were his or their private property and in any criminal proceeding the property of any of the matters or things aforesaid may be laid in the person or persons who in any civil action or suit might sue or be sued in respect thereof.

5. 'N BEKNOPTE OORSIG OOR DIE BELANGRIKSTE ASPEKTE VAN ORDONNANSIE NO 7, 1843

a. Die Kerk en die owerheid

Ordonnansie 7 van 1843 het die bestaande verhouding tussen die kerk en die owerheid vir 'n baie groot deel grondig gewysig, die band tussen kerk en owerheid losser gemaak en daardeur aan die kerk groter vryheid gegee. Allereers word ten opsigte van *die finansiële verpligting* van die owerheid gestel dat die owerheid géén sodanige verpligtinge meer aanvaar nie, art 2. Maar net soos De Mist besef het dat die kerk nie sonder dié steun kan klaarkom nie het die wetgewer tog bepaal dat die staat vrywillig en sonder verpligting op 'n tydelike basis wél finansiële steun sal gee. Dit het die kerk se afhanklikheid weer onderstreep.

Belangrik is egter dat in art 4 baie pertinent gestel word 'that is shall be lawful for the General Assembly or Synod ... to add to, annul, alter, enlarge or improve the rules and regulations contained in the said Schedule ...' Hiermee het die Algemene Vergadering die reg gekry om sonder die goewerneur se goedkeuring, selfstandig dus, die kerk te regeer. Dit het ook beteken dat die kommissarisse-politiek van die toneel verdwyn het en die sinode van 1847 het sonder die owerheidsverteenwoordigers vergader. Die grense van die selfstandigheid van die kerk is egter vasgelê deur die ordonnansie wat nié deur die Sinode verander kon word nie.

Die een punt waar die sinode 'n neerlaag gely het, is geformuleer in art 5 waar 'the governor of this colony .. shall have and possess and shall exercise ... the sole and unrestricted right ...' om predikante aan te stel. Die Sinode se poging om die calvinistiese beroepstelsel in te voer, het hier gestuit op die goewerneur se vasberadenheid om hierdie belangrike funksie in sy hande te hou. Soos Jooste in hierdie verband stel[14]):

> 'Dit het al geblyk wat die beleid van die Goewerneurs van die Kaap in die verlede was met betrekking tot die aanstelling van predikante in die Nederduitsch Gereformeerde Gemeentes, nl dat die predikante behulpsaam moes wees om die mense goedgunstig te stem teenoor die Britse regerings. Lees ons dié seksie by die lig van hierdie beleid in die verlede, dan skyn dit of dit nog die gedagte van die Goewerneur was. Die predikante wat as gevolg van hulle gedurige omgang met die lidmate 'n verbasende invloed op hulle kon uitoefen, moes van die Britse Kroon afhanklik wees.'

Die enigste ligpunt in hierdie situasie was dat daar tog 'n kwalifikasie ten opsigte van die predikante was en wel so dat alleen sodanige predikante aangestel sal word 'from amongst the number of such ministers as shall by the rules and regulations of the said Dutch Reformed Church, for the time being, be competent to be appointed to supply vacancies in the ministry thereof', art 5.

In art 6 van die ordonnansie word, van staatsweë, 'n bepaalde beperking op die kerk geplaas. Hierdie artikel het die grondbeginsels van die kerk omskrywe. Opmerklik is dit, terloops, dat die *Nederlandse Geloofsbelydenis* nie onder die belydenisskrifte van die kerk genoem word nie. In sy bespreking van hierdie artikel wys Jooste daarop dat die Prokureur-generaal, W Porter, die motief vir hierdie artikel baie duidelik uitgespel het[15]):

> 'The sixth section fixed the fundamentals of the Church. The Secular power, before relinquishing its authority in things spiritual, was called upon to provide for the purity and permanence of certain great principles. *It was never meant to empower the Synod to change the constitution of the Church, either in doctrine or in discipline.* The Church has always been a Presbyterian Church, and that it must remain. It has always been a Church professing doctrines, and those docrines must still continue to distinguish it.'

Dit is wel opmerklik dat die owerheid op hierdie manier die karakter en kwaliteit van die kerk èn die bevoegdhede van die sinode omskrywe. Hier bepaal die owerheid dat die sinode nié die reg het om òf iets ten opsigte van die leer van die kerk of die orde van die kerk te wysig nie. Dit beteken, kerkregtelik gesproke, dat die owerheid die bevoegdheid van die sinode ernstig beperk het en van die vernaamste bevoegdhede wat 'n sinode moet hê, van die sinode wéggeneem het. Hierdie grens-oorskryding van die owerheid het beteken dat die sinode tóg nie 'n volledig selfstandige sinode was nie. Tereg wys Jooste daarop dat die sinode hier onderworpe gemaak is aan die burgerlike hooggeregshof wat, indien nodig, sou moes beslis of die kerk inderdaad art 6 gehoorsaam[16]).

Tereg wys Kleynhans daarop dat hierdie artikel óók beteken het dat die Kaapste kerk organisatories vasgevang was in die orde soos omskrywe deur hierdie ordonnansie. Dit het beteken dat die kerk nie kon dink aan die instelling van streeksinodes, kerkvereniging of iets dergliks nie[17]). So is die kerk aan bande gelê.

'n Merkwaardige koddigheid is dat art 6 van die Ordonnansie onder die belydenisskrifte van die kerk nié die *Nederlandse Geloofsbelydenis* noem nie. In die 19e eeu waar die bekendheid met die belydenisskrifte van die kerk dikwels nie te hoog aangeslaan moet word nie, was daar oor die algemeen min waardering vir die Dordtse Leerreëls. Dit veral omdat die Leerreëls die sonde, die verdorwenheid van die mens en die mens se onvermoë om tot sy verlossing 'n bydrae te maak benadruk, saam met die feit dat God soewerein is.

Dit is miskien interessant om daarop te wys dat in 1837 die Dordtse Leerreëls nie genoem word nie in die *Acte van Onderteekening*, wat deur alle aankomende predikante in die kerk geteken moes word. In 1870 het 'n uitgawe van die Simboliese en Liturgiese Geskrifte van die NG Kerk op las van die sinode verskyn. In daardie weergawe van die Leerreëls word die *Verwerping van die Dwalings*, wat aan die einde van elke hoofstuk voorkom, weggelaat.

Die Leerreëls het, so gesien, 'n tyd lank nie baie waardering ervaar nie. Maar dat die NGB hier in Ordonnansie 7 van 1843 weggelaat is, is tog merkwaardig want dit kan aanvaar word dat 'n owerheidsordonnansie wat met die medewerking van die kerk opgestel is, met groot sorg en nougesetheid opgestel word. Hoe dit ookal sy, in 1843 het hierdie Ordonnansie, sonder dat die kerk ooit so besluit het, die Nederlandse Geloofsbelydenis 'n tydlank verwyder uit die ry van die formuliere van eenheid.

Dit is 'n interessante vraag, meer nog, of die NGB inderdaad en regtens deur die owerheid as 'n belydenisskrif geskrap of weggelaat kon word sonder dat die sinode so besluit het. In die lig van Porter se opmerking dat die owerheid nié die kerk sal toelaat om sy leer te verander nie en dit dan self doen, waarskynlik deur nalatigheid, maak die saak tog interessant.

Verder het die ordonnansie, volgens artikels 2 en 3 en oa deur artikels 7, 11-13 en 19 van die *Schedule* baie duidelik die kerk tot die grens van die Kaapkolonie beperk. Dit is in 1862 deur die burgerlike hooggeregshof bevestig toe afgevaardigdes van buite die Kaapkolonie verbied is om sitting in die sinode te neem[18]).

Hoewel ordonnansie 7 van 1843 die 1804 ordonnansie van De Mist afgeskaf het, het dit tog nie aan die kerk volkome vryheid van staatsinmenging gegee nie. Die patronaatsreg van die owerheid was 'n onkruid wat met 'n merkwaardige taaiheid op die kerklike erf bly groei het.

Verder stel art 8 van die Ordonnansie baie duidelik dat die kerk in die

geheel van die gemeenskap as *a merely voluntary association* sal bestaan. Hiermee word die gedagte van De Mist, wat ook in die reformatoriese tyd bestaan het, dat die kerk 'n eiesoortige selfstandige liggaam is wat kragtens eie reg bestaan, nie meer erken nie. Die kerk is nou, wat die owerheid en die gemeenskap betref, bloot 'n vrywillige vereniging naas die ander vrywillige verenigings wat in die gemeenskap bestaan. Hoewel die kerk vanweë sy aard en getalle wel 'n besondere of selfs 'n belangrike vrywillige vereniging is, was dit tog niks meer as net dit nie. So is die kerk se juridiese posisie in die gemeenskapstruktuur omskrywe in die denkpatroon van die heersende rasionalistiese denke.

b. Die Inrigting van die kerk

i) Oor die Naam van die kerk

Met die sinode van 1842 is, saam met die vasstelling van die Kerkwet, ook *die naam van die kerk* verander en vasgestel. Die amptelike naam van die kerk was, volgens die Algemeen Reglement van 1824: *Nederduitsch Hervormde* Kerk in Zuid-Afrika. Hierdie naam is aan die kerk gegee ook in navolging van De Mist se ordonnansie van 1804 waar die naam *Hervormd Kerk-genoodschap* aan die kerk gegee is.

Vóór 1804 het die kerk nie juis 'n amptelike naam gehad of gebruik nie omdat tot op daardie stadium daar net één erkende, amptelike kerk in die land was. Met die opvatting, wat in die 19e eeu baan breek, dat verskillende kerke langs mekaar kan bestaan, was dit noodsaaklik om aan die kerk 'n naam te gee. Die eerste keer wat die kerk in die Kaap amptelik, kragtens 'n formele dokument van die kerk self 'n naam kry, was met die kerkordonnansie van De Mist in 1804 en Die Algemeen Reglement van 1824.

In 1842 word die naam verander na *Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika*. Dit is opmerklik dat daar, met die sinode van 1842, geen rede gegee word waarom die byvoeglike naamwoord *Hervormde* met *Gereformeerde* vervang word nie[19]). Al afleiding wat daarvan gemaak kan word, is dat dié twee woorde op daardie stadium presies dieselfde gevoels- en betekeniswaarde gehad het. Dié twee woorde is in die sestigerjare in die ou ZA Republiek deur ds Frans Cachet omstrede gemáák. As hy sy kerkskeurende aksie in Transvaal wil regverdig, gebruik hy die argument dat *Hervormd = liberaal en Gereformeerd = eksklusief-ortodoks*[20]). Die argument is selfs so ver gevoer, dat in groot erns die stelling gemaak is dat die woord *Hervormd* in die kerknaam die Ned Hervormde Kerk in die ZAR 'onwettig' maak[21]). Daarvandaan bestaan daar in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedskrywing "n naamkwessie' wat 'n hele reeks driftige pamflette, artikels en beskouings tot gevolg gehad het wat, agterna gesien, meer amusant as belangrik is[22]). As die geskiedenis sorgvuldig bekyk word, wil dit voorkom asof daar netsoveel stoer-ortodokse en

goed-calvinistiese predikante onder die kwansuis liberale Hervormde vlag hulle dienswerk in die kerk en kerke gedoen het as wat liberale, moderne en arminiaans-metodistiese predikante, onder die kwansuis eksklusief-ortodokse Gereformeerde vlag, hulle afwykende menings én optrede op die kerklike erf uitgedra en regverdig het. Omdat hierdie woorde *Hervormd* en *Gereformeerd* deel is en deel geword het van die kerklike stryd van die vorige eeu, het dit emosie-belaaide woorde geword en is dikwels 'n inhoud aan die woorde gegee wat hulle inherent nooit besit het nie. In ieder geval wil dit voorkom dat as die sinode van 1842 die naam van die kerk verander dit alleen maar gedoen word omdat *Nederduitsch Gereformeerd* nader aan die *Dutch Reformed* lê en in die Engelse klimaat van dié dag, was dit seker belangrik. Dit lyk na 'n redeliker verklaring as die stelling dat met dié naam- vasstelling die kerk in die kolonie téén die liberale Nederlandse Hervormde stelling ingeneem het en doelbewus vir die handhawing van die calvinistiese ortodoksie gekies het[23]. As dit so was, verklaar dit nie waarom die Kaapse kerk dan so on-calvinisties gehandel het deur die owerheid nog soveel seggenskap in die kerk te gee nie en waarom die kerk die Nederlandse kerkordenende werk van 1816 en daarna oorgeneem het nie. Die geswaai met die vlag van die naam is wel interessant maar dit is sterk te betwyfel of dit die beste sleutel tot die verstaan en die begrip van ons kerklike verlede is.

ii) **Oor die Vergaderings**

Merkwaardig handel die 1842-Kerkwet nie éérs oor die amp en daarna oor die vergaderings nie, maar daar word begin om *die lidmaatskap van die kerk* te omskryf. Uit die lidmaatskap-beskrywing word dit duidelik dat die kerk homself as 'n vrywillige genootskap verstaan. Dit bring lidmaatskap in die tipies negentiende eeuse denke.

Artikel 1 en 2 van die Kerkwet bepaal:

> '1. To the Dutch Reformed Church belong all who upon profession of their faith have been admitted as members, such as have been baptized in the Dutch reformed churches and such as have been acknowledged in other countries as belonging to the reformed church and have settled in this country provided this have been made to appear by proper proofs and certificates of their baptism or membership.
>
> 2. These continue to belong to the reformed church as long as they have not voluntarily and distinctly declared themselves to have separated or for lawful reasons have been separated from it.

Hier word die lidmaatskap van die kerk *individualisties* gestel en is die verbondskarakter van die kerk nie meer op die voorgrond nie. Die reformatoriese opvatting dat die kerk uit *gelowige gesinne*, ouers en kinders bestaan word hiermee op die agtergrond gedruk. Die merkwaardige is egter dat die Kerkwet, wat dit betref, nie die lewensorde van die lidmate bepaal het nie. Die huisgesin het vir die Afrikaner die bousteen van kerk en gemeenskap gebly en huisgodsdiens in die gesin en huisbesoek deur die kerklike ampsdraers het die gesinsamestelling van kerk en volk bly beklemtoon.

Dit is egter duidelik dat hier die struktuur van die vrywillige vereniging domineer in dié sin dat eers die lede en hulle kwaliteit omskryf word, dan die bestuursliggame en dan die ampsdraers.

Omdat die kerk gesien word as 'n vrywillige vereniging daarom kan 'n lid homself uit vrye wil onttrek van die kerk net soos hy vrywillig daarby aansluit. Dit is in die denke van die calvinistiese teologie 'n vreemde opvatting waar die geloof nie gesien word as 'n menslike prestasie nie en terselfdertyd geoordeel word dat die gelowige hom nie afsydig mag hou van die kerk, die volk van God nie (art 28, NGB). Hier word dit duidelik hoe 'n kerkwet 'n ander pad kan loop as die kerk se amptelike ekklesiologie.

Nadat lidmaatskap so deur die Kerkwet omskryf is, word die bestuur van die genootskap ook omskryf en dit toevertrou aan kerkraads-, rings- en 'n Algemene Kerkvergadering. Hierdie bestuursliggame is hiërargies gerangskik met die Algemene Kerkvergadering aangedui as dié liggaam wat die 'highest direction ... in church matters' het (art 11). Die interessante is dat die Algemene Kerkvergadering, netsoos die sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk, 'n algemene en omvattende opdrag het in so ver dat sy taak is '... the care of the general interests of the reformed church of this colony ...' Daarna het die vergadering óók 'n opdrag ten opsigte van 'public worship and church ordinance.' Dié vergadering het géén opdrag ten opsigte van die leer van die kerk nie behalwe soos dit later, rondom die handhawing van die opsig en tug, na vore kom.

In navolging van die Nederlandse Hervormde Kerk word 'n *sinodale kommissie* in die lewe geroep wat sal bestaan uit die voorsitter en skriba van die laaste sinode en één afgevaardigde van elke ring. Hierdie sinodale kommissie (art 19 vg) sal die hoogste bestuursliggaam in die kerk wees as die Algemene Kerkvergadering nie in sitting is nie (vgl art 19.7 en ook 19.2). Hier word die presbiteriale beginsel losgelaat want daar word géén voorsiening gemaak dat hierdie hoë bestuursliggaam ook ouderlinge as lede sal hê nie. Hierdie soort ordening lê heeltemal in die lyn van die kerkordenende denke in Nederland na 1816. Een groot verskil met die Nederlandse gebruik is dat die Algemene Kerkvergadering gevorm word deur (art 12).

-- al die diensdoende predikante van die kerk, en
-- 'n dienende of afgetrede ouderling uit elke gemeente, hoewel die gemeente Kaapstad sy voorrangs-posisie hou deurdat twee ouderlinge uit dié gemeente afgevaardig sal word.

Hier word dus *'n Kerkraad-sinode* gevorm wat verteenwoordigend van alle Kerkraadsvergaderings sal wees en nie juis verteenwoordigend van die amp nie. Die ringsvergadering word hier nié gesien as 'n vergadering wat 'n rol speel in die samestelling van die Algemene Kerkvergadering nie.

Die ringsvergadering, waarvan daar nou vyf sal wees, se taak is in hoofsaak (art 26)

> '... providing for the interest of religion,
> the preservation of good order, and the maintenance of the church laws ... the examination of subordinate spiritual teachers,
> the promotion of religious instruction,
> the providing for the increase of churches,
> the nomination of ministers consulent ...
> the making of church boundaries,
> the nomination of consistories in newly-established congregations,
> the making of church visitations ...
> They decide the differences arising in or between consistories or congregations, and give judgment ...'

Die ringsvergadering, wat jaarliks moet vergader (art 31), word gevorm deur die predikant of predikante van elke gemeente en een ouderling (art 27) en die vergadering moet óók sorgvuldig navraag doen oor '... the state of the churches belonging to that presbytery' (art 34).

Die *kerkraadsvergadering* word gevorm deur minstens 'n predikant, twee ouderlinge en vier diakens (art 36.7). dit is interessant dat op die laagste bestuursvlak die diaken wél deel van die vergadering is maar nie van die hoër vergadering nie. Die taak van die 'members of the consistory' is (art 37).

> '1. To have charge of what concerns the public worship.
> 2. To teach the congregation and fit them for a better than an earthly life.
> 3. To watch over the conduct and morals of the members and pupils of the congregation, to bring the wandering back, to strengthen the weak, in a fatherly manner to

reprove the offending, and to exercise discipline with respect to them.

4. To provide for the poor and widows.

Hierdie taak-omskrywing is duideliker én omvattender as die ooreenstemmende artikels in die Kerkwet van die Nederlandse Hervormde Kerk en dit toon óók dat, hoewel die Nederlandse voorbeeld baie sterk was, dit nie slaafs nagevolg is nie[24]). Die taak-omskrywing van die verskillende ampsdraers korreleer wéér met die Nederlandse voorbeeld. Tiperend van die situasie is art 57 wat bepaal:

'Where necessary ministers who are able shall preach in English, and are encouraged to do so, provided thus can be done without injury to the Dutch congregation ...'

iii) **Oor die ampte**

Uitvoerige reëlings word getref vir die eksaminering en toelating van godsdiensonderwysers, sendelinge en predikante. As deel van die proponentseksamen word die vak 'expounding the scriptures' genoem waar vereis word (art 62.11.a.1).

'For expounding the Old Testament (óók die Nuwe Testament) it is required to translate into Latin two chapters ... besides showing the sense or meaning on analytical principles.'

Dit en die ander bepalings is 'n letterlike oorname van die Nederlandse Hervormde Kerk se bepalings[25]) maar die proponentsformule word hier anders geformuleer en dit lui, gedeeltelik aangehaal, as volg (art 62.13)[26]):

'I, the undersigned, admitted ... to the office of public preacher ... hereby uprightly declare that both in doctrine and deportment I will carefully consult the interests of christianity in general and of the reformed faith in particular; that I faithfully embrace and heartily believe as agreeable to God's holy word the doctrine contained in the adopted formulas of uniformity of the reformed church ...'

Waar in die Nederlandse kerk die proponent die formuliere van enigheid 'ter goeder trouw' aanneem as ooreenkomstig met die Woord van God neig die ondertekening hier meer in die rigting dat die formuliere onderteken word omdat hulle met die Woord van God ooreenkom. Dit is egter nié so skerp soos in die Dordtse formule gestel nie. Waarskynlik omdat, in navolging van die Nederlandse Kerk, die suiwere leer nié so belangrik geag is nie, is hier ook 'n effens vae formulering gegee.

Oor die beroep word in hierdie Kerkwet nie gehandel nie aangesien die ordonnansie nog reël dat die Goewerneur alle aanstellings doen.

Oor die ampte kan nog daarop gewys word dat die owerheidsgoedkeuring wat vroeër by die verkiesing van ouderlinge en diakens gegeld het, nou nie meer voorkom nie.

iv) **Die Opsig en Tug**

Die reëls in hierdie verband is merkwaardig uitvoerig en presies. Belangrik hier, wat óók 'n belangrike verskil ten opsigte van die Nederlandse reëlings bevat, is dat ten opsigte van 'n klag teen 'n predikant gestel word (art 188).

> 'Complaints against the doctrine of a minister or candidate must contain distinct evidence that he has contradicted or opposed the doctrine which according to God's holy word is contained in the received formulas of uniformity of the reformed church.'

Hier word nie alleen die funksie van die belydenisskrif as norm en reël van die prediking nie, maar ook hulle verhouding tot die Skrif duidelik gestel. Dit was beslis 'n wins. Die vraag is en bly egter of die kerk werklik, gedurende die 19e eeu, die leer van die kerk, soos dit in die formuliere van eenheid saamgevat is, gehandhaaf het. Dit is egter 'n vraag wat nie nou hier beantwoord hoef te word nie.

v) **Samevattende opmerkings**

Die *Wetten en Bepalingen* van 1842, soos gepubliseer in die *Schedule* van ordonnansie 7 van 1843, is netsoos die *Algemeen Reglement* van 1824 'n mengvorm waar die ouer calvinistiese presbiteriaal-sinodale ordereëlings vermeng is met dié van die 19e eeuse Nederlandse Kerkwette. Dit bring mee dat administratiewe en organisatoriese reëlings die geheel van die maatreëls domineer en die indruk skep dat die kerkwet opgestel is sodat die kerk homself kan voortsit. Die taak van die kerk, as verbondsvolk van God in die gemeenskap, word nêrens pertinent genoem nie en die feit dat die kerk as 'n geheel die getuie van Jesus Christus in die wêreld is, word verswyg. Netso word dit nêrens gestel dat die Woord van God die grense van die kerklike reg aandui nie en ook nie dat dit die norm en reël van die geheel van die kerklike lewe is en moet wees nie. Ook word die feit dat Jesus Christus die enige Hoof en Heer van die kerk is en dat die kerk sy liggaam in die wêreld is, nêrens uitdruklik beklemtoon nie.

Dat dit nié gebeur nie, hang waarskynlik saam met die stand van die destydse teologie toe die belangstelling baie méér gerig was op die *christianity in general* en daardie *christianity* nie juis bepaal is deur die Waarheid soos dit in God se Woord

geopenbaar word nie. Die rasionalisties- bepaalde toleransie en die daarmee gepaard gaande soeke na die essensieel- religieuse in die mens, het meegebring dat die eiesoortige en die eksklusiewe van die Skriftuurlik-bepaalde geloof al meer op die agtergrond geraak het. Te veel het die teologie die diens van God gesien as 'n menslik-bepaalde moraalleer en die openbaringskarakter volkome verwaarloos. Daarom was dit moontlik om vanaf die sestigerjare die arminiaanse metodisme in die Kaapse Kerk in te voer en dit te beskou as die ortodokse leer van die kerk terwyl dit tog in baie opsigte in teenspraak met die Bybels- reformatoriese teologie van die belydenisskrifte staan. Hieruit word dit wéér duidelik dat die opgetekende kerklike orde géén waarborg is of kan wees vir die handhaaf en uitleef van die suiwere leer nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat die belydenisskrifte van die kerk NIE in die Kerkwet self, die *Schedule* dus van Ordonnansie 7 van 1843, genoem word nie. In die proponentsformule (art 62.13) word slegs verwys na die 'adopted formulas of uniformity of the reformed church.' In die Ordonnansie self, art 6, word slegs die Dordtse Leerreëls en die Heidelbergse Kategismus genoem.

Hier word dus 'n bepaalde patroon geskep naamlik dat die owerheid in sy wetgewing die formuliere van eenheid noem en vasstel en dat die kerk in sy Kerkwet dié belydenisskrifte nie weer eksplisiet noem nie. Dit het in die Kaapkolonie nooit 'n enkele winkbrou laat lig of die indruk geskep dat die kerk nou vrysinnig geword het nie. Merkwaardig genoeg het presies dieselfde praktyk in die ou Zuid-Afrikaansche Republiek, ds FL Cachet in 1865 die Nederduitsch Hervormde Kerk 'liberaal' laat noem en dit terwyl in die grondwet van die ZAR *aldrie* belydenisskrifte onder die formuliere van eenheid genoem word.

'n Volgende saak wat na vore kom, is dat die kerk in die Kolonie selfs met ordonnansie 7 van 1843 nog nie werklik van die Engelse owerheid losgemaak was nie. Waar die Algemeent Reglement van 1824 saam met die ordonnansie van 1804 die kerk tot 'n 'staatsdepartement' van die koloniale owerheid gereduseer het, het die ordonnansie van 1843 *de facto* die kerk nog gesien as staatskerk van die Kolonie. Nie alleen het die staat die leer en die kerklike orde bepaal, sonder dat die sinode die reg gehad het om dit te verander nie, maar die predikante is nog steeds as staatsamptenare beskou wat deur die staat aangestel, verplaas, ontslaan en gesalarieer word. Dit het voortdurend die moontlikheid oopgelaat dat die predikante as gewillige werktuie van die Engelse beleid in Suidelike Afrika ingespan kon word. Dit is nogal opvallend om te sien hoe skroomvallig en terughoudend die predikante van die Kaapse kerk, vir die grootste deel van die 19e eeu, was om beroepe aan te neem na plekke waar die Engelse vlag nie gewaai het nie. Die noue verbondenheid van die predikante aan die Engelse Koloniale bewind in die Kaap-

kolonie het beslis daarin 'n rol gespeel.

Hoewel die *Wetten en Bepalingen* van 1843 sélf geen noemenswaardige rol in ons kerklike verlede gespeel het nie, is dit tog so dat ons Kerk 'n hele reeks van onaangename herinneringe het aan Kaapse staatsamptenaar- predikante wat kragtens hierdie kerklike orde hulle dienswerk gedoen het. Juis vanweë die versweë en uitgesproke aanspraak wat deur hierdie manne gemaak is dat die Kaapse kerk 'n bolwerk van ortodoksie was en alles daarbuite 'n laagtepunt van heidendom[27] maak dit wel noodsaaklik om 'n oomblik na die kwaliteit van die *Wetten en Bepalingen* van 1842 te kyk. Dan blyk dit wel dat dit ook nie juis 'n kerklike orde was wat as die ideale formulering van die kerkordenende beginsels wat in die belydenisskrifte en die Heilige Skrif self gevind word, beskou kan word nie.

6. AANTEKENINGE

1. EPJ Kleynhans, 1973. *Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1795-1962*. DD-dissertasie. Universiteit van Stellenbosch, pp 55-56. So gebeur dit dat die besluite van die Algemene Kerkvergadering van 1824 en 1826 eers in 1829 voorwaardelik goedgekeur is.
2. Biografiese gegewens ten opsigte van ds R Shand kan oa gevind word by HDA du Toit, *Robert Shand*, artikel in WJ de Kock (red), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Kaapstad-Johannesburg 1972, Dl III, pp 675-676.
3. Dié hele aangeleentheid word uitvoerig behandel deur JP Jooste, *a w*, pp 150-168 en EPJ Kleynhans, *a w*, pp 57-63.
4. *De Handelingen eener buitengewone Synodale Vergadering der Nederduitsch-Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika* (1837), Kaapstad 1858, p 162.
5. JP Jooste, *a w*, p 168.
6. Vgl EPJ Kleynhans, *a w*, pp 63-71.
7. EPJ Kleynhans, *a w*, p 71.
8. *De Handelingen der zesde vergadering van de Algemeene Synode der Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika* (1842), Kaapstad 1858, p 197.
9. Vgl ook EPJ Kleynhans, *a w*, p 8-74.
10. Aangehaal by JP Jooste, *a w*, pp 178-179.
11. Aangehaal by JP Jooste, *a w*, p 203.
12. JP Jooste, *a w*, p 205.
13. Gepubliseer in *Statute Law of the Cape of Good Hope comprising the Placaats, Proclamations and Ordinances*, Cape Town 1862, pp 609-663. Aangesien Engels dan die enigste amptelike taal in die Kaapkolonie is en die ordonnansie die amptelike dokument is wat regeringsgoedkeuring gehad het, word hier die Engelse oorspronklike teks gebruik.
14. JP Jooste, *a w*, p 211. Vgl in hierdie verband ook die uiteensetting van SP Engelbrecht, *Ge-*

skiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria-Kaapstad 1953, pp 29-36.

15. Aangehaal by JP Jooste, *a w*, p 214. Ek kursiveer die belangrikste stelling in hierdie uitspraak van Porter.
16. JP Jooste, *a w*, pp 215-217.
17. EPJ Kleynhans, *a w*, pp 82-83.
18. PB van der Watt, 1973. *Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862-1962*. Kaapstad-Johannesburg.
19. *De Handelingen der Zesde Vergadering van de Algemeene Synode der Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika* (1842), Kaapstad 1858, p 197 vg.
20. Vgl in hierdie verband SP Engelbrecht, *Ds Frans Lion Cachet*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Pretoria 1953, Jrg 9 pp 181-231. Dit bly, tot dusver, nog verreweg die beste biografiese skets van hierdie omstrede en rustelose figuur.
21. Vgl oa AD Pont, 1955. *Nicolaas Jacobus van Warmelo 1835-1892*. Utrecht, p 142 vg.
22. CS van H Steenekamp, 1953. *Die geskiedenis van die naamkwessie 'Hervormd'* en *'Gereformeerd'*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Pretoria, Jrg 9, pp 231-248.
    Vgl ook Joh Dreyer 1954. *Hervormd as Kerknaam gehandhaaf*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Pretoria 1954, Jrg 10 p 32 vg en ook Engelbrecht SP 1954. *Die Pamflet van Dr HS Pretorius, 'Die Kerknaam'*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Pretoria 1954, Jrg 10, pp 86-93. Hierdie lys kan byna in die oneindige verleng word. Hierdie paar word slegs genoem omdat daarin telkens 'n oorsig gegee word van die aangeleentheid tot op daardie stadium.
23. Vgl die opmerkings van EPJ Kleynhans, *a w*, pp 132-134.
24. Vgl C Hooijer, 1846. *Kerkelijke Wetten voor de Hervormden in het Koningrijk der Nederlanden*. Z Zaltbommel, p 108 vg.
25. C Hooijer, *a w*, pp 54-55.
26. Die Nederlandse Hervormde Kerk se formule stel: '... dat wij de leer, welke overeenkomstig Gods Heilig woord, in de aangenomen formulieren van eenigheid der NHK is vervat, ter goeder trouw aannemen en hartelijk gelooven, ...'
    EPJ Kleynhans, *a w*, p 135 gee die Nederlandse vertaling van amptelike Engelse teks en dié lui: '... dat hij de leer welke in het formulier van Eenigheid der Gereformeerde Kerk vervat is, beschouwd overeenkomstig Gods Heilig Woord te zijn.' Die vraag is dan wat die woord *beschouwd* presies beteken.
27. Vgl in hierdie verband byvoorbeeld die besluite van die Tiende Algemene Kerkvergadering van Natal in 1874, so ook die besluite van die 1870-sinode van die Kaapse Kerk. Dié voorbeelde kan met talle méér vermenigvuldig word. Die belangrike waarop, in hierdie verband gelet moet word, is dat die maatstaf wat aangelê is om die predikante en lidmate van die Ned Hervormde Kerk te meet NIE die teologie of uitsprake van die belydenisskrifte was nie, maar die uitgangspunte en beginsels van die arminiaanse metodisme.

Afdeling 3

Die Voortrekkerkerk 1836-1852

Hoofstuk 1

1. INLEIDING

'n Totaal nuwe situasie het in die dertigerjare van die vorige eeu ontstaan toe die Afrikaanssprekende boere vanuit die oostelike en noordoostelike grensdistrikte van die Kaapkolonie weggetrek het om 'n eie vaderland in die leë binneland van Suidelike Afrika te gaan soek. Hierdie volkverhuising wat algemeen as die Groot Trek bekend staan, het vanaf 1835 op dreef gekom. Dit was hoofsaaklik boere van die oosgrens, die noordoosgrens en die noordgrens van die Kolonie wat getrek het. Die oosgrens was die gebied tussen die see en die Winterberge, dit wil sê die grens tussen die Xhosas en die oosgrensboere van die suidelike wyke van Somerset-Albanie. Die noordoosgrens was die grenslyn tussen die Winterberge en die Oranjerivier wat langs die Swart Keirivier, die Klaas Smitsrivier en Stormbergspruit geloop het[1]). Hoewel dit moeilik is om vas te stel hoeveel grensboere die Kaapkolonie verlaat het, word die getal op ongeveer 3 000 gesinne en 15 000 in totaal gestel[2]). Die redes vir hierdie massale emigrasie is deur CFJ Muller gesaghebbend ontleed sodat dit nie nodig is om in hierdie verband weer daarop in te gaan nie[3]). Miskien kan hier net verwys word na die verklaring wat die Voortrekkervolksraad in 1839 van die Groot Trek gegee het[4]):

> 'Uit oorzaak van dagelijksche verwaarlosing en verachting van hunne Regten en voorregten, ondergane beledigingen, vernedering en bespotting in eer en reputatie, verkragting van regt van eigendom en leven genoodzaakt zijn geworden hun dierbaar Vaderland en vele hartelijke geliefde betrekkingen achter te laten.'

Die grensboere wat getrek het, was in meer as een sin tipiese pioniers wat volkome opgewasse was vir die uiters moeilike en veeleisende toestande wat hulle tegemoet gegaan het. Hoewel hulle formele onderwys- en ontwikkelingspeil nie hoog was nie, was die grensboer-pionier, wat sy lewensbehoeftes betref, feitlik selfversorgend. Tuis in die natuur was die Afrikaner toegerus vir die pioniersbestaan, volkome aangepas aan sy tyd en omgewing.

Opvallend van hierdie pionier-Afrikaners was hulle merkwaardige verknogtheid aan die Bybel en sy boodskap. Vir 'n baie groot deel gevorm in hulle godsdienstige denke deur die geskrifte van die 'oude schrijvers'[5]), het hulle met nougesetheid huisgodsdiens gehou, die katkisasie van die kinders behartig en die Bybel as die gesaghebbende waarheid op elke lewensterrein beskou[6]). Veral gelei deur W à Brakel se **Redelijke Godtsdienst**, wat as 'n soort populêre dogmatiekhandboek gegeld het, het hulle sterk in terme van die verbondsteologie gedink en ook as gevolg daarvan 'n opvallende parallel tussen hulle self en die ou verbondsvolk,

Israel, gesien. Dit het 'n besondere rol in die Afrikaner se denke gespeel wat JN Wolmarans as volg omskryf het[7]):

> 'Homself beskouende as 'n moderner openbaringsdraende Israel het die Afrikaner-boer wat worstel met natuur en heidendom, in die Ou Testament gelees dat Israel in sy stryd 'n uitdruklike bevel van nie-vermenging ontvang het. As Israel hom nie afsonder nie, sal hy verbaster, sal die ware geloof in gedrang kom en sal hy gestraf word. Die parallelie was vir die Afrikaner onmiddellik duidelik: hy moes nie vermeng nie en moes as blanke groep homself isoleer ter wille van die geloof. En dit het sy siening in die praktyk geword en daarom het hy nooit in die heidense massas verdwyn nie.'

Die godsdiens het ook by die Afrikaner sy waardering vir die huisgesin en die familie gebou en die daarmee gepaardgaande strenge sedelikheid. Die calvinisme wat die Afrikaner geleer het dat hy in alles van God afhanklik is en aan Hom diensbaar is wat in sy skepping regeer, het van die Afrikaner 'n ordeliewende, beginselvaste mens gemaak, gelowig en hardwerkend. Geen wonder dat Sir Benjamin D'Urban in 1834 die verlies van hierdie inwoners van die Kaapkolonie betreur het en die Voortrekkers beskryf het as '... a brave, patient, industrious, orderly and religious people, an incalcuble loss to the colony'[8]).

Hoofstuk 2

Die Voortrekkers en die Kaapse Kerk

1. DIE HOUDING VAN DIE KAAPSE KERK

Die Voortrekkers het die Kaapkolonie verlaat met die uitdruklike doel om hulleself los te maak van die Engelse bewind en kolonie[9]). Dit het, in die lig van die *Algemene Reglement* van 1824, art 9 en 20, óók beteken dat die Voortrekkers die fisiese grense van die kerk in die kolonie oorgesteek het. Die Engelse owerheid van die kolonie het, nadat ingesien is dat die Groot Trek die bevolkingsgetalle aan die oosgrens ernstig uitdun, by monde van sir George Napier, die goewerneur, in 1838 gevra dat die Trekkers ontmoedig moet word om die land te verlaat. Later is die Trekkers selfs gedreig en ekonomiese strafmaatreëls in September 1838 is op hulle toegepas. Dit het egter niks verander aan die voortgaande uittog nie[10]).

Die Kaapse kerk, waarvan die predikante byna as staatsamptenare beskou kan word, het grotendeels die optrede van die koloniale owerheid gesteun, ook omdat die owerheid hulle hulp daarvoor gevra het[11]). Die duidelikste blyk dié houding op die Sinode wat op 20 November 1837 'n *Herderlijken Brief*, opgestel deur ds TJ Herold van Stellenbosch, met meerderheid van stemme aanvaar het [12]). Daarin word gestel:

> 'Te regt bedroeft zich de Synode over den Tegenwoordigen Toestand van zoo vele Ledematen der Hervormde Kerk, die hunne haardsteden en altaren hebben verlaten, zonder eenen Moses en Aäron de woestyn introkken, en zonder belofte of aanwijzing thans een Canaan voor zich opzoeken. De Synode houdt die allen verantwoordelijk voor hun gedrag, en wil hen slechts by deze gelegenheid herinnerd hebben aan hunne dure verplichting, die zy by den doop hunne kinderen op zich namen, en aan de belydenis, die zy vrywillig aflegden, toen zy tot leden der kerk werden toegelaten. Zoo kan ook de Synode hare goedkeuring geenszins hechten aan het voornemen van velen, die deze Nomaden op 't spoor wenschen te volgen, zoo lang zy zich niet overreden kan, dat het een gebiedende wenk der Goddelyke Voorzienigheid is, - Zy herinnert het het zeggen van den Heiland, die zyn kruis niet opneemt en My navolgt, kan Myn discipel niet zyn. Zy vermaant met allen ernst elk en eenen iegelyk, om onderworpen te zyn aan hen die God over hen gesteld heeft als Zyne dienaars, en met allen aandrang te bidden, dat deze het wereldryke zwaard met geregtigheid en bescheidenheid mogen dragen. Het is toch laakbaar, dat men de Overheid verge, dat deze zich uitsluitend naar onzen zin en belangen schikke .... Blyft dan volstandig gelooven en betrachten wat de Godsdienst van Jezus in alle betrekkingen en toestand

van hare belyders vordert. Hy, de Alleenheerscher der wereld, gebruikt vorsten en natiën dan eens om volken en landen te zegenen, dan wederom ze te tuchtigen en te straffen. Veel wat ons heden kwaad toeschynt, wordt ons dikwyls op morgen tot eenen zegen; wat ons tydelyke schaden veroorzaakt, een middel tot bevordering van ons eeuwig geluk. Voorts, Broeders en Zusters! betoont u in den burgerstaat als eerlyke, arbeidzame en nuttige leden der maatschappy als getrouwe en gehoorzame onderdanen. Zoo zult gy gewis de bescherming en toegenegenheid wegdragen van hen die u regeren. Zulks zal onder anderen eene gunstige aanbeveling voor u zyn by Hare Majesteit, onze Geliefde Koningin, wiens troonsbeklimming gy moogt toejuichen, daar dezelve met een vast vertrouwen geschiedde op de Goddelyke ondersteuning, en wier verklaringen en eerste werkzaamheden zoo zeer gekenmerkt zyn geworden met uitgedrukte gevoelens van hartelyke belangstelling in de bevordering van Godsdienst en deugd.'

Die merkwaardige *Herderlijken Brief* is onderteken deur ds A Murray snr. en dr WM Robertson onderskeidelik die praeses en skriba van die sinode. Die houding van die sinode is miskien begryplik as daarop gelet word dat daar onder die predikante elf Skotte, een Nederlander, een Duitser en nege Afrikaners was[13]). Hierdie skrywe hang ook saam en is waarskynlik as uitvoering gesien van art 7 van die *Algemeen Reglement* van 1824 waar gestel word -

'... de bevordering van Christelyke zeden, de bewaring van orde en eendragt, en de aankweeking van onderdanigheid aan overheid en wetten, moeten steeds het hoofddoel zyn van allen, die in onderscheidene betrekkingen, met het kerkelyke bestuur belast zyn.'

Hiermee het die Sinode 'n negatiewe oordeel oor die Groot Trek uitgespreek en in beginsel die deelnemers aan die Trek se lidmaatskap vervalle verklaar. Die sinode stel dat deur te trek die deelnemers -

* die verpligting van die beloftes afgelê by die doop van hulle kinders, ontduik;
* die beloftes afgelê by die openbare aflegging van die geloofsbelydenis, nie meer sal nakom nie;
* teen die wil van God handel;
* in verset is teen die owerheid;
* nie genoeg vertroue het in Haar Britse majesteit Victoria nie.

Dit is duidelik dat die sinode met hierdie nogal hooghartige beoordeling van die Groot Trek en die Voortrekkers daarmee rekening hou dat hierdie lidmate in hulle houding sal volhard. Daarom word sorgvuldig die gronde uiteengesit om aan te toon dat die Voortrekkers onder kerklike sensuur geplaas en uiteindelik met die ban afgesny kan word. Omdat die Voortrekkers egter die kolonie verlaat het en so die fisiese grense van die kerk oorgesteek het, was daar nie 'n moontlikheid om met kerklike dissiplinêre maatreëls teen hulle op te tree nie. Daarom volstaan die Sinode deur slegs die gronde vir 'n kerklike klag teen die wegtrekkende lidmate te formuleer.

Dit moet aanvaar word, dat kerkordelik gesproke, die *Herderlijke Brief* één van die belangrikste kerklike beslissings van die Kaapse kerk was. Hierdie *Brief*, die gesindheid wat daarmee verwoord is en die kerklike handelinge wat hieruit voortspruit is seker die enkele grootste faktor wat meegebring het dat daar 'n aansienlike afstand tussen die kerk in die Kaapkolonie en die Voortrekkers ontstaan het.

Met hierdie *Brief* het die sinode die beleid wat die Kaapse kerk ten opsigte van die Voortrekkers moes voer, bepaal. Dit is opvallend dat hierdie beleidstuk nooit op sinodale vlak ingetrek of gerepudieer is nie. Hierdie duidelike uitspraak en beleidstuk is daarna vir uitvoering op gemeentelike en ringsvlak gelaat[14]).

Die Ring van Graaff Reinet was die ring wat die nouste met dié saak gemoeid was omdat die meeste Voortrekkers uit gemeentes van die ring gekom het. Baie trekboere en ook sommige Voortrekkers het van tyd tot tyd teruggekeer na die gemeentes waarvandaan hulle weggetrek het en dan weer op hulle lidmaatregte aanspraak gemaak. Ds Thomas Reid van Colesberg het op die ringsitting van 1838 gevra hoe daar gehandel moet word met mense wat a) die kolonie verlaat het, en meer as 'n jaar buite die kolonie gewoon het en dan terugkom en aanspraak maak op lidmaatregte, en b) lidmate was 'en nog aan de Hervormde Kerk gehecht zijn' en wat vanweë verskillende oorsake buite die grense van die gemeente swerf of woon[15]). Die ring wou hieroor geen duidelike uitspraak gee nie, maar het slegs gestel dat 'n kerkraad dit moet oorweeg 'te handelen zoo veel als mogelyk met de grootste voorzichtigheid en tevens met Christelyke toegevendheid oveenkomstig met die bestaande wetten en gebruiken der kerk'. Hierdie besluit word die volgende jaar herbevestig.

Opvallend is dat die ring nie duidelik sy standpunt uitdruk nie. Van der Watt is egter van mening dat die ringsbesluit beteken het dat die Voortrekkers wat periodiek na hulle voormalige gemeentes teruggekeer het, die kerklike voorregte geweier moet word[16]). Dit lê dan volkome in lyn met die uitspraak van die sinode. In 1840 word die bedoeling van die ring duidelik uitgespel as ds Reid 'n versoek tot die ring

rig om 'de Uitgetrokkene thans woonachtig langs Riet-, Zand- en Kaffer Rivieren' te besoek. Die ring gee wel toestemming 'om alleenlijk het Evangelie onder hen te verkondigen, mits dat zulks geschieden kan zonder eene overtreding van de wetten des lands,...'[17]). Dreyer verwys hierna as *sydelinge sensuur* oor mense wat dit nie verdien het nie[18]).

As egter gelet word op die *Herderlijke Brief* van 1837 en die feit dat die kerklike ordonnansie van 1804, wat die basis vorm van die *Algemene Reglement* van 1824, baie duidelik die fisiese grense van die kerk aandui as 'in deze Volksplanting', art 19 en 20, dan is dit so dat die ring tereg aanvaar dat diegene wat die kolonie verlaat het, wederregtelik die kolonie verlaat het en daarom nie meer die voorregte van lidmate van die kerk kan hê nie. Die *Herderlijke Brief* sien dit so dat hierdie mense met 'n verkeerde gesindheid kolonie en kerk verlaat het. Ds Reid het op 5 Junie 1840 in *De Zuid-Afrikaan*, na aanleiding van 'n vraag in die verband gestel[19]):

> 'Het Gouvernement heeft meer dan eens verklaard dat dezulken die over de grensen der Kolonie gaan, *niet als Kolonisten moeten worden beschouwd*, noch het voordeel of de bescherming van deszelfs wetten hebben moeten.'

Gesien die feit dat die kerk in die kolonie feitlik as 'n staatskerk gefunksioneer het en die predikante feitlik as staatsamptenare, was dit duidelik dat die Voortrekkers as weerbarstige onderdane beskou word en dat hulle, terwyl hulle daarin volhard nie meer op die volle lidmaatregte van die kerk in die Kolonie aanspraak kan maak nie. Dit hang saam met die feit dat die owerheid, by wyse van 'n proklamasie op 11 September 1834, 'n verbod geplaas het op alle ongemagtige en onwettige oorskryding van die grense en swaar strawwe op die oortredings geplaas het.

Dit was dus byna vanselfsprekend dat die Kaapse predikante nie die sakrament sal (mag) bedien aan lidmate wat die kerk op so 'n wyse verlaat het nie. Dreyer wys egter daarop dat ds John Taylor van Cradock besoeke aan die Voortrekkers gebring het en skynbaar wel kinders gedoop het, as gelet word op die inskrywings in die Doopregisters van Cradock. Hoewel daar 'n sekere vloeibaarheid was in die kerklike hantering van die Voortrekkers, wil dit tog voorkom dat algemeen aanvaar is dat hulle die kerk in die kolonie verlaat het toe hulle weggetrek het. Dit word bevestig deur die navorsing wat De Jongh gedoen het oor Sarel Cilliers. Hy stel[20]):

> 'Voorts was Sarel (Cilliers) verkleefd aan die Ned Geref Kerk, en sou hy nie sy lidmaatskap wou inboet nie. Daarom het veldkornet Gideon Joubert aan siviele Kom-

> missaris WC van Ryneveld gerapporteer dat hy en Cilliers getwis het omdat hy aan Cilliers gesê het dat, indien hy oor die Oranjerivier sou trek, "sey met eens van ons kerk afgesneeden is.'

Dit is billik om te aanvaar dat die meeste Voortrekkers gewéét het dat 'n vertrek uit die Kaapkolonie ook die beëindiging van hulle lidmaatskap van die Kaapse kerk sou moet meebring. Net soos in die geval van Cilliers het belangriker redes as dit hulle oortuig om die Kaapkolonie te verlaat en om buite die kolonie 'n eie kerklike inrigting te skep wat inhoudelik, wat die geloofsake betref, nie sou verskil van die kerk wat hulle agtergelaat het nie.

Ekskurs: **Het die Voortrekkers Britse onderdane gebly?**

Die vraag of die Voortrekkers lidmate van die Kaapse kerk kon gebly het, het in 'n hoë mate saamgehang met die vraag of hulle ook hulle Britse burgerskap prysgegee het toe hulle oor die Oranje getrek het. Dit is opvallend dat die owerheid aan die Kaap die blywende Britse onderhorigheid van die Voortrekkers voortdurend beklemtoon het. Dit was veral sir George Napier wat in 1838 verklaar het[21].

> '... the determination of Her Majesty's Government was to permit no colonisation in this part of Africa, nor the creation of any pretended independent state by any of Her Majesty's subjects which the emigrant farmers continued to be.'

Die Voortrekkers het hulle egter nie aan die verklaring gesteur nie en die onbewoonde landstreke ingegaan, grond van swart opperhoofde gekoop in die teenswoordige Vrystaat, die Oorvaalse gebied verower deur die Matabeles te verslaan en in Natal, deur middel van 'n formele traktaat, grond van die Zulukoning Dingaan gekry. Volgens die Voortrekkers was hulle volkome geregtig om in die gebiede 'n eie staat te vestig. Dit was die duidelike doelwit van die Trek, want Retief stel al in sy Manifes, soos gepubliseer in die *Graham's Town Journal* -

> '9. We quit this colony under the full assurance that the English government has nothing more to require of us, and will allow us to govern ourselves without its interference in future.'

Dieselfde argument word ook deur ander Voortrekkerleiers uitgespreek[22]. Die saak word in 1840 deur die Voortrekkers self na vore gebring as die Natalse Volksraad, na onderhandelinge met Potgieter en die Oorvaalse trekkers, besluit[23]:

> '... dat er aan den Gouverneur van de Kaap een brief versonden moet worden, om ons als een vry volk verklaard te hebben van het Engels Gouvernement....'

Die opvolgende korrespondensie het daartoe gelei dat die Kaapse goewerneur sir George Napier, instruksies van Lord John Russell, die sekretaris van Staat vir Kolonies ontvang het waarin gestel word[24]):

> '... the Queen cannot acknowledge a portion of her own subjects as an independent Republic.'

Uiteindelik loop die onderhandelinge daarop uit dat Natal in Mei 1843 deur sir George Napier as 'n Britse kolonie geannekseer is. Dit het op sy beurt meegebring dat baie Voortrekkers in die jare 1842-1847 Natal verlaat het om hulle in die Vrystaatse en Oorvaalse deel van die Voortrekkerrepubliek te vestig. Tog het die Engelse koloniale bewind in 1845 weer verklaar dat die Voortrekkers buite Natal nog steeds trou aan die Britse kroon verskuldig was[25]).

In die res van die Voortrekkerrepubliek het die Voortrekkers volgehou dat hulle 'n onafhanklike staat is. Sir Harry Smith, die Kaapse goewerneur, het egter in 1848 die Vrystaatse gebied óók geannekseer maar kon nie daarin slaag om die Voortrekkers, noord van die Vaalrivier, tot vrywillige onderwerping te oorreed nie. Na sir Harry Smith se pogings misluk het en verder danksy die optrede van Gen AWJ Pretorius is in 1852 die Sandrivier Konvensie onderteken waarvolgens die onafhanklikheid van die Oorvaalse Voortrekkers erken is. In 1854 het die Bloemfonteinse Konvensie gevolg waar die onafhanklikheid van die Vrystaat erken is. Die twee konvensies was, wat die Afrikaner betref, die voltooiing en bekroning van die Groot Trek.

Die Sandrivier Konvensie was 'n totale ommekeer van die beleid wat imperiale Engeland tot op daardie oomblik gevoer het. Geen wonder dat sir William Porter, prokureur-generaal van die Kaapkolonie in 'n memorandum van 4 Augustus 1852, ten opsigte van die Transvaalse onafhanklikheid gestel het[26]).

> 'It is a very large question. I cannot grasp it. That such a recognition has no precedent is clear. That it reverses the whole previous policy of Great Britain is no less clear. *That their allegiance was inalienable, and their independence a dream was the doctrine of the British government down to the other day* .... In Truth we not only refused to acknowledge the boers to be independent of ourselves, but we interfered to

> compel the boers to acknowledge their dependence on the native chiefs in whose lands they settled. The Zand River Convention of the 16th Jan 1852 has certainly changed all that.'

Die rede waarom die Britse regering van 1835-1852/1854 aanspraak gemaak het op die onderdaanskap van die Voortrekkers was geleë in die reg wat in dié dae gegeld het. Volgens die feodale beginsel van die leenheerseed uit die Middeleeue, was niemand geregtig om sy vaderland te verwerp of die ryk te verlaat nie[27]).

Daartéénoor het die Voortrekkers geoordeel dat hulle die reg het om die Kaapkolonie te verlaat en dit ook duidelik gestel. Verder het die Voortrekkers nêrens hulleself as onderdane of afhanklikes van swart opperhoofde of stamme beskou nie maar op 'n wettige wyse of deur skenking of deur koop- of ruiltransaksies of deur verowering, 'n grondgebied bekom. Die reg om die Kolonie te verlaat, het die Voortrekkers grotendeels gebaseer op die feit dat die owerheid hulle nie die beskerming ten opsigte van lewe en eiendom gegee het, waarop hulle as onderdane aanspraak kon maak nie. Baie duidelik stel Retief en Maritz die saak in 'n skrywe aan die Kaapse goewerneur op 21 Julie 1837[28]):

> 'Dat wij als onderdanen van het Britsche Gouvernement (gedurende onze drukkende omstandigheden) onze nooden aan zijne Majesteit de Koning opgedraagd hebben, dog uit hoofden dat alle onze pogingen tot ons vruchteloos wederkeerden, wij ons eindelijk gedrongen vond, onze moederland te verlaaten, ten einde ons aan gene twist of oproer tegen onze Regeering schuldig te maaken.'

Die argument word met klem herhaal deur die Natalse Volksraad in sy korrespondensie met sir George Napier. Nadat 'n uiteensetting van die verdrukking wat hulle moes verduur het, gegee is, stel die Volksraad:

> '... dat wij niet kunnen zien hoe het Britsche Gouvernement onder de voormelde omstandigheden met enigste de minste schijn van rechtvaardigheid of billikheid op ons als onderdanen aanspraak maken kan.'

Die Voortrekkers se argument is dat die owerheid nié sy plig teenoor hulle as onderdane nagekom het nie en daarom hulle van hulle trou aan die owerheid onthef het. Die geskiedenis het bewys dat die reg aan die kant van die Voortrekkers was, hoewel die Britse owerheid tot 1852 dit ontken het. Met die Sandrivier Konvensie egter is die nuwe presedent geskep dat Brits onderdane hulle self kon onttrek van trou aan die Britse gesag en 'n onafhanklike staat kon vestig.

Dit is merkwaardig dat die Voortrekkers in hulle argumente sorgvuldig met die opvattings van Joh Calvyn rekening gehou het. Hoewel die Voortrekkers waarskynlik nie met Calvyn se geskrifte self vertroud was nie, is Calvyn se opvattings waarskynlik deur middel van die geskrifte van die 'oude schrijvers' aan hulle oorgedra, afgesien daarvan dat dit in die calvinistiese kringe bekende insigte was. Calvyn argumenteer in sy *Institutio* iv.20 dat die owerheid deur God ingestel is en 'n besondere waardigheid ontvang het. Die owerhede as stadhouers van God moet deur hulle regering ook die beeld van goddelike geregtigheid aan die onderdaan vertoon. Daarom oordeel Calvyn, op grond van die tweede tafel van die Wet, dat dit veral die owerheid se taak is om die belange van die onderdaan te dien. Owerhede, so oordeel Calvyn, is nie net dienaars van God nie maar ook dienaars van diegene oor wie hulle regeer.

As Calvyn handel oor die onderdaan se verhouding tot die owerheid, dan eis hy volledige gehoorsaamheid. Die owerheid as goddelike instelling moet altyd op die trou en gehoorsaamheid van die onderdane aanspraak kan maak. Selfs 'n slegte of tirannieke owerheid moet nog gehoorsaam word want so 'n slegte owerheid is dikwels 'n wyse waarop God sy volk vanweë hulle sonde straf. Calvyn oordeel dus dat die onderdaan self nie die owerheid mag weerstaan nie want die owerheid is 'n instelling van God ter wille van die orde en die beteueling van die sonde. Dit is hierdie argument van Calvyn wat sowel in die *Herderlijke Brief* as in die opvattings van die kerklike leiersfigure van die Kaapse kerk telkens weer na vore gebring word, ter uitsluiting van die meer genuanseerde uitspraak in sy geheel wat Calvyn in sy *Institutio* stel. Calvyn eis juis dat die onderdaan God méér gehoorsaam moet wees as die mense en verwag in so 'n geval dat die onderdaan niks meer as lydelike of passiewe weerstand mag bied nie. Die enigste vorm van weerstand teen 'n tirannieke owerheid is dié wat deur die mindere owerheidspersone gebied mag word of deur die *manifesti vindices*[29]. Daar is egter nog 'n derde moontlikheid wat Calvyn na vore bring in sy korrespondensie met die verdrukte Hugenote. Op 14 Oktober 1543 skryf hy aan Jacques de Bourgogne, Sieur de Falais de Brédam[30]:

> 'Dit is duidelik dat ons geen uitdruklike openbaringsbevel het om ons land te verlaat nie. Terwyl ons egter die gebod het om God met liggaam en siel te dien, waar ons ookal mag wees, is dit die vraag wat meer ons wil hê. Daarom spreek die Woord ons ook aan: Verlaat jou vaderland as ons gedwing word om teen ons gewete te handel en nie meer tot eer van God ons lewe kan lei nie.'

Hoewel Calvyn hierdie moontlikheid nie sterk beklemtoon nie omdat hy van mening is dat 'n mens die oordeel van God, wat vanweë 'n slegte owerheid oor 'n mens kom, dapper moet dra, is dit tog so dat hy dit as 'n alternatief verkies bo die moontlikheid om vir die tirannieke owerheid 'die tande te wys'[31]).

Daar was dus vir die Voortrekkers géén belemmering in hulle opvattings dat hulle, met die morele reg aan hulle kant, hulle onttrek het aan die owerheid wat, na hulle oordeel, gefaal het in sy taak om die lewe en goed van sy onderdane te beskerm nie. Daarom het hulle hulle vaderland, hulle eiendomme en verwante verlaat om in die binneland van Suid-Afrika 'n nuwe vaderland te soek. Om net weer die Voortrekkers se misnoeë met die Britse owerheid te onderstreep kan verwys word na die gedenkskrif van Anna Steenkamp, 'n broerskind van die Voortrekkerleier Pieter Retief, wat gestel het[32]):

> 'De redenen waarom wij onze erven en plaatsen, goed en bloed, verlaten hebben, zijn de volgende:
>
> 1. De onophoudelijke stroperijen en diefstallen der kaffers en de overheersing en trotse behandeling van hen; en ofschoon ons Goevernement schone beloften aan ons gedaan heeft, hebben we nochtans geen kompensatie voor onze geroofde goederen ontvangen.
>
> 2. De schandelijke en onrechtvaardige handelwijze met betrekking tot de vrijheid onzer slaven, en nochtans heeft die vrijheid ons niet zozeer verdreven als hunne gelijkstelling met de Kristenen, strijdig met de wetten van God en 't natuurlijk onderscheid van afkomst en geloof, zodat het onverdragelijk was voor elk fatsoenlik Kristen onder zulk 'n last te buigen, waarom we dan ook ons liever verwijderden, *om des te beter ons geloof en de leer in zuiverheid te behouden.*'

Hieruit blyk dat ook godsdienstige en lewensbeskoulike opvattings 'n rol gespeel het om die Voortrekkers te oortuig dat die koloniale regering 'n tirannieke owerheid is wat in sy taak teenoor sy onderdane gefaal het en daarom nie meer aanspraak kon maak op hulle gehoorsaamheid en trou nie.

Hoofstuk 3

Die Voortrekkers skep 'n eie Kerklike organisasie

1. DIE BESLUITE BY BLESBERG, 1836

Die Voortrekkers het betreklik gou na hulle vertrek uit die Kaapkolonie die eerste stappe geneem om 'n organisatoriese basis aan die hele beweging te gee. Dit was duidelik dat die Trekkers nie 'n los groep swerwers of fortuinsoekers was nie, maar die kern van 'n volk op weg na 'n nuwe vaderland. Daarom is op 2 Desember 1836 op 'n vergadering by Blesberg 'n eerste bestuursreëling deur die Maritz- en Potgietermense aanvaar[33]. Daarin word verklaar[34]:

> 'Op heden den 2 December 1836 een algemene vergadering belegd hebbende, met de mening om door een algemene vergadering Rechters aan te stellen, die voor het algemene best en vrede zullen moeten waken ... die ook te gelijkertijd eene Wetgevende Lichaam zullen uitmaken ... (Dan volg die name van die manne wat verkies is) '... welke allen door deze ondergetekenden tot eene regeeringsvorm gekozen zijn geworden, die gedurig van tijd tot tijd stiptelik zullen houden aan alle zodanige Wetten en Reglementen als door een algemene vergadering zullen worden vastgesteld'.'

Hier is 'n eerste *Volksraad* gekies en was dit veral Gerrit Maritz wat die baanbrekerswerk verrig het met die tot stand koming van hierdie liggaam wat deur Erasmus Smit as 'n *Burgerraad* aangedui is. Hier is Maritz as president en Hendrik Potgieter as Kommandant gekies terwyl die ander lede Christiaan Liebenberg, Pieter Greyling, Stefanus Janse van Vuuren, Daniël Kruger en Gerhardus Kruger was.

Na hierdie besluite is aandag gegee aan optrede teen die Matabeles wat in die tweede helfte van 1836 die Potgietermense in die noordelike Vrystaat aangeval en eers by die slag van Vegkop op 16 Oktober 1836 teruggeslaan is. Daarom het vroeg in Januarie 1837 'n kommando van 107 man onder leiding van Potgieter en Maritz van die Blesberg-laer uitgetrek en op 17 Januarie 1837 die Matabeles in hul kraal by Mosega verpletterend verslaan. Na die veldslag het Potgieter aan die boloop van die Vetrivier laer opgeslaan, waar later die dorp Winburg aangelê sou word. Daar het Maritz hom by Potgieter gevoeg en in April 1837 het die Retieftrek ook daar aangekom. Na dié strafekspedisie teen Silkaats het Potgieter en Maritz, vermoedelik oor die verdeling van die buit, gebots. Dit het meegebring dat die bestuur van die Voortrekkergemeenskap lamgelê is en die reëlings wat by die Blesberg getref is, verval het. Hier lê waarskynlik ook die rede waarom die Potgieter-

mense nie Erasmus Smit as predikant wou aanvaar nie. Sarel Cilliers wat as geestelike leier van die Potgietertrek opgetree het, en moontlik groter aspirasies gehad het, het hom hierin deur Potgieter laat lei. Al die spanninge het beteken dat die versamelde Trekgemeenskap weer aandag moes gee aan die leiding van hulle gemeenskap.

2. DIE TWEEDE BESTUURSREëLING VAN 1837, BY DIE VETRIVIER

Op 17 April 1837 is 'n algemene vergadering in Maritz se laer gehou en daar word 'n nuwe bestuursliggaam, die *Raad van Politie* gekies. Hier word Retief in Potgieter se plek gekies en Daniël Kruger word deur M Oosthuizen vervang. Hierdie liggaam het sekere grondreëls neergelê en op 6 Junie 1837 is die grondreëls deur die *Vereenigde Maatschappij* aanvaar. Die Voortrekkers het hier ook Retief as Goewerneur aangewys. Met hierdie reëling is weereens beklemtoon dat die Voortrekkers 'n vrye, onafhanklike volk wil wees met sy eie regeringsinstansies.

Dit kan net vermeld word dat Potgieter in September 1837 noordwaarts trek, in November 1837 die Matabeles finaal verslaan en so die Oorvaalse vir die Voortrekkers beveilig. Uit die grondreëls van die Vetrivier- vergadering het in 1844 in Potchefstroom die *Drie-en-Dertig* Artikels voortgevloei. Retief en sy mense het na Natal getrek en uiteindelik het daar, ook voortbouend op die Vetriviervergadering se besluite, die *Regulatiën en Instructiën* voortgevloei wat die basis word vir die Natalse Volksraad. Die algemene vergadering van 1837 het egter een saak duidelik beklemtoon en dit is dat die Trek in wese 'n eenheid was en dat die Voortrekkers daardie eenheidsband wou behou.

3. KERKLIKE REëLINGS

Dit is opvallend dat die Voortrekkers van die begin af ook reëlings getref het om self hulle kerklike sake te reël. Hoewel die Voortrekkers by hulle vertrek uit die Kaapkolonie probeer het om 'n predikant te oorreed om met hulle saam te gaan, het dié pogings nie geslaag nie[35]. In Maritz se trek was egter sy swaer, Erasmus Smit, 'n vroeëre sendeling. Smit het van die begin af, hoewel daar besware teen hom was, as predikant vir die Voortrekkers opgetree[36]. Tydens die vergadering van 17 April 1837 is besluit, soos Erasmus Smit dit gestel het: '... en de Kerk zal nu Zondag aanstaande ook worden vastgesteld.' Dit het vir Erasmus Smit beteken dat hy as predikant vir die Voortrekkers bevestig sou word. Op Sondag 23 April het hy eers gepreek, met as teks Joh 21:15-19. Daarna wou hy 'op den wenk van den

Ed.Hoofd Kommandant PJ Retief' die bevestigingsformulier lees. Daar het egter 'n onstigtelikheid ontstaan sodat Retief die bevestiging voorlopig laat oorstaan het. Later dié dag het Retief Smit egter meegedeel dat hy die saak hanteer het 'en dat Zijn Ed den Leeraar ter zijner bevestiging voor deze reizende Gemeente zal voorstellen.' Die bedoeling was duidelik dat Erasmus Smit as predikant bevestig moes word. Die merkwaardige is dat Retief hier skynbaar eiehandig, as Goewerneur, optree om ook orde in die kerklike sake te bring. Want dit is opvallend dat tydens die verblyf van die Voortrekkers by Thaba Nchu of Blesberg, heelwat Voortrekkers eerder die dienste van die Wesleyaanse sendeling J Archbell, bygewoon het. Smit self was oor die aanhang wat Archbell verwerf het, nie gelukkig nie en in sy *Dagboek* verwys hy na Archbell (tereg) as Remonstrantsgesind en as 'n Arminiaan.

Smits se bevestiging as predikant sou nog 'n tydjie oorstaan omdat die Voortrekkers geleidelik van Blesberg af na Vetrivier verskuif het. By Vetrivier is daar weer 'n algemene volksvergadering gehou en daar is toe weer gehandel 'over de vaststelling van den Leeraar voor onze Reizende Gereformeerde Kerkgemeente in de Woestyn[37]). Daar het Retief wéér die inisiatief geneem om Smit as predikant vir die hele Trekgemeenskap bevestig te kry.

Dit was egter duidelik dat Erasmus Smit as predikant nie vir al die Voortrekkers nie en veral nie vir Gert Maritz en sy mense aanvaarbaar was nie. Dit het al daaruit geblyk dat op 8 Februarie 1837, toe die Trek nog by Blesberg gestaan het, 'n vergadering gehou is waaroor Erasmus Smit aangeteken het[38]).

> 'Dezen dag hadden de burgers vergadering, over de toedracht der zaken op de gedane kommando, over de deeling van den buit, en over de verkiezing van een Kerkraad - Br Stefanus Maritz als Ouderling, en Cilliers en Viljoen als Diakenen. Ik hoorde maar op welk eene wijze; want 't is ongehoord, dat een Leeraar daarin niet is gekend.'

Met hierdie verkiesing van 'n kerkraad, hoewel dit nie 'n volledige kerkraad genoem kan word met net een ouderling nie, het dit andermaal duidelik geword dat die Voortrekkers ook op die kerklike vlak orde en reëlmaat wou hê.

'n Tweede saak waaruit geblyk het dat Erasmus Smit nie vir al die Voortrekkers aanvaarbaar was nie, was dat op 19 Mei, 'n paar dae na die besluit om Erasmus Smit te bevestig, die verkose kerkraadslede 'n kollektelys vir die 'salaris' van 'n predikant en vir die bou van 'n kerk in die laer rondgestuur het. Daarin is gestel[39]).

> 'Van tijd tot tijd door de ondervinding geleerd hebbende, ja, doordrongen zijnde, dat de openbare Godsdienst de eerste grondslag moet zijn waarop eene Christelijke

> Maatschappij moet gegrondvest worden. Dus waarde Broeders, indien gij deze onze stelling voor waarheid houdt en voor onontbeerlijk erkent, zal het voor ons tijd worden, de handen zamen te spannen en met eene broederlijke eensgezindheid werkzaam te worden en uit te zien naar een bekwamen Leeraar van de Gereformeerde Religie; alsmede zoodanige middelen te beramen, waardoor wij in staat kunnen gesteld worden, om een behoorlijke Kerk te stichten of te bouwen zoodra wij met Gods hulp tot ons bedoelde Land of Plaats zullen gekomen zijn.'

Erasmus Smit het dit vertolk as 'n kollektelys vir 'n tweede predikant aangesien hy, wat die guns van Retief gehad het, homself beskryf het as '... den eersten uit de Kolonie gevraagden en medegebrachte Leeraar'[40]). PS de Jongh wys daarop dat Smit vir die Maritzmense minder aanvaarbaar was maar dat dié saak nie oordryf moet word nie[41]). Waarskynlik het Retief die gemoedere kalmeer deur die moontlikheid van die beroep van 'n tweede predikant oop te stel. Terselfdertyd is dit so min of meer aanvaar dat Erasmus Smit as predikant sou dien totdat 'n beter opgeleide predikant bekom kon word.

Uiteindelik is op Sondag 21 Mei 1837 oorgegaan tot Erasmus Smit se bevestiging. Nadat hy gepreek het, so teken Smit in sy *Dagboek* aan, het Retief oorgeneem[42]):

> 'De Leeraar werd heden, door eene aanspraak van den Gouverneur P Retief, aan de gemeente voorgesteld. Zijn Ed betuigde voor God, dat hij niets gevonden had, dat hem het kon beletten, om den Wel Eerw heer Erasmus Smit als den eersten Leeraar voor de reizende gemeente der Gereformeerde Kerk naar Port Natal aan te stellen, enz. Waarop Zijn Ed aan Zijn Eerw verzocht, om zelf het gewone formulier van nadere bevestiging te willen lezen, en daarna voor zich zelven er op te antwoorden, ...

So het Erasmus Smit die eerste predikant van die Voortrekkers geword en is met sy bevestiging 'n verdere stap geneem om ook die kerklike sake van die Voortrekkers ordelik te reël. Dat Retief as Goewerneur in hierdie saak die inisiatief geneem het en as burgerlike owerheid Erasmus Smit as predikant *aangestel* het, was in die tydsomstandighede volkome verstaanbaar. In die Kaapkolonie het, tot selfs na die vertrek van die Voortrekkers, die beroepstelsel nog nie in die kerk gefunksioneer nie. Die aanstelling, plasing en verplasing van predikante was, kragtens die nog steeds geldende *ius patronatus* van die owerheid, die prerogatief van die Goewerneur. Daarom het Retief die saak en die reëling van kerklike sake as vanselfsprekend op hom geneem[43]).

Dit is opmerklik dat à Brakel die moontlikheid voorsien het om 'n predikant aan te wys waar 'n kerk nog nie volledig georganiseer is nie. Hy stel dan:

> 'Wanneer de Kerke in een land op te richten is, en alle middelen ontbreken om gesondene Leeraers te bekomen, heeft de Kerke, die oorspronkelyk de magt van roepinge toekomt, macht om eenige vyt haer die bequaem zyn, tot dat groote werk te roepen, en den dienste op te leggen, hoewel de bevestiginge met oplegginge der handen daer niet by kan zyn. Deze macht van roepinge behoudt de Kerke alle tydt,...'

Hier is dus 'n basis vir Erasmus Smit se aanstelling want in die situasie waarin die kerk dan is, tree die owerheid, as beskermheer van die kerk op, en doen wat nodig is om die lewe en werk van die kerk voortgang te laat hê. Hier is daar geen sprake nog van 'n afstand tussen kerk en owerheid nie maar eerder die situasie waar in 'n homogene gemeenskap- van-gelowiges, die kerklike sake deur die owerheid as gesagsdraer gereël word.

Dit kan nie as 'n ideale situasie waardeer word nie. Tog is dit so dat in hierdie fase van die ontstaan van die kerk in die Voortrekkergemeenskap op deugdelike gronde 'n predikant vir die gemeenskap aangewys is.

4. KERK EN OWERHEID

Op 6 Junie is 'n belangrike algemene vergadering van die Trekkers by Retief se laer gehou. Dit is as 'n 'eeddag van den Gouverneur en de andere ambtenaren, en van al het volk dezes vereenigden legers' deur Erasmus Smit beskryf[45]. Daar is, na die plegtige opening waar Retief 'deed aan de Gemeente des ganschen volks als de door hunne stem verkozene Gouverneur en Opperbevelhebber van het algemeene leger, een korte inleidende aanspraak', gehandel oor 'n konsepwet wat as die *Nege Artikels* bekend gestaan het en wat die beleid op verskillende terreine uitgespel het en wat die Trekkers tot één *maatschappij* of staat of republiek saamgesnoer het[46]. In artikel 1 is gestel:

> 'dat wij gerefformeerde leedematen zijn begeren dat een ieder geenen uitgezondert, zal moeten afwijken van allen den sendelingsgenootschap van Engelant en verder daarvoor opentlyk bedanken.'

Hierdie artikel was klaarblyklik bedoel om die pad na die sendeling Archbell af te sny en om kerklike eenheid onder die bediening van Erasmus Smit te verkry.

Artikel 2 het gehoorsaamheid vereis aan al die ampsdraers wat of deur die volkstem verkies is of deur owerheidspersone aangestel is. Ongehoorsaamheid sal deur die Goewerneur in oorleg met die Raad van Policie gestraf word.

Daarna word gestel dat almal met 'n eed, dié artikels moet aanvaar net soos alle nuwe intrekkers. Verder is daar reëls neergelê vir diegene wat of die reëls verbreek of die maatschappij wil verlaat.

Nadat die *Nege Artikels* aanvaar is, is besluit dat die naam van die nuwe vaderland waarheen hulle op reis is, sal wees: *Nieuw Holland in Zuid Oost Afrika.* Daarna is die verskillende ampsdraers beëdig. Retief as Goewerneur het sy ampseed voor Gert Maritz as voorsitter van die Raad afgelê en die ander het dit voor Retief afgelê. Erasmus Smit as predikant, het die volgende eed afgelê:

> 'Ik, Ondergeteekende, aangestelde Predikant door de Wel Ed Heer P Retief in dit algemeen Vereenigde Leger der Gereformeerde Gemeente, zweer voor God Almagtig, dat ik met den Volkschaar den Wel Ed Hr P Retief gekozen heb tot onzen Gouverneur en Opperbevelhebber en om zijn Edele den deze Resolutie, bestaande uit negen artikelen, en in alle in der tyd te maken wetten, te eerbiedigen en te gehoorzamen.'

Daarna het Erasmus Smit die samekoms afgesluit met 'n 'aanspraak tot de Overheden' uit II Kron 19:6-7 en die aand nog weer 'n dankdiens gehou. Die volgende dag het Erasmus Smit met Retief gepraat en hom daarop gewys dat met die eed-aflegging nagelaat is dat die Goewerneur ook sou beloof dat hy die godsdiens sal handhaaf en beskerm. Op Sondag 11 Junie het Erasmus Smit, na die prediking, gestel dat die Goewerneur 'n verdere eed sou aflê:

> 'Ook onder ons (die allen lidmaten der onderscheidene dorpen binnen de Kolonie waren) de Hervormde, Gereformeerde Nederduitsche Geloofsbelijdenis, tegen inbreuk en vervalsching, naar het voorbeeld onzer vrome voorvaderen te helpen voortplanten en als een schat der waarheid bij ons te bewaren.'

Daarna het Retief, met sy hand op die geopende Bybel waar die Heidelbergse Kategismus en die ander belydenisskrifte opgeneem is, die volgende eed afgelê[47]):

> 'Ik, Pieter Retief, door de volkstem wettig gekozen tot hun Gouverneur en Opperhoofd des Algemeenen Vereenigden Legers, zweere thans mede plechtig voor God

> **Almachtig, dat ik, als de door het volk verkorene gouverneur (en al de Gouverneuren in der tyd, die na mij deze vereenigde maatschappij zullen komen te regeeren), de Christelijke Geloofsbelijdenis, naar den inhoud van artikel 36, met de aankleving van dezelve, den Catechismus en de Liturgieën, der Nederduitsche Gereformeerde Kerk zal protecteeren ende beschermen; en dat ik in mijn Gouvernement geen Beambte zal toelaten in de Kerkelijke en Burgerlijke Regeering, als die lidmaten zijn der voormelde Gereformeerde Kerk en van hunne goede getuigschriften voorzien zijn. Daartoe helpe mij God Almachtig.'**

Met hierdie kerklike beëdiging van die Goewerneur is veral klem gelê op die kwaliteit van die Voortrekkergemeenskap. Hier het Retief, as burgerlike owerheid, die owerheid gebind om nie net 'n christelike owerheid van 'n christelike volk te wees nie, maar om die volk binne die ruimte van die calvinistiese teologie, soos uitgedruk in die belydenisskrifte van die kerk, te laat leef en werk.

Indien so gelet word op die Voortrekkers se vormgewing van hulle maatskappy, is dit interessant om te let op die parallele wat getrek kan word met die maatskappy soos Calvyn dit nagestreef het. Bainton [48] stel in verband met die Geneefse lewensorde:

> 'For Calvin the doctrine of election was an unspeakable comfort because it eliminated all such worries and freed man from concern about himself in order that he might devote every energy to the unflagging service of the sovereign Lord. Calvinism therefore bred a race of heroes.
>
> Their commission was to establish a theocracy in the sense of a Holy Commonwealth, a community in which every member should make the glory of God his sole concern. It was not a community ruled by the Church nor by the clergy nor even in accord with the Bible in any literalist sense, because God is greater than a book even though it contains His Word. The holy community should exhibit that parallelism of church and state which had been the ideal of the Middle Ages and of Luther, but had never been realized and never can be save in a highly select community where the laity and the clergy, the Town Council and the ministers, are all equally imbued with the same high purpose. Calvin came nearer to realizing it than anyone else in the sixteenth century.'

Dat hierdie gedagtes van Calvyn na die Voortrekkers deurgewerk het, is nie so vreemd nie veral as in ag geneem word watter seminale rol die populêre dog-

matiek van à Brakel in hulle midde gespeel het. Ook die Voortrekkers wil die *politia christiana* bou, die 'holy commonwealth' waar almal, gedra deur dieselfde geloof, in alles saamwerk tot eer van God. Dit is, ter loops, merkwaardig hoe weinig dié oogmerk van die Voortrekkers werklik raakgesien word in die beoordeling van hulle strewe en werk.

Na die gebeure by die Vetrivier het Retief en sy mense besluit om die tog na Natal aan te pak. Terwyl die laers by *Kerkenberg* gestaan het, het Retief meegewerk dat 'n Kerkraad gekies kon word. Uit tien name is toe met die lot verkies F Retief en C van der Merwe as ouderlinge en C Liebenberg en R Dreyer as diakens. Op Sondag 3 Desember 1837 het Erasmus Smit hierdie manne in hulle ampte bevestig. Daarmee was die grondslae van 'n *eie, selfstandige kerk gelê*. Hoewel die gemeente nog reisende was, het die Kerkraad, wat die eerste maal op 10 Desember 1837 vergader het met Retief as kommissaris-politiek daarby, nou in vaste reëlmaat vergader[49]. Reëlings is getref om op gesette tye die sakramente te bedien en in 'n Kerkraadsvergadering van 14 Januarie 1838 is ook vasgestel dat die kerk sal funksioneer volgens 'het gedrukte Reglement, bij al onze Kerken in de Kolonie sedert 1824 (en in Holland van veel vroegere Jaren) in gebruik zijnde geweest[50]. So is mettergaan al die nodige gedoen om die kerk op 'n vaste en reëlmatige organisatoriese grondslag te plaas. Met groot pligsgetrouheid het Erasmus Smit as wettige predikant van die Voortrekkers alles gedoen wat gedoen moes word om die kerk en gemeente te laat funksioneer.

Hoofstuk 4

Die Voortrekkers se poging om nog predikante te kry

1. INLEIDING

Dit bly opvallend dat die Voortrekkers voortdurend pogings aangewend het om nog predikante te kry. Hoewel Erasmus Smit assodanig diens gedoen het, was hy nie alleen vir die Maritz-mense minder aanvaarbaar nie, maar was hy nie baie gesond nie en kon hy ook nie al die verspreide laers van die Voortrekkers besoek nie. Daarom is daar herhaaldelik pogings aangewend om predikante vanuit die Kaapkolonie te verkry. Dit was ook vanselfsprekend want daar was vir die Voortrekkers geen ander moontlikheid nie. Daarby het die Voortrekkers op die belydenis - en geloofsvlak géén breuk met die Kaapse kerk gevoel of ervaar nie.

Reeds in Junie 1837 het Retief en Maritz 'presenteerende de algemeene Volkstem van de Provincie genaamd de Nieuw Holland, gelegen in Zuid-Oost Afrika', aan die handelaar Frans Schultz volmag gegee om namens hulle 'een goeden en bekwamen Gereformeerden Leeraar' vir die Voortrekkers te vind[51]). Verskillende male daarna het ook ander Voortrekkerleiers pogings aangewend om 'n predikant uit die Kaapkolonie te verkry, die enigste moontlikheid wat hulle geken het. Maar die reaksie was altyd negatief. Dit is moeilik om presies vas te stel waarom geen predikant vanuit die Kaapse kerk na die Voortrekkers gegaan het nie omdat geen uitgesproke menings van predikante, tot dusver, hieroor bekend is nie. As egter op die omstandighede gelet word, dan is dit duidelik dat in die Kaapkolonie en dus ook in die Kaapse kerk 'n klimaat geheers het wat as afwysend teenoor die Groot Trek beskou kan word.

In die eerste plek was die kerke in die Kaapkolonie nog steeds baie nou verbonde aan die owerheid, het die kerk *de facto* gefunksioneer as staatskerk van die kolonie en was die predikante feitlik staatsamptenare, aangestel en besoldig deur die Goewerneur. Nou was dit 'n feit dat die Kaapse Goewerneurs nog steeds die Voortrekkers as Britse onderdane beskou het[52]) al was hulle dan, volgens sir George Napier in 1841 'misguided and erring British subjects'[53]). Tot 1852 het die Britse beleid in Suid-Afrika die doel gehad om die Groot Trek te dwarsboom of ongedaan te maak. Terwyl dit die houding van die Britse owerheid was en hulle ook deur middel van ekonomiese en ander sanksies, die vryheidstrewe van die Voortrekkers wou dwarsboom[54]), is dit ook byna vanselfsprekend dat die predikante en die kerk daardie houding sou gehad het. Die kerk, waarskynlik daartoe beïnvloed deur die negatiewe houding van die owerheid, het in 1837 met sy *Herderlijke Brief*, daardie selfde noot geslaan en dit daarna dissiplinêr deurgevoer. Hier word dit duidelik dat die kerk so nou verbonde was aan die owerheid en sy siening dat dit vir die kerk

net nie moontlik was om 'n selfstandige of eie mening oor die Groot Trek te vorm nie.

Gesien hierdie situasie was dit seker nie so vreemd dat geen predikant 'n beroep na die Voortrekkers wou oorweeg nie. Die Voortrekkers was juridies gesproke wetsoortreders wat volgens die siening van die owerheid, wederregtelik die Kaapkolonie verlaat het en die siening is, deur die *Herderlijke Brief* beaam. Eers na die Sandrivier Konvensie verander die siening van die Kaapse kerk ten opsigte van die Voortrekkers wat buite die grense van die Britse empire wou woon.

Die negatiewe reaksie op die herhaalde navrae en oproepe van die Voortrekkers is veral merkwaardig as in ag geneem word dat in daardie periode 'n hele aantal predikante sonder 'n vaste werkkring in die Kaapse kerk rondgestaan het. Engelbrecht[55)] het al aangetoon dat in 1836 drie Afrikaners uit Nederland, na voltooiing van hulle studies, in die Kaap aangekom het. Hulle was HW Moorrees wat op 31 Augustus 1835 gelegitimeer is en eers op 31 Maart 1836 'provisionally' in 'n tydelike werkkring in Tulbach aangestel is. Hy het eers in April 1839 'n vaste aanstelling op Riversdal gekry. JJ Brink is op 1 September 1835 gelegitimeer en eers in Mei 1839 aangestel te Bredasdorp. SP Heyns is op 21 April 1836 gelegitimeer en daarna tydelik in Kaapstad aangestel. Hy is eers in 1839 in 'n vaste werkkring geplaas.

Dan kan ook nog gewys word op dr A Roux wat op 27 September 1838 gelegitimeer is en eers in 1841 predikant te Albanie word. PB Borcherds is op 15 Julie 1839 gelegitimeer en eers op 1 Maart 1843 as hulpprediker in Caledon aangestel. WA Krige is op 30 Desember 1841 gelegitimeer en eers op 3 September 1844 aangestel as predikant te Victoria-wes. Dan was daar ook nog JF Berrange wat meer as 'n jaar vir 'n aanstelling moes wag. TJ van Riet en JF Reitz moes ook lank vir gemeentes wag terwyl J Verhaag en G Reitz nooit beroepe gekry het nie.

Daar was in die Kaapse kerk beslis nie 'n tekort aan predikante nie. Die probleem het daarin gelê dat die predikante en die kerk afhanklik was van die Engelse owerheid en dat hulle daarom nie geneë was om buite die Engelse mag- en invloedsfeer hulle dienswerk as predikante te verrig nie. Daarby was dit natuurlik so dat 'n werkkring in die Voortrekkerkerk, veral in die eerste jare, hoë eise sou stel aan 'n predikant se behoefte aan gerief en gemak en aan sy behoefte aan sekerheid van inkomste en lewensmoontlikheid. Verder moet aanvaar word dat die *Herderlijken Brief* van 1837 'n taamlike effektiewe muur tussen die Voortrekkers en die predikante van die Kaapse kerk opgerig het. Al hierdie faktore en miskien nog meer het veroorsaak dat die Voortrekkers se versoeke om 'n predikant uit die Kaapse kerk géén positiewe gevolge gehad het nie.

2. BIOGRAFIESE EKSKURS: ERASMUS SMIT[56)]

Aangesien daar 'n volledige lewensbeskrywing van Erasmus Smit bestaan, is dit nie nodig om hier veel meer as net enkele belangrike gegewens te verstrek nie. Erasmus Smit is op 2 Augustus 1778 in Amsterdam gebore en word na die dood van sy vader, op negejarige ouderdom, in die Aalmoezeniersweeshuis opgeneem.

As hy 'n begeerte ontwikkel om sendeling te word, word hy deur die *Nederlandsche Zendinggenootschap* gekeur en ontvang hy van November 1801 tot September 1802 'n opleiding. Hoedanig die kwaliteit van die opleiding was, is moeilik om te bepaal net soos dit moeilik is om Smit se teologie of teologiese kennis te peil. Uit sy *Dagboek* kan egter afgelei word dat Smit, waarskynlik op die patroon van die 'oude schrijvers', homself as 'n ortodokse calvinis beskou het. Uit sy *Dagboek* blyk ook dat Smit 'n helder insig gehad het in die calvinistiese opvatting van die verhouding owerheid en kerk en dat hy terselfdertyd met die organisasie van die Voortrekkerkerk heeltemal volgens die calvinistiese kerkordelike opvattings optree. Daaruit kan afgelei word dat Smit sy aanvanklike opleiding met voortgaande studie aangevul het en dat hy ook op hoogte was met verskillende teologiese strominge. Dit wil voorkom asof Smit se teologiese kennis en insig tot nou toe nogal onderskat is. In ieder geval, op 5 September 1802 word hy toegelaat om as sendeling in Suid-Afrika te kom werk maar ontvang nie die reg om sakramente te bedien nie.

In 1802 vertrek Smit na Suid-Afrika saam met twee mede-sendelinge. Dit word 'n rampspoedige reis en eers in Oktober 1804 kom Smit in Kaapstad aan. Daar moet hy van die NZG verneem dat hulle hom nie langer as sendeling beskou nie omdat sy twee mede-sendelinge, wat in Curacao in Suid-Amerika agtergebly het, hom by die NZG aangekla het. Hy wag nie op toestemming van die NZG nie, maar vertrek in 1805 na die sendingstasie van die *London Missionary Society* waar hy hoofsaaklik as onderwyser werksaam is. Daar tree hy op 26 Junie 1813 in die huwelik met Susanna Catharina Maritz, 'n suster van die latere Voortrekkerleier, Gert Maritz.

In 1814 word Smit deur die LMS na Torenberg (Colesberg) gestuur om daar 'n sendingstasie te stig en sending onder die Boesmans te begin. Hier word hy op 15 September 1816 as sendeling georden. As dié sendingaksie, vanweë taalprobleme en die nomadiese aard van die Boesmans misluk, begin Smit in 1818 'n eie sendingstasie op Kookfontein in die distrik Beaufort-Wes. Dié projek was ook nie 'n sukses nie.

Van 1822-1829 werk hy, met sukses, in Stellenbosch in diens van die *Stellenbosch Medewerkende Sendinggenootskap*, totdat die genootskap se fondse opraak en hulle verbintenis met Smit beëindig moet word. Dan gee hy onderwys in die slawe-

skool op Stellenbosch tot in 1832 en trek dan na Olifantshoek en dan na Graaff-Reinet. In Graaff-Reinet het Smit geen vaste arbeidskring nie en leef hy en sy gesin in groot armoede.

In hierdie dae kom die Groot Trek op gang en is dit byna vanselfsprekend dat Smit, sy vrou en jongste seun Salomon, sou saamgaan ook omdat Maritz nogal na die familie omgesien het. In sy *Dagboek* teken Erasmus Smit aan dat sekere ongenoemde trekkers hom uitgenooi het om saam te gaan en aan hom belowe het dat hy predikant by die Voortrekkers kon word.

Smit was met die begin van die Trek al byna 59 jaar oud en, soos hy dit self gestel het, 'oud en ziekelyk'. Daarby was hy nie altyd ewe maklik om mee klaar te kom nie, dikwels oor-fyngevoelig en gou om te kla. Smit kon nooit enige bewyse dat hy behoorlik georden is, voorlê nie. Dit, en moontlik sy vroeëre verbintenis met die LMS, het gemaak dat hy nie vir almal aanvaarbaar was nie.

'n Tydgenootlike beskrywing van LC de Klerk het Smit as volg geteken[57]):

> 'Ds (of 'meneer') Erasmus Smit, was in die Vrystaat al 'n man van hoë leeftijd, of het in ieder geval die indruk gemaak van bejaard of sieklik en swak te wees. Kort en geset van postuur, gaan hij ewenwel nog sonder kierie; roodagtig van wese met grijserige baard sonder snor, en kort geknip. Sijn haar draagt hij nie te lang nie. Hij is gekleed soals Retief, Maritz e a en draag 'n bef. Hij had een dikke vrouw, wat tog nog meer bewegelik was als die ou man, en sowat die sake waargeneem 't. Sij was 'n suster van Gert Maritz.'

Na sy bevestiging as predikant, as gevolg van die steun wat Retief aan die saak gee, het Smit pligsgetrou sy dienswerk gedoen, reëlmatig gepreek, bidure gehou en pastorale diens verrig, waar nodig. Sy *Dagboek* wat 'n bron van inligting oor die Groot Trek is, gee 'n beeld van die werk wat hy in die Voortrekkerkerk gedoen het.

Van die Vetrivier af, gaan Smit saam met die Retieftrek na Natal. Hy oorleef die donker jaar 1838 wat begin met die moord op Retief en sy manne deur Dingaan. Tydens die moorde aan die Boesmans- en Bloukransrivier woon hy by Doornkop en daarna in die Modderlaer, Veglaer en die Sooilaer. Daar staan hy Gert Maritz by in sy laaste ure.

Na die slag van Bloedrivier, trek Smit en sy eggenote ook na Pietermaritzburg waar hy die eerste predikant word van die Geloftekerk wat op 15 Maart 1840 ingewy word. Op 9 Februarie 1841 ontvang hy emeritaat as eerw Daniel Lindley

deur die Voortrekkervolksraad as predikant aangestel word.

Smit en sy eggenote worstel die laaste jare met gebrek en armoede al het die Britse owerheid 'n klein pensioentjie aan hom toegeken. 'n Tyd lank maak hy hom aan drankmisbruik skuldig maar kom dit weer te bowe en bereik saam met sy eggenote 'n hoë leeftyd. Op die derde Augustus 1863 is hy op 85-jarige leeftyd, 'n week na sy vrou oorlede.

Hoewel Erasmus Smit teologies gesproke 'n duidelik calvinistiese inhoud het, is hy 'n merkwaardige mens sonder werklike daad- of dryfkrag, 'n toeskouer by alles wat gebeur en wat nie die vermoë gehad het om self leiding te gee of koers aan te dui nie. Sy klaende hulpeloosheid moes seker irriterend vir baie Voortrekkers gewees het wat by uitstek daadkragtige mense was.

Tog het Erasmus Smit daarin geslaag om die grondslae van die onafhanklike Voortrekkerkerk te lê en riglyne te gee vir die ordening van die Voortrekkergemeenskap. Daar was by hom nooit die gedagte dat die Voortrekkerkerk deel was van die Kaapse kerk nie waarvan hy, so ver vasgestel kan word, nooit 'n lidmaat of 'n ampsdraer was nie. Die Voortrekkerkerk, die kerklike keersy van die Voortrekker-maatschappij, was van die begin af onafhanklik en hoewel 'n daadkragtiger predikant waarskynlik met vaster hand dié organisatoriese opbou van die kerk sou aangepak het, het Erasmus Smit na die beste van sy beskeie vermoë gedoen wat hy kon. Hy het gesorg dat die kerk se geloofs- en belydenisinhoud duidelik was, dat die lewe van die Trekkers gedra en gevoed is deur die boodskap van die Woord van God.

Hoofstuk 5

Die Kerk in Natal

1. INLEIDING

Dit is duidelik uit die voorgaande dat hoewel daar op kerklike en staatkundige vlak nog geen vaste organisatoriese strukture gebou is nie, die Voortrekkers van die begin af vasgehou het aan die gedagte om in die binneland van Suid-Afrika 'n eie, onafhanklike vaderland te vind. Terwyl hulle nog op soek was na so 'n vaderland, het hulle reeds die grondslae gelê van 'n onafhanklike, eie *maatschappij* wat hulle van die begin af as 'n *politia christiana* georganiseer het. Gesien hulle opvattings oor die *politia christiana* was dit vanselfsprekend dat ook hulle kerk 'n selfstandige kerk sal wees. Daarom het hulle in 1837 'n vaste predikant aangestel, 'n kerkraad gekies en 'n kerklike orde as struktuur vir die kerk aanvaar. Hier in 1837 word deur die Voortrekkers 'n eie, onafhanklike kerk gestruktureer wat geen organisatoriese bande met die kerk in die kolonie gehad het nie. Daarom is na 1837 konsekwent voortgebou aan die eie kerk, netsoos daar voortgebou is aan die eie staatstruktuur.

Aan die einde van 1837, in November, terwyl Retief se trek vanaf *Kerkenberg* en *Blijdevooruitzicht* Natal ingetrek het, het Komdt Hendrik Potgieter saam met Piet Uys en Gert Rudolph en 'n groot kommando in die beroemde Nege daagse slag die Matabeles beslissend in Noordwes Transvaal verslaan. Nadat die Matabelevolk die gebied verlaat het, het die Oorvaalse gebied vir die Voortrekkers oopgelê.

Retief wat met Dingaan onderhandel het oor die verkryging van die gebied suid van die Tugela is, nadat Dingaan 'n traktaat geteken het waarin hy dié gebied aan Retief en sy mense afgestaan het, deur Dingaan vermoor saam met sy hele kommando. Potgieter en Uys se poging om 'n strafkommando teen Dingaan te lei, eindig rampspoedig met die dood van Uys by Italeni. Die daaropvolgende onmin laat Potgieter terugkeer na die Oorvaalse waar hy in 1838 die dorp Potchefstroom aanlé en 'n raad laat kies om as regeringsliggaam te dien.

2. DIE RAAD VAN REPRESENTATEN

Na Retief se dood moes ook in Natal reëlings getref word vir die regering van die Natalse Voortrekkers. Daar is nie weer 'n *gouverneur* soos Retief gekies nie, slegs 'n *Raad van Representanten van het volk* wat later as die Volksraad bekend gestaan het. Vir die Raad is daar *Regulatiën en Instruktien* opgestel en twee artikels het die eiesoortige karakter van die Voortrekker-maatschappij benadruk[58]).

'13. De Raad zal ook 'n wakend oog over de Godsdienst en Scholen moeten houden, en alles aanwenden tot bevordering derzelve.

15. De Raad zal ook vlijtig moeten nakomen dat in deze Maatschappij de Hollandsche Gereformeerde kerk, ten allen tijden geprotekteerd zal worden, en erkend blijven voor de hoofdt-kerk derzelve.'

Dié stuk is in Junie 1838 gereed en verskil van die voorafgaande staatkundige reëlings in so ver dat hier slegs voorsiening vir 'n Volksraad gemaak word sonder dat enige uitvoerende gesag omskryf is. Dit het die Volksraad in die uitvoering van sy taak ernstig gekortwiek.

Na die slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 en die daaropvolende reëlings met die Zuluvolk, kon die Voortrekkers begin met die aanleg van Pietermaritzburg, die bou van die Geloftekerk en die bewoning van die land. Die Voortrekkerland sou, volgens die bepalings van die Retief- Dingaantraktaat en Andries Pretorius se proklamasie van Februarie 1840 die gebied tussen die Tugela- en die Swart Umfolozirivier wees. Danksy Pretorius se bemiddeling is op 16 Oktober 1840 'n akte van vereniging onderteken waardeur die Voortrekkers in Natal en dié wat wes van die Drakensberge gewoon het, één Voortrekkerrepubliek kon wees. AWJ Pretorius is as *hoofdbestuurder* van Natal en Potgieter as *bestuurder* van Potchefstroom aangewys terwyl beslis is dat altwee hulle opdragte van die Volksraad sou kry. In 1841 is besluit dat die 12 lede van Potgieter se Raad in die Oorvaalse 'n Adjunkraad in Potchefstroom kan vorm wat as 'n komitee van die Natalse Volksraad sou funksioneer[59]).

Die Volksraad het betreklik gou ook aandag aan die kerklike sake gegee. Reeds in September 1838 het die Volksraad Erasmus Smit se aanstelling as predikant van die 'Gereformeerde en reizende gemeente voor Natal' bekragtig en bepaal dat hy voortaan alle huwelike moes bevestig[60]). Nadat Erasmus Smit in Pietermaritzburg aangekom het, het hy sy gewone predikantswerk daar voortgesit. Geleidelik het dit egter duidelik geword dat Smit, vanweë sy bekwaaldheid, nie werklik aan die verwagtings kan voldoen nie.

Inmiddels het die Volksraad die amp van kommissaris-politiek weer ingestel en landdros JP Zietsman in die pos benoem met die opdrag om veral 'n wakende oog oor die finansies te hou.

3. DIE SOEKTOG NA 'N PREDIKANT

Die Volksraad het ook aandag gegee aan die moontlikheid om nog 'n predikant vir

die Voortrekkers te bekom. 'n Skrywe is gerig aan di A Faure van Kaapstad, T Herold van Stellenbsoch, G van der Lingen van Paarl en P Faure van Wynberg waarin o a gestel is[61]):

> '... O waarde Heeren, wy smeeken ulieden dat gy voor ons wildet omsien na een man Godes daar wy U Eds. toe qualificeeren met magt omme in onze naam als zynde voor het algemeen hem te verzoeken tot ons te willen overkomen als een Trouwe Herder en Voorganger onder ons dat moet een man weezen die hem vasthoud aan de zuivere oude Hollandsche gerevormeerde Godsdienst een bestaanbare belooning en een vrugtbare en aangename wooning zullen wy hem verschaffen alle achtingwaardigheid en eere hoopen wy hem te zullen toedragen. Wy maaken UEd.s. mits deese magtig om hem uit ons aller naam voor ons te roepen een recommendatie door vlieden kan hy aanmerken als een roeping van ons waar op wy hem zal erkennen en aannemen als onze Leeraar.'

Ds Abraham Faure het in Junie 1839 teruggeskryf maar soveel swarighede geopper dat die Volksraad in Januarie 1840 besluit om die Amerikaanse sendeling onder die Zulus, Daniel Lindley, as predikant aan te stel[62]). By dié geleentheid het die Volksraad ook twee ouderlinge en vier diakens aangestel. Die bedoeling was dat Lindley voorlopig aangestel sou word langs Erasmus Smit en dat, sodra 'n predikant uit die Kaapkolonie verkry kon word, Lindley sy dienswerk sou staak[63]). In Maart 1840 het die Volksraad ds PK Albertyn beroep wat egter na ses maande daarvoor bedank het. Inmiddels het die Volksraad en Erasmus Smit ook op gespanne voet geleef hoofsaaklik vanweë Smit se versoeke oor sy traktement en sy grondeise[64]). Die Volksraad het nou besluit om Daniel Lindley aan te stel as predikant. 'n Kommissie het sy stukke ondersoek en op 16 Januarie 1841 gerapporteer[65]):

> '... aangaande het onderzoek der documenten van den Wel Ed heer Daniël Lindlij, waar uit zij vonden dat hij een geordend predikant is van de Presbijtriaansche Kerk. Door hem word versekerd geen onderscheid te bestaan met onze gereformeerde hollandsche kerk. Waarop de Raad besloot gem heer Lindlij alhier als Leeraar te plaatsen....'

Eers op 1 April 1841 het Lindley se aanstelling van krag geword en het hy as predikant in en van die Voortrekkerkerk begin werk. Hy was dus die tweede predikant wat in dié amp in die kerk gedien het.

Die keuse ten gunste van Lindley het vir Erasmus Smit nie goeie gevolge gehad nie. Met 'n sekere geïrriteerdheid het die Volksraad op 16 Januarie 1841 Smit se ordeningsdokumente opgevra en toe hy stel dat hy dié dokumente kwytgeraak het 'op zijn landreis na hier,' is hy beveel om voorlopig nié meer sakramente te bedien nie totdat hy sy stukke kon toon[66]). Die uiteinde van die saak was dat Erasmus Smit, in opdrag van die Volksraad, op 9 Februarie 1841 sy emeritaat moes aanvaar. Op 10 Februarie op 'n Woensdag, het hy sy afskeidspreek gehou.

De Jongh wys daarop dat die ou spanning tussen Sarel Cilliers en Erasmus Smit, wat nog uit die dae van die trek gestam het, in 'n oorwinning vir Cilliers uitgeloop het. Die feit dat Smit nooit vantevore 'n geordende predikant was nie, is deur Cilliers uitgebuit en teen hom gebruik[67]). Na sy emeritering het Smit in Pietermaritzburg bly woon, waar hy op 3 Augustus 1863 oorlede is en langs sy eggenote, wat voor hom oorlede is, in Pietermaritzburg begrawe word.

Dit is opvallend dat Smit wat deur die Volksraad as predikant aangestel is, ook deur die Volksraad gedwing is om te emeriteer. Die feit dat die Volksraad hom, by sy emeritering, die reg ontsê het om weer die sakramente te bedien, dui daarop dat op die ou end die besware teen Smit se opleiding en aanstelling, geseëvier het. Tog het die Volksraad, wat kragtens die *jus patronatus* as beskermheer opgetree en gedoen het wat 'n meerdere kerklike vergadering moes doen, gefouteer deur Erasmus Smit, ná sy emeritaat die reg te ontsê om sakramente te bedien. Dit kon die Volksraad alleen gedoen het indien na 'n ondersoek bevind is dat Smit hom in leer of lewe misgaan het. In hierdie geval is dit seker so dat meer teen Smit gesondig is as wat hy gesondig het. Na die beste van sy vermoë het Smit, onder moeilike omstandighede, die kerklike lewe onder die Voortrekkers ordelik gereël en toegesien dat die openbare godsdiensoefening in stand gehou is.

4. DS DANIEL LINDLEY

As Lindley, die sendeling van die *American Board of Commissioners for Foreign Missions*, as predikant in die Voortrekkerkerk aangestel word, is hy nie 'n vreemdeling vir die Voortrekkers nie[68]). Sy pad kruis die eerste maal met dié van die Trekkers as hy in 1837, as sendeling by die Matabeles, die werk staak vanweë Potgieter en Maritz se strafekspedisie. Hy keer saam met die kommando terug en na 'n draai in die Oos-Kaap is Lindley na Natal om sendingwerk onder die Zulus te doen. In 1837, tydens Retief se besoek aan Port Natal, het hy daar met Lindley kennis gemaak.

In 1840 is Lindley se kontak met die Voortrekkers verstewig as hy en sy vrou by Umlazi 'n skooltjie vir die Voortrekkerkinders open. In Januarie en Februarie

1840 het die Volksraad hom versoek om in die Voortrekkerkerk predikant te word maar omdat sy stukke nie beskikbaar was nie, kon hy nie aan dié versoeke gehoor gee nie. As onderwyser, katkiseermeester en tydelike predikant het hy egter die Voortrekkers bygestaan. Op 6 Augustus 1840 het Lindley die eed as burger van die *Volksraad der ZA Emigranten van de Maatschappij te Port Natal en omtrek* afgelê en sodoende laat blyk dat hy in die Voortrekkergemeenskap nie 'n vreemdeling was nie. Eers in 1841 het Lindley homself as predikant aan die Voortrekkerkerk gebind.

As predikant van die Voortrekkerkerk was Lindley nie net aan die Pietermaritzburggemeente verbind nie, maar ook aan die gemeentes wes van die Drakensberge naamlik Winburg en Potchefstroom. Laasgenoemde gemeente het sy selfstandige bestaan begin toe die Volksraad, op advies van die Potchefstroomse Adjunkraad, DF Jacobs, FG Wolmarans en P van Staden as ouderlinge en PF Strydom, P du Preez, G Maree en H Viljoen as diakens vir die gemeente aldaar aangestel het[69]. Volgens Lindley se skatting moes hy ongeveer 20 000 lidmate bedien wat, veral in die gebied wes van die Drakensberge, grotendeels van die dienswerk van 'n predikant verstoke was. Tog was daar 'n basiese organisatoriese struktuur en reeds in 1841 is die eerste pogings aangewend om fondse in te samel om 'n kerkgebou in Potchefstroom op te rig[70].

Lindley se eerste besoek aan die gebied wes van die Drakensberge het begin met 'n besoek aan Potchefstroom op 25 en 26 Maart 1842. Met dié geleentheid het hy die kerkraadslede bevestig en kan dié datum beskou word as die stigtingsdatum van die gemeente. Hier het Lindley nie net eredienste gehou en die sakramente bedien nie, maar ook 'n lidmaatregister aangelê. In Maart 1842 het hy op Winburg die eerste doop- en lidmaatregister aangelê.

Sy tweede besoek in Mei-Junie 1844 het noordwaarts tot by die Magaliesberge gegaan en vandaar in die rigting van die hedendaagse Swartruggens en Mariko. Met sy terugkeer het hy weer in die noorde van die Vrystaat gepreek en sakramente bedien en in 1845 'n soortgelyke reis onderneem.

Teen die einde van 1842 is die hele gebied deur die Volksraad in vyf gemeentes verdeel naamlik *Pietermaritzburg*, waar Lindley gewoon het, *Port Natal, Weenen, Winburg* en *Potchefstroom*. Met sy besoekreise en sy hardwerkendheid het Lindley die fondamente van die kerklike organisasie in die Voortrekkerrepubliek stewig gelê en het hy toegesien dat die kerklike organisasie gedra is deur bekwame kerkraadslede. Lindley se dienswerk was vir die Voortrekkerkerk van geweldige waarde in dié tyd toe die Kaapse kerk skerp negatief en afwysend teen die Voortrekkers gestaan het.

5. KONTAK MET NEDERLAND

Dit moet beklemtoon word dat die Voortrekkerkerk in hierdie tyd organisatories volkome onafhanklik van die Kaapse kerk was. Lindley was self nooit 'n lidmaat van die Kaapse Kerk nie en is, net soos Erasmus Smit, deur die Volksraad, sonder medewerking van die Kaapse kerk as predikant aangestel. Die lidmate en kerkraadslede was ook nie meer lidmate van gemeentes van die Kaapse kerk nie, maar ingeskakel in die gemeentes van die Voortrekkerkerk. Juis deur in elke gemeente 'n lidmaatregister aan te lê, het Lindley sorg gedra dat die selfstandige bestaan van elke gemeente binne die geheel van die kerk op 'n vaste grond geplaas word. Uit die aard van die saak is nog nie aan 'n meerdere vergadering gedink nie want voorlopig het die Volksraad nog daardie funksie vervul. Terwyl die Volksraad getrag het om die onafhanklikheid van die Voortrekkerrepubliek deur Engeland erken te kry, het die Voortrekkerkerk sy onafhanklikheid uitgeleef.

In hierdie tyd is daar ook kontak met Nederland gemaak. Dit het geskied deur die toedoen van Jacob Swart 1796-1866. Gebore uit 'n Amsterdamse familie het Swart hom hoofsaaklik toegelê op die seevaartkunde, wiskunde, kartografie en geskiedenis. In 1840 kry hy deur middel van buitelandse berigte en publikasies kennis van die Groot Trek en skrywe hy artikels oor die Groot Trek in die Nederlandse dagbladpers. Na gesprekke met 'n Amsterdamse koopman, GG Ohrig besluit laasgenoemde om 'n handelskip, die *Brazilië*, na Natal te stuur. JA Smellekamp, wat later in Transvaal 'n rol sou speel, word opperkoopman van dié skip.

In Maart 1842 het die *Brazilië* in Natal aangekom en is met groot vreugde deur die Voortrekkers ontvang. Hulle het in dié verbinding met Nederland 'n moontlikheid gesien om op kultureel-geestelike, handels- en politieke gebied hulp uit Nederland te kry.

Met die terugkeer van die *Brazilië* in Nederland stig Swart die sg *Amsterdamse Kommissie* bestaande uit homself, prof Rooyens en die predikante Van Voorst, Bruinier en Broes. Hulle verbind hulleself om in die geestelike behoeftes van die Voortrekkers te voorsien deur Bybels, onderwysmateriaal en stigtelike boeke na hulle te stuur. As mede-direkteur van die Maatschappij van Handel voor Oost-Afrika bewerk Swart dit dat die *Brazilië* in 1843 weer na Natal vertrek. Aan boord was prop PN Ham[71)] en 'n onderwyser L Martineau wat bereid was om die Voortrekkers te help. As die skip in Port Natal aankom, is die gebied egter deur Engeland beset en word Ham en Martineau belet om aan wal te gaan. So het hierdie poging om kontak met Nederland te maak, misluk en Ham self het nooit by die Voortrekkers uitgekom nie[72)]. Swart self het sy belangstelling vir die Voortrekkers behou en in 1853 nog 'n publikasie die lig laat sien waarin hy vir hulp vir die 'Kaapsch-Hollandsche uitgewekenen' gevra het[73)].

Hoofstuk 6

Natal word deur Engeland geannekseer

1. INLEIDING

Die Volksraad se pogings om hulle onafhanklikheid deur Engeland erken te kry, is oor die algemeen skerp teengestaan deur die Kaapse goewerneur, sir George Napier. Hy was veral bevrees dat vreemde moondhede die Britse gesag in suidoos-Afrika sou aantas en wou onder geen omstandighede die erkenning van 'n onafhanklike Voortrekkerrepubliek oorweeg nie. Reeds in 1841 het Napier, in 'n proklamasie, gestel dat hy Port Natal weer terugneem. In Mei 1842 stuur hy 'n afdeling van 250 soldate om Port Natal te beset. Kmdt AWJ Pretorius het dié mag by Congella aangeval en hulle in hulle kamp beleër. In Junie 1842 het aansienlike versterkings, ontbied deur Dick King wat te perd na Grahamstad gejaag het, Pretorius gedwing om die beleg op te hef. Hoewel die Volksraad op 15 Julie 1842 aan die Britse magte oorgegee het, het aanvanklik nie veel verander nie. Op 12 Mei 1843 het sir George Napier Natal formeel geannekseer en tot 'n Britse kolonie verklaar. Voorlopig sou die Volksraad onder toesig van 'n Britse Kommissaris regeer. In Desember 1845 het luitenant-goewerneur Martin West in Natal aangekom en alle regeringsmagte oorgeneem. So is die Natalse deel van die Voortrekkerrepubliek geannekseer en het dié deel van die Republiek waarvoor die Trekkers sulke hoë offers betaal het, vir hulle as deel van 'n onafhanklike vaderland, verlore gegaan. Samesprekings met die Britse Kommissaris, Henry Cloete, in 1843 het die Voortrekkers wes van die Drakensberge gerusgestel dat die Drakensberge die westelike grens van die kolonie Natal sou wees. In 'n skrywe aan Cloete het Kmdt AH Potgieter gesê dat die Trekkers in die Oorvaalse nie gebind is deur die oorgawe van die Volksraad nie. Daarby het hy gestel dat die Trekkers wil leef[74]).

> '... als vreij geboren Burgers, want alle naasies zijn vrij en gaad waar sy wil; en wij als vreij geboren hopen ook onafhanklijk en vrij ons eijgene saaken te bestieren en zullen trachten om met alle naasies in vrede te leeven en begeeren met alle vrij te handelen in billikheid.'

Daarom is in 1844 die ou Adjunkraad van Potchefstroom omskep in 'n *Burgerraad* wat 'n nuwe 'grondwet', die *Drie en dertig Artikels* opgestel het. Die Trekkers in Natal het, na aarseling, nie as lojale Britse onderdane in Natal bly woon nie maar in die jare 1842-1847 in groot getalle na Winburg en die Oorvaalse getrek. In hierdie tyd het dit geblyk dat Potgieter se siening van die verloop van sake die juiste

was en dat sy besetting van die Oorvaalse gebied die Voortrekkerideaal van 'n eie vaderland kon laat voortleef[75]).

Die Britse anneksasie van Natal het die Natalse deel van die Voortrekkerkerk ook swaar geknou. Soveel lidmate het na die gebiede wes van die Drakensberge getrek dat in 1847 slegs die gemeente Pietermaritzburg oorgebly het. Weenen en Port Natal het opgehou om selfstandige gemeentes te wees.

Die Kaapse goewerneur het, na die anneksasie van Natal, onmiddellik die *jus patronatus* ten opsigte van die kerk en die gemeentes daar uitgeoefen. Napier wou 'n predikant na Natal stuur wat ook as predikant 'n bydrae sou maak om die lidmate daar te lei om die anneksasie te aanvaar. Daarom het Napier ds Abraham Faure, predikant van Kaapstad, na die Natalse gemeentes gestuur. Faure was nie alleen 'n man wat die Groot Trek as 'n opstandige daad beoordeel het nie, maar hy was terselfdertyd 'n sterk ondersteuner van die Brits-koloniale beleid in Suid-Afrika[76]). Faure se optrede was egter van so 'n aard dat hy, vanweë sy politieke uitsprake baie onmin gesaai het sodat die kerkraad van Weenen hom selfs gevra het om nie soontoe te gaan nie[77]). Faure het op 10 Desember 1843 Natal weer verlaat sonder dat sy sending vir sy opdraggewer 'n sukses was[78]).

Nadat Natal in Mei 1844 formeel as 'n distrik van die Kaapkolonie geproklameer is, het die Britse goewerneur aan die Kaap nie alleen die politiek-staatkundige beheer oor Natal oorgeneem nie maar val alle kerklike aangeleenthede nou ook onder sy jurisdiksie. Gesien die noue verbondenheid van die kerk aan die owerheid in die Kaap, kan gesê word dat met die staatkundige anneksasie van Natal, die Natalse gemeentes as't ware vir die Kaapse kerk geannekseer is. Merkwaardig genoeg word Lindley op 6 Februarie 1846 as predikant van Pietermaritzburg heraangestel sonder dat hy ooit deur die Kaapse kerklike liggame as predikant toegelaat is! Reeds in 1844 het die kerkraad van Pietermaritzburg die Kaapse kerkwet van 1842 as geldende kerkwet aanvaar en so finaal die band met die Voortrekkerkerk afgesny.

Interessant is dat sir Harry Smith, dan Goewerneur van die Kaap, op 14 Maart 1849 die Natalse gemeentes formeel inlyf by die Kaapse kerklike struktuur. Daarom word die Natalse gemeentes in 1850 ook deel van die Ring van Transgariep wat in 1850 deur die Sinodale Kommissie van die Kaapse kerk in die lewe geroep word[79]). Dit is dus duidelik dat 'n hele reeks handelinge nodig was om die gemeentes van die onafhanklike Voortrekkerkerk uit daardie kerklike struktuur uit te haal en in te skakel in die Kaapse kerklike struktuur.

Lindley wat in 1845 'n laaste besoekreis na die Voortrekkergemeentes wes van die Drakensberge onderneem het, het met sy aanstelling as predikant deur die Engelse goewerneur in Februarie 1846 op daardie oomblik opgehou om predikant

van die Voortrekkerkerk te wees. In Junie 1847 het Lindley as predikant van Pietermaritzburg bedank en keer weer terug na sy sendingwerk onder die Zulus. In 1873 het hy die tuig neergelê en keer terug na Amerika waar hy in New York woon tot aan sy dood in 1880.

Hoofstuk 7

Die Voortrekkerkerk in die Transoranje

1. INLEIDING

Die geskiedenis van die kerk in die gebied tussen die Oranje en die Vaalrivier is vir 'n baie groot deel bepaal deur die Britse politiek ten opsigte van die gebiede buite die kolonie. Die gebied is ook nie deur 'n eenstemmige Afrikanergroep bewoon nie. Reeds voor die Groot Trek het 'n hele groep trekboere in die suidelike deel van dié gebied gewoon. Hulle het hoofsaaklik die gebied suid van die Modderrivier in die Rietrivier-omgewing beset en het MA Oberholster as leier erken.

Noord van die Modderrivier in die omgewing van Winburg het die Voortrekkers gewoon en hulle het, onder die leiding van Jan Mocke, hulleself één gevoel met die Potchefstroomse Voortrekkermense. Hierdie gemeenskap het kerklik by die Voortrekkers ingeskakel en hulle is drie maal deur Lindley besoek. Tydens sy eerste besoek het Lindley in 1842 die gemeente Winburg gestig en daar die eerste Lidmaat- en Doopregister aangelê[80]. Daar was dus nou 'n mate van orde en die grondslae vir vooruitgang is gelê. Die laaste besoek wat Lindley aan Winburg gebring het was in 1845. Daarna was hy nie weer daar nie want in Desember 1846 het hy sy ontslag as predikant van Pietermaritzburg ontvang en na sy sendingwerk onder die Zulus teruggekeer.

Die kerklike situasie in die gebied noord van die Oranje is deur twee sake beïnvloed. Enersyds was daar 'n veranderde houding van die Kaapse kerk teenoor die Voortrekkers. Oberholster en Van Schoor skryf dit toe aan die feit dat met die aanvaarding van Ordonnansie 7 van 1843 die Kaapse kerk losser van die owerheid gemaak is en dus nou aandag kon gee aan die Afrikaners buite die grense van die kolonie[81]. Terselfdertyd het die gesindheid van die Ring van Graaff-Reinet verander omdat daar meer Afrikaners as predikante gekom het.

Dit was veral ds WA Krige van Victoria-Wes wat in 1844 op 'n vergadering van die Ring van Graaff-Reinet die noodsaaklikheid van kerklike aandag aan die mense oorkant die Oranje beklemtoon het[82]. Met goedkeuring van die owerheid is op so 'n besoek besluit hoewel komdt Johan Mocke van die Voortrekkers by Modderrivier laat weet het dat hulle nie 'n Kaapse predikant wil ontvang nie[83].

2. 'N EERSTE KERKLIKE BESOEK UIT DIE KOLONIE

In Mei 1846 het ds WA Krige na die Transoranje vertrek. Ds C Fraser en oud B Burger wat ook deur die Ring afgevaardig was, kon nie saamgaan nie. Met hierdie besoek, wat hy tot die Oberholster-trekboere beperk het, het Krige daarin geslaag

om goeie verhoudings aan te knoop. Nie alleen het hy oral gepreek en kinders gedoop nie, maar hy het ook geld ingesamel vir die aankoop van 'n kerkplaas en fondse ingesamel vir die traktement van 'n predikant.

Krige het die saak van behoorlike bearbeiding van dié mense sterk op die Ringsvergadering gestel en die saak is ook bespreek op die Sinode van 1847. Nadat Krige die saak van die trekboere uitvoerig op die Sinode gestel het, het die Sinode, op voorstel van ds A Faure besluit[84]).

> 'dat namens de Synode eene Commissie worde benoemd om de uitgewekenen te bezoeken, *met volle magt*, om alle zoodanige maatregelingen in vereeniging met hen te neemen, waardoor in hunne geestelijke behoeften op eene geregelde wijze kan worden voorzien:-
>
> dat die Commissie thans worde benoemd, dat dit aan de Emigranten worde medegedeeld, en wanneer zij zich bereidwillig verklaren die Commissie behulpzaam te zijn om derwaarts te komen, dezelve hare taak alsdan volbrenge.'

As lede van die kommissie is benoem ds A Murray snr, ds JF Berrangé oudl B Pienaar en Oudl De Wit van Victoria-Wes wat egter nie die reis meegemaak het nie. Ds Berrangé het egter versoek om nie te gaan nie en in sy plek is ds PK Albertyn benoem.

3. DIE BESOEK VAN MURRAY, ALBERTYN EN PIENAAR

Oberholster en Van Schoor wys daarop dat hierdie besluit, die kerklike afvaardiging wat óók die Voortrekkers sou besoek nou magtig om ondanks die *Herderlijke Brief* van 1837, tog die sakramente aan hulle te bedien[85]). Murray wat die implikasies van die besluit ingesien het, het aan ds Faure, die actuarius van die sinode pertinent gevra of hy Nagmaal mag bedien want in die siening van die *Herderlijke Brief* is die vermaning in die Nagmaalsformulier dat almal wat skeuring in die kerk en rewolusie teen die staat wil veroorsaak nie Nagmaal mag gebruik nie, op die Voortrekkers van toepassing gemaak. Faure antwoord dan:

> 'Hoe tog kan men aan hen zeggen, die daar buiten de Regeering des Lands zijn, dat zij een verdeeldheid in dezelve of in de Kerk trachten aanterichten. Zij hebben zich, wel is waar, onttrokken aan de Regeering des Lands, maar zij zoeken geen omverwerping.'

Murray het terselfdertyd die Ring van Graaff-Reinet laat besluit om sy standpunt van 1840 en 1841 waarvolgens ds Taylor verbied is om die sakramente aan die Voortrekkers te bedien, prys te gee[86]). So het die Sinode en die Ring getrag om die muur wat die Herderlike Brief van 1837 gebou het, weer omver te gooi.

'n Verdere rede vir die nuwe belangstelling in die Voortrekkers het seker ook saamgehang met die proklamasie van sir Peregrine Maitland van Augustus 1845 waarin hy gestel het dat die Voortrekkers nog nie ontslaan was van hulle trou aan die Britse koningin nie. Hulle was nog steeds Britse onderdane. Juis hierdie siening en die feit dat die Voortrekkers daarin geslaag het om ordelike gemeenskappe te vestig, het waarskynlik daartoe bygedra dat die Kaapse sinode bereid was om terug te kom van die standpunt soos gestel in die *Herderlijke Brief* van 1837. Die politiek-staatkundige optrede van Engeland en die feit dat Kaapse predikante gebruik is om dié optrede te ondersteun, het egter daartoe bygedra om die afstand wat daar gegroei het tussen die Kaapse kerk en die Voortrekkers eerder te bestendig as te verklein.

Voordat die kerklike kommissie op sy besoekreis kon vertrek, het die politieke toneel in die gebied noord van die Oranje totaal verander. Dit gebeur met die koms van sir Harry Smith in Desember 1847 as Goewerneur van die Kaapkolonie en as 'High Commissioner ... for the settling and adjustment of the affairs of the territories ... adjacent or contiquous to the ... frontier'[87]). Nadat hy die sewende Xhosa-oorlog op die oosgrens hanteer het, het hy na die gebied oorkant die Oranje gegaan en op 3 Februarie 1848 die gebied tussen die Oranjerivier in die suide, die Vaalrivier in die noorde en die Drakensberge in die ooste, geannekseer en dit die Oranjerivier- Soewereiniteit genoem. Smith het sy anneksasie in 'n bombastiese en opgeblase manifes, wat hy op 29 Maart 1848 gepubliseer het, verduidelik en regverdig[88]). In dié manifes het Smith belowe dat hy kerke en skole sou oprig en die welvaart van die inwoners van die land sou bevorder. Nieteenstaande dié manifes het die anneksasie groot ontevredenheid in die gebied veroorsaak. In dié gespanne situasie het die sinodale kommissie bestaande uit ds A Murray, ds PK Albertyn en oudl B Pienaar die gebied besoek. In die Rietrivierstreek is die kommissie baie goed ontvang. Daar is die gemeente Rietrivier gestig en godsdiensoefening gehou[89]). Daarvandaan het die kommissie die gebied van die 'harde Emigranten' besoek, op Winburg kerk gehou, kerkraadslede laat kies en daarvandaan na Potchefstroom gegaan. Op pad terug het die kommissie weer by Winburg langs gegaan, by die Rietrivier weer kerklike toekomsplanne bespreek en vandaar teruggekeer na die Kaapkolonie.

Ds Murray het by sy terugkeer die Sinodale Kommissie versoek om so spoedig moontlik 'n volgende deputasie te stuur om sodoende die gedane kerklike

werk op te volg[90]. Die Sinodale Kommissie het daarop besluit om die Moderator, dr PE Faure en dr William Robertson van Swellendam na die Transoranje te stuur.

4. DIE BESOEK VAN FAURE EN ROBERTSON

Skaars was dié besluit geneem of die sake in die Oranjerivier- Soewereiniteit het weer 'n wending geneem. Onder leiding van Gen AWJ Pretorius het 'n kommando getrag om die inlywing ongedaan te maak. Hoewel Pretorius daarin geslaag het om maj Warden uit Bloemfontein te verdryf, het sir Harry Smith die Boerekommando op 29 Augustus 1848 by Boomplaas verslaan.

Pretorius se optrede in hierdie verband moet gesien word in die lig van Pretorius se ervaring met die Engelse imperiale mag vanaf die anneksasie van Natal in 1843. Aanvanklik was Pretorius bereid om met die nuwe owerheid in Natal saam te werk. Dit het hom egter suur bekom want die Engelse owerheid het vanaf 1843 toegelaat dat meer as 50 000 Zulus suidwaarts oor die Tugela in die Voortrekkerland instroom om so 'n onhoudbare posisie vir die mense daar te skep. Al Pretorius se vertoë in die verband het geen resultate nie en 'n reis na Kaapstad om die goewerneur sir Henry Pottinger te spreek, misluk omdat Pottinger weier om hom te woord te staan.

Dit bring Pretorius daartoe om, indien nodig, selfs met geweld die Britse imperialisme teen te staan. Vir dié doel beywer hy hom in 1847 en 1848 onder die Voortrekkers in Natal en in die Noord-Vrystaat sowel as die suidelike deel van die Oor-Vaalse.

In Februarie 1848 besoek sir Harry Smith, die nuwe goewerneur Pretorius in sy laer aan die Tugela en probeer hom oorreed om in Natal te bly. As Pretorius weier deel Smith hom mee dat hy die gebied noord van die Oranje gaan annekseer omdat die meerderheid van die inwoners dit so wil hê.

Dit was tydens hierdie gesprek wat sir Harry Smith Pretorius en die Voortrekkers met 'de geestelijke zwaard' gedreig het.

Hoewel Pretorius in sy poging om die Engelse imperialisme téén te staan, deur Potgieter gehinder is, het hy tog voortgegaan op versoek van die Winburgse burgers. Hoewel Pretorius se bedoeling was om met 'n gewapende maar vreedsame protes te toon dat die meerderheid van die inwoners van die Vrystaat nie ten gunste van die inlywing was nie, loop dit tog uit op 'n militêre konfrontasie op 29 Augustus 1848 waar Pretorius se 300 man nie kan standhou teen Smith se troepemag van 1200 man nie.

In die naweë van hierdie gebeure het die kerklike deputasie op 16 Oktober 1848 uit die kolonie vertrek. Hierdie keer was dit egter nie 'n suiwer kerklike be-

soek nie. Nie alleen is die koste van die deputasie deur die Goewerneur betaal nie, maar dit was ook die wens van die Goewerneur dat hierdie twee predikante hulle invloed sou gebruik om die gemoedere in die Soewereiniteit te kalmeer en die mense te oorreed om die Britse gesag te aanvaar[91]. Dit het hulle tydens hulle besoek ook gedoen[92] en daarvoor die dank van die Goewerneur ontvang[93].

'n Saak wat heelwat ergernis veroorsaak het, was die feit dat sir Harry Smith nie die huwelike wat deur die landdros van Winburg gesluit is, erken het nie. Faure en Robertson het opdrag gekry om alle egpare wéér in die huwelik te bevestig. Daarmee wou die Goewerneur beklemtoon dat slegs 'n Britse bewind wettig is en dat daar geen kontinuïteit tussen die voorafgaande tyd en die nuwe Britse bewind was nie. Daardie siening het Robertson met die Goewerneur gedeel[94].

In Januarie 1849 was die deputasie weer terug in die kolonie na 'n besoekreis wat groot waardering van baie kante ontlok het. Tog was daar ook Voortrekkers wat duidelik raakgesien het dat hierdie predikante Britse belange in die binneland probeer dien het.

Dit is opvallend dat betreklik kort na die terugkeer van die deputasie sir Harry Smith verdere stappe ten opsigte van die Oranjerivier- Soewereniteit aangekondig het. Op 14 Maart 1849 het hy sy *Regulations for the future Government of the Sovereignty beyond the Orange River* uitgevaardig. Daarin het hy bepaal dat 'the Dutch Reformed Churches within the District will be under the provision of the Synod of that Church in the Colony'[95]. Met hierdie proklamasie het die Goewerneur al die bestaande gemeentes in die Soewereiniteit by die Kaapse kerk ingelyf. So is die politieke anneksasie opgevolg deur 'n kerklike 'anneksasie' en dit is beklemtoon deur die feit dat ds Andrew Murray jnr in dieselfde proklamasie tot predikant van Bloemfontein aangestel is. Sy traktement, net soos die van ds Dirk van Velden wat in 1850 deur sir Harry Smith as predikant van Winburg aangestel is, sou deur die Goewerneur betaal word. In opvolging van die owerheidsproklamasie van Maart 1849 het die Kaapse Sinodale Kommissie op 2 September 1850 besluit dat die gemeentes in die Soewereiniteit saam met die gemeentes in Natal, die *Ring van Transgariep* sal uitmaak[96]. Hier kan, in die verbygaan, net weer daarop gewys word dat die kerk in die Kaapkolonie nog volkome onderworpe was aan die owerheid. Sir Harry Smith, miskien meer as enige Kaapse goewerneur voor of na hom, het sy gesagsposisie ten opsigte van die kerk gebruik om daarmee sy politieke oogmerke te bevorder. Art 5 van Ordonnansie 7/1843 het aan die Goewerneur die reg gegee om predikante aan te stel en sir Harry Smith het dié reg uitgebrei na die nuut-geannekseerde Soewereiniteit. Om daardie reg te wettig het hy die Vrystaatse gemeentes toegevoeg by die Kaapse kerklike struktuur - 'n optrede wat in 1862 deur die Kaapse Hooggeregshof nie gebillik is nie. Dit wys net weer in watter pro-

blematiese vaarwaters 'n kerk kan beland vanweë 'n noue verbondenheid aan 'n owerheid veral as, soos in hierdie geval, die owerheid kerklik en kultureel, totaal vreemd teenoor die kerk gestaan het. Hier is geen sprake van 'n organiese verband tussen kerk en owerheid nie en daarom word die kerk vir sir Harry Smith 'n middel, 'n instrument om sy politieke doelstellings te verwesenlik.

5. DIE SITUASIE NA DIE ANNEKSASIE VAN DIE TRANSGARIEP

Die oorspronklike Voortrekkerrepubliek is so stuk-stuk deur die opdringende Britse imperialisme geannekseer sodat na 1848 nog net die Oorvaalse gebied oorgebly het. Saam met die politieke anneksasie het die oorname van die Voortrekkergemeentes gegaan en dit is opvallend dat dit elke keer die Britse goewerneur is wat dié gemeentes by die Kaapse kerklike struktuur ingeskakel het. Die lidmate of die bestaande kerkraadsvergaderings is nooit geraadpleeg nie. In die Soewereiniteit het daar in 1849 met die invoeging van dié gemeentes in die struktuur van die Kaapse kerk, twee soorte gemeentes bestaan. Allereers was daar die gemeente Winburg, gestig in 1842, wat organisatories deel uitgemaak het van die selfstandige Voortrekkerkerk. Dié gemeente het vakant gebly vanaf sy stigting maar is deur Lindley, die enigste predikant van die Voortrekkerkerk, bedien. Nadat Lindley in Desember 1846 sy dienswerk as predikant neergelê het, was die Voortrekkerkerk herderloos.

Die noordelike gemeente, georganiseer en versorg binne die Voortrekkerkerk het géén bande met die Kaapse kerk gehad nie en wou ook, na die mededeling van ds WA Krige geen sodanige organisatoriese bande hê nie[97]). In die Winburggebied word die kommissie van ds Andrew Murray snr, ds PK Albertyn en oudl B Pienaar maar taamlik koel ontvang en hulle godsdiensoefeninge ook nie goed bygewoon nie, hoofsaaklik omdat die kommissie as 'n politieke skuif van die Britse Goewerneur gesien is[98]). Die tweede kommissie van ds PE Faure en Dr W Robertson het in Winburg ook dienste gehou en kerkraadslede laat kies en hulle bevestig[99]). Die nuwe kerkraadslede word beskrywe as 'welgezind ... jegens het Gouvernement' terwyl daar oud-kerkraadslede is wat die samekoms verlaat na die verkiesing van die Kerkraadslede. So is die politieke en staatkundige verandering in die Soewereiniteit ook in die kerk weerspieël.

Die suidelike gemeente in die Soewereiniteit wat in 1848 gestig word, was van die begin af nooit deel van die Voortrekkerkerk nie. Die Oberholster groep het van meet af hulle verbondenhede met die kerk in die kolonie gehandhaaf. Hulle was ook nooit ter sprake in die *Herderlijke Brief* van 1837 nie. Dit is min of meer uit hierdie geledere wat in 1848 deur Faure en Robertson die nuwe gemeentes Smithfield en Bloemfontein gestig word[100]). Met die proklamasie van 1849 is dit net die

Winburg- gemeente wat losgeruk of afgesny word uit die bestaande organisatoriese struktuur van die Voortrekkerkerk, saamgevoeg word met die suidelike gemeentes wat op daardie stadium los van mekaar staande gemeentes is, en dan opgeneem word in die organisatoriese struktuur van die Kaapse kerk. Sodra dít gebeur dan is daar, net soos in Natal, dadelik predikante beskikbaar. Die Ring van Transgariep wat van 1850-1862 gefunksioneer het, het in 1862 opgehou om te bestaan toe die Kaapse Hooggeregshof bepaal het dat die Kaapse kerk, volgens Ordonnansie 7 van 1843, se grense met dié van die kolonie saamval[101]).

Hoofstuk 8

Die Voortrekkerkerk in die Oorvaalse

1. INLEIDING

Die geskiedenis van die Voortrekkerkerk in die Oorvaalse is al deur verskillende navorsers beskrywe en dit is dus nie nodig om dit hier te herhaal nie. Dit is egter duidelik dat die kerkregtelike aspekte wat van belang is uit dié historiese gebeure afgelei moet word. Tog wil dit voorkom dat met 'n sekere versigtigheid oor die *kerkregtelike aspek* van die kerklike wordingsgeskiedenis gepraat moet word aangesien dit duidelik is dat die pioniers in die Oorvaalse maar 'n betreklike insig in die vormgewing van kerklike strukture gehad het. Gelei deur die Skrif self en hoogstens die 'oude schrijvers' was dit so dat die Voortrekkers baie duidelik vasgehou het aan die Christologiese sentrum van die kerk[102)] en 'n duidelike besef gehad het van die elementêre inrigting van die kerk. Maar daarvandaan het hulle hulle laat lei deur diegene wat hulle as gekwalifiseerd daartoe beskou het[103)]. Om die kerkregtelike vormgewing van die kerk in die Oorvaalse te kan volg, moet daar vir 'n oomblik aandag gegee word aan die vestigingsgeskiedenis van die Oorvaalse. Hierdie gebeure het 'n duidelike invloed in kerklike sake gehad.

2. EKSKURS:DIE VESTIGING VAN DIE VOORTREKKERGEMEENSKAP NOORD VAN DIE VAALRIVIER

2.1 AH Potgieter en sy leiding in die Oorvaalse

Die Groot Trek as 'n beweging na die binnelande van suidelike Afrika, het hoofsaaklik noordwaarts gekoers daarin voorafgegaan deur Trichardt en van Rensburg. Hulle is gevolg deur Komdt AH Potgieter wat eerder deur middel van Delagoabaai en Sofala 'n handelsroete na die see wou verkry as deur middel van Port Natal (Durban) waar daar reeds Engelse was. Op hulle soektog na 'n geskikte handelsroete na Delagoabaai is die Van Rensburg-trek uitgemoor terwyl die Trichardt-trek wel Delagoabaai bereik maar deur die koors (malaria) byna uitgewis is.

Potgieter se trek noordwaarts is aanvanklik belemmer deur Silkaats wat in 1822 in die Oorvaalse gebied ingetrek het om Tsjaka se gramskap te ontvlug. Silkaats, die voormalige Zulu-generaal het hom meester gemaak van die gebied wes van die Drakensberge en vanaf 1830 vanuit sy hoofstat Mosega in die Marikowêreld regeer sover sy leërs die wêreld beheers het. Die botsing by Vegkop in Oktober 1836 en die strafekspedisie wat Potgieter en Maritz teen Silkaats in 1837 onderneem het, het Silkaats uit die Oorvaalse verdryf en dié wêreld vir die Voortrekkers bewoonbaar gemaak.

Die Trekkergemeenskap, onder leiding van Pieter Retief as goewerneur, het in Junie 1837 egter besluit om nie na die Noorde nie maar oor die Drakensberge na Natal te trek. Uiteindelik het die Voortrekkergemeenskap in September 1837 ooswaarts beweeg maar Potgieter het nog nie sy besware teen 'n trek na Natal laat vaar nie. Die gebeure in Natal na die moord op Retief en die Zulu-aanvalle by die Bloukrans- en Boesmanrivier het die Burgerraad, onder leiding van Maritz, Potgieter oor die hoof gesien en Piet Uys as Generale Veldkommandant aangewys. Die mislukte strafekspedisie teen die Zulus waartydens Piet Uys en sy seun Dirkie gesneuwel het by die slag van Italenie, het meegebring dat Potgieter en sy mense hulle uit Natal onttrek het.

Na Retief se dood, het die Burgerraad 'n *Raad van Representanten* van vier-en-twintig lede ingestel en was dié Raad die voortsetting van die Burgerraad wat in 1837 gekies is. Na die oorwinning in Natal en die instelling van 'n min of meer gevestigde orde in Natal was dit veral gen AWJ Pretorius wat hom beywer het vir die Trekkers wes van die Drakensberge.

Die gebied wes van die Drakensberge is deur Potgieter as sy domein beskou want nie alleen het hy die grond tussen die Vet- en die Vaalrivier van Makwana gekoop nie, maar ook die vroeëre gebied waaroor Silkaats regeer het, as verowerde gebied beskou. Oor hierdie gebied het Potgieter, saam met 'n Krygsraad regeer[104]). Verskillende pogings is aangewend om Potgieter en die Natalse Volksraad nader aan mekaar te bring. Uiteindelik is op 16 Oktober 1840 'n vergadering te Potchefstroom gehou waar die Voortrekkergemeenskap wes van die Drakensberge weer met Natal verenig is. Volgens dié reëlings sou twaalf gekose volksverteenwoordigers vir die gebied wes van die Drakensberge as 'n Adjunkraad van die Volksraad funksioneer en sou drie afgevaardigdes die sitting van die Volksraad in Natal bywoon. Andries Pretorius sou, volgens hierdie reëling 'als hoof bestierder over de geheele Volksplanting in het Distrikt Natalia' fungeer en Potgieter as 'bestierder van het distrikt Potchefstroom.' Altwee bestierders sou egter hulle instruksies van die Volksraad ontvang.

Die Voortrekker-Volksraad was 'n merkwaardige instelling in die sin dat die Volksraad self die uitvoerende gesag in sy hande gehou het. Hoewel Retief sowel hoofkommandant as goewerneur was, is na sy dood nie weer 'n uitvoerende amptenaar aangewys nie. Veral Jacobus Burger en Stefanus Maritz, 'n broer van Gert Maritz, het daarvoor gesorg dat daar nie wéér 'n uitvoerende amptenaar benoem sou word nie. Selfs die amp van kommandant- generaal het géén uitvoerende gesag gehad nie en in Maart 1840 het die Volksraad selfs die pos afgeskaf en besluit dat slegs in die geval van oorlog sal so 'n offisier weer aangestel word. Dié reëling het die Voortrekkers in 'n sekere sin leierloos gelaat en spanning geskep tussen die

Burger- en Pretoriusgroepe. Die opvatting dat die Volksraad self ook die uitvoerende gesag in sy hande moes hou, is afkomstig van Gert Maritz wat dit by die Patriotbeweging van die Kaap geleer het. Volgens dié opvatting was die stem van die volk, soos verteenwoordig in die Volksraad, die hoogste gesag in die staat. GDJ Duvenage[105] wys daarop dat Gert Maritz reeds in Februarie 1838 beswaar gehad het teen die feit dat Retief as *goewerneur* gekies is. Sy opvatting was dat 'het volksstem de opperste magt en bestier uitmaken.' Die standpunt wat deur JJ Burger onderskryf word, lê ten grondslag van die opvattings van die *Volksraadparty* wat later in Lydenburg na vore sou kom. Na Burger se dood was die leiersfigure van die Volksraadparty in Lydenburg hoofsaaklik C Potgieter, C Viljoen, GC Schoeman, PJ Coetser en HT Bührmann. Téénoor hulle het nie alleen Kmdt AH Potgieter nie, maar ook Kmdt-gen AWJ Pretorius en sy seun MW Pretorius gestaan. Dié botsing oor die staatkundige vraag na die verhouding van die wetgewende en uitvoerende gesag en hoe om die wil van die volk die beste vas te stel, sou van Natal af oorgedra word na Lydenburg en vandaar na die politiek van die Voortrekkerrepubliek in die Oorvaalse.

In Februarie 1841 toe AH Potgieter en Caspar Kruger as lede van die Volksraad ingesweer is, het die Volksraad besluit dat die twaalf volksraadslede wat vir die distrik Potchefstroom gekies is, as 'n *Adjunkraad* van die Volksraad sou optree en daar is duidelik gestel[106]:

> 'dat gem Adjunk Raadt niet zal worden beschouwd als een Seperaat lichhaam, maar wel als gedeelte van deze Raad zitting houdende in Comitee.'

Tog was die verhouding van die Volksraad en die Adjunkraad nie baie heg nie en nieteenstaande die feit dat Potgieter sterk gevoel het oor die eenheid, het die burgers wes van die Drakensberge nie 'n besondere belangstelling in Natal getoon nie[107]. Met die Engelse optrede in Natal, het die Voortrekkers wes van die Drakensberge geen werklike hulp gegee nie en dit het ook bygedra tot die feit dat die Volksraad in Julie 1842 aan die Britse magte oorgegee het[108].

Na die oorgawe van die Volksraad het die Adjunkraad hom al meer van die Volksraad losgemaak en 'n selfstandige bestaan begin voer, totdat die band finaal op 7 Augustus 1843 verbreek is. Die Adjunkraad het nou as die *Burgerraad van Potchefstroom* voortbestaan[109].

In April 1844 het die Burgerraad die gebied wes van die Drakensberge en noord van die Oranjerivier as 'n selfstandige gebied verklaar en stel in 'n skrywe aan die Natalse Volksraad, wat nog tot 1845 bestaan het:

> 'Wy beschouwen ons vry en onafhanklik en zullende voortvaren met onze eigen bestier, en hopen van niemand gehindert te worden, en ons bestier aan de maatschappelyke burgers strek tot aan de wal van Grootrivier.'

By hierdie vergadering is die *Drie-en-dertig Artikels*, wat bepaalde wette en reëlings bevat het, aangeneem en in werking gestel. Die regeringsvorm wat hieruit na vore kom is dié van 'n Burgerraad sonder 'n aparte uitvoerende gesag. Die Burgerraad self het die wetgewende, uitvoerende en regterlike gesag in sy eie hande gehou. Daarmee is getrag om die praktyk wat die Volksraad in Natal gevolg het, voort te sit. Tog wil dit voorkom dat die Burgerraad self nooit dieselfde gesag as Kmdt AH Potgieter gehad het nie wat die werklike leier in die Oorvaalse was.

Dit is interessant om daarop te let dat die *Drie-en-dertig Artikels* 'n merkwaardige sentrale posisie in die landswetgewing behou het. Pelzer wys ook hierop en stel[110]).

> 'So 'n belangrike plek het die 33-artikels in die regswese van die land ingeneem, dat dit selfs nie deur die eerste doelbewuste pogings om 'n grondwet op te stel, enigsins in gesag ondermyn is nie .... So stewig het hierdie Potgier-wetgewing inderdaad posgevat dat selfs die uiteindelike aanname van 'n grondwet dit nie kon ontwortel nie. Selfs tot in 1859 is hofsake in die Republiek gereeld volgens voorskrifte van die artikels beslis .... Dit wil dus lyk of die enigste uitwerking wat die aanname van 'n grondwet op die 33-artikels gehad het, was om dit terug te plaas tot die kategorie van die gewone landswetgewing, waar dit per slot van sake tuisgehoort het.'

Pelzer wys tereg daarop dat die Drie-en-dertig Artikels nie 'n grondwet was nie, 'maar veeleer ... die regskode van 'n onontwikkelde gemeenskap waarin volgens die behoeftes van die dae, riglyne vir 'n groot aantal gebeurlikhede, aangedui word. Daarom het die Drie-en- dertig Artikels ook aangedui dat op Nederlandse wette teruggeval sal word waar dié reëling te kort skiet.'

Die Drie-en-dertig Artikels het nie vir alles reëlings getref nie maar het wel duidelik gestel dat die Burgerraad die hoogste liggaam sou wees waaraan ook die Krygsoffisiere ondergeskik sou wees.

Die afwesigheid van 'n aparte uitvoerende gesag of die gedagte aan 'n verkose leiersfiguur, het 'n voortgaande geskil in die Oorvaalse tot gevolg gehad wat eers finaal in 1860 bygelê is. Dié Burgerraad het egter skaars 'n jaar lank bestaan want in 1845 het AH Potgieter en sy volgelinge Potchefstroom verlaat vir die oostelike dele van Transvaal.

Die bedoeling van die trek was om nader aan die hawe van Delagoabaai te

wees. Terselfdertyd het Potgieter ook 'n politieke doel nagestreef. Sy antwoord op die aankruipende Britse invloed was dié van isolasie. Vir sy gevoel was Potchefstroom-Winburg te kwesbaar en daarom wou hy noord van die 26e Suidelike breedtegraad wees wat deur die Engelse as 'n noordelike grens van hulle gesag beskou is. Terselfdertyd het hy geoordeel dat met die Portugese as 'n buffer aan sy oostekant, hy veilig sou wees van Britse inmenging[111]). Die hoofdorp het die naam Andries Ohrigstad gekry en die nedersetting het homself aangedui as *Maatschappij der Zuid-Hollandsche Emigranten binnen de 26ste Graad ZB, achter de Portugeesche Havens*. Die mense wat in Potchefstroom agtergebly het, wat as 'n adjunk-kolonie van die oostelike groep beskou is, het Komdt Gert Kruger as plaaslike kommandant gehad en 'n landdros wat oor die distrikte Mooirivier, Suikerbosrand en Magaliesberg aangestel is.

Die Ohrigstadse nedersetting het betreklik vinnig uitgebrei omdat 'n redelike groot groep Voortrekkers wat Natal verlaat het, onder leiding van JJ (Kootjie) Burger en WF (Frans) Joubert, daar ingetrek het. Die distrik Lydenburg het die huidige Transvaalse distrikte Bronkhorstspruit, Groblersdal, Witbank, Middelburg, Lydenburg, Nelspruit, Barberton, Belfast, Carolina, Ermelo, Bethal, Standerton, Piet Retief, Volksrust en Wakkerstroom ingesluit. Later sou Utrecht ook nog bykom. Dit was die woongebied van die regionaal-politieke groep Lydenburg wat in die ooste ontstaan het en in 1856 die Republiek Lydenburg sou word[112]).

Die Oos-Transvaalse gemeenskap is hoofsaaklik deur drie groepe opgebou. Die eerste groep was Potgieter en sy mense wat in 1844 en 1845 hulle rondom Ohrigstad gevestig het. In daardie selfde tyd het 'n groep, uit Natal afkomstig onder leiding van JJ Burger daar aangekom. Terselfdertyd het mense uit die Winburg-omgewing ook daar ingetrek. So word bereken dat in Augustus 1845 daar ongeveer 'n 1 000 Trekkers in die gebied tussen die Steelpoort- en Olifantsrivier was. Nadat Potgieter die gebied beveilig het teen moontlike aanslae van swartes, het nog meer mense uit Natal hulle by die Oos-Transvaalse gemeenskap gevoeg. Die Oos- Transvaalse gemeenskap het vasgestel dat die grense sou strek tot aan die samevloeiing van die Elands- en Olifantsrivier en daarvandaan in 'n reguit lyn na die Strydpoortberge waarvandaan dit langs die bergreeks en die Olifantsrivier ooswaarts sou strek tot aan die Lebomboberge. Aanvanklik was Ohrigstad die sentrum van dié gemeenskap maar as dié nedersetting verlaat word, word Lydenburg aangelê.

Met die trek van Potchefstroom na Andries Ohrigstad het die Burgerraad feitlik opgehou om te bestaan. Die Burgergroep of Volksraadparty het in Julie 1845 besluit om weer 'n Volksraad te vorm. Die Volksraad waarvan die lede vir een jaar gekies is, het aanvanklik uit agt lede, later twaalf bestaan. Die Volksraad sou, volgens die *Regulatien voor den Volksraad van het volk aan Andries Orieg Stad en omlig-*

gende land oor wetgewende, uitvoerende en regterlike gesag beskik. Die Raad het ook as alles-reëlende administratiewe gesag opgetree. Die enigste administratiewe struktuur wat die Raad gehad het, was die landdros en heemrade en die krygsoffisiere naamlik die kommandante en veldkornette. Die groot leemte wat dié reëling laat is dat net soos in Natal, daar nie 'n uitvoerende gesag is wat die leiding kan gee en neem as die Volksraad nie in sitting was nie[113]). Met die eerste sitting van die Volksraad op 1 Augustus 1845 was daar dadelik 'n botsing. Potgieter en sy volgelinge wou hom, soos in die verlede, handhaaf as Hoofkommandant en bestierder, dit wil sê as die hoof uitvoerende ampsdraer. Die Volksraadparty wou dit nie aanvaar nie en het dit gesien as 'n miskenning van die hoogste gesag van die Volksraad as verteenwoordigend van die stem van die volk[114]). Die saak het tot 'n skerp botsing gelei en in 1846 het die Potgieterparty 'n eie regering in Oos-Transvaal geskep met Potgieter as Hoofd Kommandant en Bestierder. Die Volksraadparty het nie kopgegee nie sodat daar toe twee regerings was! Die botsings wat daarop gevolg het, is tydelik ontlont toe Potgieter in Februarie 1848 met sy naaste volgelinge Ohrigstad verlaat het om in die noorde Zoutpansbergdorp, die latere Schoemansdal, aan die voet van die Soutpansberg aan te lê. Die trek is waarskynlik veroorsaak deur die ongesonde ligging van Ohrigstad, die spanninge aldaar en die feit dat heelwat van Potgieter se volgelinge soos die families Wolmarans, Bronkhorst, Minnaar en Erasmus teruggetrek het na hulle oorspronklike Wes-Transvaalse grond[115]). Die Volksraadparty het in Oos-Transvaal agtergebly en later, in Januarie 1850, Lydenburg as nuwe sentrum gestig vanweë die hewigheid van die koors in Ohrigstad. Dit was 'n betreklike klein groep van ongeveer 'n honderd huisgesinne wat in Lydenburg agtergebly het. So het die enkele Lydenburgse party in twee regionaal-politieke partye verdeel - die Potgieterparty in die Noorde en die Volksraadparty rondom Lydenburg. Die verdelingslyn tussen dié twee groepe was die kwessie van die uitvoerende gesag. Beide groepe was dit egter eens dat 'n beleid van geen kontak die beste houding ten opsigte van die Britse imperialisme was.

Die Soutpansbergse maatskappy word gevestig as Potgieter en sy mense in Mei 1848 daar aankom. Die gebied was in 1836 'n jaar lank bewoon deur Trichardt se mense, maar na hulle vertrek sou dit tot 1848 duur voor daar weer Voortrekkers ingetrek het. Potgieter het hier 'n dorp aangelê ongeveer 'n 10 km wes van die huidige Louis Trichardt en so 'n vyf kilometer suid van die berg. Eers in 1855 is die strate uitgemeet en daar was ses lang en breë strate van oos na wes en ses dwarsstrate van noord na suid. Hierdie dorp wat aanvanklik as Zoutpansbergdorp bekend gestaan het, is later na Schoemansdal herdoop. Die dorp het betreklik vinnig ontwikkel en in 1852 is daar 'n gemeente gestig terwyl in 1855 daar al meer as 60 huise in die dorp was terwyl in die dorp en distrik ongeveer 1 800 mense, groot en

klein, gewoon het. Die Soutpansbergse maatskappy was grotendeels 'n gemeenskap van olifantjagters en boere, terwyl ook 'n bietjie yster en koper ontgin is. Dit het spoedig in 'n betreklike welvarende gemeenskap ontwikkel ook omdat, deur middel van Portugese handelaars, handel deur middel van die hawens Inhambane en Delagoabaai (Maputo) moontlik was.

Hierdie maatskappy wat deur Potgieter gelei is tot en met sy dood, het aanvanklik 'n enigsins onafhanklike houding teenoor Wes-Transvaal gehandhaaf, maar dit het later verander.

2.2 Ontwikkelinge in die Weste

Die Potchefstroomse of Wes-Transvaalse maatskappy het aanvanklik die hele gebied noord van die Vaalrivier tot by Soutpansberg, wes tot teen die Kalahari en oos tot by Rhenosterpoort omvat. In dié groot gebied was daar ondergeskikte bevolkingskonsentrasies. Potchefstroom self is aan die einde van 1838 aangelê en in 1841 'n end rivier-af verskuif. Dit is in dié nuwe aanleg waar ds Daniel Lindley in 1842 die gemeente gestig en die eerste kerkdienste gehou het. Na die anneksasie van Natal moes 'sowat 200 tot 360 gesinshoofde Potchefstroom in dié tyd binne getrek het'[116].

Naas Potchefstroom was daar al vroeg 'n konsentrasie van mense in die omgewing van Suikerbosrand waar die een trekpad oor die Vaalrivier na die suide gegaan het. 'n Verdere bevolkingskonsentrasie het langs die Magaliesberg ontstaan en dié groep het uit 'n taamlike getal mense bestaan. Suidwes van Potchefstroom was daar ook 'n groep woonagtig by Skoonspruit (die latere Klerksdorp). Dan het daar ook 'n groep mense teen die Apiesrivier gewoon (die huidige Pretoria) en na die anneksasie van die Vrystaat in 1848 het daar heelwat nuwe intrekkers bygekom.

Potchefstroom self was 'n aansienlike sentrum wat betreklik vinnig gegroei het en in 1854 moes die dorp omtrent al 2 000 blanke inwoners gehad het[117]. Dit is dus duidelik dat Potgieter se vertrek uit Potchefstroom in 1845 nie die groei en vooruitgang van die Wes-Transvaalse nedersetting ernstig benadeel het nie. In 1848 het Andries Pretorius met 'n groot groep Natalse Voortrekkers wat nie onder die Engelse bewind wou staan nie, hier ingetrek. Pretorius wat aanvanklik na die anneksasie van Natal daar bly woon het, het in 1848 die land verlaat hoofsaaklik vanweë die Engelse se beleid ten opsigte van die swartes. Met sy vertrek het hy 'n eed geneem dat hy sy lewe daaraan sou wy om die vryheid van die Voortrekkers te bewaar en om die Brits-imperialistiese uitbreiding na die Noorde teen te staan[118]. In Wes-Transvaal is Pretorius se aggressiewe beleid ten opsigte van Engeland geredelik aanvaar omdat die Engelse bedreiging daar sterk aangevoel is. Lydenburg en Soutpansberg was egter nie vir die plan van Pretorius te vinde nie. Pretorius

wou, indien moontlik die hele Voortrekkergebied, dus óók die gebied tussen die Vet- en Vaalrivier, teen die Engelse imperialisme in, behou.

Potgieter wat teenoor Pretorius sy gesag wou handhaaf as die leier in die Oorvaalse het op 15 Mei 1848 'n vergadering te Potchefstroom belê en daar is Pretorius se planne afgewys en Potgieter se plan om te onderhandel en toegewings te maak ten opsigte van die Vrystaat sodat die Oorvaalse deur die Engelse ongehinderd gelaat sal word, aanvaar[119]). Hoewel Pretorius hom na dié vergadering uit die openbare lewe wou terugtrek, slaag die Winburgers tog daarin om hom te werf vir hulle verset teen die anneksasie. Die uiteinde was dat Pretorius met 'n swak kommando by Boomplaats die onderspit delf teen sir Harry Smith en met 'n prys van ongeveer R4 000,00 op sy kop oor die Vaalrivier moes vlug.

Potgieter het weer met sir Harry Smith in verbinding getree, sy afkeer van Pretorius se optrede uitgespel en gehoop om so 'n moontlike anneksasie van die Oorvaalse gebied te voorkom. Daarin het Potgieter ook gestel dat die emigrante nie die geannekseerde gebied tussen die Vaal- en die Vetrivier wou terughê nie en dat hulle ook nie van plan was om dit met die wapen terug te neem nie. Daarmee het Potgieter afstand gedoen van die Winburgmaatskappy. Die suidgrens van die Voortrekkergebied het in die Voortrekkergebied ook nog aanleiding tot verskille gegee. Oor die algemeen was Potgieter van mening dat die breedtegraad die 26°S die suidelike grenslyn moet wees. Dit is later veral deur die Oos-Transvaalse groep in Lydenburg baie sterk voorgestaan. Pretorius en sy Wes-Transvaalse ondersteuners het egter die Vaalrivier as grens aanvaar omdat dit óók so deur Britse owerhede beskou is en omdat hulle nie Potchefstroom en die suidelike dele van die Oorvaalse wou prysgee nie. Uiteindelik het die Vaalrivier die grens geword tussen die republikeinse noorde en die koloniale suide. 'n Sameloop van omstandighede het verdere imperiale uitbreiding egter verhoed. In November 1848 het Potgieter R Southey, wat in opdrag van Sir Harry Smith gehandel het, ontmoet. Daar het Potgieter aanbeveel dat die Engelse die Voortrekkers noord van die Vaalrivier met rus moet laat so lank hulle hulle stil en rustig gedra. Southey wou egter dat Potgieter die Britse soewereiniteit sou erken. Hier het dit weer duidelik geword dat die Engelse owerhede nog steeds die Voortrekkers as Engelse onderdane beskou het en vasgehou het aan die gedagte dat die Kaapse howe jurisdiksie in daardie gebiede gehad het. Die botsende standpunte is voorlopig nie uitgeklaar nie omdat sir Harry Smith nie nóg gebiede in Afrika sondermeer kon annekseer nie. Die Engelse uitbreidingsdrang is in 1850 beëindig toe 'n komitee van die Britse Geheime Raad verdere uitbreidings in Suidelike Afrika afgewys het[120]). Vanaf daardie datum het die Engelse Koloniale politiek 'n ander wending geneem en dít het die Sandrivier Konvensie van 1852 moontlik gemaak.

Intussen het die besorgdheid oor die moontlike anneksasie van die gebied noord van die Vaalrivier by die Voortrekkers nie afgeneem nie. Die moontlikheid van 'n Engelse anneksasie het die verskillende regionaal politieke groepe in die Oorvaalse baie nader aan mekaar gebring. Daarom is op 9 Februarie 1849 'n groot vergadering op die plaas *Hekpoort*, langs die Magaliesberg belê waar die hele saak bespreek sou word.

By die Hekpoortvergadering is vir die eerste keer die gebied noord van die Vaalrivier as 'n eenheid beskou, en daar word besluit om een Volksraad vir die hele gebied aan te wys. Pertinent is *besluit*[121]:

> '... om aan deezen zyde van Vaalrivier nimmer het Britsche gezag geheel of gedeeltelyk te erkennen, maar integendeel alle die hem even als vroeger te Natal en Wenburg ook hier inroepen, zullen als landsverraders gestraft worden; en komt de Britsch om ons intenemen, zullen allen die niet vegten willen, mede als verraders gestraft worden.'

Die hele saak van 'n Volksraad vir die hele land sou by 'n opvolgende vergadering aan die Olifantsrivier op 22 Maart 1849 verder bespreek word. Hoewel die Ohrigstadse Volksraad nie die vergadering bygewoon het nie, is daar bepaal dat 'n Volksraad '... als hoogste gezag zal bestaan, en dat er nimmer toegelaten zal worden dat er een of meerdere personen boven deezen als hoogst gezag hebbende, zal moogen aangesteld worden, maar zullen allen amptenaaren en officieren onder deeze Volksraad staan...[122]. Daar is ook besluit om geen Hoofkommandant na Potgieter se uittrede as sodanig, weer aan te stel nie. Verder is besluit dat onderhandel sal word met die Volksraad van Ohrigstad om met hierdie sentrale Volksraad saam te werk. Dit het uitgeloop op 'n vergadering wat in Mei 1849 by *Derdepoort* (by Pretoria) gehou is en daar is toe 6 verteenwoordigers van Ohrigstad en 14 uit die res van die deelnemende groepe as Volksraad verkies. Die Volksraad sou die hoogste gesag in die land wees en drie maal per jaar vergader. Verder sou die Volksraad drie sittingsplase hê waarvan een Ohrigstad sal wees. As grondslag vir wetgewing is die Drie-en Dertig Artikels aanvaar. Daarby is bepaal dat 'n Kommissie-volksraad (of Kommissieraad) wat uit minstens vyf Volksraadslede sou bestaan, in dringende gevalle as wetgewende liggaam kon optree. Die besluite moes egter deur die volgende volle Volksraadvergadering goedgekeur word. So is getrag om 'n soort uitvoerende gesag te skep wat leiding kan gee en besluite kan neem wanneer die Volksraad nie in sitting is nie. Die reëling dat die Volksraad self ook die uitvoerende gesag in sy hande sou hê, was 'n voortsetting van die reëling wat die eerste keer vir die Volksraad van die hele Voortrekkerrepubliek, wat in

Pietermaritzburg gesetel was, gegeld het. Hierdie reëling het ook bygedra om die eenwording van die regionaal-politieke groepe in die Oorvaalse te vertraag want hierdeur kon geen algemeen-aanvaarde leier wat ook uitvoerende gesag in sy hande het, ontwikkel nie.

Die poging om groter eenheid in die Oorvaalse te bewerkstellig is, is baie sterk deur Pretorius gesteun. Sy groot aansien by baie inwoners van die Oorvaalse het baie daartoe bygedra dat reeds by *Derdepoort* besluit is om 'n "vereenigde band van het geheel maadschappy aan deze zynde de Vaal Revier" te skep. So word Pretorius één van die leiers in die Oorvaalse wat die grootste bydrae lewer om 'n sentrale regering noord van die Vaalrivier te vestig.

In sy groot toespraak wat hy te *Derdepoort* gehou het, sê Pretorius[123]

> '... maar vertrouwen (de) op UEd meedewerkengen en hulp en de groote seegenengen des Allerhoogsten, ... sal ik alle myn vermoogens en kragten inspannen om alleen te tragten naar die ware geluk en vryeheid waar naar wy soo lang gesug heef ... Gedink tog dat wy alle als broeders de (h)aardsteeden van ons vaders en moeders hebben verlaaten om een en deselfde saak ...'

Op grond van dié argumente het Pretorius gepleit vir eensgesindheid en samewerking.

So is vir die eerste keer 'n gesamentlike Volksraad opgerig en dit moet wel as 'n groot baken in die Oorvaalse eenheidstrewe aangemerk word. Hier het Wes-Transvaal en die Lydenburggroep vir die eerste maal saamgewerk hoewel Soutpansberg nog afsydig gestaan het want Potgieter en sy mense het nie die Volksraad-vergaderings bygewoon nie.

2.3 Die verenigde Oorvaalse gemeenskap

Die nuut-verenigde Oorvaalse gemeenskap, soos verenig in die Volksraad, was egter nog aan groot spannings onderwerp. Enersyds het dit gegaan om die suid-grens van die Oorvaalse gebied. Die isolasiebeleid van Lydenburg het meegebring dat hulle sterk gestaan het op die 26° Suidelike breedtegraad wat hulle gesien het as 'n waarborg teen Engelse imenging. Die Wes- Transvalers weer het die Vaalrivier as normale, suidelike grens aanvaar, want veral AWJ Pretorius het nie in isolasie 'n waarborg vir hulle onafhanklikheid gesien nie.

Die tweede saak was die ontbreking van 'n duidelike uitvoerende amptenaar. Daarmee wou die Lydenburgse groep die invloed van sowel Potgieter as Pretorius as leiersfigure uitskakel[124].

Landsomstandighede het die Volksraad egter gedwing in die rigting van 'n sentrale uitvoerende gesag en die herinstelling van die amp van kommandant-generaal. In Januarie 1851 is daartoe oorgegaan om vier kommandante-generaal aan te stel naamlik AWJ Pretorius vir Mooirivier- Magaliesberg, AH Potgieter vir Zoutpansberg, WF Joubert vir Lydenburg en JA Enslin vir Mariko. Al vier was verantwoording verskuldig aan die Volksraad. Daarby is gestel dat die generaals moet toesien dat daar nie verdeeldheid of skeuring in die gemeenskap sal plaasvind nie. Verder moes die generaals elke sitting van die Volksraad bywoon om oor hulle werk verslag te doen[125]. Hierdie gebeure het die gesag van die Volksraad andermaal versterk want dit word nou duidelik gestel dat die militêre leiers ondergeskik aan die Volksraad is en as amptenare bepaalde take moet uitvoer en daarvan rekenskap aan die Volksraad moes gee[126]. So is een van die uitgangspunte van die Lydenburgse Volksraadparty, algemeen aanvaar. Die saak van die erkenning van die onafhanklikheid van die Oorvaalse gebied deur Engeland sou egter die eenheid in Transvaal in hoë mate beproef. Dit omdat ontwikkelinge suid van die Vaalrivier Andries Pretorius as leiersfiguur weer sterk na vore bring.

Dit gebeur vanweë ontwikkelinge in die Soewereiniteit waar maj Warden, die Britse Resident in Bloemfontein, nie in staat was om Mosjesj in bedwang te hou nie. In Junie 1851 verslaan die Basoetos 'n Engelse troepemag en is Warden in 'n penarie omdat hy vanweë die Agste Xhosa-oorlog in die Kaapkolonie, nie versterkings vandaar kan kry nie. Mosjesj onderhandel dan met Pretorius en stel 'n bondgenootskap voor om die Britse gesag uit te daag. Terselfdertyd tree die Winburg-mense op en kies in Augustus 1851 Pretorius as Hoofkommandant om hulle te lei om die Engelse juk af te skud.

In hierdie situasie was daar in Engeland self beroering en is die vraag gestel of die Goewerneur in die Kaap wel so optree dat vrede, orde en vooruitgang in suidelike Afrika moontlik is. Daarop is besluit om twee assistent-kommissarisse, Owen en Hogge, na Suid-Afrika te stuur om orde en vrede in die kolonies te herstel. Dié kommissarisse sou in die briefwisseling tussen Warden en Pretorius kon agterkom dat Pretorius daarop uit was om die erkenning van die onafhanklikheid van die Voortrekkers van die Engelse regering te kry.

Pretorius was vir die uitvoering van sy planne nogal gekortwiek deur die isolasionistiese opvattings van die Lydenburgparty in die Volksraad en die instruksies wat hy as kommandant-generaal gehad het. Daarvolgens sou die 26e SB-graad die suidgrens van die Oorvaalse wees in plaas van die Vaalrivier en terselfdertyd is Pretorius verbied om suid van daardie lyn hom met politieke sake te bemoei. Pretorius se eerste probleem was om Lydenburg tot samewerking te

oorreed sodat hy namens die hele Oorvaalse bevolking kon onderhandel. Toe hy dié samewerking nie kon kry nie, belê Pretorius in September 1851 'n vergadering van die Krygsraad, die Landdros en die publiek[127] in Rustenburg. Dié vergadering het die gesag van die Volksraad opgehef en weer in die hande van die Kommandant-Generaal en die Krygsraad geplaas. Die vergadering het verder die bepaling van die suidgrens op 26e SB-graad herroep en die Krygsraad opdrag gegee om alles tot welsyn van land en volk te bestuur. Terselfdertyd is aan Pretorius en nog twee man opdrag gegee om met die Engelse kommissarisse te onderhandel.

> '... om te tragten vrede en verstandhoudinge voor ons en tusschenkomst te wezen en te tragten bloedstortingen voor te koomen, wel te verstaan een goede verstandhouding tusschen het Briths Gouvernement en Emigranten te weeg te brengen of te tragten zulks te doen'[128]

Die Wes-Transvaalse staatsgreep het in Lydenburg ook weerklank gevind waar dié besluite as onwettig aangemerk is en die hele saak na die Volksraadvergadering van 12 Januarie 1852 verwys is.

In 'n verdere vergadering op Rustenburg op 10 Desember 1851 waar Lydenburg nie verteenwoordig was nie, is Pretorius met ses veldkornette en ses ander persone afgevaardig om die twee Engelse Kommissarisse te ontmoet. In korrespondensie met Warden is vasgestel dat die ontmoeting op 15 Januarie 1852 op die plaas van Piet Venter, by die Sandrivier, kan plaasvind.

Pretorius kom wéér in aanraking met Lydenburg en daar tree WH Jacobsz deurtastend op, stel 'n Lydenburgse afvaardiging saam en woon 'n Kommissieraadvergadering op 10 Januarie 1852 in Potchefstroom by. Daar word die optrede van die Krygsraad van September 1851 goedgekeur en word 'n nuwe afvaardiging waarin ook twee Lydenburgse verteenwoordigers opgeneem is, saamgestel. Hier word Pretorius se voorafgaande optrede gewettig en werk Lydenburg saam om die erkenning van die Oorvaalse onafhanklikheid te verkry. By die onderhandelinge het Pretorius nog 'n poging aangewend om die suidgrens van die Voortrekkerland na die Vetrivier te verskuif, maar daarvoor was Owen en Hogge nie te vinde nie. Uiteindelik is die onafhanklikheid van die gebied noord van die Vaalrivier erken en is die versekering gegee dat die Voortrekkers hulle eie sake kon reël, hulleself kragtens hulle eie wette kon regeer sonder dat Engeland hom daarmee sou bemoei. Daar is ook gestel dat Engeland geen grond noord van die Vaalrivier begeer nie en in vrede met die inwoners van die land, noord van die Vaalrivier wil woon[129]. Met die Sandriviertraktaat slaag Owen en Hogge daarin om veral Pretorius te oorreed om nie meer in die Soewereiniteit in te meng nie en aanvaar Pretorius die verbod

op die sluit van traktate met swart opperhoofde, soos Mosjesj, suid van die Vaalrivier.

Hoewel daar aanvanklik in die Oorvaalse teenstand teen die Sandriviertraktaat was, het dit egter betreklik gou vervaag. So is die Groot Trek as't ware met die Sandriviertraktaat voltooi en het die één groot doel van die Trek in vervulling gegaan: die verkryging van 'n onafhanklike vaderland waar die Trekkers oor hulleself na hulle eie insigte kon regeer. Met die totstandkoming van die Sandriviertraktaat het AWJ Pretorius 'n beslissende rol gespeel. Hier het hy op die diplomatiek-staatkundige vlak opgetree en sy bydrae hier was net so belangrik as sy militêre optrede by Bloedrivier op 16 Desember 1838. Met die ondertekening van die Sandriviertraktaat word die geskiedenis van die Groot Trek dus beëindig. 'n Nuwe tydvak, dié van die Afrikanerrepubliek noord van die Vaalrivier, kom nou na vore. Hoewel die nuwe tydvak die voortsetting van die probleme van die voorafgaande tyd saamdra, kom daar tog geleidelik 'n nuwe bedeling na vore. Die stadiggroeiende eenheid van die verskillende regionaal-politieke groepe was nog nie baie sterk nie en die verskille het baie naby aan die oppervlakte gelê. Die onvermoë om te midde van die partyskappe 'n geordende staatsreëling op te stel, het die ontwikkeling en voortgang van die jong republiek vertraag.

3. KERKLIKE ONTWIKKELING IN DIE OORVAALSE TOT 1852

Die kerklike ontwikkeling in die Oorvaalse is in 'n baie groot mate bepaal deur die politiek-staatkundige ontwikkeling. Buitendien was dit so dat die Voortrekkers vanweë hulle teokratiese siening van die gemeenskap, die hantering van die kerklike sake vir 'n baie groot deel in die hande van die verkose owerhede gelaat het. Dit het in die Voortrekkerrepubliek beteken dat die Volksraad opgetree het in die plek van die kerklike meerdere vergaderings. Dit was die Volksraad wat in Natal Erasmus Smit as predikant ge-emeriteer het en Daniel Lindley as predikant aangestel het en dit was die Volksraad wat selfs kerkraadslede vir die gemeentes aangewys het.

Met die Engelse anneksasie van Natal in 1843 en van die Trans-Oranjegebied in 1848 het daardie deel van die Voortrekkerrepubliek se kerklike organisasie ook vir die Voortrekkerkerk verlore gegaan. Na 1848 het dus net die kerklike struktuur (as dit so gestel mag) word in die Oorvaalse van die Voortrekkerkerk oorgebly. Die onderlinge politieke verdeeldhede in die Oorvaalse, veral in die beginjare, het die kerklike ontwikkeling ook teruggehou asook die feit dat dit tot 1853 sou duur voordat 'n predikant hom in die Oorvaalse sou vestig.

Dit het beteken dat die Voortrekkers, kerklik gesproke, selfversorgend moes wees, met ander woorde elke huisvader was verantwoordelik vir die reëlmatige huisgodsdiens en die godsdienstige opvoeding van sy kinders. Dit was as vanselfsprekend aanvaar maar in baie gevalle was die ongeletterdheid van die mense 'n groot probleem. Tog was dit so dat die gemeenskap as sodanig nie anders as 'n christelike en gelowige gemeenskap wou wees nie. Dit het beteken dat die Bybel self 'n sentrale posisie in die godsdienstige lewe van die Voortrekkers ingeneem het en dat daarby die Bybel verstaan is in die lig van die geskrifte van die 'oude schrijvers', dit wil sê die werke van die Nederlandse sewentiende en vroeg agtiende eeuse Nadere Reformatie. Onder die geskrifte het veral die werk van W à Brakel, *Redelyke Godtsdienst* wat in 1700 die lig gesien het, 'n besondere aansien geniet. Hierdie werk wat aangebied is as 'n boek 'in welke de Goddelyke waerheden des genaden- verbondts worden verklaert, tegen partyen beschermt, en tot de practyke aen-gedrongen', was 'n uitvoerige uiteensetting van die calvinistiese leer soos dit in die kringe van die Nadere Reformasie met sy klem op die vroom mens, verstaan is. Waarskynlik vanweë'n gebrek aan kennis van à Brakel se werk en 'n gebrek aan historiese materiaal is die deurwerking van à Brakel se opvatting in die Voortrekkergemeenskap nog nooit werklik gepeil nie. Dit wil egter voorkom dat à Brakel se calvinisties-teokratiese siening van die verhouding God-mens en mens-medemens, 'n belangrike invloed uitgeoefen het op die Voortrekkers se sienings en pogings om hulle gemeenskap te orden. Juis omdat à Brakel in sy omvangryke werk byna alles aansny wat as vraag na vore kan kom, was dit vanselfsprekend dat die werk in baie gevalle geraadpleeg en nagevolg is. Die nawerking van à Brakel se invloed in die kerklike en staatkundige vormgewing van die Voortrekkergemeenskap is waarskynlik groter as wat tot dusver vermoed is.

3.1 Gemeentevorming

Die Voortrekkers aan die westekant van die Drakensberge het aanvanklik Potchefstroom as belangrike sentrum gehad. Kerklik gesproke was die eerste reëling wat vir dié Voortrekkers gemaak is, die aanstelling van Daniel Francois Jacobs as ouderling en katkiseermeester deur die Volksraad op 3 Januarie 1840[130]. Hy het toe in Winburg se wêreld gewoon maar later na Suikerbosrand se wêreld verhuis.

Op 1 November 1841 het AH Potgieter en andere 'n kollektelys opgestel om fondse in te samel om 'n kerkgebou op Potchefstroom op te rig. Dié kollektelys het as volg gelui[131].

'Potchefstroom,
den 1sten November 1841.

Waarde Broeders Landgenoten en mede Lee(de) maten der Hervormde Kerken, benevens alle Christelijke Kerken van Zuid-Afrika.
Wij ondergeteekendens van deze Niewe bewoonde waarelddeel wenden ons met eene Christelijke verzoek aan elk en een iegelijk die zulks ter harte mogten gaan, en een deel we(n)ste te hebben, door een Gesticht alhier opterichten, alwaar wij onze God en Schepper van 't geheel al in kunnen dienen op dat wij door een opregt harten uit genade het eeuwige gelukzaligheid mogte beërven...."

Hierdie lys is nie deur 'n kerkraad onderteken nie maar naas kmdt Potgieter deur krygsoffisiere, 'n landdros en heemrade. Slegs PJ van Staden teken as kerkraad. Dit is nie seker wanneer hy as sodanig aangestel is nie, moontlik nog deur die Potgieterraad van Potchefstroom. Wat die reaksie op dié kollekte was, kan nie meer vasgestel word nie. Dit was egter so dat die eerste kerkgebou in Potchefstroom en in die Oorvaalse eers in 1851 opgerig en ingewy is[132]. In 1842 het die Volksraad met sy sitting van 23 Februarie, op voordrag van die Potchefstroomse Adjunkraad die eerste kerkraadslede vir Potchefstroom aangestel[133]. As ouderlinge is aangestel David Francois Jacobs van *Elandsfontein*, in die distrik Heidelberg, Frederik Gerhardus Wolmarans van *Boschhoek* in die distrik Potchefstroom, en PJ van Staden van *Dorenbosch* in die distrik Rustenburg. Die diakens was Pieter Frederik Strydom van *Kafferskraal* in die distrik Heidelberg, Pieter du Preez wat later in die distrik Zoutpansberg gewoon het, Gabriel Maree wat later na Lydenburg verhuis het en Stephanus Petrus Viljoen van *Witkop* in die distrik Potchefstroom. Met die aanstelling van die kerkraadslede begin die lewe van die georganiseerde kerk in die Oorvaalse.

Betreklik kort na die aanstelling van die kerkraad was ds Daniel Lindley in Potchefstroom en is die eerste kerkviering op 26 en 27 Maart 1842 daar onder tentseile gehou. By dié geleentheid het 103 lidmate belydenis van geloof afgelê en is 189 kinders gedoop. Die eerste naam wat in die doopboek van die gemeente voorkom, is die van *Dorothea*, 'n dogter van Kmdt AH Potgieter wat op 7 Mei 1841 gebore is[134]. Na hierdie besoek het ds Lindley as predikant van dié gemeente Potchefstroom nog één maal besoek en wel in Mei-Junie 1844.

Met Potgieter se trek na Oos-Transvaal het daar nie alleen 'n nuwe sentrum in die Oorvaalse by Ohrigstad en later Lydenburg ontstaan nie, maar het ook heelwat mense uit die westelike deel Potgieter na die ooste gevolg. Kerklik gesproke was Ohrigstad-Lydenburg aanvanklik 'n wyk van Potchefstroom. In 1849 het die

Volksraad die stigting van die dorp Lydenburg goedgekeur en op 24 September is LS Bothma en JH Breytenbach as ouderlinge en HM Grobbelaar en C Booysen as diakens aangestel[135]. Dit is opvallend dat die Volksraad die minimum getal ouderlinge aangestel het, naamlik twee. Dit het meegebring dat die diakens van die begin af as hulp-ouderlinge gefunksioneer het en so nie alleen lede van die kerkaadsvergadering was nie maar ook mede-seggenskap in die regering van die kerk gehad het.

As Kmdt Potgieter na Noord-Transvaal trek en daar Zoutpansbergdorp aanlê, word betreklik gou die eerste kerkraadslede benoem. Aanvanklik is Zoutpansberg as 'n deel van die gemeente Rustenburg beskou en was die eerste kerkraadslede wat deur die plaaslike owerheid aangestel is, lede van die kerkraad van Rustenburg. As ouderling is PJL Venter aangestel en as diakens DG Grobler en PDAS du Plessis[136]. Eers in April 1852 is die gemeente as 'n selfstandige gemeente van Rustenburg afgestig en toe was die kerkraadslede: PJL Venter en DG Grobler as ouderlinge en PDAS du Preez, JJ Potgieter, JD Venter en JH Jacobs as diakens[137]. So word Zoutpansberg die vierde gemeente in die Oorvaalse gebied. Die derde gemeente wat in die Oorvaalse gestig is, was die gemeente Rustenburg. Die gebied het ontstaan deurdat die Potchefstroomse Voortrekkers in noordwestelike rigting beweeg het om noord van die Magaliesberge 'n nuwe maatskappy tot stand te bring. Die Magaliesbergse gebied is betreklik vroeg bewoon miskien ook omdat Potgieter in 1841 hom daar gevestig het en vandaar, in 1845, na Oos- Transvaal getrek het. Teen 1845 het heelwat mense in die Magaliesbergse wêreld gewoon want in daardie jaar stel Potgieter vir GJ Kruger van Hekpoort aan 'om alle saaken waar te neemen en destrik van Mooy rivier en Magalies Bergh.' Drie jaar later, tydens 'n kerkviering te Hekpoort was ongeveer 'n 1 000 mense, groot en klein, daar teenwoordig. Reeds in 1850 word die gemeente Magaliesberg of Rustenburg van Potchefstroom afgestig en in 1851 is die eerste kerkgebou daar ingewy. Terselfdertyd is die dorp Rustenburg aangelê[138]. Die eerste kerkraadslede van hierdie gemeente was die ouderlinge JP van Staden snr., en HS Pretorius en die eerste diakens CJH Kruger, JF Schutte, JH Grobbelaar en JF Robbertsen. Hulle is op 17 November 1850 as sodanig bevestig.

Dit is belangrik om daarop te let dat die kerk in die Oorvaalse organies gegroei het uit die oorspronklike gemeente Potchefstroom wat in die begin die hele bewoonde Oorvaalse gebied omvat het. Selfstandige gemeentes is georganiseer of gestig sodra daar voldoende lidmate vir so 'n stap was. Die gemeentes wat selfstandig was, was daarom nog nie los van mekaar nie want die Voortrekkers het baie duidelik besef dat hulle kerk op die fondament van die verbond, waarvan die kinderdoop die merkteken en seël was, gebou is. Daarom het hulle, op die voet-

spoor van à Brakel, die kerk herken in die plaaslike gemeente waar die merktekens van die ware kerk gesien kan word maar ook in die landskerk of nasionale kerk wat al die gemeentes omvat het[139]). Die kerk was en is as landskerk een omdat die lidmate almal saam verbind is deur die eenheid in geloof en belydenis. Dit was 'n vanselfsprekende eenheid want Jesus Christus was en is die enige Hoof en Heer van die kerk. Dit is opmerklik dat die gemeentes in die Oorvaalse nooit 'n kerkverband gestig of in die lewe geroep het nie omdat dit nie nodig was nie. Al wat gebeur het, is dat, toe dit nodig was, 'n meerdere vergadering in die lewe geroep is. Dit is belangrik om daarop te let dat met die gemeentevorming en die verstaan van die kerk, die Transvaalse lidmate hulle nogal duidelik laat lei deur die werk van à Brakel. Van der Hoff verwys in 1859, tydens die Algemene Kerkvergadering van April 1859, na 'de vooral hier zoo hoog geroemde W van Brakel'[140]). Daarteenoor is dit moeilik om vas te stel of die Transvaalse lidmate wel kennis gehad het van die Kaapse kerkwette van 1824 en 1842, laat staan dat hulle eksemplare daarvan gehad het. Dit wil dus voorkom dat die denke van die Nederlandse verenigingsreg wat wel 'n rol speel in die strukturering van die Kaapse kerk, nié invloed gehad het in die Oorvaalse voor die koms van ds van der Hoff nie. Die afwesigheid van 'n predikant in die Oorvaalse het die ontwikkeling op kerklike gebied belemmer net soos dit ook belemmer is deur die spanninge en stryd wat daar tussen die verskillende regionaal-politieke groepe in die Oorvaalse bestaan het.

3.2 Besoekende predikante

Nadat ds Daniel Lindley in 1846 uitgetree het as predikant van die gemeente Pietermaritzburg was daar nie meer 'n moontlikheid dat hy sy besoeke na die Oorvaalse in 1842 en 1844 sou herhaal nie. Tog was daar verskillende besoeke wat deur predikante van die Kaapse kerk gebring is. In 1847 het die Kaapse sinode besluit om 'n deputasie na die Engelsgesinde trekboere wat langs die Riet- en Modderrivier gewoon het, te stuur. Die sinodale besluit was die gevolg van 'n besluit van die Ring van Graaff-Reinet om 'n kerklike afvaardiging na die Engelsgesinde trekboere wat langs die Rietrivier gewoon het, te stuur. Uiteindelik het net ds WA Krige dié besoek aangepak en die Rietriviermense besoek, daar gepreek en kinders gedoop. Hy het nie Nagmaal bedien nie omdat die Ring in 1840-1841 besluit het dat die sakramente nie aan die mense anderkant die Oranje bedien mag word nie.

By sy terugkeer het ds WA Krige by die Sinode van 1847 'n pleidooi gelewer vir meer kerklike aandag vir die 'uitgewekenen aan de Rietrivier.' Die sinode het besluit om wel 'n deputasie te stuur. Interessant is dat ds A Faure, wat vroeër skerp teen die Groot Trek gekant was, nou gestel het[141]).

> 'Hoe toch kan men aan hen zeggen, die daar buiten de Regeering des lands zijn, dat zij verdeeldheid in dezelve of in de kerk trachten aan te richten? Zij hebben zich, wel is waar, onttrokken aan de Regeering des lands, maar zij zoeken geen omverwerping.'

So is die uitsprake van die *Herderlijke Brief* van 1837 deur die Sinode van 1847 verbygegaan. Die feit dat die deputasie 'met volle magt' na die Transoranje gestuur is, het beteken dat die deputasie desgewens ook Nagmaal kon bedien.

Dit het waarskynlik saamgehang met die proklamasie van sir Peregrine Maitland van Augustus 1845 waarin hy bekend gemaak het dat die Trekkers noord van die Oranje- en Vaalrivier nie ontslaan was van hulle Britse onderdaanskap nie. Dit het vir die kerk in die Kolonie beteken dat hulle, as feitlike staatskerk van die Kolonie, die Voortrekkers weer as lidmate kon beskou. Die sinodale deputasie het bestaan uit ds A Murray snr, ds PK Albertyn en oudl B Pienaar. Die deputasie het in Maart 1848 vertrek en nadat die mense daar besoek is, het die deputasie self besluit om ook die Winburg-gebied, wat pas deur sir Harry Smith geannekseer is, te besoek. Dit nieteenstaande die feit dat daar van die Voortrekkers was wat gedreig het om die verdere reis van die deputasie nie toe te laat nie[142]). Die deputasie het egter sonder moeite Winburg bereik en daar weer kerkraadslede bevestig wat '... allen welgezind zijn jegens het Gouvernement'[143]). Daar besluit die deputasie toe om ook na Potchefstroom te gaan en vra dan aan Kmdt Louw Botha, wat in die omgewing van die huidige Kroonstad gewoon het, om reëlings vir hulle besoek te tref. Botha het redelik kortaf geantwoord[144]).

> 'Dat hij de brief aan hem gerigt had ontvangen en met ongenoegen gelezen, en daar de Commissie hun authoriteiten niet scheen te erkennen, hij zich overtuigd hield dat de Landdrost van Mooi Rivier niet zoude toelaten dat door de Commissie iets aldaar sou gedaan worden, waarom hij de ingesloten brief terugzond.'

Die deputasie het tog maar voortgegaan en op 10 April in Potchefstroom aangekom. Aanvanklik is die deputasie met argwaan begroet en veral Genl Andries Pretorius het hulle met agterdog bejeën omdat hy en andere hulle as moontlike afgesante van sir Harry Smith beskou het[145]). Daarom het hy geweier om sy invloed te gebruik om toestemming van die landdros te kry dat die predikante daar godsdiensoefeninge kon hou, en het hy Potchefstroom verlaat[146]).

Kmdt Gert Kruger van Magaliesburg het egter op die toneel verskyn en sy invloed gebruik sodat die twee predikante toestemming gekry het om godsdiensoefeninge te hou. Hulle het toe van 10 tot 19 April godsdiensoefeninge gehou en 'n groot getal kinders gedoop[147]). Dit was kenmerkend van die struktuur

van die Oorvaalse gemeenskap dat dit as vanselfsprekend aanvaar is dat die landdros toestemming moes verleen sodat godsdiensoefeninge gehou kon word. In feite moes 'n kerkraadsvergadering daaroor beslis het maar omdat die kerkraadslede nie in vergadering byeen kon kom nie, moes die landdros, as synde die plaaslike burgerlike owerheidspersoon dié toestemming verleen. Dit dui ook daarop dat die Transvalers hulleself as 'n onafhanklike kerk beskou het waarin die besoekende Kaapse predikante inderdaad as besoekers ontvang is.

Aangesien slegs twee kerkraadslede die godsdiensoefeninge bygewoon het, is daar ook nie kerkraadsvergaderings gehou nie. Dit was ook die korrekte optrede want die Kaapse predikante het geen *locus standi* in die onafhanklike Voortrekkerkerk gehad nie.

Die optrede van die predikante in Potchefstroom het meegebring dat hulle besoek gewaardeer is en dat hulle met dankbetuigings kon terugkeer na die Kaapkolonie.

In Oktober 1848 het die Kerkraad van Rietrivier, waar die Engelsgesinde trekboere gewoon het, 'n versoek na die Sinodale Kommissie gestuur om weer predikante na hulle te stuur[148]). Die Sinodale Kommissie het hierop besluit om die voorsitter dr PE Faure en dr W Robertson van Swellendam af te vaardig om dié reis te onderneem. Vanweë die pas-gelewerde slag van Boomplaas waar Gen Andries Pretorius tevergeefs getrag het om die anneksasie van die Oranjeriviergebied ongedaan te maak, was die inwoners van die gebied nog in rep en roer. Dr PE Faure het, om die reis moontlik te maak, die Kaapse regering vir hulp genader en op 28 September 1848 geskryf:

> 'Learning however from His Excellency, whose exertions to quell that wicked rebellion, the Almighty has graciously blessed, how desirable after such à state of excitement, the ministrations of the Gospel of peace would be, - we propose entering on our labours on the 16th proximo, and it is necessary that we travel with a little delay on the road as possible and at the same time as economically as circumstances will permit, I take the liberty of requesting that the use of one of the Government waggons may be granted us for the journey.'

Dié versoek en ander onderhandelings het daartoe gelei dat die Koloniale regering die onkostes van die deputasie gedra het omdat sir Harry Smith, die goewerneur, van oordeel was dat die besoek van die deputasie sou help om die inwoners van die nuut-geannekseerde Oranjerivier Soewereiniteit met die Britse bewind te versoen. Daarby was sowel dr PE Faure as dr Robertson troue ondersteuners van sir Harry Smith terwyl dr Robertson sterk negatief ingestel was teen

die Groot Trek en die hele Voortrekkerideaal[149]).

Die twee predikante het op hulle besoekreis in November 1848 die gemeentes Smithfield en Bloemfontein in die Oranjerivier Soewereiniteit gestig. Voordat hulle oor die Vaalrivier gereis het, het die twee predikante hulle voorgeneem om nie oor politieke sake te praat met die mense wat buite die Engelse koloniale gebied gewoon het nie. Die twee predikante het dienste te Potchefstroom en ook op *Hekpoort*, die plaas van Kmdt GJ Kruger gehou. In Rustenburg is ook kerkraadslede gekies en tydens 'n kerkraadsvergadering te Potchefstroom is die saak van kerkbou weer aangeroer.

Die dienswerk van die twee predikante is veral te Rustenburg hoog waardeer. In 'n waarderende skrywe van 22 Desember 1848 stel oudl PJ van Staden, en die diakens CJ Kruger en JF Schutte saam met manne soos Hoofkmdt AH Potgieter, Kmdt GJ Kruger, Gen AWJ Pretorius en andere[150]):

> 'Ach! mocht de dag toch niet verre verwijderd zijn, dat wij ook een waardigen Herder des Heeren onder ons mogten zien verschijnen, om voortdurend onder ons werkzaam te zijn; en indien wij dan mede als eens gemeente onder de Zuid-Afrikaanse Hollandsch Gereformeerde Synode opgenomen en bestuurd mogen worden, dan! ja dan! zouden wij nog weder hoop krijgen, dat de Zon des vredes en geluks ons weder op nieuw beschijnen zoude.'

Uit die skrywe word twee sake duidelik: Enersyds dat die behoefte aan 'n predikant wat in die Oorvaalse woon, baie groot was. Nieteenstaande die herderloosheid was die inwoners van die Oorvaalse nog steeds verknog aan die kerk en het hulle nog steeds gehoop om 'n predikant te kry. Die tweede saak wat na vore kom, is dat uit die skrywe afgelei kan word dat die predikante die voorwaarde gestel het dat die Oorvaalse gemeentes organisatories by die Kaapse kerk moet inskakel voordat hulle 'n predikant sou kon kry. Verder kan uit die skrywe afgelei word dat die kerklike en burgerlike leiers op hierdie stadium al so raadop was om 'n predikant te kry dat hulle bereid was om hierdie voorwaarde te aanvaar. Toe in Potchefstroom 'n soortgelyke versoek gerig is het dr PE Faure tog raad gehad. In 'n opmerking in *De Kerkbode* het dr PE Faure die saak so gestel[151]):

> 'De Commissie werd bij haar aanzijn onder de uitgewekenen dringend aangezocht, om bij de Synode van Zuid-Afrika te bewerken, dat zij van eenen Leeraar voorzien mogten worden; in dezen konden wij hun weinig hoop geven, uit hoofde van het groot gebrek aan Leeraars binnen de Kolonie; maar zij wees hun de weg naar Holland, zij

> noemde hun de Synode van Holland tot wien zich te wenden; zij raadde hun welke stappen zij bij zichzelven te nemen hadden, ten einde eenen Leeraar te kunnen onderhouden.'

Op grond van die advies van dr PE Faure het die kerkraad van Potchefstroom op 10 Februarie 1849 op die plaas *Hekpoort* in Rustenburg se wêreld vergader en toe is besluit om 'n blanko beroepsbrief met 'n begeleidende skrywe na Nederland te stuur[152]. Dié stukke het eers 'n jaar later in Nederland aangekom. Daar was toe in die Nederlandse kerk twyfel of die beroep nog geldig was en daar is toe besluit om eers verdere inligting in te win. Die skrywe het waarskynlik nooit die Kerkraad van Potchefstroom bereik nie want daar word nêrens daarvan melding gemaak nie. Die poging om 'n predikant uit Nederland te kry, het dus misluk.

Inmiddels het sir Harry Smith ds Andrew Murray jnr op 14 Maart 1849 per proklamasie as predikant van Bloemfontein aangestel[153] nadat sir Harry Smith in dieselfde proklamasie bepaal het dat die 'Dutch Reformed Churches within the District will be under the supervision of the Synod of that Church in the Colony.' Op 10 Januarie 1850 is ds Dirk van Velden deur die goewerneur as predikant van Winburg aangestel. Altwee hierdie predikante is deur die Engelse owerheid van 'n traktement voorsien.

Vanaf Bloemfontein het ds Murray sonder verdere opdrag van of sy kerkraad of die Kaapse Sinodale Kommissie 'n hele paar besoeke aan die herderlose gemeentes in Transvaal gebring. Dit het miskien saamgehang met ds Murray se siening van sy opdrag toe hy in Bloemfontein aangestel is. Toe het hy aan dr A Faure geskrywe[154]:

> 'Daar ik mij reeds tevoren aan de Commissie naar de Uitgewekenen bereid verklaard heb deze post te aanvaarden, en daar er tot nog toe niets in den weg gekomen is om mij de overtuiging te ontnemen dat ik in den weg des Heeren ben, wanneer ik aldus handel, zoo wensch ik bij dezen te verzoeken dat U H Eerw deze betrekking als door mij aangenomen wilt beschouwen.'

Tog kon dit ds Murray nie ontgaan het nie dat sy dienswerk, kragtens sir Harry Smith se proklamasie, beperk was tot die Oranjeriver Soewereiniteit. Ds Murray se besoeke na die Oorvaalse het egter geskied met die medewete en instemming van die Engelse owerhede in die Soewereiniteit omdat geoordeel is dat ds Murray se dienswerk die Oorvaalse inwoners gunstig sou stem teenoor die Engelse gesag[155].

Ds Murray se eerste besoek was van 3 Desember 1849 tot 21 Januarie 1850

en in dié tyd het hy in hoofsaak wes- en noordwes Transvaal besoek. Hy het sonder nader oorleg godsdiensoefeninge gehou, kinders gedoop, Nagmaal bedien en kerkraadsvergaderinge gehou.

Gedurende Oktober 1850 het hy die Oorvaalse weer besoek, by Suikerbosrand aangedoen en ook na Lydenburg gereis. In April 1851 het ds Murray saam met sy broer ds John Murray van Burgersdorp 'n derde besoek aan die Oorvaalse gebring. Tydens hulle besoek aan Rustenburg het ds Andrew Murray die kerkgebou van Rustenburg ingewy. Op dieselfde dag is 'n kerkraadsvergadering gehou met ds Andrew Murray as voorsitter en sy broer as skriba. Daar was ook twee kerkraadslede van Potchefstroom, FG Wolmarans en CA Bothma, asook 'n kerkraadslid van Lydenburg, JA Beetge, teenwoordig. Tydens die vergadering is 'n versoekskrif van 'n groot aantal lidmate ingedien wat gevra het dat ds Andrew Murray as predikant van Rustenburg beroep moes word en dat die Kaapse Sinodale Kommissie gevra moet word om dié beroep te ondersteun.

Ds John Murray het aan die hand gedoen dat HE Faure, wat toe nog met sy studies in Nederland besig was, beroep moes word. Dit is so aanvaar maar die volgende dag is die besluit teruggetrek en tog besluit om ds Andrew Murray te beroep.

Die predikante het aan die Kerkraadsvergadering voorgestel om afgevaardigdes van Rustenburg na die Ring van Transgariep te stuur. Dit was 'n implisiete versoek dat die gemeente Rustenburg, homself as deel van die Kaapse kerklike organisasie moet beskou en daarom afgevaardigdes na 'n meerdere vergadering van die kerk moes stuur. Die Kerkaad het egter besluit ' in verband met politieke zaken het voorstel niet aan te nemen.'

'n Week later het die predikante die versoek in 'n Kerkraadsvergadering in Potchefstroom herhaal. Ook in Potchefstroom is die voorstel nie aangeneem nie. Dit het waarskynlik veroorsaak dat ds Andrew Murray die beroep nie aangeneem het nie[156].

Dit is natuurlik 'n oop vraag of ds Andrew Murray, aangestel deur die Engelse goewerneur by magte was om die opdrag neer te lê en na Rustenburg te gaan. Daarby is dit duidelik dat die Kaapse Sinodale Kommissie nie die bevoegdheid gehad het om 'n predikant vir Transvaal te beroep of aan te wys nie. Dit was die prerogatief van die Engelse goewerneur om predikante in en vir die Kaapse kerk aan te stel. Omdat die Oorvaalse buite die Engelse empire gestaan het, was dit ook duidelik dat die Engelse goewerneur nie 'n predikant daar sou kon aanstel nie. Die noue verbondenheid van die Kaapse kerk met die Koloniale owerheid het die voorsiening van 'n Kaapse predikant vir die Voortrekkers dus onmoontlik gemaak. Al moontlikheid wat die Kaapse kerk vir so 'n saak gesien het, was die inskakeling van die Voortrekkerkerk in die Kaapse kerklike organisasie. Die saak is

implisiet so die eerste maal deur dr PE Faure in 1848 gestel en in 1851 baie meer eksplisiet deur die twee Murray-broers. Dit wil voorkom dat die Kaapse predikante die Voortrekkers nog steeds as Britse onderdane gesien het en dit daarom vanselfsprekend geag dat die Voortrekkerkerk organisatories by die Kaapse kerk sou inskakel. Die Voortrekkers daarenteen het van die begin daarna gestrewe om 'n selfstandige Voortrekkerrepubliek op te rig waarin 'n onafhanklike landskerk sou bestaan. Dit was dus duidelik dat die twee partye, die Murray-broers aan die een kant en die Kerkraadsvergaderings van Rustenburg en Potchefstroom aan die ander kant kerklike sake in die Oorvaalse vanuit 'n ander hoek gesien het en daarom nie tot 'n vergelyk kon kom om 'n predikant uit die Kaapse kerk vir die Voortrekkergemeentes te vind nie.

3.3 Die inlywing van die Transvaalse gemeentes by die Kaapse kerk

Die herderloosheid van die Transvaalse gemeentes was 'n saak wat in die kerk 'n neerdrukkende effek gehad het. Dit was duidelik dat die afwesigheid van een of meer predikante ook die ontwikkeling van die gemeenskap gestrem het, netsoos die skaarste aan onderwysers, regsgeleerdes, opgeleide amptenare en vakbekwame ambagsmanne. Hoewel die pionierfamilies vir 'n baie groot deel selfversorgend was en met groot vindingrykheid kon voorsien in die meeste daaglikse behoeftes, was dit tog so dat die geordende gemeenskap bykomende eise gestel het waarvoor die bevolking self nie altyd opgewasse was nie[157]). Die sporadiese besoeke van die Kaapse predikante het wel daartoe bygedra dat die kerk nie heeltemal tot stilstand gekom het nie maar dit was nie die manier om 'n lewende kerklike gemeenskap te bou nie. Geleidelik het dit duidelik geword dat alles in die werk gestel moes word om 'n predikant te bekom. Nie net kerklike ampsdraers nie, maar ook leidinggewende owerheidspersone het met die moontlikhede tot hulle beskikking, die ideaal probeer bereik[158]).

Die beroep van ds Murray en die daarmee saamgaande versoek aan die Kaapse Kerk vir 'n predikant, het die Sinodale Kommissie beweeg om weer 'n afvaardiging na die Oorvaalse te stuur. Dr PE Faure wat dié sending voorgestel het, het dit gesien as 'n manier om die situasie in die Oorvaalse te beredder omdat ds Murray nie die beroep na die Oorvaalse aangeneem het nie. Hy stel dan[159]):

> '... hoe dringend de behoefte aan een Herder en Leeraar over de Vaal rivier ook zijn mogt, het mij voorkomt niet raadzaam te zijn dat de Synodale Commissie het gedaan verzoek in willigt. Gelijkelijk toch behoort de Synodale Commissie de belangen van alle Gemeenten te behartigen. En zoude zij, om in de behoeften der Overvaalsche

> Gemeenten te voorzien op deze wijze niet een allergevoeligsten slag toebrengen aan de Gemeente van Bloemfontein en die waarvan Ds Murray thans de consulent is?....
>
> Is het aan het ene zijde dan wellicht de plicht der Synodale Commissie om gedane verzoek niet in te willigen, aan de andere zijde komt het my voor hare gebiedende pligt te sijn, hare belangstelling in het eeuwig geluk van de duizenden over de Vaal Rivier wonende, in daden te betoonen.'

Hieruit en uit die briefwisseling wat aan die einde van 1851 gevoer word, word dit duidelik dat die Kaapse sinodale kommissie as vanself-sprekend aanvaar dat die gemeentes oorkant die Vaalrivier, hoewel miskien nie formeel deel van die Kaapse kerk nie, tog as lidmate van die kerk beskou is. Die feit dat ds Murray 'uit eigen beweging uit diep gevoel voor die van de dierbare genademiddelen zo zeer verstokene *leden onze kerk*,' in die Oorvaalse gemeentes opgetree het asof hy daar 'n konsulent was en die kerkraadsvergaderings dit aanvaar het sonder opmerking, het natuurlik bygedra om die opvatting by dr PE Faure te vestig[160].

So gebeur dit dat ds A Murray van Bloemfontein en ds JH Neethling van Prins Albert wat op 17 April 1857 gelegitimeer is en nog minder as 'n jaar predikant was, as afgevaardigdes van die Kaapse kerk na die Oorvaalse vertrek het.

Hierdie afvaardiging het in Maart 1852 in Transvaal aangekom. Intussen het daar egter één saak gebeur wat van geweldige belang vir die Oorvaalse was. Dit was die ondertekening van die Sandriviertraktaat waarvolgens Engeland die onafhanklikheid van die Trekkers noord van die Vaalrivier erken het. Daarmee het die Voortrekkerideaal in vervulling gegaan en is die Voortrekkers ook finaal ontslaan van hulle trou aan de Engelse Koningin en hulle burgerskap van die Kaapkolonie. Die Sandriviertraktaat wat op 17 Januarie 1852 by Sandrivier geteken is deur die gevolmagtigdes, is op 16 Maart 1852 deur die Volksraad te Rustenburg bekragtig. Daarmee is die onafhanklikheid van die Oorvalse gebied gefinaliseer.

Die gebeure by Sandrivier het egter ook uitgekring op die kerklike vlak want ds A Murray se teenwoordigheid en optrede by Sandrivier het 'n mate van verwydering tussen hom en die Transvaalse leiers veroorsaak. Ds Murray het die oordeelsfout begaan om hom deur Maj Warden te laat oorreed om sy invloed by die Transvalers te gebruik. So het hy Gen AWJ Pretorius afgeraai om na Sandrivier te kom en verder, tydens die samesprekings, Pretorius se beplanning deurkruis. Waar Pretorius en sy afvaardiging alles in hulle vermoë gedoen het om ook die Vrystaatse deel van die ou Voortrekkerrepubliek in te sluit in die onafhanklikheidserkenning, het ds Murray sy invloed gebruik om die Engelse gesag oor die Transoranje te bestendig. Ds Murray het dus by Sandrivier teenoor die Transvalers gestaan en was

mede-verantwoordelik daarvoor dat net die Oorvaalse onafhanklikheid deur Engeland erken is[161]). Vanselfsprekend moes dit die argwaan wat sir Harry Smith by die Voortrekkers teen die Kaapse predikante geplant het, weer laat groei[162]). Tereg stel Storm in hierdie verband[163]):

> 'Die intieme band tussen die Kaapse predikante en die Britse owerheid het hier weer na vore gekom en dit moes noodwendig lei tot vervreemding tussen die Transvalers en predikante uit die Kaapkolonie wat vir hulle aanstelling en leeftog van die Britse goewerneur afhanklik was.'

Dit het dus beteken dat die vertroue wat ds Murray geniet het en waarvan sy beroep 'n bewys was, enigermate geknou is. Dit het al geblyk by Suikerbosrand (Heidelberg) waar sommige lidmate, vanweë politieke oorwegings, nie die godsdiensoefeninge bygewoon het nie. Vandaar het die afvaardiging oor Renosterpoort en Lydenburg na Zoutpansbergdorp gereis en vandaar het hulle ook nog die huidige Zeerust-omgewing besoek voor hulle in Mei 1852 weer terug was in Potchefstroom.

In Potchefstroom is 'n soort gekombineerde kerkraadsvergadering gehou om oor die kerklike toekoms te praat. Benewens die kerkraad van Potchefstroom was oudl Schutte van Rustenburg daar teenwoordig terwyl die twee predikante ook namens Lydenburg sitting geneem het.

Volgens die relaas opgestel deur die twee predikante vir voorlegging aan die Volksraad, het oudl Schutte die vraag gestel wat die kerkaad moet doen om 'n predikant uit die Kaapkolonie te kan kry. Dan word gestel[164]):

> 'De Heer Neethling neemt nu het woord, en deelt den vergadering mede, dat hij aan dit onderwerp veel van zijne gedachten heeft gewijd. Hij wil, met biddend opzien tot God, alles in zijn vermogen aanwenden, om zoo spoedig mogelijk een bekwamen, ijverigen, Godgewijden Leeraar alhier te zien arbeiden, voor en aleer hij een bevredigend antwoord op de volgende vragen zal hebben ontvangen:
>
> 1. Zal de Leeraar, herwaarts beroepen, lid blijven van de Synode der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika? En blijven de gemeenten aan deze zijde, hoewel burgerlijk afgezonderd, geestelijk onder het gezag van de Synode?
> 2. Zal aan een Leeraar een jaargeld, naar bepaling van vroeger Rds 3 000, worden toegekend en door den Raad, op gezette tijden aan hem worden betaald, gelijk dit in de Kolonie door het Gouvernement geschiedt?
> 3. Zal de Raad erkennen, dat de Leeraar, in de uitoefening van zijn geestelijk ambt,

geheel vrij is van alle wereldsch gezag?

4. Zal de Raad eenige aanklagt in het geestelijke, tegen den leeraar geopperd, terstond verwijzen naar eene Commissie van geestelijk toezigt, of van den Kerkraad der gemeenten?'

Daarop het ds JH Neethling nog twee verdere sake voorgelê wat hy van belang geag het naamlik 1. dat elke beroep eers vir goedkeuring aan die Volksraad voorgelê moet word en 2. dat 'n burgerlike vergryp deur 'n predikant deur die Volksraad gestraf moet word. In 'n uitvoerige toeligting het ds Neethling verder gestel:

'De vordering gedaan in deze vier vragen, worden nader door den heer Neethling toegelicht, als in het minste niet gevaarlijk voor de burgerlijke vrijheid dezer gewesten. De Leeraar toch, die herwaarts komt, erkent en eerbiedigt het burgerlijk gezag van den HE Volksraad, als van God verordende Overheid des lands, en staat met geene ander regeering in verband als onderdaan.

De leeraar is verantwoording schuldig in leer en wandel aan den Kerkeraad der verschillende gemeenten wier zielzorg hij waarneemt, en, te zamen met dezen Kerkeraad, geeft hij verantwoording aan de Synode van de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika. De Synode bemoeit zich in het minste niet met de burgerlijke belangen dezer gewesten. De Synode houdt een wakend oog over het geestelijk leven der zielen alhier. ... De Synode heeft geen belang om deze gewesten onder Engelsche overheersching, maar de zielen hier, onder het koninkryk van Jezus Christus te zien gebracht.... Daarin is geen gevaar hoegenaamd voor de burgerlijke vrijheid der maatschappij. En slechts wanneer de HE Volksraad de gemeenten hier wil beschouwen, als staande in kinderlijke betrekking met de Synode der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, kan hij besluiten en beloven zijne krachten te wijden aan eene zaak, voor den bloei niet slechts in het geestelijke, maar, gelijk vanzelf spreekt, ook in het maatschappelijke zoo onontbeerlijk: de komst van eenen leeraar herwaarts.'

Daarna het ds Neethling die voordele van 'n verbintenis aan die sinode beklemtoon. Hier het hy veral op twee sake klem gelê:

'... het gezag der Synode is een waarborg tegen alle traagheid of willekeur van den kant van Leeraar en Kerkeraad, die aan haar verantwoording schuldig zijn, waarbij blijken moet of alles ordentlik en eerbaar is toegegaan.

> Het gezag van de Synode is een waarborg tegen het indringen van vreemde en valsche leerstellingen ....
>
> Maar zijn deze gewesten los van de Synode, wie is hier in staat om de zuiverheid van de leer, die gepredikt wordt te onderzoeken? Neen! dan zag hij den tijd komen, dat deze gewesten een toevluchtsoord wierden voor menig valschen Leeraar ....'

Verder het ds Neethling sterk klem daarop gelê dat die Volksraad nie as 'n 'geestelijke regtbank' kan of mag optree nie en dat alleen 'n kerklike liggaam dit mag wees.

Die Kerkraad het ingestem met ds Neethling se uitleg en besluit om die vier vrae, vir beantwoording aan die Volksraad voor te lê. Soos dit gestel word:

> '... den HE Volksraad voor te leggen, ... om Hoogstdeszelven in williging en vaststelling van de vier vragen door ons gedaan onder de wetten des lands, terwijl wij het goedvinden van de HE Synode ... over deszelve inwachten.'

Die skrywe van ds Neethling is voor die Volksraad gelê. Op 14 Junie te Potchefstroom, het die Volksraad die voorstel aanvaar[165] en C Potgieter, die voorsitter van die Volksraad, het dit skriftelik as volg bevestig[166]:

> 'De vragen, daarin gedaan .... Heeft de WelEd. Volksraad in overweging genomen, en, na rijp overleg is HEd er toe overgegaan, om gemelde vragen met *ja* te beantwoorden, weshalve de WelEd Volksraad, U, WelEerw. Zeergel heer Neethling, als agent, ter vriendelijksten verzoekt, toch alles aan te willen wenden, wat in uw vermogen is, opdat wij eenmaal een Leeraar in ons midden mogen ontvangen, ... O! dat onze bede eens gehoord en verhoord worde, dat wij het voorregt smaken om ook een herder onder ons te zien....'

Die hele saak, is toe deur ds JH Neethling ter sprake gebring by die sinode van die Kaapse kerk, wat in Oktober 1852 in Kaapstad gehou is. Toe die saak dáár, die eerste maal op 15 Oktober ter sprake gebring is, het ds SP Heyns daarop gewys dat art 2 van die Ordonnansie 7/1843 wat die Kerkwet van die kerk bevat, verwys na die kerk binnen de kolonie en is besluit dat eers die advies van die prokureur-generaal gevra sal word of die sinode by magte is om die gemeentes in te lyf[167]. Op die 16de Oktober het die prokureur-generaal, W Porter, sy opinie oor die wettigheid van die inlywingsvoorstel, voorgelê. Daarin het hy onder andere gestel[168]:

'... I have the honour to state that there is not, in my opinion, any impediment which should prevent the Synod, acting under the provisions of Ordinance No 7 - 1843, Sec 4, from admitting by some rule or regulation proper for the purpose, any ministers and congregations beyond the boundaries of the Colony, which, if within those boundaries, would belong to the Dutch Reformed Church.

2. The Ordinance appears to me to contemplate the Church as a spiritual Body, unconfined by territorial, or, to speak more accurately by Colonial limits. It designated that Spiritual Body as the Dutch Reformed Church in South Africa. And to deprive that Church of the principle of gradual growth, in reference to Her Members scattered over the territories adjacent to the Cape would, I think, have been a proceeding so unwise that the legislation should not be presumed to have intended it.

Daarby het Porter aanbeveel dat '... all other provisions and phrases which give the Church a purely Colonial character, should be revised and amended.' Dit het meegebring dat die saak van die inlywing weer op 18 Oktober ter sprake gebring is. Nadat besluit is om die aanbevole veranderinge in die Kerkwet aan te bring is besluit: 'eene Commissie te benoemen, om de voorwaarden te bepalen, waarop de Inlijving zal geschieden, en die tevens aanwijzing zal hebben te doen of er eenige, en welke, veranderingen in de Wetsbepalingen noodzakelijk zij'[169].

Die betrokke kommissie het op 21 Oktober die volgende voorwaardes vir die inlywing voorgestel[170]:

'1. De inlijving van de Overvaalsche gemeenten worde daargesteld.
2. De door de HE Volksraad beantwoordde vragen zijn de vastgestelde voorwaarden waarop de inlijving plaats hebbe.
3. Deze gemeenten worden geheel en al bestierd naar de wetten en bepalingen van de Ned Geref Kerk van Zuid-Afrika, met in achtneming van de door de Volksraad beantwoordde vragen.
4. Zij worden verklaard te behooren tot den Ring van Transgariep.
5. Zij zorgen voor de reiskosten hunner afgevaardigden naar Ring en Synode terwijl de Synode van die gemeenten geene fondsen daartoe verwacht.
6. De Synode houdt zich niet verantwoordelijk voor het salaris der Predikanten, 't welk door de HE Volksraad gewaarborgd wordt.'

Dié besluit is toe so deur die sinode aanvaar hoewel ds van der Lingen daarop gewys het dat hy verwag dat die aangenome voorstelle 'groote botsingen en moeijlijkheden' tot gevolg sal hê[171]. Daarmee was wat die sinode betref die saak afgehandel en die gemeentes ingelyf. Van dié besluit is toe sowel aan die Kaapse goewerneur as die Volksraad in Transvaal kennis gegee.

4. OPMERKINGS OOR DIE INLYWING

Die merkwaardige van hierdie hele inlywingsprosedure is dat uit die stukke blyk dat dit vir die Kerkraadsvergadering en die Volksraad primêr gegaan het om 'n predikant of predikante vir die vakante gemeentes te bekom. Aan die ander kant blyk dit dat dit vir die sinode primêr om die inlywing van die Transvaalse gemeentes in die Kaapse kerklike struktuur gegaan het. Ds van der Lingen was die enigste lid van die sinode wat die verskil in benadering raakgesien het en daarom het hy ook probleme voorsien. Die verskillende aspekte van die hele saak, kan as volg aangedui word.

4.1 Inlywing

Die sinode en die afvaardiging na Transvaal praat konsekwent oor *die inlywing* van die Transvaalse gemeentes by die Kaapse kerklike struktuur. Maar in dieselfde asem het ds JH Neethling, in die inlywingsvoorwaardes wat aan die Volksraad voorgelê is, gevra 'En *blijven* de gemeenten ... geestelijk onder het gezag der Synode.' Daarmee stel ds Neethling dat die lidmate en gemeentes in die Oorvaalse nog altyd deel van die Kaapse kerk was, 'onder het gezag der Synode' gestaan het. C Spoelstra probeer die saak so motiveer dat die afvaardigings van die Kaapse kerk na die Voortrekkers die organiese band in stand gehou het en dat die gebeure van 1852 slegs 'n juridiese handeling was om die bestaande organiese eenheid sigbaar te laat word[172]). Die siening neem nie in ag nie dat die Voortrekkergemeentes en Voortrekkerkerk 'n volkome selfstandige en onafhanklike kerk buite die struktuur van die Kaapse kerk was. Dat die Voortrekkerkerk inhoudelik en teologies-godsdienstig nog dieselfde as die Kaapse kerk was, het egter nie verskil dááraan gemaak nie. Dit is reeds aangetoon dat die Voortrekkerkerk en die gemeentes wat in Transvaal ontstaan het, volkome sonder die toedoen van die Kaapse kerk ontstaan het, en dat hulle nooit aan die gesag van die sinode onderworpe was nie en ook nooit organisatories deel van die Kaapse kerk was nie. Hoewel tot die ondertekening van die Sandriviertraktaat in Januarie 1852 geredeneer is dat die Voortrekkers Engelse onderdane was en daarom miskien ook lidmate van die koloniale kerk gebly het, het die Sandriviertraktaat dié argument vernietig.

Die blote feit dat die begrip *inlywing* gebruik is, dui daarop dat sowel die Kaapse sinode as die Transvaalse gemeentes volkome bewus daarvan was dat daar nié 'n vanselfsprekende band tussen die onafhanklike Transvaalse gemeentes, wat die 'oorblyfsel' van die Voortrekkerkerk was, en die Kaapse kerk was nie. Alleen deur 'n formele *inlywing* kon dié gemeentes deel word van die Kaapse struktuur. Buitendien moes sir Harry Smith in Maart 1849 óók per proklamasie die onafhanklike Voortrekkergemeentes in die Oranjeriviergebied 'inlyf' in die Kaapse

kerklike struktuur. Verder, gesien die teokratiese struktuur wat die Voortrekkers aan hulle gemeenskap gegee het en die intieme verhouding wat daar tussen kerk en owerheid bestaan het, was dit volkome vanselfsprekend dat die Transvalers nooit hulleself as nog deel van die kerk in die Engelse Kaapkolonie beskou het nie. Ds JH Neethling se stelling in sy eerste vraag aan die Volksraad was 'n volkome miskenning van die Voortrekkergeskiedenis en die kerklike ontwikkelinge in die Voortrekkergemeenskap. Dit is miskien verstaanbaar want in die Kaapse kerk is sondermeer aanvaar dat die Transvalers 'leden onzer kerk' is sonder dat vir die opvatting enige kerkregtelik deugdelike gronde bestaan het. Iemand is tog éérs lidmaat van 'n gemeente en die Transvaalse gemeentes was nie deel van die Kaapse kerklike struktuur nie en daarom was dit onmoontlik dat die Transvalers lede van die Kaapse kerk kon wees. Dit blyk verder uit die feit dat met die konstituering van die Ring van Transgariep in 1850 die Kaapse sinodale kommissie besluit het om die gemeentes 'in de Souvereiniteit, in vereeniging met Natal' in die Ring op te neem. Die gemeentes in die Oorvaalse word nie eers genoem nie wat tog daarop dui dat in die Kaapse kerk self die Transvaalse gemeentes nie gereken word as gemeentes van daardie kerk nie. Dit is dus duidelik dat dit hier inderdaad om 'n inlywing gegaan het van gemeentes wat van die begin van hulle bestaan *buite die Kaapse kerklike organisasie gestaan het*. Die blote feit dat Kaapse predikante daar besoeke afgelê het en dat ds Andrew Murray as 'n soort self-aangestelde konsulent daar opgetree het en in die kerk leiding gegee het, het niks daaraan verander nie. Ook die feit dat die Transvaalse gemeentes na die kerk in die Kolonie gekyk het en daar vir 'n predikant gevra het, beteken nog nie dat hulle deel van die Kaapse kerklike struktuur was nie. Dan sou die versoek en die beroepsbrief wat na Nederland gestuur is in 1849 moes suggereer dat die Transvaalse gemeentes in 'n verband met Nederland gestaan het!

Ten slotte wat hierdie saak betref, is dit ook uit Wim Porter se advies duidelik dat hy die Transvaalse gemeentes nié as deel van die Kaapse kerk beskou het nie want hy praat van '... *admitting* ... any ministers and congregations....' Met ander woorde dit is 'n *toelating* of 'n inlywing van gemeentes wat tot op daardie stadium *buite* die organisatoriese struktuur van die Kaapse kerk gestaan het.

Die gevolgtrekking wat gemaak moet word is dat die woord *inlywing* die onafhanklike bestaan van die Transvaalse gemeentes as die gewone voortsetting van die onafhanklike Voortrekkerkerk, erken en gebillik het.

4.2 Die seggenskap van die Engelse goewerneur in die Kaapse kerk

By die Kerkraadsvergadering en by baie lidmate was daar teenkanting teen die inlywing van die Transvaalse gemeentes in die Kaapse kerklike struktuur vanweë die

seggenskap wat die Engelse goewerneur in die Kaapse Kerk gehad het. Hoewel die band met die Engelse owerhede deur die Kaapse kerkwet van 1842 (Ordonnansie 7 van 1843) losser gemaak is, het artikel 5 van die Ordonnansie baie duidelik gestel[173]:

> '5. And be it enacted that in every case in which a vacancy shall occur in the office of minister in any congregation belonging to the said church of which the congregation the minister for the time being receives a salary from the colonial government, the governor of this colony for the time being shall have and possess and shall exercise in whatever manner he shall deem the best for the vacant congregation the sole and unrestricted right of filling up such vacancy by the appointment of whatever individual he may select from amongst the numbers of such ministers as shall by the rules and regulations of the said Dutch reformed church for the time being be competent to be appointed to supply vacancies to the ministry thereof.'

Daarby word in die Kerkwet self, wat as 'n *schedule*, toegevoeg is aan die Ordonansie, in art 62.15 en ook art 63a gestel dat alle aankomende predikante se name aan die goewerneur voorgelê moet word. Daarby bepaal art 64.3.6 dat die predikante '... be very careful to cast no reflections upon government or its administration.'

Hierdie regulasies en reëls het aan die goewerneur wye magte gegee en dit is ook so deur die goewerneurs gebruik. So is, byvoorbeeld, ds Daniel Lindley in 1846 en ds FL Cachet in 1862 as predikant in Natalse gemeentes aangestel sonder dat hulle of deur die Sinodale Kommissie tot die amp toegelaat is of dat hulle lidmate van die Kaapse kerk was. Daarby het die goewerneur, sonder kennisname van die kerklike mening, predikante aangestel in gemeentes waar hulle sou kon bydra om die Engelse invloed uit te brei soos in die Oranjerivier Soewereiniteit gebeur het met die aanstelling van ds A Murray in Bloemfontein en ds D van Velden in Winburg. Daarby het die goewerneur, wanneer dit hom gepas het, predikante gebruik om die Engelse politiek te steun en te verduidelik soos in die geval van dr A Faure wat na Natal gestuur is en dr PE Faure en dr W Robertson na die Oranjerivier Soewereiniteit.

Hoewel artikel 5 van Ordonnansie 7 van 1843 nie in die Oorvaalse toegepas sou word nie omdat die Volksraad daar die standplaas sou onderhou, het die atmosfeer en gees van die Kerkwet en die kerklike praktyk 'n verknooptheid aan die koloniale owerhede en die Engels-kulturele aanslag op die Afrikaner vertoon, wat tereg in die Oorvaalse tot versigtigheid gemaan het. Die feit dat die Engelse goewerneur se jurisdiksie beperk was tot die gebied suid van die Vaalrivier, het in

die lig van die Engelse uitbreidingsdrang in suidelike Afrika in die Oorvaalse nie veel gewig gedra nie.

4.3 Die Kaapse sinode 'n waarborg?

'n Merkwaardige opmerking van ds JH Neethling was dat die *gesag van die sinode* 'n waarborg sou wees dat 'n predikant in Transvaal nie traag of willekeurig sou wees nie en verder teen die indringing van vreemde en valse leerstellings.

Hieruit blyk dat ds Neethling 'n skewe opvatting van die kerklike orde het want *die sinode* kan, met die beste wil in die wêreld, nooit 'n waarborg wees in dié sin wat hy dit hier stel nie. Daarby het hy skynbaar vergeet dat in 'n reformatoriese kerk die opsig oor die leer en lewe van die predikant, in die eerste plek, by die ouderlinge en die kerkraadsvergadering lê. Om op dié manier die sinode tot 'n waarborg te verhef en die kerkraadsvergadering so na die onbenullige te reduseer, is ds Neethling juis besig om die willekeur en vreemde leerstellings, waarvan hy die gemeentes wou vrywaar, in die kerklike denke in Transvaal in te dra. Dit was egter duidelik uit die geskiedenis van die Voortrekkerkerk vanaf 1837 dat in dié kerk behoorlike dissipline op die vlak van leer en lewe gehandhaaf is. Dit is nogal merkwaardig dat in die inlywingsvoorwaardes wel gestel word dat die Volksraad sal onderneem om 'eenige aanklacht in het geestelijke' dadelik te verwys na of 'n 'Commissie van geestelijk toezicht' (wat se soort liggaam dit ookal mag wees) of na die kerkraad. Hier word wel 'n kerkordelik-korrekte weg aangedui maar wanneer ds Neethling die voorwaardes toelig dan verdwyn die kerkraadsvergadering heeltemal uit die prentjie.

Ds Neethling se optimistiese stelling dat die sinode in die Engelse Kaapkolonie so 'n effektiewe waarborg sou wees teen die indringing van valse en vreemde leerstellings is in die geskiedenis van die Kaapse kerk op 'n nogal wrange manier geloënstraf. Die sinode, het toe geblyk, was nie eers in staat om predikante wat deur die sinodale kommisie tot die amp van predikant toegelaat is, uit die amp te verwyder omdat hulle vreemde en valse leerstellings in die kerk ingedra het nie. Verder was die sinode in 1871 nie in staat om raak te sien dat ds Andrew Murray 'n afwykende mening ten opsigte van die Dordtse Leerreëls verdedig het nie[174]. Dit is dus duidelik dat ds Neethling hier 'n voorstelling van die sinode gegee het wat kerkregtelik nie in orde was nie en wat ook nie met die werklikheid gestrook het nie.

Dit is verder duidelik dat ds Neethling 'n grotendeels sekulêre inhoud aan die begrip *gesag* toeken en nié daarmee rekening hou dat die enigste gesag wat in die kerk kan geld, die gesag van Jesus Christus, die hoof van die kerk is. Dié gesag in die kerk is dus die gesag van sy woord. Dié Skriftuurlike maatstaf vir die gesag word hier gladnie genoem nie. Daarmee kan net tot die gevolgtrekking gekom word

dat hierdie argument van ds Neethling, kerkregtelik gesproke, as nietig beskou moet word.

4.4 Die verkryging van 'n predikant

As die gang van sake sorgvuldig bekyk word, blyk dit dat dit vir die gekombineerde Kerkraadsvergadering en die Volksraad primêr gegaan het om 'n predikant vir die vakante gemeentes in die Oorvaalse te kry. Die versoek word alleen voorwaardelik deur dr Neethling hanteer en die verleentheid word gebruik om die Transvaalse gemeentes te laat toestem tot inlywing. Dit is ook duidelik dat nadat die Transvaalse gemeentes en die Volksraad inlywing aanvaar het, as dit dan die enigste manier was om 'n predikant te bekom, ds Neethling van sy onderneming vergeet het. Hy het tog gestel: 'Hij wil ... alles in zijn vermogen aanwenden, om zoo spoedig mogelijk een bekwamen, ijverigen, Godgewijden Leeraar alhier te zien arbeiden.' Indien ds Neethling hom vir hierdie saak beywer het, het geen spoor daarvan vir die nageslag bewaar gebly nie. Dit is ook 'n oop vraag of dit inderdaad vir die sinode moontlik was om 'n predikant vir die Transvaalse gemeentes te voorsien of te stuur. Die indruk word gewek dat dr Neethling van mening was dat as die Transvaalse gemeentes eenmaal ingelyf was, dat hulle dan self 'n predikant vanuit die Kolonie moes beroep. Volgens die Kaapse kerklike struktuur was dit nie moontlik om 'n predikant te stuur nie.

Die verskil in benadering word duidelik as gelet word op 'n mededeling van ds van der Hoff aan prof Lauts van 1 Augustus 1853[175]).

> 'Men wil van de Kaapsche Synode niets weten. Nu zal seker uwe verwondering nog hooger klimmen, wetende dat de Transvaal republiek kerkelijk door de Synode is ingelijfd. Dit is zoo, en wel op hun eigen verzoek, geteekend door eenige leden van den Volksraad. Nu wordt het u zeker nog onbegrijpelijker. Het zal u echter duidelijk worden als ik zeg, dat dat verzoek niet alleen zedelijk is afgeperst, maar ook aan de voorwaarde niet voldaan is. De bedreiging was: Onderwerping aan de Synode en de Kaap, of ge krijgt geen Leeraars, want op Holland behoeft ge niet te rekenen, enz. enz., Hollandsche ketterij enz. ens. - wat moesten zij doen, verlangende als zij waren naar een Leeraar? De volksraad moest teekenen, of de gemeenten hadden tegen hen opgestaan. Men teekende dus nolens volens, edoch onder belofte van spoedig een Leeraar te zullen krijgen .... Men kon voorals nog aan hun verzoek niet voldoen ....
>
> Nu wachten zij geduldig mijne komst af, ja met angst! waarom met angst; omdat zij bevreest waren, dat ik even sterk als de Heeren Murray en Neethling op zou blijven aandringen om zich aan de Synode gevangen te geven, zooals zij het uitdrukken.'

Die verskil in uitgangspunt wat deur ds van der Lingen tydens die 1852-sinode raakgesien is, word hier duidelik geïllustreer. Dit word ook duidelik geïllustreer deur 'n opmerking van JJH Smuts, 'n Kapenaar wat hom baie vir die Voortrekkers ingespan het, aan prof UG Lauts[176]).

> 'Gedurende de behandeling van het punt omtrent de inlijving der Trans-Vaalsche Gemeente bemerkt hebbende dat men voornemens was bij de eerste volgende gelegenheid een voorstel ter tafel te brengen om die gemeente van een Leeraar te voorzien, heb ik het raadzaam geoordeeld de aandacht der vergadering onmiddelijk te vestigen op de verwachte aankomst van den Wel Eerwaarden Heer van der Hoff,....'

In 'n sekere sin was die koms van ds van der Hoff vir die sinode 'n uitkoms omdat hier, byna onverwag, 'n predikant beskikbaar was wat reeds onderneem het om na Transvaal te gaan. Voor daardie kennis was die sinode van plan gewees om die saak van 'n predikant vir Transvaal op die lange baan te skuif, aangesien die volgende sitting van die sinode eers in 1857 sou plaasvind.

Uit dit alles wil dit voorkom dat die sinode méér belang gehad het by die inlywing van die Transvaalse gemeentes en die uitbreiding van die kerk as voorsiening in die predikantetekort in Transvaal[177]).

4.5 Die bevoegdheid van die Kerkraadsvergadering

'n Vraag wat ontstaan is of die kerklike vergadering in Potchefstroom die bevoegdheid gehad het om in so 'n belangrike saak soos die inlywing van die gemeentes te handel. Dit was in feite 'n Kerkraadsvergadering van Potchefstroom waarby oudl Schutte van Rustenburg gekom het en die twee predikante Lydenburg verteenwoordig het. Die kerkraad van Zoutpansberg-gemeente was gladnie verteenwoordig nie. Dit was dus so-iets soos 'n gekombineerde Kerkraadsvergadering.

Dit is duidelik dat so 'n vergadering nie so 'n groot bevoegdheid kan hê as wat die vergadering homself toege-eien het nie. Afgesien daarvan dat die Transvaalse gemeentes nog nie oor 'n eie kerkwet beskik het nie, kon die vergadering nie geld as 'n verteenwoordigende vergadering van die ampte nie. As nou, agterna, gelet word op die kwaliteit van die besluit wat geneem is, is dit ook duidelik in die lig van die 1893-uitspraak van die Transvaalse Hooggeregshof in die Trichardtsfontein-saak dat 'n sinodale of byna-sinodale kerklike liggaam nie sonder raadpleging van die gemeentes so 'n besluit kon neem nie. As daar egter sorgvuldig op die gang van sake gelet word, is dit duidelik dat dit in laaste instansie die Volksraad was

wat die inlywingsvoorstelle ontvang, bespreek en aanvaar het. Terwyl die Volksraad in Natal reeds opgetree het in die plek van die nog nie bestaande sinodale vergadering van die Voortrekkerkerk kan geargumenteer word dat die Volksraad, volgens gebruik, ook hier namens die sinodale liggaam opgetree en besluit het. Hoewel dit kerkordelik nie die aanvaarde gang van sake is nie, is dit duidelik dat in die pioniersomstandighede van die Transvaalse burgerlike en kerklike gemeenskap, dit daar nie probleme geskep het nie.

Hoewel daar bedenkinge mag wees oor die manier waarop daar gekom is tot die aanvaarding van die inlywingsvoorstel, is dit so dat die Kaapse sinode volkome tereg die versoek tot inlywing as 'n regmatige versoek beskou het en daarvolgens gehandel het.

4.6 Was die inlywing 'n voldonge feit?

Die vraag ontstaan of die inlywing van die Transvaalse gemeentes na die besluite van die sinode van 1852 'n voldonge feit was. Op die oog af wil dit so voorkom want die sinode self het besluit: 'De inlijving van de Overvaalsche Gemeenten worde daargesteld'. In sy kennisgewing van hierdie besluit aan die Kaapse goewerneur, het die assistent- skriba gestel: '... the Synod ... did acordingly resolve that those congregations should be so incorporated'[178]. As die sinode aan die Volksraad in Transvaal skrywe, word die inlywing as 'n voldonge feit gestel[179]:

> '... heb ik de eer U Hoog Ed ter kennis te brengen dat in de zitting van 21 October dezes jaar besloten is tot de inlijving in onze kerk van de Gereformeerde gemeenten aan de overzijde van de Vaal Rivier.'

Dieselfde standpunt is ingeneem deur JJH Smuts, die redakteur van *De Zuid-Afrikaan* wat dit so gestel het179).

> 'Kort na de ontvangst van uwen brief heeft de Synode van de Hollandsche Gereformeerde Kerk dezer Volksplanting in de Kaapstad zitting gehadt, en de Transvaalsche gemeente is op haar verzoek bij die gelegenheid in de kerk dezer volksplanting ingelijfd, en staat derhalve onder het beheer der Synode, zoodat de Wel Eerwaarde Heer van der Hoff bij zijn aankomst, zich bij den Actuarius om de legitimatie zijner Onderwijs Acte zal moeten vervoegen, alvorens hij zijne bediening onder de Emigranten zal kunnen aanvaarden.'

Dit wil dus voorkom dat oor die algemeen aanvaar is dat die saak van die inlywing met die besluit van die sinode afgehandel is. Dit is egter opvallend dat die

actuaris van die sinode, dr A Faure, nie so stellig oor die saak was nie. As kenner van die reg het dr Faure in Maart 1853 in 'n skrywe aan sy kollegas Heyns en Spijker geskrywe[181].

> 'Het is wel waar dat de Synode tot de inlijving of adoptatie heeft besloten, maar het is als nog twijfelachtig of de Transvaalschen de voorwaarden gaaf zullen aannemen daar zij op de officieele mededeeling niet hebben geantwoord.'

Dié opmerking van dr Faure was nie sonder grond nie want met die bespreking van die inlywingskwessie is die saak na 'n kommissie verwys wat die finale voorwaardes moes opstel. Die versoek van die Volksraad wat die vier punte bevat het wat deur ds JH Neethling geformuleer is, is dus as 'n versoek hanteer waarin die Volksraad stel op watter basis 'n inlywing aanvaarbaar sal wees. Die Kommissie wat die voorwaardes geformuleer het, het ander woorde gebruik en die voorwaardes gewysig deur dit presieser te stel en uit te brei. Daarby is punt 3 en 4 van die Volksraad se versoek gladnie opgeneem in die lys van voorwaardes nie terwyl die feit dat die Transvaalse gemeentes verantwoordelik is vir die reiskostes van hulle afgevaardiges na vergaderings van die ring en sinode nou toegevoeg word. Dit is dus duidelik dat dit ander, vollediger voorwaardes is as die wat die Volksraad genoem het. Dr Faure was volkome reg in sy oordeel dat die aanvaarding van hierdie voorwaardes deur die Volksraad die hele aangeleentheid eers sal finaliseer. Wat die sinode betref, was die saak afgehandel maar die Volksraad moes dit tog nog aanvaar om dit 'n bindende ooreenkoms te maak[182]. Dit lyk dus na 'n billike konklusie om te stel dat die inlywing van die Transvaalse gemeentes in die Kaapse kerklike struktuur in 1852 nog nie finaal uitgemaak was nie. Die saak sou in 1853 deur kerk en owerheid in die Transvaal uitgemaak moes word.

AANTEKENINGE

1. Vgl GDJ Duvenage, *Van die Tarka na die Transgariep*, Pretoria 1981, bl 22.
2. GDJ Duvenage, *a w*, bl 128-138.
3. CFJ Muller, *Die oorsprong van die Groot Trek*, Kaapstad 1974, asook sy *Die Britse owerheid en die Groot Trek*, Pretoria-Kaapstad 1969.
4. Declaratie en Protest van den Volksraad der Emigranten, *De Zuid-Afrikaan*, 29 November 1839.
5. Oor die 'oude schrijvers' en wie hulle was, kan verwys word na CJ Malan, *Die Nadere Reformasie*, Potchefstroom 1981.
6. Vgl JMG Storm, *Die Voortrekkerkerk. 'n Histories-kerkregtelike studie van die Nederduitsch Hervormde Kerk 1836-1853*, DD-proefskrif UP, 1984. bl 30-33.
7. JN Wolmarans, *Die invloed van die godsdiens op die vorming van die Afrikaanse karakter*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Jrg 23, bl 192.
8. Aangehaal by JMG Storm, *a w*, bl 33.
9. Die Natalse Voortrekker-volksraad het op 11 Oktober 1841 gestel (R 85/41, Voortrekkerargiefstukke, Kopiebrief): Wij hebben aanstonds, na wij Haare Majesteits grondgebied in Zuid-Afrika verlaaten hebben onze onafhankelijk-heid gepubliceerd en hebben van dien tyd af tot nu als een onafhankelijke volk gehandeld, ons zelf bestierd na onze eigene wetten en bygevolgd opgehouden Britiesche onderdanen te zijn.'
   Vgl ook GS Preller, *Voortrekker wetgewing. Notule van die Natalse Volksraad 1839-1845*, Pretoria 1924, bl 156-157.
10. Vgl JMG Storm, *a w*, bl 46-47.
    Vgl. PB van der Watt, *Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862-1962*, Kaapstad-Johannesburg 1973, bl 8.
11. GBA Gerdener, *Ons Kerk in die Transgariep*, Kaapstad 1934, bl 12-13.
12. AD Pont, *Die Herderlijken Brief van die sinode van 1837*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Jrg 34/4, bl 97.
13. *De Handelingen der Zeven Eerste Vergaderingen van de Algemeene Synode der Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika*, Kaapstad 1883, bl 113-114.
14. Vóór die uitreik van die Herderlijken Brief het verskillende predikante ook hulle bes gedoen om die Trekkers te ontmoedig om die kolonie te verlaat. JJ Oberholster en MCE van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat*, Bloemfontein s j bl 36 stel: 'Vanselfsprekend het hierdie geestelike leidsliede ongaarne gesien dat die room van hulle lidmate die gemeentes verlaat. Hulle het dan ook van die kansels sowel as tydens huisbesoek ernstig gewaarsku, en gepoog om mense van hulle besluit om die land te verlaat, te laat afsien.' Vgl ook PB van der Watt, *a w*, bl 9-11.
15. A Dreyer, *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek*, Kaapstad 1929, bl 27-29.
16. PB van der Watt, *a w*, bl 13.

17. A Dreyer, *a w*, bl 29.
18. A Dreyer, *a w*, bl 27.
19. A Dreyer, *a w*, bl 41-42.
20. PS de Jongh, *Sarel Cilliers en die oorsake van die Groot Trek. - 'n Herwaardering*, artikel in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jrg 21, no 3, Sept 1981 Pretoria, bl 215. Dit is terloops merkwaardig dat hier verwys word na Cilliers se verknogtheid aan die *Ned Geref Kerk* in die Kaapkolonie terwyl daar, op daardie stadium, nie 'n kerklike organisasie met so 'n amptelike naam in die Kaapkolonie bestaan het nie. Hierdie soort detail-onjuisthede laat vraagtekens ontstaan.
21. GM Theall, *History of South Africa from 1792-1872*, Vol II, p 377.
22. GS Preller, *Voortrekkermense*, Dl 2, Kaapstad 1920, bl 280.
23. GS Preller, *Voortrekkerwetgewing. Notule van die Natalse Volksraad 1839-1845*, Pretoria 1924, bl 73.
24. J Bird, *Annals of Natal*, Vol l, p 644.
25. J Bird, lc, Vol 2, p 468.
26. ID Bosman, *Die Voortrekkers en hulle Britse Onderdaanskap in Voortrekker-Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, Pretoria 1938, bl 63 (my beklemtoning).
27. Dit is die mening van hoofregter Jacob de Villiers soos aangehaal by ID Bosman, *a w*, bl 68.
28. GS Preller, *Voortrekkermense*, Dl 2, bl 280.
29. Vgl in hierdie verband JJ Steenkamp, *Calvin on the State in the Institutes* in B van der Walt (red), *John Calvin's Institutes, his opus magnum*, Potchefstroom 1986, p 372-373.
30. R Schwarz, *Johannes Calvins Lebenswerk in seinen Briefen*, Neukirchen Kreis Moers 1961, Bd l, S 257.
31. R Schwarz, *a a O*, Bd 3, S 1040.
    Vgl ook J Bauer, *Gott und recht im Werke Calvins*, Bonn 1965, S 129-130.
32. GS Preller, *Voortrekkermense*, Dl 1, bl 30-31.
33. JMG Storm, *a w*, bl 41-42.
34. GS Preller, *Voortrekkermense*, Pretoria 1937, bl 13-14.
35. A Dreyer, *a w*, bl 10.'
36. HF Schoon, *Uit het Dagboek van Erasmus Smit, Predikant bij de Voortrekkers*, Kaapstad 1897, bl 6 vg.
37. HF Schoon, *a w*, bl 22 onder datum 13 Mei 1837.
38. HF Schoon, *a w*, bl 19 onder datum 8 Feb 1837.
39. A Dreyer, *a w*, bl 10-11.
40. HF Schoon, *a w*, bl 22, onder inskrywing 19 Mei 1837.
41. PS de Jongh, *Die Lewe van Erasmus Smit*, Pretoria 1977, bl 129-131.
42. HF Schoon, *a w*, bl 22, onder datum 21 Mei 1837.
43. PS de Jongh, *a w*, bl 128 verwys na 'n berig wat 'n ooggetuie uit die dae wat in *The Graham's Town Journal* van 13.7.1838 gestel het dat Retief '... is now busily engaged in framing regulations

for establishing and supporting public worship according to the system of their forefathers, viz; the Dutch Reformed Church.'

44. W à Brakel, *a w*, bl 647.
45. HF Schoon, *a w*, bl 24, onder datum 6 Junie 1837.
46. Vgl JMG Storm, a w, bl 63, PS de Jongh, a w, bl 134.

Die teks van die Resolusies word hier gegee soos dit deur GS Preller gegee word.

Vet Rivier den 5 Juny 1837.

Hoog Edele Heer,

UEd. suplianten versoek eerbiedig dat deesen negen resoluties waaronder hun namen eigenhandig geteekend staat met aprobatie van Uwen Hoog Edelen mogten worden gesanksioneerd.

Zulks doende zult gij Uwen zeer Eerbiedigen suplianten verpligten.

HoogEdele Heer, Uw dienaar,
G.P. LENDEG.

Den HoogEdelen Heer
P. RETIEF,
Oppergebieder van onsen Vereenigde Maatschappij en deesen Laager.

Resolutiën die door den geheele raad van het maatschappij van deesen vereenigde Laager zullen moeten worden opgevolgt, naagekoomen en met solemneelen Eden worden gestaafd - als volgt:

1. Wij die gerefformeerde Leedematen zijn begeerig dat een eider, geenen uitgezondert, zal moeten afwijken van allen den sendelings genootschap van Engeland, en verder daarvoor opentlijk bedanken.
2. Dat allen Rechters en Leeden soowel van kerkelike als huis (?) die door de Volkstem of hoogt gebiedens zijn zaken en allen anderen die in eenigen officieele betrekking staan in het uitoefening van hunne funkzie zullen worden geeerbiedig en gehoorsaam op straffe als volgt, volgens den uitspraak van de gouverneur in raaden.

   FA van Jaarsveld, *Honderd basiese dokumente by die studie van die SA geskiedenis, 1648-1961*, Kaapstad sj., bl 56 gee die ' teks as volg weer:

   2. Dat alle Rechters en leeden zoowel van kerkelyke als lant, die door den volkstem of hoogst gebieder zyn (goedgekeurt), Zaaken en alle anderen die en eenigen officieelen betreking staat, in het uitoefening van hun vunktsie... ens.

3. Dat allen die zich tegens deze Resolutie opbeuren door deezen vereenigde Laager buijten de Maatschappij zullen moeten worden gesteld.
4. Verder dat allen diezulken, die tegens deezen gemaakten resolutie zigt stelt, niet zullen worden toegelaaten om binnen de Limieten van de Vereenugde Laager un het Bedoelde land zich needer te zetten, te jagten of eenigen ander dat op of in ons bedoelde land zijn, op straffe als volgt.
5. Verder dat diegeenen die zich niet bij deese bijeenkomst van heden heb kunnen vervoegen, zich op morgen moeten present zujn om deesen resolutie met Eeden te staafen.
6. Allen die zich zonder eenigen reeden hier van onthoud, zullen worden verklaart teegens de resolutie te hebben gestemd wel te verstaan of hij zal moeten bewijsen dat zulks door ziektens of anderen nootsakelijke omstandigheeden hem hebt belet.
7. En verder dat die geenen die zich van deese vereenigde Laager afschijt, zich zullen moeten vernoegen met hun eigen onwettige handelwijsen met hetgeene datse lijden moet, volgens ons vereenigde wetten.
8. En dat diegeenen die zig aan den eersten en tweeden resolutie niet onderwerp, geen aanspraak hoegenaamd zal hebben op eenigen rijwaages of anderen voordeelen die door den of ons bedoelde land voortvloeijen (?)
9. En zeg verder, dat allen personen die onzen vereenigde Laager mag koomen te volgen, om zig bij onzen Maatschappij te stellen, zich dadelijk zal moeten verplichten om hunnen Eed af te leggen en dan ten anderen die zig van desen Laager afschijt en verlaat, zal binnen de tweemaal 24 uren zorgen om hunne schulden allen af te betaalen of hunne goederen zullen in beslag worden genomen en verkogt worden, totdat de schuld en koste zal voldaan zijn. Vet Rivier den 6 Junij 1837.'

47. HF Schoon, *a w*, bl 26 onder datum ☺ 11 Junie 1837.
48. Roland H Bainton. *The Reformation of the Sixteenth Century*. Boston 1952, pp 117-118.
49. HF Schoon, *a w*, bl 49, onder datum 10 Desember 1837.
50. HF Schoon, *a w*, bl 55, onder datum 14 Januarie 1838.
51. A Dreyer, *a w*, bl 12.
52. ID Bosman, *a w*, bl 56.
53. CFJ Muller, *Die Britse owerheid en die Groot Trek*. Johannesburg 1963, bl 112 wys op 'n proklamasie wat die Kaapse Goewerneur, sir George Napier, op 21 Mei 1838 uitgevaardig het waarin hy stel dat daar van die Trekkers is wat beweeg is om oor die grens te trek 'bewogen ... door verkeerde en dwazen vooroordeelen, en dat zy dus gedwaald hebben uit onkunde en uit eene ongegronde vrees. Diegene het daarmee 'de wetten welke verbieden, over de Binnenlandsche Grensscheiding der Kolonie zonder wettig verlof te gaan' oortree. Danksy die Goewerneur se vriendelikheid sal hulle, as hulle terugkeer, nie as misdadigers behandel word nie. Dan dreig die Goewerneur ten slotte: Maar Zyne Excellentie beschouwt het tevens als een pligt welken hy verschuldigdt is, aan Zynen Souverein, zoowel als aan die genen die reeds zyn uitgetrokken of nog

staan uit te trekken, hen te melden dat hun uittocht naar den Binnenlanden, hen geenszins kan ontslaan van hunne verschuldigde getrouwheid als Britsche Onderdanen, nog van hunne onderwerping als zoodanig aan in deze Kolonie thans bevattende de wetten sowel als aan de Regtbanken die deze Wetten handhaven.'

54. Vgl CFJ Muller, *a w*, bl 90 vg en dan veral 295-299.
55. SP Engelbrecht, *Nogmaals Dr GD Scholtz se Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Jrg 13/3-4, bl 114-115.
56. Biografiese gegewens van Smit kan gevind word by PS de Jongh, *Die Lewe van Erasmus Smit*; FJ du T Spies, *Erasmus Smit* in *SA Biografiese woordeboek*, Deel I, Kaapstad 1968, bl 760-761; JMG Storm, *a w*, bl 55-60.
57. GS Preller, *Voortrekkermense*. Dl I, Kaapstad 1918, bl 265.
58. GS Preller, *Voortrekkermense*. Dl I, bl 304. Vgl ook JMG Storm, *a w*, bl 81 vg.

Die Regulasies en Instruksies vir die Volksraad het as volg gelui. Die teks soos deur GS Preller gepubliseer, word hier weergegee. Dit is ter loops meer as 'n oop vraag of die Regulasies as 'n *Grondwet* aangedui kan word, maar daaroor word elders gehandel.

REGULATIEN EN INSTRUKTIEN voor den Raad van Representanten van het Volk, aan Port Natal en't omliggend Land.

1. Deze Raad zal bestaan uit 24 personen, die tussen de 25 en 60 jaren oud moeten zijn.
2. De Leden van de Raad zullen door het Volk bij meerderheid van stemmen worden gekozen, en elk persoon die 21 jaren en daarboven bereikt heeft, zal een stem in de verkiezing hebben.
3. Wanneer 'n geregelde bewoning plaatsvindt, zullen er veldkornetschappen worden afgedeeld, en van tijd tot tijd worden bepaald, hoe vele Representanten ieder Veldkornetschap zal mogen kiezen.
4. Elk persoon die tot Representant gekozen wordt, zal een jaar lang in die betrekking moeten dienen; en weigerende dezelve aantenemen of binnen het jaar resignerende zonder wettige, door de Vergadering daartoe goedgekeurde redenen, zal verbeuren 'n boete van vijftig Rds.
5. Wanneer 'n lid resigneert of sterft, zal binnen drie maanden daarna 'n ander in zijne plaats worden gekozen, door 't algemeen, doch geen verkiezing zal mogen plaatsvinden, tenzij de President van Politie ofte de Volks-Raad daartoe 'n requisitie uitvaardigt.
6. De Raad zal bij elke Vergadering 'n Voorzitter kiezen, die de bezigheden van de dag zal moeten reguleren en in orde houden.
7. De Raad heeft jurisdiktie in het vervaardigen van Regulatiën en Instruktiën, voor alle ambtenaren; in 't vervaardigen van wetten die de plaatselike omstandigheden mogen vereisen; in 't sluiten of bekrachtigen van vredestraktaten; in de bepaling der limieten onzer Maatschappij; aanstellingen van publieke ambtenaren en afschaffing van dezelve of hunne situatiën; uitgeving of verkoping van publieke landerijen; aanlegging van dorpen en steden; en voorts alle

inrigtingen en verordeningen, 't gemenebest betreffende.

8. De Raad heeft verder de magt om boetens of straffen door de bevoegde Geregtshoven in kriminele zaken opgelegd, te verminderen of vrij te schelden.
9. De Raad zal mede 't recht hebben om een of ander zijner leden, wegens onbetamelik gedrag, beledigende expressiën, in de vergadering, of rustverstoring, in boeten te slaan, serieuslik te vermanen, of de bijwoning der Vergadering voor 'n tijd dan wel geheel te ontzeggen.
10. Vijf leden kunnen 'n Vergadering beroepen, doch hetzij de Vergadering door de leden zelve of door de President van Politie beroepen wordt, zal drie dagen tevoren kennis moeten worden gegeven, tenzij de noodzakelidheid dringend is.
11. De President van Politie zal de Vergaderingen mogen bijwonen, ten einde dezelve met regterlike advies als anderzints te assisteren.
12. Twaalf leden zullen 'n Vergadering uitmaken en alle decisie 'n door meerderheid van stemmen beslist worden.
13. De Raad zal ook 'n wakend oog over de Godsdienst en Scholen moeten houden, en alles aanwenden tot bevordering derzelve.
14. Elke partij die geduriglik na dato dezes zich onder onze Maatschappij mogte komen neder te zetten, zal geregtigd zijn een persoon van hen te kiezen als 'n lid dezes Raads der Representanten, hetwelk continueren zal totdat de Raad het getal van twee en zeventig personen zal bereikt hebben.
15. De Raad zal ook vlijtig moeten nakomen dat in deze Maatschappij de Hollandse Gereformeerde Kerk, ten allen tijde geprotekteerd zal worden, en erkend blijven voor de hoofd-kerk dezelve.
16. De leden van deze Raad, zullen de volgende ambtseed afleggen:-

    'Wij ondergetekenden, Representanten van het Volk, beloven en zweren plegtiglik, dat wij in onze betrekkingen, in elke zaak, onze stemmen geven zullen in alle regtvaardigheid, zonder gunst, vrees of aanzien des persoons, en naar onze beste kennis en wetenschap. Dat wij hoegenaamd van niemand enige giften of gaven genomen hebben, of gegeven hebben, noch nemen of geven zullen, aan, of van enig persoon, wanneer wij vermoeden kunnen, dat zulks gedaan wordt, met oogmerk om onze stemmen ten zijnen of haren voordeele te gewinnen; niets anders in 't oog hebbende, dan om 't algemeen best en welzijn te bevorderen, naar inhoud der instruktiën hiervoren geinsereerd.'

59. JMG Storm, *a w*, bl 83-84.
60. HF Schoon, *a w*, bl 89, 15.9.1838.
61. A Dreyer, *a w*, bl 15-16.
62. GS Preller, *Voortrekkerwetgewing*, bl 34.
63. JMG Storm, *a w*, bl 88.

64. GS Preller, *a w*, bl 75. Vgl ook PS de Jongh, a w, bl 174 vg.
65. GS Preller, *a w*, bl 91.
66. GS Preller, *a w*, bl 92.
67. PS de Jongh, *a w*, bl 182 vg.
